

**Die rol van minderheidstaalmedia in  
taalbeplanningprosesse met verwysing na isiZulu,  
isiXhosa, Sepedi en Setswana.**

**Marlien van der Westhuizen**

**18374132@tuks.co.za**

**Mei 2021**

**Departement Afrikaans**

**MA in Linguistiek**

**Onder studieleiding van:**

**Dr J.H. Nel**

## Verklaring

Deur hierdie tesis in te dien verklaar ek, Maria Magdalena van der Westhuizen, dat die inhoud my oorspronklike werk is en dat ek alleen die outeur daarvan is. Uitdruklike erkenning word vermeld aan bronne.

Ek verklaar ook dat die tesis nog nie voorheen in sy geheel gepubliseer is nie en dat reproduksie van publikasie deur die Universiteit van Pretoria nie enige derde party regte skend nie.

Maria Magdalena van der Westhuizen

Mei 2021

## Opsomming

Tradisioneel word taalbeplanning hoofsaaklik deur gesaghebbende liggame, gewoonlik staatsinstellings, geïnisieer en bestuur, maar hierdie studie stel voor dat taalbeplanning ook deur gemeenskappe geïmplementeer en toegepas kan word. Hierdie verskynsels word na verwys as Onder-na-bo-taalbeplanning en redeneer dat suksesvolle taalbeleide juis dié is wat deur groepe en gemeenskappe self geïmplementeer word.

Die studie hanteer die onderskeie doelwitte wat bestaan vir suksesvolle taalbeplanning wat 'n teoretiese agtergrond bied vir die bestudering van die suksesse en mislukkinge van taalbeplanning in Suid-Afrika.

Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) stipuleer vereistes waarin veeltaligheid sal floreer en beleide geskep word wat praktyke aanmoedig om inheemse Afrikatale te ontwikkel, erken en uit te brei. Om verder hoër status aan die inheemse Afrikatale te verleen, is die Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap (MDDA) in 2001, sowel as die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) in 1995 deur die Parlement tot stand gebring. Die studie toon dat, hoewel die regering sedert die demokratiese verkiesing in 1994 verskeie beleide in plek gesit het om die taalbeplanningsprosesse met betrekking tot inheemse Afrikatale te verbeter, die prosesse nie tot veeltaligheid gelei het nie, maar tot 'n stelselmatige invoer van eentaligheid in talle sektore. Nasionale taalbeplanning mag wel verantwoordelik wees vir die befondsing van finansiële en strukturele ondersteuning, maar die taak om inheemse minderheidstale te bevorder is die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeenskap. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe word dus deur die studie voorgestel as 'n rolspeler in die taalbeplanningsproses.

Hierdie studie is van stapel gestuur om te bepaal watter taalbeleide van krag is op minderheidstaalmedia-inisiatiewe in Suid-Afrika en hoe hierdie minderheidstaalmedia lyk. Daar sal ook gekyk word hoe hierdie minderheidstaalmedia, met betrekking tot taalbeleide, 'n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier grootste inheemse Afrikatale in Suid-Afrika.

Die studie voer aan dat die rede waarom taalbeleide misluk, grootliks toegeskryf kan word aan die bo-na-onder-benaderings tot taalbeplanning wat tradisioneel van toepassing is in die Suid-Afrikaanse konteks. Die studie beoog enersyds om by te dra tot 'n beter begrip van minderheidstaalmedia-inisiatiewe en hoe hierdie instellings hul rol as bevorderaars van minderheidstale in Suid-Afrika kan volstaan.

Die studie het bevind dat, alhoewel daar op 'n de jure-vlak deur beleide in Suid-Afrika baie aandag geskenk word aan die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van onder andere isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, laat tradisionele taalbeplanningsprosesse 'n leemte. Tradisionele taalbeplanningsprosesse, die bo-na-onder-benadering, behels taalbeplanningsituasies waar mense met mag en gesag taalverwante besluite vir groepe maak; dikwels met min konsultasie met die uiteindelijke taalleerders en -gebruikers. Hierdie studie het bevind dat hierdie tipe taalbeplanningsprosesse nie suksesvol is in die Suid-Afrikaanse konteks nie.

Die vermoë van minderheidstaalmedia-inisiatiewe om by te dra tot die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding kom duidelik na vore in die studie en bevestig die vermoë van gemeenskappe om betrokke te wees in die taalbeplanningproses. Volgens Alexander is hierdie vorm 'n onder-na-bo-taalbeplanning en maak hierdie proses dit moontlik vir gemeenskappe om insette te lewer in taalbeplanningprosesse – wat ten einde die taalbeplanningproses verander in 'n demokratiese proses ten bate van alle sprekers van alle amptelike tale.



## Bedankings

Heel eerstens wil ek my dank uitspreek teenoor my studieleier, dr Joanine Nel, van die Universiteit van Pretoria vir haar geduld, leiding en ondersteuning in my strewe om die studie te voltooi. Haar kennis en praktiese raad, tesame met 'n kalmte, het die proses in baie opsigte meer hanteerbaar gemaak.

Dankie ook aan my ma, Ina van der Westhuizen, wat nooit ophou glo het dat ek die graad suksesvol sal kan afhandel nie. Dankie ook aan Carin van der Westhuizen, my suster, wat my bygestaan en moed ingepraat het met die ontleding van die data. Ek is jou ewig dankbaar.

Dankie aan my werkgewer wat my die geleentheid gegee het om my kennis te verbreed en die reuse proses aan te pak.

Die proses om die studie te voltooi het my opnuut weer nederig gemaak om te sien waartoe gemeenskappe in staat is. Deur self verantwoordelikheid te neem vir jou direkte omgewing kan veel meer vermag word as wat vermag word wanneer daar bloot gewag word vir iemand anders om te doen wat nodig is.

## Inhoud

Verklaring .....	ii
Opsomming .....	iii
Bedankings .....	v
Inhoud .....	vi
Lys van afkortings .....	xiv
Lys van tabelle en grafieke.....	xv
Tabelle .....	xv
Grafieke.....	xvii
Hoofstuk 1 .....	1
1.1. Inleiding.....	1
1.2. Agtergrond inligting tot die studie .....	3
1.2.1. Die MDDA: doelwitte en werkwyse .....	3
1.2.2. Taalbeplanning en -beleid.....	5
1.2.3. Die minderheidstaalmedia.....	5
1.3. Probleemstelling.....	7
1.4. Doelstelling.....	7
1.5. Navorsingsvrae .....	7
1.6. Teoretiese raamwerk.....	8
1.7. Navorsingontwerp .....	9
1.8. Metodologie.....	11
1.8.1. Data-insameling .....	11
1.8.2. Gevallestudies van respondente.....	12
1.8.3. Data-analise.....	12
1.9. Oorsig van tesishoofstukke .....	13
1.10. Lys van begrippe.....	15
Hoofstuk 2.....	18

'n Teoretiese en literaturoorsig van taalbeplanning en taalbeleid .....	18
2.1. Inleiding.....	18
2.2. Die konseptualisering en definisie van taalbeleid en taalbeplanning.....	20
2.3. Taalagtergronde en kontekstualisering in Suid-Afrika. ....	23
2.3.1. Taalkundige landskap van Suid-Afrika .....	23
2.3.1.1. Afrikaans in Suid-Afrika.....	25
2.3.1.2. Engels in Suid-Afrika .....	26
2.3.1.3. Die inheemse Afrikatale van Suid-Afrika.....	27
2.3.2. Taalbeleide in Suid-Afrika in die verlede tot die hede .....	28
2.3.3. Etniese bewustheid en kulturele identiteit in Suid-Afrika.....	37
2.4. Die ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk vir taalbeplanning .....	39
2.4.1. Statusbeplanning – Die samelewing .....	44
2.4.1.1. Statusstandaardisering .....	44
2.4.1.2. Statusbeplanning .....	45
2.4.2. Korpusbeplanning – Die taal.....	48
2.4.2.1. Standaardisering.....	50
2.4.2.2. Uitbreiding van die korpus .....	51
2.4.3. Verwerwingsbeplanning – Die leerproses .....	53
2.4.3.1. Beleidsontwikkeling .....	54
2.4.3.2. Verwerwingsbeplanning.....	55
2.4.4. Prestige-beplanning – Die beeld van die taal.....	57
2.4.4.1. Taalbevordering.....	58
2.4.4.2. Intellektualisering .....	58
2.5. Waarom misluk taalbeleide? .....	59
2.6. Migrasie vanaf bo-na-onder-benaderings na onder-na-bo-benaderings tot taalbeplanning.....	60
2.7. Gemeenskapsmedia in Suid-Afrika .....	63

2.7.1. Besikbaarheid van media in Suid-Afrika .....	63
2.8. Media en taalbeplanning .....	64
2.8.1. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van statusbeplanning .....	68
2.8.2. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van korpusbeplanning .....	69
2.8.3. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van verwerwingsbeplanning .....	70
2.8.4. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van prestige-beplanning .....	71
2.8.5. Kritiek teen mediastudies en tale .....	73
2.9. Taalbeplanning en -beleid – Internasionale voorbeelde .....	77
2.9.1. Minderheidstale in die wêreld .....	77
2.9.2. Taalbeplanning en -beleid in Spanje .....	78
2.9.2.1. Katalaans – die aantal sprekers van die taal .....	79
2.9.2.2. Katalaans – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	80
2.9.2.3. Katalaans – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale .....	81
2.9.2.4. Katalaans – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding .....	82
2.9.3. Taalbeplanning en -beleid in Skotland .....	83
2.9.3.1. Gaelies – die aantal sprekers van die taal .....	83
2.9.3.2. Gaelies – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	84
2.9.3.3. Gaelies – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale .....	85
2.9.3.4. Gaelies – ontwikkeling, erkenning en uitbreiding .....	86
2.9.4. Taalbeplanning en -beleid in Australië .....	87
2.9.4.1. Inheemse Australiese tale – die aantal sprekers van die taal .....	88
2.9.4.2. Inheemse Australiese tale – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	89

2.9.4.3. Inheemse Australiese tale – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale .....	89
2.9.4.4. Inheemse Australiese tale – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding ....	90
2.9.5. Taalbeplanning en -beleid in Kanada.....	91
2.9.5.1. Minderheidstale in Kanada – die aantal sprekers van die taal .....	91
2.9.5.2. Minderheidstale in Kanada – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	92
2.9.5.3. Minderheidstale in Kanada – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale .....	92
2.9.5.4. Minderheidstale in Kanada – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding ...	93
2.9.6. Taalbeplanning en -beleid in Indië .....	94
2.9.6.1. Minderheidstale in Indië – die aantal sprekers van die taal .....	94
2.9.6.2. Minderheidstale in Indië – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	95
2.9.6.3. Minderheidstale in Indië – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale.....	96
2.9.6.4. Minderheidstale in Indië – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding.....	96
Hoofstuk 3.....	98
Die Metodologie .....	98
3.1. Inleiding.....	98
3.2 Metodologie van Fase 1 .....	99
3.2.1 Dokumentanalise in Fase 1.....	100
3.2.2 Tematiese analise in Fase 1 .....	104
3.3 Metodologie van Fase 2.....	107
3.3.1 Die ontwerp en ontwikkeling van die vraelyste.....	107
3.3.2 Data-insamelingsprosedure .....	111
3.3.2.1 Verspreiding van vraelyste.....	111
3.3.2.2 Steekproefneming van deelnemers .....	111

3.3.2.3 Agtergrondsinsligting van deelnemers.....	112
3.4 Etiese implikasies van die studie.....	114
Hoofstuk 4.....	115
'n Kwalitatiewe dokumentanalise van die Grondwet, die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk en die MDDA- en PanSAT-dokumentasie wat tale bevorder .....	115
4.1. Inleiding.....	115
4.2. Ontleding van nasionale beleide .....	116
4.2.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide.....	116
4.2.1.1. Wenslikheid .....	116
4.2.1.2. Regverdigheid.....	117
4.2.1.3. Doeltreffendheid .....	118
4.2.1.4. Verdraagsaamheid .....	119
4.4.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: Die Grondwet (1996) en Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003).....	120
4.2.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	120
4.2.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	125
4.2.2.3 Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale.....	126
4.2.2.4 Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale.....	129
4.3. Ontleding van PanSAT .....	132
4.3.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide.....	132
4.3.1.1. Wenslikheid .....	132
4.3.1.2. Regverdigheid.....	133
4.3.1.3. Doeltreffendheid .....	133
4.3.1.4. Verdraagsaamheid .....	133
4.3.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: PanSAT.....	134
4.3.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	134
4.3.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	137

4.3.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale .....	140
4.3.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale .....	143
4.4. Ontleding van die MDDA .....	145
4.4.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide .....	145
4.4.1.1 Wenslikheid .....	145
4.4.1.2 Regverdigheid .....	146
4.4.1.3 Doeltreffendheid .....	146
4.4.1.4 Verdraagsaamheid .....	146
4.4.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: MDDA .....	147
4.4.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	147
4.4.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale .....	150
4.4.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale .....	151
4.4.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale .....	154
4.5. Cormack se vier gevalle waartydens minderheidsmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale .....	156
4.5.1. Verhoogde simboliese waarde van 'n minderheidstaal .....	157
4.5.2. 'n Finansiële inspuiting tot 'n minderheidstaal .....	158
4.5.3. Skep 'n openbare sfeer vir minderheidstaal .....	161
4.5.4. Bied 'n belangrike skakel tussen 'n minderheidsgemeenskap en die samelewing waarin hulle funksioneer. ....	162
4.6. Cormack se sewe faktore wat die oorlewing van minderheidstaalmedia bepaal – met betrekking tot alle bogenoemde dokumentasie .....	162
4.6.1. Aantal sprekers van die taal .....	162
4.6.2. Doelbewuste poginge vanuit politieke oorde om die taal te bevorder .....	163
4.6.3. Die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale .....	163
4.6.4. Die politieke kultuur van die staat .....	163
4.6.5. Die ooreenstemmende mag van die gemeenskap .....	164

4.6.6. Die simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land .....	164
4.6.7. Internasionale tendense met betrekking tot minderheidstale .....	164
Hoofstuk 5 .....	166
’n Kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die vraelyste .....	166
5.1. Inleiding .....	166
5.2. Taalbeleide en gebruike deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe geïmplementeer om inheemse Afrikatale deur status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning te bevorder .....	166
5.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste.....	167
5.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste.....	169
5.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste.....	172
5.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste.....	174
5.3. Gevallestudies.....	178
5.3.1. Gevallestudie 1: Gemeenskapsradiostasie (1).....	178
5.3.2. Gevallestudie 2: Gemeenskapsradiostasie (3).....	179
5.3.3. Gevallestudie 3: Aanlyn koerant .....	179
5.3.4. Gevallestudie 4: Gedrukte koerant (2) .....	180
Hoofstuk 6 .....	182
Samevatting en gevolgtrekkings oor die rol wat minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse speel.....	182
6.1. Taalbeleide in Suid-Afrika teen die agtergrond van minderheidstaalmedia-inisiatiewe.....	182
6.2. ’n Opsomming van die bevindings .....	184
6.2.1. Die Ontwikkeling van inheemse Afrikatale .....	187



6.2.2. Die Erkenning van inheemse Afrikatale .....	187
6.2.3. Die Uitbreiding van inheemse Afrikatale .....	188
6.3. Tekortkominge van die studie en voorgestelde verdere studie .....	189
Bronnelys .....	191
Aanhangsel A: Vraelys .....	204
Aanhangsel B: Toestemmingsvorm vir respondente .....	209

## Lys van afkortings

AFN	Assembly of First Nations
ANC	African National Congress
CCRTV	Corporació Catalana de Ràdio i Televisió
CILLDI	Canadian Indigenous Languages and Literacy Development Institute
DStv	Digital Satellite Television
FPCC	First Peoples' Cultural Council
ICASA	Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika
IIAL	Incremental Introduction of African Languages
ITC	Inuit Tapirisat of Canada
MDDA	Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap
NRO	Nie-regeringsorganisasie
NTLA	Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans
NLE	Nasionale Leksikografiese Eenheid
OAE	Organisasie vir Afrika-teenheid
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
SAUK	Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie
StatsSA	Statistics South Africa
TRC	Kanadese Waarheids- en Versoeningskommissie
Unesco	United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization
VN	Verenigde Nasies

## Lys van tabelle en grafieke

### Tabelle

<b>Tabel 1</b> Die nasionale verspreiding van tale in Suid-Afrika per getal en persentasie. .....	24
<b>Tabel 2</b> Die verspreiding van tale volgens getal sprekers per provinsie in Suid-Afrika (top vier). .....	25
<b>Tabel 3</b> Kaplan en Baldauf (2003:202) se hersiene taalbeplanningsmodel. ....	40
<b>Tabel 4</b> Templaar vir data-analise van stap 1 in Fase 1.....	106
<b>Tabel 5</b> Templaar vir data-analise van stap 1 in Fase 2.....	110
<b>Tabel 6</b> Opsomming van die deelnemers se agtergrond .....	112
<b>Tabel 7</b> Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk.....	121
<b>Tabel 8</b> Die verspreiding van tale volgens getal- en persentasie sprekers per provinsie in Suid-Afrika (top vier).....	124
<b>Tabel 9</b> Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk .....	126
<b>Tabel 10</b> Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk .....	130
<b>Tabel 11</b> Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT. .....	135
<b>Tabel 12</b> Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.....	138
<b>Tabel 13</b> Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.....	140
<b>Tabel 14</b> Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.....	143
<b>Tabel 15</b> Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir die MDDA.....	148
<b>Tabel 16</b> Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale deur die MDDA.....	151
<b>Tabel 17</b> Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale deur die MDDA.....	154

<b>Tabel 18</b> Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente .....	167
<b>Tabel 19</b> Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente. ....	170
<b>Tabel 20</b> Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente .....	172
<b>Tabel 21</b> Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente. ....	175

## Grafieke

<b>Grafiek 1</b> Persentasie minderheidstaalmedia-inisiatiewe per taal .....	150
<b>Grafiek 2</b> Aantal minderheidstaalmedia ondersteun in 2014 – 2018 .....	157
<b>Grafiek 3</b> Bedrag deur MDDA bestee aan minderheidstaalmedia-inisiatiewe in 2014 – 2018 .....	159
<b>Grafiek 4</b> Subsidies betaal aan nasionale leksikografiese eenhede (NLE's) .....	160
<b>Grafiek 5</b> Taal van mediaproduksie deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe. ....	168
<b>Grafiek 6</b> Persone bereik deur minderheidsmedia-inisiatiewe.....	174
<b>Grafiek 7</b> Ouderdom van minderheidstaalmedia-inisiatiewe.....	176
<b>Grafiek 8</b> Uiteensetting van demografie van eienaars van minderheidsmedia-inisiatief. ....	176
<b>Grafiek 9</b> Soort inhoud geproduseer weergegee in terme van die gemiddelde persentasie in inhoud. ....	177

## Hoofstuk 1

# 'n Oorsig oor die rol van minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse

### 1.1. Inleiding

Hierdie studie het ten doel om die rol wat die taalbeleide van minderheidstaalmedia<sup>1</sup> speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van vier amptelike, inheemse Afrikatale in Suid-Afrika, te wete isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, te ondersoek.

In Suid-Afrika was daar tot laat in die 1980's geen duidelike taalbeplanningsmodelle nie. Hierdie toedrag van sake kan volgens Alexander (2004:115), toegeskryf word aan die feit dat taalbeplanning as 'n dissipline in sy vroeë ontwikkelingsjare was. Voor 1994 was die stand van taalbeplanningprosesse, met betrekking tot inheemse Afrikatale, gesentraliseer rondom die besluit om moedertaalonderrig – veral in aanvangsgrade op skool – verpligtend te maak (Mesthrie 2002: 422). Die besluit is wyd veroordeel en gesien as 'n poging om sprekers van inheemse Afrikatale terug te bring na hul oorspronklike stamme (Mesthrie 2002: 422). Gegewe die historiese agtergrond van apartheid is dit maklik om die weerstand teen moedertaalonderrig te verstaan, veral as daar in ag geneem word dat daar in later grade verpligte onderrig in Afrikaans was. Verder is daar beleide in plek gestel wat gefokus het op die status en leksikale ontwikkeling in Afrikaans, die leksikale ontwikkeling in die verskillende Afrikatale, moedertaalonderrig vir byna alle studente in die land, poginge om wit skoolkinders Afrika-tale te leer (statusbeplanning), en die skepping van 'n leksikon vir gebruik in skole vir dowes (Mesthrie 2002: 422). Elkeen van hierdie beleide is 'n duidelike voorbeeld van taalbeplanning en demonstreer die geloof van die apartheidsregime in taalbeplanning as 'n element van sosiale ingenieurswese (Mesthrie 2002: 422). Sedert Suid-Afrika in 1994 'n demokrasie geword het, het die regering aansienlike verbeteringe aangebring aan taalbeplanningprosesse met betrekking tot inheemse

---

<sup>1</sup> Minderheidstaalmedia verwys na media wat geproduseer word in 'n area-gebonde, minder-gebruikte, inheemse taal (Cormack, 2007:1). Sommige bronne verwys na inheemse media wat volgens die navorser as 'n sinoniem hanteer word. Volgens Beckett en MacPherson (2005:5) is die verskil tussen inheemse tale en minderheidstale in Afrika minder opmerklik en word die twee terme dikwels as sinonieme gebruik vir gemeenskappe wat selfidentifiseer as inheemse gemeenskappe, 'n sterk band het met hul voorvaders se grond en onderdrukking ervaar het.

Afrikatale<sup>2</sup> (Webb 2009:190). Hierdie verbeteringe sluit in om die grondwetlike bepalinge oor taal as raamwerk te gebruik en 'n deurdagte Nasionale Taalbeleidsraamwerk te ontwikkel in samewerking met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) as grondwetlike liggaam en die Departement van Kuns en Kultuur. Hierdie instansies is getaak om onder andere die ontwikkeling<sup>3</sup>, erkenning<sup>4</sup> en uitbreiding<sup>5</sup> van kulturele en taalkundige minderhede te lei (Webb 2009:194). Volgens Webb (2012:219) het hierdie taalbeleidspraktyk egter, ten spyte van die uitdruklike stipulasies in die Grondwet (1996), nie tot veeltaligheid gelei nie, maar tot 'n stelselmatige invoer van eentaligheid in talle sektore. Hierdie tekortkoming kan toegeskryf word aan die feit dat beplande taalpolitieke transformasie nie die sinvolle steun van die minderheidstaalsprekers gehad het nie (Webb 2009: 195). In so 'n geval is 'n benadering van onder-na-bo-taalkundige transformasie juis nodig weens die feit dat tale bestaan aangesien 'n spesifieke gemeenskap dit benodig en dat so 'n benadering nodig is vir die ontwikkeling, wat die gemeenskap betrek (Wright 2004: 232). Die aanname is dat die taalbeleide dan ook toegepas word en deur gemeenskappe geïmplementeer word (Webb 2012:219). Webb (2009:190) verwys na hierdie tradisionele beeld as bo-na-onder-taalbeleide en redeneer dat suksesvolle taalbeleide juis dié is wat deur groepe en gemeenskappe self geïmplementeer word.

Om meer doeltreffend te kan voldoen aan die ideale vir veeltaligheid, soos uiteengesit in die Grondwet (1996) en om hoër status aan die inheemse Afrikatale te verleen, is die Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap (MDDA) in 2001 (Wet 14 van 2002), sowel as die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) in 1995 (Wet 59 van 1995) van deur die Parlement, tot stand gebring. Die MDDA is 'n statutêre

---

<sup>2</sup> Verwarring ten opsigte van hierdie benaming van 'n taalfamilie word deur die navorser erken, maar die term in dié verband word gebruik slegs met betrekking tot hierdie onderafdeling van die Niger-Kongotaaigroep. Dit verwys dus na nege van die 11 amptelike tale, naamlik: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, Setswana, Sesotho, Xitsonga, SiSwati, Tshivenda en Ndebele (PanSAT 2000:1). Gebaretaal word nie ingereken in die definisie van die 11 amptelike tale nie.

<sup>3</sup> Ontwikkeling verwys na aktiwiteite waar nuwe terme geskep word, hervorming van spelling plaasvind, alternatiewe terme gekies word en selfs wanneer 'n nuwe skrif aangeneem word (Cooper, 1982:31). Dit is een van die logiese gevolge van korpusbeplanning.

<sup>4</sup> Erkenning verwys na die belangrikheid of posisie van een taal- of variëteite in verhouding tot ander en hulle gegewe funksies (Cooper, 1982:101). Dit is ook kenmerkend van die aansien wat 'n taal geniet en vloei voort uit status- sowel as prestige-beplanning.

<sup>5</sup> Uitbreiding verwys na die proses waar 'n taal meer sprekers verkry deurdat nuwe sprekers die taal aanleer. Dit berus op die skep van geleenthede om 'n spesifieke taal aan te leer, maar ook op die skep van die begeerte om 'n taal te leer deur aanmoediging (Cooper, 1982: 159). Dit is een van die logiese gevolge van verkrygings-beplanning.

ontwikkelingsliggaam wat genoop is om media-ontwikkeling en diversiteit aan te moedig en te verseker. Die MDDA staan in 'n vennootskap met die Suid-Afrikaanse regering, sowel as groot druk- en uitsaaimaatskappy om, onder andere, by te dra tot die ontwikkeling van gemeenskapsmedia-inisiatiewe. Alhoewel die MDDA verdienstelike ideale het (vergelyk afdeling 2.6 verder af) is hulle rol in die bereiking van hierdie ideale, asook die bereiking van doelwitte wat in diverse taalbeleide genoem word, nog nie ondersoek nie. Die verdere doel van hierdie studie is dus om hierdie gaping in die navorsingstand met die fokus op die invloed van die MDDA in veeltaligheid en minderheidstaalmedia te ondersoek. Karam (1974:117) voer verder aan dat die rol van media in die stabilisering van taalbeplanning<sup>6</sup> nie genoegsame aandag ontvang nie en dat dit veral van toepassing is op ontwikkelende lande<sup>7</sup> soos Suid-Afrika waar daar dikwels makliker toegang is tot media as tot onderwysinstellings (Karam 1974:117).

Die volgende afdeling gee 'n oorsig van die MDDA met spesifieke betrekking tot die doelwitte en werkwyse van die agentskap, 'n breë oorsig oor taalbeplanning en -beleide en die media.

## **1.2. Agtergrond inligting tot die studie**

Hierdie studie fokus op drie belangrike en kernkonsepte, naamlik (i) die instelling en invloed van die MDDA, (ii) spesifiek die studieveld van taalbeplanning en (iii) die media. Hierdie afdeling en die volgende drie subafdelings verskaf die nodige agtergrond en betrekking van hierdie konsepte tot hierdie studie.

### **1.2.1. Die MDDA: doelwitte en werkwyse**

Die MDDA het ten doel om histories-benadeelde gemeenskappe en persone, wat nie voldoende deur mediahuise bedien word nie, in staat te stel om toegang tot media te verkry. Die voorstelling is dat begunstigdes hoofsaaklik gemeenskapsmedia en klein kommersiële media sal wees. Die MDDA identifiseer die bevordering van Afrikatale en kulturele groepe as een van hul kerndoelwitte (MDDA 2017:66). Volgens die MDDA is minderheidstaalmedia 'n manier waarop Afrikatale beskerm en bevorder kan word

---

<sup>6</sup> Taalbeplanning is 'n proses wat 'n breë verskeidenheid taalaktiwiteite insluit; van die skep van 'n nuwe woord tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal (Haugen 1987: 627).

<sup>7</sup> Sien afdeling 2.3.1 vir 'n bespreking oor die sosio-ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika.



deur gebruik en blootstelling (MDDA 2017:65). Hooffokusareas van die MDDA is die befondsing van gemeenskapsmedia sowel as opleiding, die ontwikkeling van vaardighede en ekonomiese bemagtiging.

Die MDDA identifiseer die bevordering van inheemse Afrikatale en kulturele groepe as een van hul kerndoelwitte (MDDA 2017:66). Volgens die MDDA kan inheemse Afrikatale beskerm word deur gemeenskapmedia-inisiatiewe waar die tale gebruik word en verdere blootstelling geniet (MDDA 2017:65). Die MDDA fokus dus hoofsaaklik op die befondsing van gemeenskapsmedia-inisiatiewe, veral die uitsaaimedia van gemeenskappe en in 'n mindere mate die drukmedia soos koerante (MDDA 2017b: 34). Deur middel van sy toekenningsfinansiering kanaliseer die MDDA hulpbronne na die gemeenskap se klein kommersiële mediasektor om op hierdie manier by te dra tot die uitbreiding van eienaarskap en beheer, asook toegang tot media vir historiese agtergeblewe gemeenskappe. Gemeenskapsmedia-inisiatiewe wat voldoen aan die vereistes van die MDDA kan aansoek doen om projekte te help loods of te versterk (MDDA 2017b: 46).

Die kriteria vir die genoemde befondsing sluit in tot watter mate die projek diversiteit moet bevorder, 'n impak moet maak op histories benadeelde gemeenskappe, hoe die projek die eienaarskap van media deur histories benadeelde groepe moet aanmoedig, die kwaliteit van die projek en die mate waartoe die projek kan bydra tot geletterheid en 'n leeskuiluur (MDDA 2020). Die media-industrie het egter uitdagende probleme as gevolg van die lae sosio-ekonomiese omstandighede van baie Suid-Afrikaners en 'n duidelike neiging van gebruikers om aanlyn media bo gedrukte en tradisionele uitsaaimedia te verkies (MDDA 2017:29). Verder het die MDDA (2017:29) bevind dat daar groot tekorte is aan vaardigheid by gemeenskapsmedia-inisiatiewe. Daarom is daar 'n bykomende fokus op opleiding van personeel by hierdie gemeenskapsmedia-inisiatiewe. Die MDDA bied opleiding en riglyne oor kapasiteitsbou sowel as bemarkingsondersteuning wat kan bydra tot die groei van gemeenskapsmedia-inisiatiewe (MDDA 2017b: 53).

Verder dra die MDDA ook by tot die omgewing waarin gemeenskapmedia-inisiatiewe ontstaan deur te onderhandel met druk- en verspreidingsmaatskappye om afslag te bied om die voortbestaan van die inisiatiewe te help verseker (MDDA 2017b: 53). Die

MDDA speel ook 'n belangrike rol om gemeenskappe betrokke te kry by gemeenskapsmedia-inisiatiewe deur uitreikprojekte na gemeenskappe aan te bied (MDDA 2017b: 63). Nog 'n fokus vir die MDDA is die bevordering van inheemse tale en kulturele diversiteit deur die gebruik van inhoud, wat divers van aard is, aan te moedig. Om al hierdie doelwitte te bereik is dit nodig vir die MDDA om kundig, sowel as inlig te wees oor die medialandskap in Suid-Afrika en daarom het die MDDA relevante en aktuele navorsing op 'n gereelde basis geïnisieer. Ten slotte fokus die MDDA daarop om die publiek bewus te maak van die noodsaaklikheid van gemeenskapsmedia-inisiatiewe deur weldeurdagte bemerkingsveldtogte (MDDA 2017b: 73).

### **1.2.2. Taalbeplanning en -beleid**

Sedert die 1950's verwys die term 'taalbeplanning' na 'n proses wat 'n breë verskeidenheid aktiwiteite insluit; van die skep van 'n nuwe woord tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal (Haugen 1987:627). Taalbeleide, soms 'n sinoniem vir taalbeplanning, verwys meer spesifiek na taalkundige, politieke en sosiale doelwitte wat onderliggend is aan die werklike taalbeplanningsproses (Mesthrie *et al.* 2000:371). Hierdie taalbeleide is hoofsaaklik wetgewing wat geïnisieer en bestuur word deur gesaghebbende liggame, gewoonlik staatsinstellings, soos die Departement van Sport, Kuns en Kultuur, die Departement van Basiese Onderwys en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (sien Hoofstuk 2.2.2 vir 'n bespreking van hierdie taalbeleide).

### **1.2.3. Die minderheidstaalmedia**

Hierdie studie definieer media as vorme van kommunikasie via televisie, geskrewe media (aanlyn of gedruk), of radio-uitsendings (Granados 2018) met 'n spesifieke fokus op media wat in minderheidstale geproduseer word. Minderheidstale is egter 'n problematiese definisie en daarom word daar gebruik gemaak van Grin (1990) se model wat minderheidstale definieer en klassifiseer volgens ses faktore. Grin (1990:158) stel dat 'n minderheidstale deur minder as 50% van die bevolking gepraat word en ook nie 'n meerderheidstale in 'n ander land is nie. Verder klassifiseer Grin (1990:158) 'n minderheidstale as 'n taal wat moet kompeteer met 'n meerderheidstale in hul eie land, in die Suid-Afrikaanse konteks is hierdie taal Engels. Grin (1990:158) voer verder aan dat minderheids- en meerderheidstale nie onderling verstaanbaar

moet wees nie en sluit dus dialekte uit. Grin (1990:158) plaas 'n verdere beperking deurdat tale wat geklassifiseer word as uitgesterf of byna uitgesterf ook nie as 'n minderheidstaal geklassifiseer kan word nie vanweë die spesifieke aard van hierdie tale. Laastens stel Grin (1990:158) dat minderheidstale deur etniese oorwegings uitgeken kan word eerder as groepsidentiteite. Hiermee sluit Grin informele sowel as jargon uit. Volgens Guyot (2007:1) kan minderheidstale opgesom word as area-gebonde, minder-gebruikte, inheemse tale. In die Suid-Afrikaanse konteks verwys die Nasionale Grondwet (1996) na inheemse tale en 'n historiese inkorting wat die gebruik en status van die inheemse tale beïnvloed het, dus kan afgelei word dat inheemse Afrikatale gesien kan word as minderheidstale en hul media bestudeer kan word as minderheidstaalmedia.

Die vier tale wat in die studie ondersoek gaan word, is isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana. Soos te sien in Tabel 1 in Afdeling 2.3.1 word nie een van die vier tale deur meer as 50% van die landsburgers gepraat nie en nie een van die tale is elders in 'n ander land 'n meerderheidstaal nie – beide twee vereistes deur Grin (1990) gestel vir minderheidstale. Die feit dat die betrokke tale steeds deur miljoene sprekers as moedertaal gebruik word, vrywaar hul van onmiddellike uitsterf, wat deur Grin (1990) gelys word as 'n voorwaarde. Soos reeds genoem moet isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana meeding met Engels as lingua franca in Suid-Afrika. Die twee finale oorwegings deur Grin (1990) geïdentifiseer fokus op die taalkundige en etniese verskille tussen die tale. Volgens Snail (2010: 65) is inheemse Afrikatale onderling verstaanbaar en kan die betrokke vier tale gegroepeer word in die isiNguni-groep en die Sesotho-groep. Steeds is die tale nie onderling verstaanbaar gekoppel aan 'n meerderheidstaal nie. Ten slotte is daar verskeie etniese verskille tussen die tale en bevat elkeen 'n simboliese waarde (Mesthrie, 2002: 23). Daar kan afgelei word dat isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana kwalifiseer om as minderheidstale gesien te word aangesien die tale aan al ses faktore voldoen.

Hierdie vier minderheidstale is dus logiese begunstigdes vir ondersteuning deur die MDDA wat gemoeid is met die bevordering van inheemse tale. Die doelstellings van die MDDA, soos verwesenlik in hul ondersteuning aan gemeenskapsmedia-inisiatiewe, die invloed van taalbeleide en die media word verder gekontekstualiseer binne die huidige studie en die ondergenoemde probleemstelling.

### 1.3. Probleemstelling

Alhoewel die oogmerke van die MDDA duidelik is, soos in afdeling 1.2.1 uitgelig, is die sukses van hierdie inisiatief nog nie ondersoek nie. Daar is nog nie 'n studie onderneem wat poog om vas te stel hoe die taalbeleide van minderheidstaalmedia die status van die vier Afrikatale met die meeste moedertaalsprekers in Suid-Afrika, te wete, isiZulu met 11,6 miljoen sprekers, isiXhosa met 8,2 miljoen sprekers, Sepedi met 4,6 miljoen sprekers en Setswana met 4,1 miljoen sprekers (Statistics South Africa 2011) reeds bevorder of sou kon bevorder nie. Hierdie studie poog om die huidige gaping in die kennis in terme van taalbeplanning en -beleid studies te vul.

### 1.4. Doelstelling

Hierdie studie het ten doel om die rol wat die taalbeleide van minderheidstaalmedia<sup>8</sup> speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van vier amptelike, inheemse Afrikatale in Suid-Afrika, te wete isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, te ondersoek.

### 1.5. Navorsingsvrae

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, word die hoofnavorsingsvraag soos volg geformuleer:

*Hoe bevorder minderheidstaalmedia in Suid-Afrika die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die volgende vier inheemse Afrikatale: isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana?*

Voortvloeiend uit die hoofnavorsingsvraag is twee sekondêre vrae geformuleer:

1. Watter taalbeleide is van krag op minderheidstaalmedia in Suid-Afrika?
2. Hoe lyk minderheidstaalmedia in Suid-Afrika en hoe kan minderheidstaalmedia, met hierdie taalbeleide in gedagte, 'n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale?

---

<sup>8</sup> Minderheidstaalmedia verwys na media wat geproduseer word in 'n area-gebonde, minder-gebruikte, inheemse taal (Cormack, 2007:1).

## 1.6. Teoretiese raamwerk

Grant en Osanloo (2014: 13) verwys na die teoretiese raamwerk as die “bloudruk” wat ’n akademiese voorstel onderbou. Volgens Grant en Osanloo (2014:13) dien dit as die gids waarop ’n navorsingstudie gebou word en definieer dit die filosofiese, epistemologiese, metodologiese, en analitiese benaderings van die studie as ’n geheel. Die teoretiese raamwerk bestaan uit die geselekteerde teorie (of teorieë) wat gedagtes onderlê oor hoe ’n onderwerp verstaan word en hoe dit nagevors gaan word (Grant en Osanloo 2014:13). Die teoretiese raamwerk vir hierdie studie is die bestudering van taal in verhouding tot die sosiale konteks daarvan en dit val dus in die veld van sosiolinguïstiek (Paoletti 2011: 2), meer bepaald die onderdeel wat bekend staan as taalsosiologie.

Hierdie studie word gesitueer in die taalsosiologiese veld van taalbeplanning waar konsepte soos korpusbeplanning, statusbeplanning en verwerwingsbeplanning van belang is. Binne hierdie raamwerk verwys “ontwikkeling” onder andere na aktiwiteite soos terminografie (die skepping en standaardisering in termlyste van terme), die standaardisering van spelsisteme, die keuse van spesifieke woordeskatitems waar meerdere dialekte ter sprake is en die vaslegging van grammatikale patrone (Cooper 1982:31). Hierdie “ontwikkeling” maak deel uit van korpusbeplanning. “Erkenning” verwys na die belangrikheid of posisie van een taal of taalvariëteite in verhouding tot ander en hul gegewe funksies (Cooper 1982:101). Hierdie erkenning van die waarde van ’n taal maak deel uit van statusbeplanning. “Uitbreiding” verwys na die proses waar ’n taal meer sprekers verkry deurdat nuwe sprekers die taal aanleer. Dit berus op die skep van geleenthede om ’n spesifieke taal aan te leer, maar ook op die skep van die begeerte om ’n taal te leer deur aanmoediging (Cooper 1982:159).

Alexander (2004:113) voer aan dat daar geen polities-neutrale teorie van taalbeplanning bestaan nie. Hy gebruik Suid-Afrika as ’n voorbeeld waar taalbeplanning geassosieer word met die “rasgebaseerde, sosiale ingenieurswese” van apartheid (Alexander 2004:113). Volgens Alexander (2004:113) is dit egter in dieselfde sosiale omstandighede waar nie-regeringsorganisasies (NRO’s) saam met gemeenskapsinisiatiewe die weg gebaan het tot demokratiese taalbeplanning waar die waarde van tale verhoog kan word. Die waarde en belangrikheid van ’n taal word

dikwels gemeet aan die houdings van individue of groepe (Baker 2006:211) en vir hierdie rede is dit belangrik om die rol van veral minderheidstaalmedia vas te stel om die toekomstige sukses van taalbeplanning te bepaal (Cormack 2007:54). Die feit dat media-inhoud taalgebaseer is, beteken dat dit 'n gunstige plek is om die doelwitte van taalbeleide en -beplanning te aktualiseer (Cormack 2007:54).

Hierdie studie kyk primêr na taalbeleide en -beplanning en die uitwerking wat die proses op die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van Afrikatale het. Ontleding van taalbeleide en -beplanning word gevolglik gedoen binne die evolusieraamwerk van Kaplan en Baldauf (2003). Volgens Kaplan en Baldauf (2003) het taalbeplanning 28 doelwitte wat in vier benaderings van taalbeplanning opgedeel kan word naamlik korpus-, status-, Verwerwings- en prestige-beplanning (Cooper 1989:2).

Verder inkorporeer Cormack (2007:8) vyf punte wat die doelwitte van minderheidstaalmedia se rol insluit. Hierdie vyf punte kan gebruik word om 'n vergelykende studie te doen om die rol van media op die onderhoud van taal te bepaal (Cormack 2007:8). Volgens Cormack (2007:60) kan die media, met betrekking tot taalonderhoud, op verskillende vlakke funksioneer. Die mees basiese vlak is alleenlik die voorsiening van 'n agtergrond waarteen taalgebruik ontwikkel kan word. Hierdie vlak sluit in die ontwikkeling van woordeskat (waarna taalbeplanners verwys as korpusbeplanning), die verspreiding van inligting oor die taalgemeenskap en die daarstelling van 'n kommunikasieraamwerk (Cormack 2007:60). Die tweede vlak is wanneer die media geleentheid en motivering bied vir taalgebruik, byvoorbeeld die ontwikkeling van materiaal vir opvoedkundige gebruik en die verskaffing van materiaal wat aanleiding gee tot bespreking (Cormack 2007:60). Op die derde vlak is die media direk betrokke by die bevordering van taalgebruik deur byvoorbeeld die publisering van items soos taalinsetsels en briewe aan die redakteur wat handel oor spel- en taalreëls (Cormack 2007:60).

## 1.7. Navorsingontwerp

Onder “navorsingontwerp” word verstaan die aard van die navorsing. Navorsingsontwerp is die manier waarop die navorsers die probleem benader. Volgens hulle fokus die navorsingsmetodologie op die stappe, metodes en

instrumente wat gebruik sal word in die navorsingsproses in 'n poging om antwoorde te vind op navorsingsvrae (Muijs 2004:1).

Daar is twee soorte navorsingsontwerpe, naamlik kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing (Muijs 2004:1). Kwantitatiewe navorsing verwys na 'n proses waar daar probeer word om verskynsels te verduidelik deur numeriese gegewens te versamel wat met wiskundig-gebaseerde metodes ontleed word. Hierdie numeriese data word dan statisties ontleed ten einde statisties-beduidende resultate te verkry (Dörnyei 2016:19). Die voordeel van kwantitatiewe navorsing is dat die navorsing sistematies, gefokus en streng gekontroleerd is, wat tot gevolg het dat data betroubaar en repliseerbaar is, wat veralgemeen kan word binne verskillende kontekste. Verfynde statistiese ontledingsmetodes bied lesers die geleentheid om die geldigheid van die kwantitatiewe data te beoordeel. Kwantitatiewe data word dan ook hoog geag onder baie navorsers (Dörnyei 2016:34).

Kwalitatiewe navorsing het ten doel om sekere verskynsels te verstaan in hul natuurlike (eerder as in eksperimentele) omgewings (Muijs 2004:1). Kwalitatiewe navorsing word anders aangepak deur verskillende navorsers en 'n wye reeks onderwerpe word ondersoek, soos die ontleding van verskillende tipes teks en verklarings vir sekere sosiale verskynsels, om twee voorbeelde te gee. 'n Voordeel van kwalitatiewe navorsing is dat dit sekere aspekte deeglik kan verken en kan help om sin te maak van 'n komplekse gegewe (Dörnyei 2016: 39-41).

Hierdie studie kombineer die twee ontwerpe en maak gebruik van 'n gemengde metode. Daar sal enersyds gebruik gemaak word van 'n kwantitatiewe manier van data-insameling (deur middel van 'n vraelys) en andersyds van dokumentanalise wat kwalitatief van aard is om die opstel van die vraelys te bevorder.

In die volgende afdeling word die stappe en instrumente van die navorsingsproses uiteengesit.



## 1.8. Metodologie

'n Navorsingsprojek maak, met inagneming van die aard van die navorsingsontwerp, gebruik van bepaalde metodes om antwoorde te vind op die navorsingsvrae wat gestel word. Navorsing geskied gewoonlik stapsgewys. Hierdie afdeling beskryf die stappe wat gebruik is vir die data-insameling, die gevallestudies van die navorsingsgroep, en die data-analise.

### 1.8.1. Data-insameling

Deel van die metodologie is om te besluit oor die instrumente wat gebruik sal word om data in te samel. In hierdie studie word data enersyds kwantitatief versamel en andersyds kwalitatief.

Die instrument wat gebruik sal word vir kwantitatiewe data is 'n vraelys wat met behulp van die aanlyn vraelyssisteem, *Google Form*, per e-pos gestuur sal word na die navorsingsgroep. Die response op hierdie vraelys sal die tweede navorsingsvraag (Hoe lyk minderheidstaalmedia in Suid-Afrika en hoe kan minderheidstaalmedia, met hierdie taalbeleide in gedagte, 'n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale?) ten dele beantwoord. Dit sal verder ook fokus op 'n kwalitatiewe insameling volgens die tema wat in afdeling 1.8.3 uiteengesit is.

Dokumentasie, spesifiek rakende kwalitatiewe inligting oor die MDDA en PanSAT se werksverrigting, sal 'n blik bied op die soort minderheidstaalmedia wat tans in Suid-Afrika inheemse Afrikatale verteenwoordig. Dokumentanalise is 'n vorm van kwalitatiewe navorsing waarin dokumente deur die navorser geïnterpreteer word teen die agtergrond van spesifieke navorsingsvrae. Hierdie tema, soos in die bogenoemde afdeling, word in afdeling 1.8.3 in meer detail beskryf.



Die volgende dokumente sal ontleed word:

- i. Nasionale beleide
  - Die Grondwet van Suid-Afrika (1996)
  - Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)
- ii. PanSAT-dokumentasie
  - Wet 59 van 1995 (de jure)
  - PanSAT-funksies (de jure)
  - Jaarverslae van PanSAT (2014 tot 2018) (de facto)
- iii. MDDA-dokumentasie
  - Wet 14 van 2002 (de jure)
  - MDDA-regulasies 2003 (de jure)
  - Jaarverslae van die MDDA (2014 tot 2018) (de facto)

### **1.8.2. Gevallestudies van respondente**

Die navorsingsgroep wat genader sal word om data in te samel, is rolspelers in minderheidstaalmedia soos joernaliste en redakteure wat betrokke is by die instansies wat befondsing vanaf die MDDA ontvang het. Die resultate van die vraelys sal ontleed en in 'n gevallestudies weergegee word. Meer detail oor die aard van hierdie groep sal in Hoofstuk 3 uiteengesit word.

### **1.8.3. Data-analise**

Hierdie studie maak van 'n dokumentanalise gebruik om die werksverrigtinge van die MDDA te bepaal ten einde die invloed van minderheidsmedia-inisiatiewe op inheemse Afrikatale te bepaal. Volgens Jupp (2006:79) is dit juis die ontwikkeling van nuwe tegnologie in media-industrie wat daartoe gelei het dat daar 'n groter verskeidenheid dokumente – geskrewe en visueel – beskikbaar is vir analise. Verder verleen 'n dokumentanalise homself tot kwalitatiewe navorsing waar 'n enkele onderwerp – soos 'n gebeurtenis, program of organisasie, in die geval die MDDA en PanSAT – ondersoek word (Bowen 2009:28). 'n Dokumentanalise van bogenoemde dokumente sal in Hoofstuk 3 uitgevoer word met die navorsingsvrae in gedagte deur sekere temas te identifiseer wat moontlike antwoorde kan bied op hierdie vrae (Bowen 2009: 28).

Die analise sal geskied deur temas te identifiseer teen die agtergrond van die taalbeleid- en taalbeplanningsliteratuur wat in die literatuuroorsig geraadpleeg word,

asook die bogenoemde teoretiese raamwerk met temas soos: ontwikkeling, erkenning, uitbreiding, asook korpus-, status-, Verwerwings- en prestige-beplanning. Die analise sal geskied deur temas te identifiseer teen die agtergrond van die tweede navorsingsvraag.

## 1.9. Oorsig van tesishoofstukke

Hierdie afdeling verskaf 'n oorsig van die hoofpunte wat in elke hoofstuk van die tesis behandel word:

### Hoofstuk 2

Hoofstuk 2 is die literatuuroorsig en fokus om kernkonsepte binne die raamwerk van taalbeleid en taalbeplanning met 'n spesifieke fokus op Suid-Afrika te beskryf en te vereenselwig. Kernafdelings, naamlik taalbeleide in Suid-Afrika, die konseptualisering van taalbeleid en -beplanning, die ontwikkeling van die gepaste teoretiese raamwerk in die veld en vir hierdie studie, redes waarom taalbeleide misluk, die verskillende benaderings in die veld, die media in Suid-Afrika, die media en taalbeplanning, asook 'n literatuuroorsig van internasionale voorbeelde wat betrekking het tot hierdie studie, word bespreek.

### Hoofstuk 3

Hoofstuk 3 handel oor die metodologie wat gevolg gaan word vir die studie. 'n Gedetailleerde beskrywing is gegee oor die navorsingsontwerp wat gefokus is op 'n gemengde metodologie met beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data. Data word ingesamel deur 'n dokumentanalise te doen van die dokumente genoem in 1.8.1, asook 'n vraelys aan personeel wat by minderheidstaalmedia-inisiatiewe werk. Data sal in twee fases ontleed word, naamlik Fase 1 waar dokumente en beleide wat vrylik beskikbaar en van toepassing is op die minderheidstale se de jure-implikasies van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana in Suid-Afrika, geselekteer en geanaliseer word. Asook Fase 2 waar die vraelys, wat as die data-insamelingsinstrument vir fase 2 gebruik word, die de facto-toepassing meet wat beleide op die minderheidstale het.

## **Hoofstuk 4**

Hoofstuk 4 bied 'n kwalitatiewe dokumentanalise van die Grondwet, die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk en die MDDA- en PanSAT-dokumentasie wat tale bevorder. Ontleding sal op grond van 'n integrasie tussen Kaplan en Baldauf (2003) se 28 doelwitte vir taalbeplanning die taalsosiologie in terme van status-, korpus-, Verwerwings-, en prestige-beplanning, en Kerr (1976: 359) se vier toetse waaraan goeie openbare beleide moet voldoen, geanaliseer word. Cormack (2004:2) se vier gevalle waarin minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale, en Cormack (1998:40) se sewe faktore wat die oorlewing van minderheidsmedia bepaal, sal ook as deel van die analise gebruik word.

## **Hoofstuk 5**

Hoofstuk 5 is 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die vraelyste. Hierdie hoofstuk word dus volgens die vier hoofbenaderings van status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning geformuleer met skakelende temas van uitbreiding, erkenning en ontwikkeling, saam met die gepaste doelwitte uit Baldauf se 28 doelwitte. Hoofstuk vyf word afgerond met die insluiting van vier gevallestudies wat na vore kom uit die vraelyste. Die doel van die gevallestudies is om 'n duidelike profiel te skets van die bestaande minderheidsmedia-inisiatiewe wat tans getaak is met die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale.

## **Hoofstuk 6**

Hoofstuk 6 is die samevatting wat die praktiese implikasies van die studie verduidelik, die tekortkominge uitwys en laastens voorstelle doen vir verdere navorsing. Die hoofnavorsingsvraag, saam met twee sekondêre vrae, sal hier beantwoord word.

## 1.10. Lys van begrippe

Die volgende begrippe word as belangrik in die tesis geag en word gevolglik hier uiteengesit vir gemaklike verwysing.

**Aanwasverbouingsbenadering:** Taalaangeleenthede en geletterdheid, op mikroskopiese vlak, word daar klem gelê op maniere waarop 'n gemeenskap praat en skryf.

**Beleidsbenadering:** Taalkundige praktyke wat te make het met sake van die samelewing wat op 'n makroskopiese vlak klem lê op die verspreiding van tale / geletterdheid.

**De facto:** Iets wat feitelik is en wat in werklikheid die geval is en verwys binne die taalbeplanningsraamwerk na die linguistieke realiteit van 'n gegewe gemeenskap, in dié geval Suid-Afrika.

**De jure:** Iets wat wettig erken word en aanvaar is volgens regsweë en verwys na taalbeleide wat in plek is om die taallandskap te beplan.

**Erkenning:** Die belangrikheid of posisie van een taal- of variëteite in verhouding tot ander en hulle gegewe funksies.

**Etniese bewustheid:** Geleenthede wanneer 'n individu daarvan bewus is dat hulle oor spesifieke etniese trekke beskik wat afkomstig mag wees uit interaksies met organisasies in 'n wyer sosiale omgewing.

**Etniese identiteit:** 'n Persoon se sosiale identiteit binne 'n groter konteks, gebaseer op lidmaatskap van 'n kulturele of sosiale groep.

**Inheemse Afrikatale:** Die konsep het betrekking tot hierdie onderafdeling van die Niger-Kongotaalgroep. Dit sluit dus in nege van die 11 amptelike tale naamlik: isiZulu, isiXhosa, Sepedi, Setswana, Sesotho, Xitsonga, SiSwati, Tshivenda en Ndebele.

Kulturele identiteit:	Interne en kollektiewe bewuswording van lidmaatskap tot 'n spesifieke groep wat gemeenskaplike verskille en gebruike deel.
Laissez-faire:	'n Beleid van minimum-regeringsinmenging in die aangeleenthede van individue en die samelewing.
Lingua franca:	'n Mengeltaal wat as medium tussen sprekers van uiteenlopende tale dien, veral as handelstaal.
Media:	Media verwys na vorme van kommunikasie via televisie, geskrewe media (aanlyn of gedruk) of radio-uitsendings.
Minderheidstaalmedia:	Media wat geproduseer word in area-gebonde, minder-gebruikte, inheemse tale.
Nasionale identiteit:	'n Sosiale konstruksie wat kan verander afhangende van psigososiale omstandighede en behels identifikasie met die nasie, houdings teenoor die nasie en nasionale stereotipes.
Normalisering:	Die proses waartydens die geskrewe (nie-gesproke) variante van tale gestandaardiseer word en 'n harmonie geskep word tussen die leksikale en ortografiese ontwikkeling van die tale (Trimbur 2002: 655).
Ontwikkeling:	Aktiwiteite waar nuwe terme geskep word, hervorming van spelling plaasvind, alternatiewe terme gekies word en selfs wanneer 'n nuwe skrif aangeneem word.
Taalbeplanning:	'n Proses wat 'n breë verskeidenheid taalaktiwiteite insluit, van die skep van 'n nuwe woord tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal.

Taalkode: Taalkode verwys na 'n term vir enige variëteit van tale, wat die taalkundige reëls beklemtoon wat die variëteit ondersteun.

Uitbreiding: Die proses waar 'n taal meer sprekers verkry deurdat nuwe sprekers die taal aanleer. Dit berus op die skep van geleenthede om 'n spesifieke taal aan te leer, maar ook op die skep van die begeerte om 'n taal te leer deur aanmoediging.

In hierdie hoofstuk was die agtergrond tot die studie in terme van die MDDA, die konsep van taalbeplanning en -beleide en die konsep van die media verskaf, gevolg deur 'n uiteensetting van die probleemstelling, die doelstelling en die navorsingsvrae. Hierdie hoofstuk het ook 'n basisoorsig oor die teoretiese raamwerk verskaf, asook die navorsingsontwerp en metodologie wat onderskeidelik in hoofstukke twee en drie verder uitgebrei sal word. Laastens is die oorsig en lys van begrippe vir die tesis uiteengesit.

Die volgende hoofstuk fokus op die teoretiese en literatuuroorsig van taalbeplanning en taalbeleid in terme van taalbeleide internasionaal en nasionaal, die konseptualisering van die studieveld van taalbeleid en -beplanning, veral binne die teoretiese raamwerke soos uiteengesit in afdeling 1.6, en laastens bied dit ook 'n uiteensetting van die media in Suid-Afrika in ooreenstemming met taalbeplanning.

## Hoofstuk 2

### 'n Teoretiese en literatuuroorsig van taalbeplanning en taalbeleid

#### 2.1. Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om kernkonsepte binne die raamwerk van taalbeleid en taalbeplanning met 'n spesifieke fokus op Suid-Afrika te beskryf en te vereenselwig. Hierdie hoofstuk bestaan uit die volgende kernafdelings, naamlik taalbeleide in Suid-Afrika, die konseptualisering van taalbeleid en -beplanning, die ontwikkeling van die gepaste teoretiese raamwerk in die veld en vir hierdie studie, redes waarom taalbeleide misluk, die verskillende benaderings in die veld, die media in Suid-Afrika, die media en taalbeplanning, asook 'n literatuuroorsig oor internasionale voorbeelde wat betrekking het tot hierdie studie.

*Eerstens* word die konsepte van taalbeplanning, ontwikkeling, erkenning en uitbreiding bespreek binne die konseptualisering en definisie-verskaffing van taalbeplanning en -beleid. *Tweedens*, voordat hierdie hoofstuk kan fokus op 'n spesifieke teoretiese raamwerk, is dit belangrik om die taalagtergronde en kontekstualisering van tale in Suid-Afrika te bespreek. Hierdie bespreking sluit die bespreking van die linguistiese landskap van Suid-Afrika in, in terme van die vier mees gesproke tale in die land, die taalbeleide wat hulle aanraak en die etniese bewustheid en kulturele identiteit wat gepaard gaan met hierdie tale in Suid-Afrika.

*Derdens* word verskillende benaderings tot taalbeplanning uiteengesit en word daar primêr na taalbeleide, as deel van taalbeplanning, gekyk om te bepaal hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale kan beïnvloed. Ontleding van die definisie, metodes en doelwitte van taalbeplanning word gedoen binne die evolusieraamwerk van Kaplan en Baldauf (2003) en vervolgens geïnterpreteer in minderheidstaalmedia-inisiatiewe. Volgens Kaplan en Baldauf (2003) het taalbeplanning 28 doelwitte wat in vier benaderings van taalbeplanning opgedeel kan word, naamlik korpus-, status-, Verwerwings- en prestige-beplanning. Die benaderings in Baldauf se raamwerk onderskei tussen 'n

beleidsbenadering<sup>9</sup> en aanwasverbouingsbenadering<sup>10</sup> (Baldauf 2008:23). Volgens Baldauf (2008:23) fokus beleidsbenadering hoofsaaklik op basiese taal- en beleidsbesluite en hoe hulle bekragtig word; daarenteen word gekyk na 'n aanwasverbouingsbenadering na die funksionele gebruik, ontwikkeling en uitbreiding van 'n taal. Beide beleids- en aanwasverbouingsbenaderings het 'n invloed op die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van Afrikatale.

*Vierdens* word daar gekyk na hoekom hierdie taalbeleide en beplanning soms misluk en wat hieruit geleer kan word. Volgens die studie word daar dikwels gebruik gemaak van bo-na-onder-benaderings wat problematies is in uitvoering. Dit lei tot moontlike oplossings in die vorm van onder-na-bo-benaderings wat *vyfde*s bespreek word.

*Sesdens* word beoog om na gemeenskapsmedia in Suid-Afrika te kyk om die historiese rol van die instellings te bespreek voordat daar gekyk word na die beskikbaarheid van gemeenskapsmedia tans in Suid-Afrika. *Sewende* fokus hierdie hoofstuk op die verband tussen media en taalbeplanning en sal spesifiek kyk hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe<sup>11</sup> die vier benaderings tot taalbeplanning, naamlik korpus-, status-, Verwerwings- en prestige-beplanning kan beïnvloed.

*Laastens* word daar na internasionale voorbeelde gekyk waar minderheidsmedia-inisiatiewe 'n rol gespeel het in taalbeplanning, hetsy suksesvol al dan nie, en word hierdie voorbeelde gebruik om die Suid-Afrikaanse taalkundige omgewing te kontekstualiseer.

---

<sup>9</sup> Beleidsbenadering verwys na taalkundige praktyke wat te make het met sake van die samelewing wat op 'n makroskopiese vlak klem lê op die verspreiding van tale / geletterdheid en word dikwels vergelyk met statusbeplanning (Hornberger, 2006:6).

<sup>10</sup> Aanwasverbouingsbenadering het te make met taalaangeleenthede en geletterdheid op mikroskopiese vlak, waar daar klem gelê word op maniere waarop 'n gemeenskap praat en skryf. Dit word dikwels as 'n sinoniem vir korpusbeplanning gesien (Hornberger, 2006:6).

<sup>11</sup> Minderheidstaalmedia-inisiatiewe is elemente van 'n gemeenskapskommunikasiesistelsel. Dit dien as instrumente vir rolprestasie en hulpbronbenutting, om te reageer op die kommunikasiebehoefte van individue, en instellings binne die gemeenskap. Hierdie behoeftes is uiteenlopend en vereis dikwels verskillende modaliteite van uitdrukking en bevrediging (Boafo 2000:13). Vir die doel van hierdie studie word daar na gemeenskapsmedia verwys as minderheidstaalmedia-inisiatiewe.



## 2.2. Die konseptualisering en definisie van taalbeleid en taalbeplanning

Taal word dikwels deur beleidmakers in die menslike samelewing gebruik as 'n simboliese instrument om politieke, sosiale, opvoedkundige en ekonomiese agendas te bestuur (Shohamy 2008:1). Taal word 'n wyse waarop mense gekategoriseer word, gemeenskappe en identiteite geskep en sosiale ranglyste in samelewings geproduseer word wat meer as ooit tevore uit uiteenlopende groepe bestaan (Shohamy 2008:1). Taalbeleide word dikwels misbruik as een van die belangrikste instrumente van manipulering ten gunste van meerderhede (Shohamy 2008:3). Taalbeleide dien as 'n instrument waarmee nasionale, politieke, sosiale en ekonomiese agendas gekodeer en taalgedrag beheer en beïnvloed word.

Ten spyte van die magspel, wat in terme van die beplanning en implementering van taalbeleide ontstaan, speel bogenoemde kodering van taalgedrag ook 'n belangrike rol in die verteenwoordiging van gemeenskappe se begeerte om hul kollektiewe identiteite uit te druk en te beskerm (Shohamy 2008:3) (sien afdeling 2.2.3). Hierdie gewaarwording van 'n identiteit word gesien in die ontwikkeling van terminografie, standaardisering van spelsisteme, woordeskatseuses en die vaslegging van grammatikale patrone, maar ook in die erkenning van die verskillende funksies en waardes van tale, asook die uitbreiding van hierdie tale soos uiteengesit in Hoofstuk 1 en die bostaande afdeling in terme van korpus-, status- en Verwerwingsbeplanning; nie net in nasiestate nie, maar ook in verskillende dele en gemeenskappe binne 'n samelewing.

Alhoewel “taalbeleid” soms as 'n sinoniem vir taalbeplanning gebruik word, verwys die term “taalbeleid” meer spesifiek na taalkundige, politieke en sosiale doelwitte wat onderliggend is aan die werklike taalbeplanningsproses (Mesthrie *et al.* 2000:371). Aangesien hierdie studie fokus op prosesse wat die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale bevorder, gaan taalbeplanning, sowel as -beleide, ondersoek word om te bepaal hoe minderheidstaalmedia Afrikatale ontwikkel, erken en uitgebrei word.

Die Amerikaanse taalkundige, Haugen, het reeds in die 1950's die term 'taalbeplanning' gebruik en daarna verwys as 'n proses wat 'n breë verskeidenheid aktiwiteite insluit, van die skep van 'n nuwe woord tot die ontwikkeling 'n nuwe taal (Haugen 1987:627). Tot en met Haugen se definisie was taalbeplanning gesien as die proses waartydens 'n standaard ortografie, grammatika en woordeboeke saamgestel is om sprekers en skrywers van 'n nie-homogene gemeenskap te lei (Haugen 1959:8). Dit het beteken dat taalbeplanning primêr gefokus het op die kodifisering en standaardisering van tale of korpusbeplanning (Cooper 1989:2). Hierdie siening verander egter in die 1990's met hernude belangstelling in taalbeplanning en 'n strewe wat meer fokus op sosiale faktore soos die behoeftes van groepe en individue in die taalbeplanningsproses (Hornberger 2006:1).

Volgens Reagan (2002:420) kan taalbeplanning dien as 'n instrument vir die bemagtiging van groepe en individue, asook vir die skep van nasionale bande, en om opvoedkundige en ekonomiese ontwikkeling te maksimaliseer. Alhoewel taalbeplanning in Suid-Afrika 'n demokratiese proses behoort te wees, moet daar steeds sensitiwiteit wees vir die rol van enige gesag en hul betrokkenheid in die proses, veral omdat taalbeplanning gebruik kan word vir onderdrukking, diskriminasie en opvoedkundige ongelykheid (Reagan 2002:420). Taalbeleide in Suid-Afrika het 'n nalatenskap van ongelykhede en daarom moet die doelwitte van taalbeplanning duidelik gestel word. Kerr (1976: 359) stel vier toetse voor waaraan 'n goeie openbare beleid moet voldoen. Die *eerste* van hierdie vier toetse, en die fundamentele vrae wat hulle probeer beantwoord, is die **wenslikheidstoets**. Dit verwys na die oorheersende doel van die beleid en of die beleid een is wat vir die gemeenskap as 'n geheel wenslik is. Die *tweede* toets is die **regverdigheidstoets** wat kyk na die manier waarop die beleid toegepas is en of dit billik is teenoor die gemeenskap. Die *derde* toets is die **doeltreffendheidstoets** van die beleid; waar die fokus val op of die beleid sy doelwitte bereik en hoe doeltreffend die toets is. Die *vierde* en finale toets is die **verdraagsaamheidstoets**. Dié toets bepaal of die beleid hulpbronsensitief en lewensvatbaar is binne die konteks waarin dit uitgevoer moet word.

Hierdie vier toetse is nuttig om taalbeleide in Suid-Afrika te evalueer en mag dien as 'n werksmodel vir die ontleding van verskillende taalbeleide. Dit is egter geskik om die stand van taalverskeidenheid in die gemeenskap in ag te neem voordat daar besluite

geneem word oor hoe taalbeleide toegepas moet word. Hierdie siening bevestig die noodigheid van linguistiese, sosiolinguistiese, ekonomiese en politieke aspekte in taalbeplanning (Daoust 1998:3).

Haugen gebruik die term taalbeplanning om te verwys na alle doelbewuste poginge wat daarop gemik is om die taalkundige gedrag van 'n gemeenskap te verander (Mesthrie *et al.* 2000:348). Cooper (1989:45) definieer taalbeplanning as doelbewuste poginge om die gedrag by ander ten opsigte van die aanleer, struktuur en funksie van hulle taal te beïnvloed. Dat daar 'n duidelike wisselwerking is tussen taalbeplanning en taalbeleid is duidelik. Baldauf (2012:234) onderskei tussen die dissipline van taalbeplanning, taalbeplanning op sig self, asook taalbeleide. Die dissipline van taalbeplanning verwys na sistematiese, toekomsgerigte veranderinge in taalkodes<sup>12</sup>, die gebruik, die aanleer en/of taalbevordering wat deur gesaghebbende organisasies – meestal deur regerings – onderneem word, asook deur ander organisasies wat deel is van die gemeenskap (Baldauf 2012: 234). Taalbeleide word deur Baldauf (2012:234) gedefinieer as die plan (die wette, regulasies, reëls en verklarings) terwyl taalbeplanning gesien word as die manier waarop die plan geïmplementeer word. Die terme word dikwels uitruilbaar deur taalkundiges gebruik en vir die doel van hierdie studie gaan daar dus gebruik gemaak word van die term *taalbeplanningsproses* as oorkoepelende term vir poginge om oplossings vir taalprobleme te vind (Spolsky, 2004:4). Dit is dus 'n verenigde konsepsuele rubriek waarin gevorderde begrip van die kompleksiteit van die beleidsbeplanningsverhouding nagestreef word en op sy beurt prosesse van sosiale verandering uitbeeld (Hornberger 2006:25).

Taalbeplanning kan gevolglik in vier dele opgedeel word naamlik: korpusbeplanning, statusbeplanning, Verwerwingsbeplanning en prestige-beplanning (Cooper 1989:45). Hierdie vier dele speel 'n rol in die verandering in taalkode (korpusbeplanning), die gebruik (statusbeplanning), aanleer (Verwerwingsbeplanning) en bevordering (prestige-beplanning) van inheemse Afrikatale. Vir die doel van hierdie studie sal daar gefokus word op maniere waarop taalbeleide die vier mees gesproke tale in Suid-Afrika, uitsluitend Afrikaans en Engels, beïnvloed. Hierdie tale is isiZulu met 11,6

---

<sup>12</sup> Taalkode verwys na 'n term vir enige variëteit van tale wat die taalkundige reëls beklemtoon wat die variëteit ondersteun (Mesthrie *et al.*, 2000:488).

miljoen sprekers, isiXhosa met 8,2 miljoen, Sepedi met 4,6 miljoen sprekers, en Setswana met 4,1 miljoen sprekers (StatsSA 2011). Daar gaan spesifiek gekyk word na hoe taalbeleide die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die tale in Suid-Afrika beïnvloed.

## **2.3. Taalagtergronde en kontekstualisering in Suid-Afrika.**

Suid-Afrikaners bestaan uit heelwat verskillende groepe wat verskillende tale praat, gebaseer op inheemse tale, koloniale tale apartheidsregime wat vir meer as 40 jaar die ontwikkeling van die verskillende tale probeer beheer het (Dyers 2008:50). Daarom is dit vanselfsprekend dat lidmaatskap tot 'n spesifieke groep 'n belangrike faktor is in individuele se taalkeuse en daarom moet die taallandskap van Suid-Afrika deeglik ondersoek word om dit in konteks te plaas.

### **2.3.1. Taalkundige landskap van Suid-Afrika**

Die taallandskap van Suid-Afrika word gekenmerk deur verskeie groot taalfamilies, naamlik die Khoesan (Boesman en Hottentot)<sup>13</sup>, Niger-Kongo (Afrikatale), Indo-Europese (Germaanse, Indiese en Romaanse tale) en Gebaretaal (Mesthrie, 2002: 1). Die Niger-Kongo-groep is egter die grootste groep in die land en bestaan hoofsaaklik uit die Nguni-groepering (isiZulu, isiXhosa, SiSwati, isiNdebele); die Sotho-groepering (Noord-Sotho, Suid-Sotho, Setswana); Tsonga en Venda (Mesthrie, 2002:11). Die sosio-ekonomiese status van hierdie verskillende taalfamilies verskil drasties en dra by tot Suid-Afrika se status as een van die mees ongelyke lande ter wêreld (StatsSA, 2020). Die Niger-Kongo-groep se sprekers is hoofsaaklik swart<sup>14</sup> en verdien volgens StatsSA (2020) slegs 'n derde van die gemiddelde inkomste van wit mense wat hoofsaaklik behoort tot die Indo-Europese sprekers. Dus is die gemiddelde spreker van inheemse Afrikatale se sosio-ekonomiese status aansienlik laer as dié van Engelse en Afrikaanse sprekers. Volgens Boakye (2015:133) is die aanleer van taal beide 'n kognitiewe aktiwiteit en 'n sosiale verskynsel en bestuur sekere

---

<sup>13</sup> Die navorser erken die aanstootlike aard van die benaming “Boesman” sowel as “Hottentot”, maar soos te sien in die werk van Bredenkamp (1991) is daar op taalkundige en antropologiese velde verskille in die twee benamings en is onderskeid nodig. Die benamings verwys dus na taalkundige groepe, eerder as dat dit neerhalende rasverwysings is.

<sup>14</sup> Die navorser besef sensitiwiteit teenoor die aanstootlike aard van benamings soos “swart” en “bruin”. Die benaming volg die voorbeeld van taalkundige bronne soos Mesthrie (2002).

gemeenskappe van lae sosio-ekonomiese klasse geletterdheid dit anders as hoë sosio-ekonomiese klasse.

Wanneer daar gekyk word na die demografiese verspreiding van taal in Suid-Afrika, word dit duidelik dat die meerderheid van Suid-Afrika se sprekers, op nasionale vlak, isiZulu as moedertaal praat, gevolg deur isiXhosa, Afrikaans en dan Engels soos dit in Tabel 1 met vetdruk aangedui is.

**Tabel 1** Die nasionale verspreiding van tale in Suid-Afrika per getal en persentasie.

Taal	Wes-Kaap	Oos-Kaap	Noord-Kaap	Vrystaat	KwaZulu-Nata	Noordwes	Gauteng	Mpumalanga	Limpopo	Suid-Afrika
isiZulu	<b>24634</b>	<b>31634</b>	<b>8501</b>	<b>118126</b>	<b>7901932</b> (78%)	<b>84835</b>	<b>2390036</b> (20%)	<b>965253</b> (24%)	<b>62424</b>	<b>11587375</b>
isiXhosa	<b>1403233</b> (25%)	<b>5092152</b> (79%)	<b>60187</b> (5%)	<b>201145</b> (5%)	<b>340832</b> (3%)	<b>190601</b> (6%)	<b>796841</b>	<b>48993</b>	<b>20275</b>	<b>8154259</b>
Afrikaans	<b>2820643</b> (50%)	<b>683410</b> (6%)	<b>606225</b> (54%)	<b>340490</b> (13%)	<b>161876</b> (2%)	<b>309867</b> (9%)	<b>1502940</b> (12%)	<b>289446</b>	<b>140185</b> (3%)	<b>6855082</b>
Engels	<b>1149049</b> (20%)	<b>362502</b> (11%)	<b>37842</b> (3%)	<b>78782</b> (8%)	<b>1337606</b> (13%)	<b>120041</b>	<b>1603464</b> (13%)	<b>124646</b>	<b>78692</b>	<b>4892624</b>
Sepedi	8144	14299	2431	7395	20555	83999	1282896	372392	2826464 (53%)	4618575
Setswana	24534	12607	373086 (38%)	140228	52229	2191230 (63%)	1094599	71713	107021	4067247
Sesotho	64066	158964 (2%)	14136	1717881 (64%)	79416	201153 (6%)	1395089 (12%)	138559	80299	3849563
Xitsonga	9152	3092	1201	8039	8936	127146	796511	416746 (10%)	906325 (17%)	2277148
SiSwati	3208	2020	648	2246	8347	12091	136550	1106588 (28%)	25346	1297044
Tshivenda	4415	3663	1083	2592	4309	16255	272122	12140	892809 (3%)	1209388
Ndebele	15238	14854	6023	10008	111657	43988	380494	403678 (10%)	104283	1090223
Ander	127117 (2%)	36893	12385	15935	77519	60872	371575	39639	86322	828257
Gebare taal	22172	42235	3933	32910	48575	14924	52744	8932	8230	234655
Totaal per provinsie	5675605	6458325	1127681	2675777	10153789	3457002	12075861	3998725	5338675	50961440

\* Statistics South Africa (2011).

Ten spyte van die feit dat isiZulu, isiXhosa, Afrikaans en Engels die vier mees gesproke tale landswyd is, is dit opmerklik dat die vier hoof tale gesproke op provinsiale vlak verskil soos aangedui in Tabel 2.

**Tabel 2** Die verspreiding van tale volgens getal sprekers per provinsie in Suid-Afrika (top vier).

Provinsie	Taal 1	Taal 2	Taal 3	Taal 4
Wes-Kaap	Afrikaans	isiXhosa	Engels	Ander
	2820643 (50%)	1403233 (25%)	1149049 (20%)	127117 (2%)
Oos-Kaap	isiXhosa	Engels	Afrikaans	Sesotho
	5092152 (79%)	1149049 (11%)	683410 (6%)	158964 (2%)
Noord-Kaap	Afrikaans	Setswana	isiXhosa	Engels
	606225 (54%)	373086 (33%)	60187 (5%)	37842 (3%)
Vrystaat	Sesotho	Afrikaans	Engels	isiXhosa
	1717881 (64%)	340490 (13%)	78782 (8%)	201145 (5%)
KwaZulu-Natal	isiZulu	Engels	isiXhosa	Afrikaans
	7901932 (78%)	1337606 (13%)	340832 (3%)	161876 (2%)
Noordwes	Setswana	Afrikaans	Sesotho	isiXhosa
	2191230 (63%)	309867 (9%)	201153 (6%)	190601 (6%)
Gauteng	isiZulu	Engels	Afrikaans	Sesotho
	2390036 (20%)	1603464 (13%)	1502940 (12%)	1395089 (12%)
Mpumalanga	SiSwati	isiZulu	Xitsonga	Ndebele
	1106588 (28%)	965253 (24%)	416746 (10%)	403678 (10%)
Limpopo	Sepedi	Xitsonga	Tshivenda	Afrikaans
	2826464 (53%)	906325 (17%)	892809 (3%)	140185 (3%)

\* Statistics South Africa (2011).

Om die opbou van hierdie verspreiding van tale nie net nasionaal nie, maar ook provinsiaal, te verstaan is dit ook belangrik om na die ontstaan en interaksie van die tale in Suid-Afrika te kyk, soos in die volgende subafdelings uiteengesit is.

### 2.3.1.1. Afrikaans in Suid-Afrika

Die koms van werknemers van die Verenigde Oos-Indiese Companjie (VOC) in 1652 was die begin van Indo-Europese tale in Suid-Afrika (Roberge 2002:79). Alhoewel daar weens die koms Jan van Riebeeck en sy volgelinge 'n sterk Nederlandse invloed

in die destydse Kaapkolonie was, was daar 'n groot aantal Europese sprekers wat nie Nederlands magtig was nie. Hierdie Duits- en Franssprekende setlaars het 'n deurslaggewende invloed op die ontwikkeling van Afrikaans gehad, wat in 1685 versterk is deur die vestiging van die Franse Hugenote in die area (Roberge 2002:80). In hierdie tydperk is daar gereelde kontak tussen die setlaars en die Khoekhoe, 'n groep van ongeveer 50 000 mense wat in die suid-weste van die Kaap gewoon het (Roberge 2002:80). Ondanks die ingewikkelde aard van kommunikasie tussen die setlaars en die Khoekhoe het daar 'n basiese kommunikasiestelsel tot stand gekom wat 'n blywende invloed op die ontwikkeling van Afrikaans as taal gehad het. Nog 'n belangrike invloed op die ontwikkeling van Afrikaans was kontak met slawe van die Ooste. Ongeveer 62 000 slawe het tussen 1652 en 1808 vanaf Indonesië, Madagaskar en Sri Lanka in die land aangekom (Roberge 2002:81). Die formasie van Afrikaans kan dus toegeskryf word aan die Europese setlaars, die Khoekhoe en die slawe in die Kaapkolonie (Roberge 2002:79). Afrikaans het 'n geskiedkundige voordeel waarin die taal tydens die apartheidsjare voordeel getrek het uit 'n sisteem wat dit onnatuurlik bevoordeel het. In 1974 is Afrikaans ingestel as die onderrigtaal van swart leerders (Willemse, 2017) en gevolglik het Afrikaans die taal van die onderdrukker geword. Volgens Willemse (2017) het Afrikaans onder die Afrikaner-nasionalisme in die 20ste eeu vooruitgegaan en is die eindresultate vandag nog te sien in die groot aantal Afrikaanse koerante beskikbaar.

#### 2.3.1.2. Engels in Suid-Afrika

Vir byna miljoen Suid-Afrikaners is Engels hul moedertaal, wat Engels naas isiZulu, isiXhosa en Afrikaans die vierde grootste taal in Suid-Afrika maak (StatsSA 2011). Engels is oorspronklik afkomstig vanaf Engeland en het weens die taal se rol as taal van onderrig in Suid-Afrikaanse skole (in die verlede asook hedendaags), deurgesyer na ander moedertaalsprekers (Lass 2002:104). Die taalkundige geskiedenis van Engels is kompleks vanweë die wye verskeidenheid streeks- en sosiale agtergronde waarvan die destydse immigrante afkomstig was (Bekker 2013: 3). Immigrante was hoofsaaklik afkomstig vanaf Engeland self, maar ook Skotland en Ierland waar die sprekers verskillende dialekte en selfs tale gepraat het (Bekker 2013:3). Die oorwegende verteenwoordiging van Engels as medium vir kommunikasie in moderne Suid-Afrikaanse media kan toegeskryf word aan Engels se status as die taal van eenheid en vryheid (Mesthrie 2002: 22). Volgens Mesthrie is Engels die lingua franca



in Suid-Afrika, ten spyte van die feit dat minder as vyf miljoen sprekers uit die 51 miljoen sprekers in Suid-Afrika dit as 'n moedertaal praat (Mesthrie 2002: 22).

### 2.3.1.3. Die inheemse Afrikatale van Suid-Afrika

Die inheemse Afrikatale van Suid-Afrika word geklassifiseer as deel van die Niger-Kordofanian-familie, wat reeds meer as twee tot drie duisend jaar gelede in die Kameroen-Nigerië-streek gepraat is. Die Ystertyd-beskawing het suidwaarts migreer ten einde hulself in Limpopo as boere te vestig (Mesthrie 2002:14). Tans word Afrikatale in omtrent 'n derde van die Afrika-kontinent se streke gepraat en streek sprekers vanaf die Kameroen-Nigeriese grensgebied deur die ewenaarsone na die Keniaanse kus en dan suidwaarts na die Kaap. Na raming is daar ongeveer 400 verskillende tale en dialekte in die groep en praat meer as 250 miljoen mense een of meer van die Afrikatale as 'n moedertaal (Herbert en Bailey 2002:50).

Vir die doel van die studie word inheemse Afrikatale as minderheidstale geklassifiseer, ongeag die aantal sprekers. Guyot (2007:1) definieer minderheidstale as enige van die volgende: “area-gebonde, minder-gebruikte, nie-amptelike, ondergeskikte, nie-invloedryk of selfs inheems”. Hierdie beskrywing is kenmerkend van Suid-Afrika waar die tradisionele “minderheidstale” in baie gevalle deur die meerderheid landsburgers gepraat word. In Suid-Afrika speel die konsepte van area-gebonde, nie-invloedryke en minder-gebruikte dus 'n belangrike rol wanneer inheemse Afrikatale bespreek word. Hierdie verskynsel, waar minderheidstale deur die meerderheid van landsburgers gepraat word, word deur linguïste as 'n oneweredig, veeltalige, realiteit beskryf (Uribe-Jongbloed en Salawu 2018:187). Die probleem word verder vererger deurdat daar die tendens is om moedertale vir Engels te verruil. Die probleem is reeds in 1986 deur die Organisasie vir Afrika-teenheid (OAE) uitgewys (Phillipson 1996:160). Die OAE het voorgestel om inheemse Afrikatale te bevorder. Daar is aanbeveel dat elke Afrikaland 'n duidelik omskrewe taalbeleid moet saamstel en alle tale binne die grense van die lidstaat moet erken en aanvaar as 'n bron van wedersydse verryking (Phillipson 1996:160). Verder word aanbeveel dat daar 'n toename moet wees in die gebruik van Afrikatale as die taal van onderrig op alle opvoedkundige vlakke (Phillipson 1996:160). Die volgende afdeling gaan 'n oorsig bied van die verskillende maniere waarop taalbeleide sedert die negentiende eeu in Suid-Afrika geïmplementeer is.



### 2.3.2. Taalbeleide in Suid-Afrika in die verlede tot die hede

Die Suid-Afrikaanse taalstryd het reeds in die negentiende eeu begin toe die wit gemeenskap van Suid-Afrika 'n stryd teen die Britse regering oor onderrigtaal gevoer het (Reagan 2002: 422). Hierdie vroeëre taalstryd het gedeeltelik gefokus op die regte van Afrikaners om hul kinders in hul moedertaal te laat onderrig, te midde van deurlopende poginge tot verengelsing wat deur die regering ondersteun is (Reagan 202:422). Hierdie stryd word deels opgelos deur 'n beleid van “aktiewe, amptelike tweetaligheid” en die vergunning dat leerders in hul moedertaal mag skoolgaan. Die geskiedenis van koloniale uitbreiding en anti-koloniale weerstand is goed aangeteken deur Suid-Afrikaanse historici uit 'n verskeidenheid van perspektiewe (Reagan 202:422). Teen die einde van die agtiende eeu het sendelinge 'n belangrike invloed op die talige ontwikkeling van die land gehad (Gilmour 2007:1761).

Die Kaapkolonie, en later Natal, was 'n ontluikende, wit, koloniale samelewing omring deur 'n groot inheemse bevolking wat as ideale sendelingvelde vir evangelisasie beskou is (Gilmour 2007:1761). In baie opsigte was 'taal' die spilpunt van die koloniale ontmoeting tussen Afrikane en Europeërs en was dit Christen-sendelinge wat in die negentiende eeu hierdie ontmoeting in Suid-Afrika geïnisieer het (Gilmour 2007:1762). Oor die algemeen is taalkundige aktiwiteite vir die doeleindes van daaglikse kommunikasie sowel as evangelisasie ingespan. Sendeling het veral gefokus op Bybelvertaling, tesame met die gepaardgaande taak om die gesproke inheemse Afrikatale in geskrewe tale te omskep (Gilmour 2007: 1762). Sendelinge in Suider-Afrika het 'n gewigtige rol in die vaslegging van die ortografie, spelling en taalreëls van inheemse Afrikatale gespeel deurdat hulle direk betrokke was in die omskepping van dié tale in geskrewe tale ten einde Bybelvertalings neer te lê om sendingwerk onder die inheemse bevolking te doen.

In 1925 word Afrikaans vir die eerste keer as amptelike taal erken en voorts word daar deur Afrikanernasionaliste gekonsentreer om te verseker dat Afrikaans 'n gelyke rol langs Engels speel (Giliomee 1997:122). Die volgende paar dekades word gekenmerk deur die vinnige ontwikkeling van Afrikaanse literatuur en ook die feit dat Afrikaans sy plek as wetenskaplike en tegnologiese taal begin volstaan (Giliomee 1997:122). Nadat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, ontwikkel daar geleidelik 'n vrees dat die toekoms van Afrikaans in gevaar is. Tydens die apartheidsjare is daar 'n poging

om 'n definitiewe taalkundige hiërargie op te stel deur gebruik te maak van die onderwysstelsel (Mesthrie 2002:19). In die 1950's is daar bepaal dat leerders, wat nie Afrikaans of Engels magtig was nie, beide tale vanaf hul eerste skooljaar moes aanleer en vanaf hoërskoolvlak word Afrikaans en Engels geïmplementeer as die medium van onderrig (Mesthrie 2002:19). Die apartheidsbeleid van moedertaalonderrig vir die eerste agt jaar van laer skool was nie op sig self sleg nie, maar die probleem het gelê in die wyse waarop die beleid geïmplementeer is ten koste van die ouers se wense. Weerstand teen Bantoe-onderwys lei in 1976 tot die Soweto-opstande en in twee komende dekades speel skoolkinders 'n prominente rol in soortgelyke opstande (Mesthrie 2002:22).

Aan die ander kant word Engels, weens die politieke uitkyk van die anti-apartheidsleiers, as die taal van eenheid en bevryding gesien. Inheemse Afrikatale word egter gesien as te nou verwant aan die stryd van apartheid om oorweeg te word as tale van opvoedkundige en ekonomiese vooruitgang (Mesthrie 2002:22). In die onderhandelinge wat gelei tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994, was Engels die de facto<sup>15</sup> lingua franca en vir 'n wyle het dit gelyk of die *African National Congress* (ANC) Engels as die enigste amptelike taal wou instel (Mesthrie 2002:22). Gevolglik het die rol van Afrikaans 'n belangrike punt in die onderhandelinge geword en indien Afrikaans en Engels se amptelike status behou sou word, sou dieselfde status aan inheemse Afrikatale toegeken moes word. Die vraag was egter watter inheemse Afrikatale gekies moes word. Alexander stel voor dat daar 'n nuwe standaard Nguni-taal geskep word bestaande uit isiZulu, isiXhosa, SiSwati en isiNdebele; sowel as 'n nuwe Sotho-standaard gebaseer op Noord-Sotho, Suid-Sotho en Setswana (Alexander 2004:112). Die voorstel word wyd bespreek, maar word van die hand gewys omdat daar vrese was oor die haalbaarheid van so 'n eenwording.

Alexander (2004:113) voer aan dat daar geen polities-neutrale teorie van taalbeplanning bestaan nie en gebruik Suid-Afrika as 'n voorbeeld waar taalbeplanning geassosieer word met die "rasgebaseerde, sosiale ingenieurswese" van apartheid (Alexander 2004:113). Volgens Alexander is dit egter in dieselfde

---

<sup>15</sup> Odendal en Gouws (2015:147) definieer de facto as iets wat feitlik is en wat in werklikheid die geval is.

sosiale omstandighede waar nie-regeringsorganisasies (NRO's) saam met minderheidstaalmedia die weg gebaan het tot demokratiese taalbeplanning (Alexander 2004:113). Selfs al word taalbeplanning vanuit 'n ideologiese en politieke neutrale standpunt begin, ervaar taalbeplanning teenstand want, soos Alexander (2004:14) verduidelik, taal word deur geleerde mense gesien as een van die laaste sosiale instellings waarin beplanning taboe is. Ongeag hierdie siening bied die beginsels van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) die geleentheid om 'n raamwerk te bou waarbinne veeltaligheid sal floreer en beleide geskep word wat die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale aanmoedig (Marback 2002:359). Die direkte insluiting van PanSAT in die Grondwet (1996) stel duidelik die grondwetlike belangrikheid van die korpusontwikkeling van inheemse Afrikatale. PanSAT is aangestel as 'n waghond om te verseker dat Suid-Afrika se taalbeleide deurgevoer word (De Klerk en Gough 2002:356). Hul doelwitte en aktiwiteite word bepaal deur Wet 59 van 1995 en sal in Hoofstuk 4 ontleed word om die de jure-realiteite daar te stel. Hierna sal daar in Hoofstuk 5 na hul jaarverslae gekyk word om 'n de facto-realiteit te skep.

In Suid-Afrika was daar tot laat in die 1980's geen duidelike teorie oor taalbeplanning nie (Alexander 2004:115). Volgens Alexander kan dit toegeskryf word aan die feit dat taalbeplanning as 'n dissipline steeds in sy vroeë ontwikkelingsjare was. Verder is taal en ras in die apartheidstydperk gesien as deel van die groter ideologie van apartheid en is dus nie op hul eie bestudeer of ontwikkel nie (Alexander 2004:115).

In die demokratiese Suid-Afrika is taalbeleide steeds 'n komplekse uitdaging en lei gesprekke gereeld tot onvoorspelbare nadraaie (Reagan 2002:422). Alhoewel die grondwetlike erkenning van die twaalf tale (elf gesproke tale en gebaretaal) verskeie probleme opgelos het, skep dit nuwe vrae waarvoor daar in die komende jare oplossings gevind moet word (Reagan 2002:422). Op 'n makrovlak moet daar gekyk word na beleidsbenaderings wat kan bydra tot die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die landstale, veral inheemse Afrikatale. Beleidsbenaderings het 'n groot invloed op die statusbeplanning van tale en die besluite wat geneem word, sal noodwendig 'n uitwerking hê op die leksikon en grammatika (korpusbeplanning) van die betrokke tale asook die opvoedkundige aspek (Verwerwingsbeplanning) en uiteindelik die aansien van die tale (prestige-beplanning). Toekomstige taalbeleid in

Suid-Afrika sal 'n balans moet handhaaf tussen drie stelle bekommernisse wat volgens Reagan (2002:425) beslis teenstrydig is.

Hierdie stelle bekommernisse sluit in die nasionale/politieke kommer wat die kwessies en vrae behels wat op byna alle opkomende postkoloniale samelewings van toepassing is. Die vrae wat daaruit voortspruit, inkorporeer hoe mens 'n amptelike taal (of tale) kies en bepaal die rol van hierdie tale as daar die behoefte is aan beide 'n taal van 'n breër kommunikasie en die beskerming van die land se minderheidstale. Die kompleksiteit oor die rol van postkoloniale taalbeplanning veroorsaak dat daar kommer is oor wie die reg het om die besluite te maak (Reagan 2002:425). Bekommernisse oor die sosiale geregtigheid van taalbeleide hou hoofsaaklik verband met vrae oor hoe en deur wie taalbeleide bepaal moet word, en of die betrokke beleid regverdig en billik is (Reagan 2002:425). Hierdie bekommernis het 'n direkte invloed op die implementering van taalbeleide en veroorsaak programmatiese kommer wat betrekking het tot die implementering van spesifieke taalbeleide. Vanuit die Suid-Afrikaanse geskiedenis blyk dit dat dit veral die opvoedkundige sfeer is waarby die implementering kommer wek, maar beleide het ook 'n invloed op die politieke en ekonomiese omgewings in die land (Reagan 2002:425).

Daar is egter vier aspekte oor taalbeleide wat kan help om die siklus van taal-  
onderdrukking te verbreek (Reagan 2002:427). *Eerstens* moet enige beleide onderhewig wees aan 'n landswye konsultasieproses om te verseker dat dit die oorhoofse goedkeuring het van die taalgemeenskappe wat daardeur geraak word. *Tweedens* mag geen persoon of gemeenskap gedwing word om onderrig te ontvang in 'n taal wat hulle nie wil nie. *Derdens* mag geen gemeenskap rede gegee word om te dink dat die onderwysstelsel gebruik gaan word om hul moedertaal te onderdruk nie, en *vierdens* mag taalvereistes nie gebruik word om burgers uit te sluit van opvoedkundige geleenthede nie. Om te voldoen aan hierdie lesse het die ANC drie beginsels ingestel om taalbeleide in die Onderwys te reguleer. Hierdie beginsels sluit (i) die reg van individue in om te kies in watter taal of tale hulle wil studeer en (ii) watter taal om as onderrigmedium te gebruik (Reagan 2002:427). Die twee beginsels stel voor dat individue die reg het om taalkundige vaardighede te ontwikkel in die taal of tale van hul keuse ten einde te kan deel in die nasionale, provinsiale en plaaslike samelewings (Reagan 2002:427). Laastens is daar 'n nodigheid om die Suid-

Afrikaanse tale, wat voorheen afgeskeep is, te ontwikkel en bevorder (Reagan 2002:427).

Reeds in 1974 het Karam opgemerk dat taalbeplanning, in die meeste gevalle, in die onderwys as die primêre middel van implementering van beleide gerig is (Karam 1974:117). Volgens Karam (1974:117) kan die langtermyn-rol van onderwys in die stabilisering van taalontwikkeling nie meer betwyfel word nie, maar wat egter twyfelagtig is, is of die media dieselfde rol kan speel (Karam 1974:117). Onderwys is duidelik nie die enigste manier om die taalbeplanningsproses te implementeer nie (Aktuna 1995: 85). Met die aanbreek van demokrasie stipuleer die Grondwet (1996), wat onder die nuwe demokratiese regering ingestel is, hoe tale hanteer moet word en word 'n amptelike taalbeleid deur die Departement van Kuns en Kultuur geskryf. Die volgende gedeeltes is aanhalings uit die Grondwet en dien nie net as 'n opsomming van die stappe wat geneem kan word tot die bevordering van die inheemse Afrikatale nie, maar ook as die doelstellings vir Suid-Afrika. Die vyf basiese grondliggende bepalinge in die Grondwet wat betrekking het op die gebruik van tale in die media aan die hand van artikel 6, subartikel 1 tot 5, lui as volg:

*“(1) Die amptelike tale van die Republiek is Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.*

*(2) Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.*

*(3)(a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.*

*(3)(b) Munisipaliteite moet die taalgebruike en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking neem.*

*(4) Die nasionale regering en provinsiale regerings moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Sonder afbreuk aan die bepalings van subartikel (2) moet alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word.*

*(5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet –*

*(a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van –*

*(i) alle amptelike tale;*

*(ii) die Khoi-, Nama- en San-tale;*

*(iii) gebaretaal; en*

*(b) respek bevorder en verseker vir –*

*(i) alle tale wat algemeen deur gemeenskappe in Suid-Afrika gebruik word, met inbegrip van Duits, Grieks, Goedjarati, Hindi, Portugees, Tamil, Teloegoe en Oerdoe; en*

*(ii) Arabies, Hebreeus, Sanskrit en ander tale wat in Suid-Afrika vir godsdienstdoeleindes gebruik word.”*

Grondwet, artikel 6 (1996)

Aan die hand van punt (1), (2), (4) en (5) van artikel 6 van die Grondwet, word die gedagte losgemaak dat die gebruik van inheemse Afrikatale nie net sou toeneem nie, maar ook ondersteuning tot hoër status en bevordering sou ontvang.

Die Grondwet (1996) maak op verskeie ander plekke melding van taal en die gebruik daarvan. Dit sluit in artikel 29 subartikel 2 wat stel:

*(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van–*

- (a) billikheid;*
- (b) doenlikheid; en*
- (c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.*

Grondwet, artikel 29 (2) (1996)

Alhoewel hierdie artikel te doen het met taal, is dit van toepassing op die Taal-in-onderwys-beleid, wat nie in hierdie studie ondersoek word nie. Verder verwys artikel 30 na taal en kultuur en stel dat:

*Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem, maar niemand wat hierdie regte uitoefen mag dit doen op 'n wyse wat met enige bepaling van die Handves van Regte onbestaanbaar is nie.*

Grondwet, artikel 30 (1996)

Bykomend hiertoe verwys artikel 31 na kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe en stel dat:

- (1) Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap*
  - (a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie;*
  - en*
  - (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie*

Grondwet, artikel 31 (1996)

Hierdie twee artikels versterk die belangrikheid vir die ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van veral inheemse tale omdat tale 'n belangrike kulturele doel dien.



Ten slotte kyk artikel 35 subartikel 3 (k) van die Grondwet (1996) na die wetlike regte van verskillende taalsprekers in Suid-Afrika. Hier stel die Grondwet (1996) dat elke persoon het die reg:

*(k) om verhoor te word in 'n taal wat die beskuldigde persoon verstaan of, indien dit nie doenlik is nie, dat die verrigtinge in daardie taal getolk word;*

Grondwet, artikel 35 (1996)

Hierdie artikel skets die geregtelike belangrikheid van die ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van alle tale wat kan dien as verdediging van beskuldigde persone.

Die laasgenoemde vier artikels onderstreep die belangrikheid van landsburgers se tale, maar word egter nie verder ontleed nie. Daar word voortaan gefokus op artikel 6 van die Grondwet (1996). Vanuit hierdie uiteensettings van die Grondwet is die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) deur die Suid-Afrikaanse kabinet aanvaar nadat die raamwerk bykans 'n dekade geneem het om saam te stel (Beukes 2009:38). Alhoewel die privaatsektor nie onderhewig was aan die raamwerk nie, moes administrasie in die regering aan die volgende vereistes voldoen:

- a. Elke regeringsdepartement moes 'n taal aanwys vir kommunikasie binne die departement.
- b. Kommunikasie met die publiek moes in die taal van keuse van die burger plaasvind.
- c. Amptelike nasionale dokumente moes in al 11 amptelike tale gepubliseer word, of andersins in ten minste ses van die tale op 'n roterende basis.
- d. Internasionale kommunikasie moes in Engels of die gekose taal van die betrokke land geskied.

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)

Die raamwerk was geloof vir die uitstekende ontwerp – veral in vergelyking met ander Afrikalande se taalbeleidsraamwerke, maar is nooit verder geneem nie (Beukes 2009:38). Die raamwerk het bestaan uit 'n beleidsdokument, 'n implementasieplan en twee wetgewings wat tale reguleer (Beukes 2008:12). Alhoewel die dokument slegs 'n



voorgestelde beleid is, bied dit insig oor moontlike taalbeleide en gevolglik sal die dokument saam met die Grondwet in Hoofstuk 4 ontleed word.

Hill (2010:43) lig uit dat hierdie uiteensettings ten opsigte van taal in die Grondwet twee kernvrae vorendag gebring het. Die eerste vraag handel oor wat die toekomstige status van Afrikaans sou wees, terwyl die tweede vraag direkte betrekking het tot die kern van hierdie studie en dus op die ontwikkeling van inheemse Afrikatale fokus. Ondanks die vordering wat sedert die aanbreek van demokrasie op die linguistiese terrein gemaak is, is taalkenners soos Trimbur (2002:650), bekommerd dat die de jure<sup>16</sup>-erkenning wat inheemse Afrikatale danksy die Grondwet geniet, nie genoegsaam is om die taal se status en erkenning in die samelewing te verander nie. Een rede vir hierdie tekort aan erkenning kan aan die "gekoloniseerde bewussyn", waarna Ngugi wa Thiong'o telkemale verwys, toegeskryf word; waar die oorgrote meerderheid sprekers van inheemse Afrikatale nie glo dat hul tale vir hoër-orde funksies kan of behoort gebruik te word nie (Ngugi 1986: 11).

Ten spyte van hierdie instelling, koester hierdie gemeenskappe hul taal en identiteit en is hierdie gemeenskappe heeltewel daartoe verbind om hul taal in die primêre sferes van die familie, die gemeenskap en die kerk te gebruik (Alexander 2004:121). Inheemse Afrikatale word dus deels gekenmerk deur die koloniale hiërargie en skoolsisteme wat Europese tale nog steeds hoog aanslaan, terwyl inheemse Afrikatale nie tot die volle ontwikkeling, erkenning en uitbreiding veral met betrekking tot wetenskap, tegnologie en selfs kultuur in statusbeplanning geag word nie (Alexander 2004:121). Te midde van hierdie tekort van inheemse Afrikatale neem Engels die rol van 'n globale lingua franca<sup>17</sup> in, maar terselfdertyd bestaan daar nog beperkte toegang tot selfs genoegsame Engelse taalvaardighede (Trimbur 2002:650). Om die volle prentjie van die elf amptelike tale te verstaan, moet daar gekyk word na die verspreiding van die tale per provinsie soos uiteengesit in afdeling 2.2.1. Vir die doel van hierdie studie gaan daar hoofsaaklik gefokus word op die vier grootste inheemse Afrikatale, aldus isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

---

<sup>16</sup> Odendal en Gouws (2015:147) definieer de jure as iets wat wettig erken word en aanvaar is volgens regsweë.

<sup>17</sup>Odendal en Gouws (2015:671) definieer lingua franca as 'n mengeltaal wat as medium tussen sprekers van uiteenlopende tale dien, veral as handelstaal.

### 2.3.3. Etniese bewustheid en kulturele identiteit in Suid-Afrika

Die bou van 'n veeltalige land soos Suid-Afrika is egter 'n komplekse saak en die rol van etniese bewustheid,<sup>18</sup> eerder as kulturele identiteit,<sup>19</sup> moet nog deur beleidsmakers opgelos word (Webb 2012:219). Volgens Webb (2012:219) is dit juis die gedagte van 'n multikulturele samelewing wat 'n struikelblok is vir poginge om die waardes en kulturele identiteit vas te stel. Die uitdaging vir taalbeplanning in die nuwe Suid-Afrika is om 'n balans te vind tussen die nasionale identiteit<sup>20</sup> en etniese identiteit<sup>21</sup> (Webb 2012:219). Daar moet erkenning gegee word aan gemeenskappe se waardes en identiteite en terselfdertyd moet daar 'n proses wees wat nasionale waardes en identiteite bevorder. Volgens Shohamy (2006:26) vereis die omstandighede in Suid-Afrika reeds aan die einde van die negentiende eeu 'n taalbeleid wat kan bydra om 'n nasionale identiteit te skep (Shohamy 2006:26). Waar 'n nasionale identiteit die verwoording van die kollektiewe selfbeeld en -kennis wat 'n groep individue as burgers in 'n moderne staat deel, insluit (Neiburg 2001:233). Identiteitskepping is geskoei op die gedagte dat daar sielkundige en kulturele homogeniteit onder die burgers voorkom; met die veronderstelling dat die burgers saam as 'n kollektiewe individu beskou kan word (Neiburg 2001: 233). Hierdie strewe na 'n kollektiewe nasionale identiteit omskep taal in 'n simbool van mag, wat skakel met 'n ideologie van nasionalisme en 'n begeerte na assimilasië (Shohamy 2006:26).

Kulturele erfenis, as nog 'n belangrike aspek van 'n samelewing wat in ag geneem moet word in die gesprek oor taalbeplanning en -beleid, word deur *die United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization* (Unesco) gedefinieer as die nalatenskap van fisiese artefakte en ontasbare eienskappe van 'n groep of samelewing wat van vorige geslagte geërf word, in die hede gehandhaaf word, en tot voordeel van toekomstige geslagte gegee word (Unesco 2000). Tale het aldus waarde as 'n gesamentlike menslike prestasie en dien deurlopend as manifestasies van

---

<sup>18</sup> Etniese bewustheid is wanneer 'n individu daarvan bewus is dat hulle oor spesifieke etniese trekke beskik en afkomstig mag wees van interaksies met organisasies in 'n wyer sosiale omgewing (McKay en Lewins 1978:415).

<sup>19</sup> Kulturele identiteit verwys na interne en kollektiewe bewuswording van lidmaatskap tot 'n spesifieke groep wat gemeenskaplike verskille en gebruike deel (Urrieta 2018:19).

<sup>20</sup> Nasionale identiteit is 'n sosiale konstruksie wat kan verander afhingende van psigososiale omstandighede en behels identifikasie met die nasie, houdings teenoor die nasie en nasionale stereotipes (Tartakovsky 2010:1851).

<sup>21</sup> Etniese identiteit verwys na 'n persoon se sosiale identiteit binne 'n groter konteks gebaseer op lidmaatskap van 'n kulturele of sosiale groep (McKay en Lewins 1978:417).

menslike kreatiwiteit en oorspronklikheid (Kymlicka & Patten 2003:14). Elke taal is 'n unieke uitdrukkingsvorm met sy eie afsonderlike manier waarop die wêreld gekonseptualiseer word en dien ook as 'n bron van 'n bepaalde kultuur se geskiedenis, tradisies, kuns en ideë (Kymlicka & Patten 2003:14). Daarom is sprekers se sin vir selfwaarde en erfenis inherent afhanklik van hul taal en kultuur. Hoewel die Grondwet (1996) 'n groter invloed op die de jure-status van inheemse Afrikatale het, kan die Grondwet indirek bydra tot die de facto-waarde van tale. Deur, in beginsel, 'n taal te respekteer op grond van sy reg tot bestaan, dra by tot die status van daardie taal en lei daartoe dat die taal gesien word as bruikbaar in publieke en siviele areas (Marback 2002:360). Marback (2002:360) voeg by hoe meer bruikbaar 'n taal as voermedium is en hoe makliker dit kan uiting gee aan ideë, waardes en ervarings, hoe hoër is die status van die taal in die breër gemeenskap.

Dit is egter moeilik om 'n taalbeleid te skryf wat voldoen aan 'n veeltalige land met die historiese kompleksiteit soos Suid-Afrika. Volgens Trimbur (2002:649) moet daar in ag geneem word dat 'n taalbeleid in Suid-Afrika deel is van die groter stryd teen sosiale ongelykhede. Die invloed van die Grondwet (1996) skep 'n raamwerk wat veeltaligheid aanmoedig en ook taalbeleide en -praktyke vereis wat die status van inheemse Afrikatale bevorder en ophef (Marback 2002:361). Marback (2002:361) stel voor dat die status van inheemse Afrikatale ten aanskoue van die land se burgers verhoog kan word deur die taal in openbare sfere te gebruik. Daar moet erkenning gegee word aan inheemse Afrikatale se vermoë om inheemse kennis en ideë oor te dra en die gebruik van inheemse Afrikatale as die lingua franca op plaaslike ekonomiese aktiwiteite moet aangemoedig word.

Om te voldoen aan die vereistes soos deur Trimbur gestel, moet 'n deeglike raamwerk saamgestel word met inagneming van historiese kompleksiteite van verskillende etniese identiteite wat deel uitmaak van dieselfde nasionale identiteit. Die volgende afdeling handel oor die saamstel van 'n teoretiese raamwerk wat gebruik kan word om die gedrag van gemeenskappe te kan beskryf.

## 2.4. Die ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk vir taalbeplanning

Volgens Cooper (1989:58) is daar geen duidelike teoretiese raamwerk vir die taalbeplanningsproses nie en moet daar eerder gekyk word na patrone in die gedrag van taalbeplanning en -beleide. Voordat hierdie patrone geïdentifiseer en gestandaardiseer kan word, moet daar eers besluit word watter veranderlikes die mees geskikte is om taalbeplanning en -beleide te beskryf (Cooper 1989:57). Daarom moet daar spesifiek na beskrywende raamwerke gekyk word.

Cooper se beskrywende raamwerke verwys na 'n sisteem wat dit moontlik maak vir taalbeplanners om op hoogte te bly van al die verskillende veranderlikes wat tydens die taalbeplanningsproses in gedagte gehou moet word (Cooper 1989:49). Cooper stel voor dat daar ook na ander velde gekyk word, nie alleenlik om die taalbeplanningsproses beter te verstaan nie, maar ook om elemente saam te stel wat kan deel uitmaak van 'n teoretiese raamwerk vir die taalbeplanningsproses. Sy voorstel is dat daar spesifiek gekyk word na raamwerke wat voorgestel word vir innovasie, bemaking, politiek en besluitneming en hoe dit op taalbeplanning toegepas kan word (Cooper 1989:58). Hierdie behoefte het tot gevolg gehad dat Kaplan en Baldauf 'n evolusieraamwerk geformuleer het, gebaseer op die werk van bogenoemde werke van Cooper (1989); Ferguson (1968); Haugen (1983); Nahir (1984); en Stewart (1968), sowel as Kloss (1968); Neustupny (1974) en Rabin (1971).

Vir taalbeplanners en -praktisyne in veeltalige omgewings, is die hoofokus nie hoe om tale te ontwikkel nie, maar watter tale ontwikkel moet word en vir watter doeleindes (Hornberger 2006:29). Hierdie perspektief kan 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse konteks speel in terme van die bevordering van minderheidstale; nie net met verwysing tot korpusbeplanning nie, maar ook in erkenning van tale as 'n belangrike deel van statusbeplanning. Alhoewel taalbeplanningsbenaderings nie in en van self 'n politieke rol het nie, het taalkundiges bewus geword van die politieke aard van taalbeplanning (Hornberger 2006:31). Om hierdie rede is daar toenemend meer gefokus op die doelwitte wat deel is van die taalbeplanningsproses en die verandering in visie wat hierdie taalbeleide te weeg kon bring. Kaplan en Baldauf (2003) identifiseer 28 doelwitte wat deel is van die taalbeplanningsproses. Kaplan en Baldauf doen uitgebreide navorsing oor die taalbeplanningsproses in lande soos Australië. Hierdie

lande se taalbeleide kan in baie opsigte vergelyk word met dié in Suid-Afrika en word later in afdeling 2.9.4 volledig bespreek. Die onderstaande tabel (Tabel 3) beeld Kaplan en Baldauf se taalbeplanningsmodel uit en bevat die 28 doelwitte wat in die volgende afdeling breedvoerig bespreek gaan word. Hierdie doelwitte vorm dan ook die raamwerk waarop taalbeleide ontleed gaan word.

*Tabel 3 Kaplan en Baldauf (2003:202) se hersiene taalbeplanningsmodel.*

Benaderings	Beleidsbenadering		Aanwasverbouingsbenadering	
Status- beplanning	Statusstandaardisering	Amptelike funksie (doelwit 1)	Statusbeplanning	Taalherlewing (doelwit 4): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstelling</li> <li>• Hernuwing</li> <li>• Ommekeer</li> </ul>
		Nasionalisering (doelwit 2)		Taalonderhoud (doelwit 5)
		Verbod (doelwit 3)		Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)
Korpus- beplanning	Standaardisering	Standaardisering van die Korpus (doelwit 8): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>	Uitbreiding van die korpus	Taalverspreiding (doelwit 7)
		Standaardisering van die hulpkode <sup>22</sup> (doelwit 9) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>		Leksikale modernisering (doelwit 10)
				Modernisering van styl (doelwit 11)
				Opknapping van die taal (doelwit 12) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taalsuiwering</li> <li>• Taalherlewing</li> <li>• Stilistiese vereenvoudiging</li> <li>• Eenwording van terminologie</li> </ul>
				Internasionalisering (doelwit 13)

<sup>22</sup> Hulpkode verwys na 'n element of frase wat in kombinasie met leksikale werkwoorde 'n aanduiding van tyd of modaliteit, uitdrukking gee aan grammatikale begrippe wat uitdrukking gee aan plek, beweging, aktiwiteit, begeerte, verhouding en besit (Heine 1993:28).

Verwerwings- beplanning	<i>Beleidsontwikkeling</i>	Toegangsbeleid (doelwit 14)	<i>Verwerwingsbeplanning</i>	Taalherwinning (doelwit 21)
		Personeelbeleid (doelwit 15)		Taalonderhoud (doelwit 22)
		Kurrikulumbeleid (doelwit 16)		Taalverskuiwing (doelwit 23)
		Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)		
		Hulpbronbeleid (doelwit 18)		
		Gemeenskapbeleid (doelwit 19)		
		Evaluasiebeleid (doelwit 20)		
Prestige- beplanning	<i>Taalbevordering</i>	Amptelik / Regerings (doelwit 24)	<i>Intellektualisering</i>	(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28)  <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taal van wetenskap</li> <li>• Taal van beroepe</li> <li>• Taal van hoër kultuur</li> </ul>
		Instansies (doelwit 25)		
		Drukgroepe (doelwit 26)		
		Indiwidue (doelwit 27)		

Op die horisontale as van Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk 2003 word onderskeid getref tussen die vorm van die taalbeleid en die funksie van die taalbeleid (Baldauf 2008:23). Die vorm van die taalbeplanningproses, of beleidsbenadering, kyk na die samelewing en land as 'n geheel op 'n makroskopiese vlak en benadruk die verspreiding van tale (Baldauf 2008:18). Beleidsbenadering fokus hoofsaaklik op basiese taal- en beleidsbesluite en hoe hulle deur beleide bekragtig word. Voorbeelde waar beleidsbenaderingsdoelwitte hoog opgestel word, is Indië waar 'n magdom beleide in plek is wat oorhoofse wetgewing bied vir taalbeplanning (sien afdeling 2.9.6.). Aan die teenkant beklemtoon die funksie, of aanwasverbouingsbenadering, op mikroskopiese vlak maniere van praat / skryf (Hornberger 2006:29). Gebiede soos Katalonië fokus baie op die ontwikkeling van die taal self en heg groot waarde aan doelwitte wat hieraan voldoen (sien afdeling 2.9.1). Bykomend tot beleids- en aanwasverbouingsbenadering van taalbeleide maak Baldauf (2008:20;23) op die vertikale as gebruik van vier benaderings tot taalbeplanning, naamlik status-,

Verwerwings-, korpus- en prestige-beplanning om die samelewing, leerproses, taal en beeld van die taal te definieer (Baldauf 2008:21).

Statusbeplanning is die eerste van die vier benaderings van die taalbeplanningproses in Baldauf se raamwerk en verwys na 'n proses waartydens die funksies van tale toegeken word (Hornberger 2006:30). In die Suid-Afrikaanse konteks behels statusbeplanning die keuse van die amptelike tale, asook hoe tale in verskillende amptelike instellings soos skole en staatsdepartemente, gebruik word (Reagan 2002:420). Statusbeplanning behels ook besluite oor watter taal die staat se media sal gebruik. Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) stipuleer dat Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu die amptelike tale van die land is.

Korpusbeplanning, as die tweede benadering, is die leksikale ontwikkeling en uitbreiding van Suid-Afrika se tale deur die implementering van prosesse soos die skep van nuwe terminologie, die skryf van woordeboeke en handboeke vir leerders en die samestelling van spel- en taalreëls (Reagan 2002:420).

Verwerwingsbeplanning, as die derde benadering, word gesien as poginge om by te dra tot die verspreiding van tale deur geleenthede te skep of te verbeter, waar sprekers aangespoor word om die taal aan te leer (Hornberger 2006:30). Verwerwingsbeplanning is te sien in alle situasies waar die Suid-Afrikaanse gemeenskap gemotiveer word om bykomende landstale aan te leer, asook die besluit om inheemse Afrikatale op skoolvlak te implementeer. PanSAT is ook nou betrokke by die skep van 'n klimaat waarin 'n taal-in-onderwysbeleid suksesvol geïmplementeer kan word.

Prestige-beplanning, as vierde benadering, hou verband met die etniese of kulturele identiteit en die bevordering van 'n taal (Baldauf 2004:4) (sien afdeling 2.2.3). Prestige-beplanning in Suid-Afrika is enige proses wat geïmplementeer word om die aansien van tale te verhoog. Later in Hoofstuk 2 (sien afdeling 2.8.4) sal die wyses waarop media bydra tot die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale breedvoerig bespreek word, maar interessant genoeg meen Thipa (1992:88) dat die gebruik van



Engelse terme in isiXhosa die prestige van isiXhosa verhoog deurdat gapings in die woordeskat gevul word en die funksie van die taal verbreed.

Voordat daar egter 'n gegewe linguistiese gedrag volgens die bogenoemde benaderings en doelwitte geklassifiseer kan word, moet daar onderskeid getref word tussen taalbeplanningaktiwiteite en -doelwitte (Nahir 1984:297). Dit is belangrik om te onthou dat een taalbeplanningaktiwiteit verskeie doelwitte kan verteenwoordig. In die Suid-Afrikaanse konteks is *Ga-Rankuwa Voice*, 'n gemeenskapskoerant, in 2016 vir die eerste keer gepubliseer met 50% Engelse inhoud en 50% Setswana inhoud (MDDA 2017). Volgens die MDDA is die doel van die publikasie om Setswana te bevorder en jongmense aan te moedig om die taal te lees en gebruik. Die aktiwiteit van publikasie in 'n inheemse Afrikataal kan terselfdertyd bydra tot die taal se verspreiding, leksikale modernisering en herlewing, afhangende van wat die oorspronklike doelwit van die aktiwiteit was. Nahir (1984) meen verder dat doelwitte nie noodwendig mekaar uitsluit nie en wanneer meer as een doelwit nagestreef word, word daar dikwels onderskeid getref tussen groot en klein doelwitte (Nahir 1984:298). Dit kan egter gebeur dat taalbeplanning teenstrydige doelwitte het. Die strewe na leksikale modernisering kan soms taalsuiwering teenstaan, veral daar waar tegnologiese terme ontwikkel moet word (Kaplan en Baldauf 2003:202). Hierdie is ook waar van die verskillende benaderings van die taalbeplanningsproses waar een aktiwiteit kennend kan wees van statusbeplanning, maar terselfdertyd ook bydra tot die prestige-beplanning. 'n Taal se aansien word verhoog wanneer dit 'n nuwe status bereik en die uitbreiding van 'n taal se leksikon kan indirek daartoe lei dat die taal se status aangepas word (Kaplan en Baldauf 2003:203).

In die volgende afdeling word dit duidelik dat die taalbeplanningsstrategieë wat deel is van Kaplan en Baldauf (2003) se raamwerk ingewikkeld is en dat daar oorvleueling tussen die vier benaderings is. Om die dinamika van die vier benaderings beter te verstaan word hulle in die volgende afdeling verduidelik voordat die 28 doelwitte opgedeel word volgens die onderskeie benaderings.



### 2.4.1. Statusbeplanning – Die samelewing

Soos gesien in die vorige afdeling bestaan Baldauf (2004) se teorie uit vier hoofbenaderings. Hierdie afdeling gaan spesifiek die benadering van statusbeplanning in die algemeen bespreek, maar ook met betrekking tot die beleidsbenadering en aanwasverbouingsbenaderings van Baldauf se teorie.

Statusbeplanning vind plaas wanneer nuwe funksies aan 'n taal toegeken word en hierdie toekenning die rol wat 'n taal in 'n gegewe samelewing speel beïnvloed (Mesthrie, *et al.* 2000:372). Dit bestaan uit eksterne sosiale doelwitte vir tale en hoe hul gebruike aan die samelewing bekend gemaak word (Kaplan en Baldauf 2003:203). Cooper voeg verder by dat die term uitgebrei kan word om te verwys na die toekenning van tale of taalvariëteite aan gegewe funksies (Cooper 1982:101). Taal word dus bevorder en vervolgens gebruik tydens openbare geleenthede, in die media en selfs in die private sektor en as deel van die proses moet daar besluit word watter taal word gebruik as die amptelike taal, 'n plaaslike of area-gebonde taal, die taal vir administrasie, of wetgewing om spesifieke funksies te vervul.

#### 2.4.1.1. Statusstandaardisering

Die primêre doel van statusstandaardisering is die definiëring van die status wat 'n gegewe taal in die samelewing het en is deel van statusbeplanning (Kaplan en Baldauf 2003:203). In sy beleidsbenadering inkorporeer Baldauf (2008:21) drie doelwitte wat deel is van statusbeplanning, naamlik: taal as 'n amptelike landstaal, nasionalisering van taal en taalvoorskrif of -verbod. Hierdie afdeling bespreek nie net die beleidsbenadering as deel van statusbeplanning nie, maar begin ook hier uitlig wat die 28 doelwitte van taalbeplanning is, en op watter een van die vier hoofbenaderings hulle betrekking het.

Taal in die gebruik as 'n **amptelike funksie (doelwit 1)** is wanneer die gebruik van 'n taal grondwetlik gespesifiseer word en hierdie gebruik landswyd toegepas word. Dit is 'n wetlike, toepaslike taal vir alle politieke en kulturele gebruike (Cooper 1989:100). Volgens die Grondwet van Suid-Afrika (1996) (sien afdeling 2.2.2) wat onder die nuwe demokratiese regering ingestel is, is die amptelike tale van die Republiek Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.

Die **Nasionalisering van taal (doelwit 2)** is die gebruik van 'n taal as 'n belangrike kommunikasiemedium wat internasionaal in omvang is, byvoorbeeld vir diplomatieke verhoudings, buitelandse handel, toerisme, ens. (Cooper 1989:106). Met betrekking tot kommunikasie met die buiteland stipuleer die Grondwet (1996) dat die nasionale regering en provinsiale regerings enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes kan aanwend. Volgens Mesthrie (2002:22) word Engels as die lingua franca in Suid-Afrika gebruik en dien dit as die taal van kommunikasie met die buiteland.

Cobarrubias (1983: 44-45) verwys na **voorskrif/verbod van 'n taal (doelwit 3)**, waar sprekers gekeer word om sekere tale of variëteite te gebruik. Die vlak van voorskrif kan wissel van aktiewe onderdrukking van 'n taal tot ontmoediging om die taal te gebruik (Cobarrubias 1983:45). Deur 'n voorskrif of verbod op taalgebruik te plaas, hoewel negatief, is 'n effektiewe manier om die status van 'n taal te stipuleer (Kaplan en Baldauf 2003:205). In Suid-Afrika is daar in die apartheidsjare gepoog om, deur gebruik te maak van voorskrifte en sekere verbodinge, 'n definitiewe taalkundige hiërargie op te stel (Mesthrie 2002:19). In die 1950's is daar bepaal dat leerders, wat nie Afrikaans of Engels magtig was nie, beide tale vanaf hul eerste skooljaar moes aanleer en vanaf hoërskoolvlak is Afrikaans en Engels geïmplementeer as die onderrigtale (Mesthrie 2002:19). Die gebruik van inheemse Afrikatale was verbode wat 'n duidelike boodskap oor die status van hierdie tale gestuur het.

Die drie bogenoemde doelwitte is voorbeelde van statusbeplanning wat as beleidsbenadering toegepas word wat bepalend is van die status van die taal. Dit beteken dat die linguistiese aktiwiteite hier ter sprake 'n invloed het op die manier en gereeldheid waarop die taal gebruik word.

#### 2.4.1.2. Statusbeplanning

Die hoofdoel van aanwasverbouingbenadering is die herlewering, onderhoud en verspreiding van boodskappe tussen verskillende gemeenskappe (Baldauf 2008:20). Hierdie vier konsepte word soos volg uiteengesit:

**Taalherlewing (doelwit 4)** is 'n doelbewuste verandering in 'n taal om die gebruik van die taal te bevorder (Nahir 1984:302). Dit behels gewoonlik die verandering of vereenvoudiging van ortografie, spelling, leksikon of taalreëls. Die hoofdoel van taalherlewing is om die taal weer in gebruik te bring, maar dit word dikwels gedryf deur ideologiese, politieke of godsdienstige oortuiging (Nahir 1984:303). Sendelinge in Suid-Afrika het 'n gewigtige rol gespeel in die vaslegging van die ortografie, spelling en taalreëls van inheemse Afrikatale deurdat hulle direk betrokke was in die omskep van dié tale in geskrewe tale ten einde Bybelvertalings neer te lê om evangelisasiewerk onder die inheemse bevolking te doen. Taalherlewing bestaan uit drie subkategorieë: herstelling, hernuwing en ommekeer wat toegepas word op grond van die vlak van verlies aan taal wat reeds plaasgevind het (Kaplan en Baldauf 2003:205). Die einddoel is egter die herlewing van 'n taal se sosiale status en funksies in 'n gemeenskap. Nog 'n manier om 'n taal se sosiale status en funksie te beskerm is deur taalonderhoud.

**Taalonderhoud (doelwit 5)** behels die beskerming van 'n groep se inheemse eerste of tweede taal waar politieke, sosiale, ekonomiese of opvoedkundige oorwegings druk op die taal plaas of veroorsaak dat daar 'n afname is in die taal se status as 'n taal van kommunikasie, kulturele erfenis of simbool as nasionale identiteit (Nahir 1984:315). Sentraal tot faktore vir taalonderhoud is die rol wat taal speel om gemeenskappe se kulturele identiteit te bepaal en in Suid-Afrika, waar die soeke na 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse identiteit steeds buite bereik is, val baie gemeenskappe terug op hul etniese identiteite; veral gemeenskappe soos dié van die Afrikaners, Xhosas en Zoeloes (Dyers 2008:50). Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) skep ruimte vir die ontwikkeling, bevordering en skep van omstandighede waar inheemse Afrikatale gebruik kan word en sodoende word die onderhoud van die tale aktief deur wetgewing ondersteun. Verder is PanSAT, sowel as die MDDA, op die been gebring om taalonderhoud te bewerkstellig.

Volgens Myers-Scotton (2006:90) word taalonderhoud verder beïnvloed deur vyf omgewingsfaktore. Demografie speel 'n rol in hoe doeltreffend taalonderhoud plaasvind, byvoorbeeld wanneer sprekers van dieselfde taal saamwoon vind taalonderhoud makliker plaas. Taalonderhoud word ook beïnvloed deur die omstandighede van die sprekers se werksplek. Indien sprekers van dieselfde taal

saam werk, sonder faktore van buite, is taalonderhoud sterker. Opvoedkundige faktore speel ook 'n rol, want taalonderhoud vind makliker plaas indien die taal as onderrigmedium gebruik word. So ook is daar sosiale invloede wat 'n faktor is; wanneer die sosiale groep die taal sien as 'n simbool van hul identiteit, vind taalonderhoud meer natuurlik plaas. Laastens is daar 'n sielkundige faktor wat spruit uit die emosionele band wat sprekers met 'n taal het. Indien hulle dit sien as deel van hul selfidentiteit, is taalonderhoud meer waarskynlik. As voorbeeld van taalonderhoud, bied Dyers (2008) 'n kleurlinggemeenskap in die Wes-Kaap met 55% Afrikaanse moedertaalsprekers. Ten spyte van politieke, sosiale, ekonomiese of opvoedkundige oorwegings en 'n duidelike verskuiwing na Engels in die middelklasgesinne in die area, is Afrikaans steeds die moedertaal van die meerderheid van die sprekers en word die taal gesien as 'n belangrike deel van hul kulturele identiteit (Dyers 2008:52). In teenstelling met taalonderhoud, behels die volgende doelwit die skuif na 'n nuwe taal om wyer kommunikasie teweeg te bring.

Die doelwit om kommunikasie tussen tale te bewerkstellig (**intertalige kommunikasie**) (**doelwit 6**) behels dat 'n kunsmatige tolktaal of 'n taal van wyer kommunikasie as die lingua franca gebruik word (Nahir 1984:312). Dit is soms ook gevalle waar daar gepoog word om sekere linguistiese kenmerke in een of selfs meer verwante tale te verander om kommunikasie tussen die betrokke sprekers te fasiliteer (Nahir 1984:312). Intertalige kommunikasie vind op internasionale, sowel as plaaslike, area-gebonde vlakke plaas. Volgens Nahir (1984:313) is die gebruik van Engels as lingua franca wêreldwyd duidelik te sien en word gevolglik gebruik om intertalige kommunikasie te fasiliteer.

Plaaslik word Fanagalo gebruik as 'n kommunikasiemedium tussen verskillende taalgemeenskappe in Suid-Afrika (Adendorff 2002:179). Adendorff beskryf dit as 'n taal wat bestaan uit die linguistiese kenmerke van isiZulu aan die een hand en Suid-Afrikaanse Engels aan die ander (Adendorff 2004:181). Alhoewel die oorsprong van Fanagalo onbekend is, word dit in verskeie sferes gepraat en het beide 'n negatiewe sowel as 'n positiewe konnotasie vir baie van die sprekers (Adendorff 2004:179). In Gauteng het 'n taalvariëteit tot stand gekom genaamd Sepitori, die lingua franca van die meerderheid van Pretoria se inwoners (Ditsele & Mann 2014:159). Alhoewel die presiese ontstaansdatum van Sepitori as 'n variëteit nie duidelik is nie, kan dit

gekoppel word aan die ouderdom van Pretoria, 'n stad wat meer as 150 jaar oud is. Natuurlik kan intertaalige kommunikasie daartoe lei dat sprekers migreer vanaf een taal na 'n ander. In so 'n geval praat ons van taalverspreiding.

**Taalverspreiding (doelwit 7)** verwys na poginge word om die aantal sprekers van 'n taal te vermeerder ten koste van 'n ander taal (of tale) (Nahir 1984: 305). Politieke oortuiginge is dikwels die rede vir taalverspreiding, veral in veeltalige lande waar 'n taal met breër kommunikasie-vermoëns positief sal bydra as amptelike of nasionale taal en daardeur lei tot die funksionering van 'n herenigde land (Nahir 1984:305). Die motivering om 'n taal te versprei weerspieël die begeerte om 'n taal deur gebruik te standaardiseer (Nahir 1984:306). Nog 'n wyse waarop sendelinge 'n beduidende rol in die verspreiding van inheemse Afrikatale gespeel het, kan gesien word waar inwoners van Suider-Afrika deur die sendelinge geleer is om Engels te verstaan in 'n poging om die inwoners te evangeliseer (Alexander 1989:14). Hierdie poginge deur die sendelinge het sprekers opgelewer wat geweldig bekwaam in Engels was; sodanig dat baie Afrikaner-nasionaliste en radikale Swartmense neerhalend na hulle as “swart Engelsmanne” verwys het (Alexander 1989:14). Aan die ander kant was die sendelinge ook daarvoor verantwoordelik dat inheemse Afrikatale, in Alexander se woorde, “verminder” is tot 'n geskrewe weergawe van hul taal. Volgens Alexander (1989:14) het slegs 'n paar sprekers van inheemse Afrikatale geleer om te lees en skryf en is hulle deur die sendelinge gebruik om die Christelike boodskap na hul gemeenskappe uit te dra. Hierdie sprekers het ook dikwels as tolk opgetree tussen die sendelinge en hul gemeenskap (Alexander 1989:14).

Die voorafgaande sewe doelwitte het grotendeels te make gehad met die verskillende funksies van taal in verskillende sferes van die samelewing. Die volgende afdeling fokus op die taalstruktuur self en die maniere waarop dit aangepas kan word om die taal te ontwikkel.

#### **2.4.2. Korpusbeplanning – Die taal**

In Kaplan en Baldauf (2003) se teorie is daar vier hoofbenaderings soos in die vorige afdeling uiteengesit. Hierdie afdeling gaan spesifiek die benadering van korpusbeplanning in die algemeen bespreek, maar ook met betrekking tot die beleidsbenadering en aanwasverbuingsbenaderings van Baldauf se teorie.

Korpusbeplanning verwys na aktiwiteite waar nuwe terme geskep word, hervorming van spelling voorkom, alternatiewe terme geselekteer word en selfs na die “as basis stel” van 'n nuwe skrif (Cooper 1982:31). Korpusbeplanning behels interne linguistiese doelwitte wat gekodeer, gestandaardiseer, gemodifiseer en uitgebrei moet word sodat die taal in staat is om in die gegewe taalomgewing te funksioneer (Kaplan en Baldauf 2003:209). Hier is die werk van PanSAT 'n goeie voorbeeld van hoe akademici kan bydra tot die ontwikkeling en standaardisering van tale. PanSAT (Wet 59 van 1995) is in 1995 deur die Parlement tot stand gebring om op te tree as die beskermheer van veeltaligheid ter bevordering van sosiale samehorigheid in Suid-Afrika. Hul funksies sluit onder andere in vertaling en tolking, standaardisering en ontwikkeling van terminologie, onderhoud van nasionale leksikografie-eenhede en ontwikkeling van letterkunde (PanSAT 2018:14). Baldauf (2008:29) identifiseer egter ses doelwitte van taalbeplanning wat tydens korpusbeplanning gebruik word. Hierdie aktiwiteite is hoofsaaklik gebaseer op die werk van Cooper se verduideliking van korpusbeplanning en Nahir se doelwitte vir taalbeplanning. Die drie praktyke wat betrokke is in die standaardisering van die taal is (i) die ontwikkeling van skrif, (ii) die ontwikkeling van grammatika en (iii) die ontwikkeling van die leksikon (Kaplan en Baldauf 2003:209).

Ontwikkeling van skrif behels die proses waartydens daar besluit word op 'n geskrewe sisteem vir 'n taal. Normaalweg word standaardtale op 'n soortgelyke manier geskryf om wedersydse verstaanbaarheid te verseker (Kaplan en Baldauf 2003:210). Aan die anderkant is ontwikkeling van grammatika dikwels nodig na kolonisasie om toe te sien dat tale geskik is vir taal-in-onderwysprogramme (Kaplan en Baldauf 2003:210). Die laaste praktyk, ontwikkeling van leksikon, verwys na die basiese woordeskat wat 'n taal benodig om as 'n kommunikasiemedium te dien in die moderne era (Kaplan en Baldauf 2003:210).

Aangesien korpusbeplanning vir die grootste gedeelte gemoeid is met die ontwikkeling van die taal, het die beleidsbenadering van korpusbeplanning te doen met taalbeleide en wetgewing wat 'n invloed het op die taal self. Die volgende afdeling gaan kyk na drie doelwitte wat lei tot die ontwikkeling van 'n taal.

#### 2.4.2.1. Standaardisering

Die doelwitte van beleidsbenaderings in korpusbeplanning is verwant aan die linguistiese vorm van tale en word na verwys as standaardisering (Kaplan en Baldauf 2003:209). Dit sluit in die standaardisering van die korpus en hulpkode, die ontwikkeling van skrif en die kodifisering van taal.

Die **standaardisering van korpus (doelwit 8)** behels die proses waar 'n variëteit van 'n taal gekies word en dié variëteit voorgeskryf word as die middel van kommunikasie. Ana Deumert (Mesthrie *et al.* 2000:372) verduidelik die stadia van standaardisering in vyf verskillende fases. Deumert verwys eerstens na nie-gestandaardiseerde mondelinge tale waarvoor geen skrifstelsel ontwerp is nie. Die tweede fase is gedeeltelik gestandaardiseerde of onvoorwaardelik geskrewe tale wat hoofsaaklik in primêre onderwys gebruik word. Dié taal word gekenmerk deur 'n hoë mate van taalvariasie in die morfologiese en sintaktiese stelsel. Die derde fase is jong standaardtale, wat gebruik word in onderwys en administrasie, maar nie gesien word as goed genoeg vir die gebruik in wetenskap en tegnologie op 'n tersiêre of navorsingsvlak nie. Die tweedelaaste fase is argaïese standaardtale, wat wyd in pre-industriële tye gebruik is, maar weens 'n gebrekkige woordeskat en registers het dit ongeskik geword vir gebruik in moderne wetenskap en tegnologie. Ten slotte is daar volwasse, moderne standaardtale, wat gebruik word in alle areas van kommunikasie, insluitend wetenskap en tegnologie op tersiêre vlak (Mesthrie *et al.* 2000:372). Dit is egter nie net die korpus wat gestandaardiseer moet word nie, maar ook die hulpkode.

**Die standaardisering van hulpkode (doelwit 9)** is die formalisering van 'n taal se reëls en norme deur 'n geskrewe sisteem aan te neem, grammatiese reëls te inkorporeer en die leksikon te kies. Dit word dikwels deur taalakademiërs toegepas en moet voldoen aan die volgende vereistes (Mesthrie 2005:376): Dit moet logies wees (gebaseer op woorde en morfeme), sillabies (gebaseer op lettergrepe) of alfabeties (gebaseer op die vokale en konsonante as individuele eenhede). Soos standaardisering van korpus bestaan dit uit (i) ontwikkeling van skrif, (ii) ontwikkeling van grammatika, en (iii) ontwikkeling van die leksikon (Kaplan en Baldauf 2003: 211-213).



Die twee bogenoemde doelwitte is voorbeelde van korpusbeplanning wat as beleidsbenadering toegepas word. Dit beteken dat die linguistiese aktiwiteite hier ter sprake 'n invloed het op die manier waarop die taal verander word. Die volgende vier doelwitte is nou betrokke by maniere waarop 'n taal grammatikale veranderinge ondergaan om meer sprekers te verkry.

#### 2.4.2.2. Uitbreiding van die korpus

Aanwasverbouingsbenadering as deel van korpusbeplanning of die uitbreiding van die korpus se doelwitte behels die verbetering en verfyning van die taalkundige funksies van 'n taal deur modernisering (leksikale en stilistiese), asook opknapping van die taal deur middel van praktyke soos taalsuiwering, taalhervorming, stilistiese vereenvoudiging, eenwording van terminologie en internasionalisering (Kaplan en Baldauf 2003:213).

**Die modernisering van die leksikon (doelwit 10)** fokus op die ontwikkeling van nuwe terme om te voldoen aan die behoeftes van 'n moderne taal (Kaplan en Baldauf 2003:213). Een van die kenmerke van die hedendaagse samelewing is die vinnige uitbreiding en toepassing van kennis en die invloed wat dit op taal het. Die moderne belangstelling in kennis, tegnologie en produksie het 'n uitwerking op taalkundige realiteite en nuwe kennis lei tot nuwe terme (Cooper 1982:145). Modernisering van die leksikon behels die vooruitgang van terme, asook stilistiese veranderinge aan 'n taal om by te bly met nuwe tegnologiese verwickelinge (Mesthrie *et al.* 2000:379). Die proses vind grotendeels op drie maniere plaas: leenwoorde, verbreding van die oorspronklike betekenis van 'n term en die skep van nuwe terme (Mesthrie *et al.* 2000:380). Die modernisering van die leksikon lei gedeeltelik tot die behoefte aan modernisering van die taal; met ander woorde, die modernisering van styl.

**Modernisering van styl (doelwit 11)** behels stilistiese veranderinge aan 'n taal om by te bly met nuwe tegnologiese verwickelinge in die moderne lewe (Mesthrie *et al.* 2000:379). Dit behels die gebruik van nuwe frases wat daartoe lei dat gebruikers meer selfvertroue het om te eksperimenteer met die skepping van nuwe terme (Kaplan en Baldauf 2003:214). Die struktuur en morfologie van die taal kan verbuig word om nuwe ideë en konsepte uit te beeld om sodoende ontslae te raak van oudmodiese taalgebruike (Kaplan en Baldauf 2003:214).



**Taalopknapping (doelwit 12)** is die volgende doelwit wat deel is van die aanwasverbouingsbenadering van korpusbeplanning en vind op een van vier maniere plaas, naamlik taalsuiwering, taalhervorming, stilistiese vereenvoudiging en eenwording van terminologie (Baldauf 2008:29). Die vier maniere word in die volgende paragrawe in meer duidelikheid uiteengesit. As die eerste van die vier maniere word taalsuiwering in twee klasse verdeel, naamlik eksterne en interne suiwering. Die motiverings waarom taalsuiwering nodig is verskil van persoon tot persoon. Sommige wil graag 'n standaard "korrekte" weergawe van 'n taal skep, terwyl party vrees dat foutiewe gebruik van die taal sal lei tot die verlies van die taal se identiteit. Daar is ook dié wat glo dat die sosio-ekonomiese status van 'n individu of groep kan verbeter word deur suiwer taalgebruik (Nahir 1984:300). Teenstanders van taalsuiwering sien egter alle motiverings as vorme van elitisme. Taalsuiwering word dikwels deur media-inisiatiewe geïmplementeer, dit sluit in insetsels in koerante oor korrekte taalgebruik, radioprogramme oor taal en selfs telefoniese dienste wat advies gee vir gebruikers wat onseker is oor taalreëls (Nahir 1984:301). Taalhervorming is die tweede verskynsel en verwys na prosesse waar 'n taal, met min (of selfs geen) inheemse sprekers nie, in 'n gemeenskaplike kommunikasiemiddel omskep word (Nahir 1984:302). Taalhervorming vind egter op 'n beperkte basis plaas omdat die klimaat waarin hierdie hervorming plaasvind skaars is. Volgens Nahir (1984:302) moet daar eerstens 'n ou taal wees met 'n direkte geskiedkundige of kulturele verbintenis aan 'n gemeenskap met die nodige sosiokulturele faktore (politie, godsdienstig en opvoedkundig) om die sukses van die taalhervorming te verseker. Stilistiese vereenvoudiging, as die derde verskynsel, is die vereenvoudiging van taalgebruik kragtens die leksikon, grammatika en styl om dubbelsinnigheid tussen professionele en amptelike liggame en die publiek te verminder (Nahir 1984:310). Volgens Nahir (1984:312) is daar 'n duidelike beweging om veral meer eenvoudige taal in regsdokumente te gebruik.

Laastens word die eenwording van terminologie gedefinieer as wanneer, hoofsaaklik tegniese terme, verwarring veroorsaak en om hierdie verwarring te vermy word nuwe terme en definisies geskep om daardeur dubbelsinnigheid te verhoed (Nahir 1984:308). Soos met leksikale modernisering, is die doelwit meer wydverspreid in ontwikkelde, gestandaardiseerde tale soos Noorweë waar die Noorweegse Taalraad

in 1977, na nege jaar se werk, 'n dokument gepubliseer het waarin terminologie saamgevoeg is (Nahir 1984:309). 'n Kerndeel van eenwording van terminologie is die definiëring van terminologie om die terme se betekenis duideliker te maak (Nahir 1984:309).

**Internasionalisering (doelwit 13)** behels 'n strategie waar die regering of amptelike instansies probeer om bewusmaking oor 'n taal en kultuur in die buiteland te skep. Dit mag prosesse insluit waar plaaslike sprekers se taalvermoëns verhoog word, of befondsing om 'n opleiding in die buiteland te fasiliteer. Wanneer Engels (of ander internasionale tale) gebruik word vir internasionale kommunikasiedoeleindes, moet daar dikwels veranderinge aan die korpus van die taal aangebring word, hetsy formeel óf informeel. Struktureel en leksikaal kan 'n taal vereenvoudig word om dit meer eenvoudig vir tweedetaalsprekers te maak om dit te gebruik en te verstaan (Kaplan en Baldauf 2003:217).

In teenstelling met korpusbeplanning wat handel oor die taal self, handel Verwerwingsbeplanning oor die onderwysmaatreëls wat gebruik word om die taalvaardigheid van individue of gemeenskappe te ontwikkel en te handhaaf. Verwerwingsbeplanning of taal-in-onderwysbeplanning gaan oor die ontwikkeling van sowel beleid as die spesifieke metodes en hulpbronne om die ontwikkeling van individuele tale en gemeenskappe te ondersteun vir die verskeidenheid gebruike waarop die taal geplaas moet word (Kaplan en Baldauf 2003:217). Die doelwitte in die volgende afdeling voldoen dus aan maatskaplike, institusionele of individuele behoeftes.

#### **2.4.3. Verwerwingsbeplanning – Die leerproses**

In Kaplan en Baldauf (2004) se teorie is daar vier hoofbenaderings soos in die vorige afdeling uiteengesit. Hierdie afdeling gaan die benadering van Verwerwingsbeplanning in die algemeen bespreek, maar ook met betrekking tot die beleidsbenadering en aanwasverbouingsbenaderings van Kaplan en Baldauf se teorie. Die primêre doelstellings vir Verwerwingsbeplanning is om kriteria in die onderwysstelsel in te bou wat bepaal in watter tale onderrig gaan word aan wie, vir watter tydperk, op watter manier, met behulp van watter materiaal en hoe die sukses gemeet gaan word (Kaplan en Baldauf 2003:217). Alhoewel Verwerwingsbeplanning

die duidelikste is in die formele onderwyssektor, speel dit ook 'n rol in die aanleer van erfenis en gemeenskaptale en gebruike soos letterkunde, geloofvoortuigings, kommunikasiemedia en ander werksgerigte take (Kaplan en Baldauf 2005:1014). Baldauf (2008:20) verwys na Verwerwingsbeplanning as taal-in-onderwys-beplanning en sluit elf doelwitte in, wat grootliks gebaseer is op die beleid wat hy en Kaplan in 2003 saamgestel het.

#### 2.4.3.1. Beleidsontwikkeling

Die sewe doelwitte wat deel uitmaak van Baldauf & Kaplan (2003) se beleidsbenadering as deel van Verwerwingsbeplanning, berus op beleidsontwikkeling en behels die skep van die geleentheid om 'n spesifieke taal aan te leer, maar ook op die skep van die begeerte om 'n taal te leer (Cooper 1989:159). Verwerwingsbeplanning is die proses waar 'n taal meer sprekers verkry deurdat nuwe sprekers die taal aanleer (Cooper 1989:159). Die doelwitte sluit in beleide wat te make het met toegang, personeel, kurrikulum, materiale en metodes, hulpbronne en evaluasie.

**Toegangsbeleid (doelwit 14)** behels beleide wat bepaal wie watter tale moet studeer en vind gewoonlik op laerskoolfase, hoërskool en op tersiêre vlak plaas (Kaplan en Baldauf 2003:217). Toegangsbeleid is belangrik omdat dit voorskryf op watter stadium leerders en studente blootgestel word aan 'n spesifieke taal en bied ook vir opvoedkundige instansies riglyne oor hoe om hulle kurrikulum op te stel (Kaplan en Baldauf 2005:1017). Die toegangsbeleid by 'n opvoedkundige instansie het 'n invloed op die vereistes vir onderwyseraanstellings by skole (Kaplan en Baldauf 2003:218). Dit lei daartoe dat die **personeelbeleid (doelwit 15)** ook beïnvloed word, sowel as die **kurrikulumbeleid (doelwit 16)** wat beheer watter tale word geleer en ook hoe dit aangeleer gaan word (Kaplan en Baldauf, 2003:218). In baie lande is die kurrikulumbeleid egter baie voorskriftelik en het gemeenskappe min insae in die inhoud van die beleid (Kaplan en Baldauf, 2005:1017). Gevolglik moet daar duidelike regulasies met betrekking tot die inhoud van die kurrikulum geplaas word wat die **metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)** beïnvloed (Kaplan en Baldauf 2003:218). Hierdie drie doelwitte is slegs moontlik indien daar oor die nodige hulpbronne beskik om dit te voltooi.

**Die hulpbronbeleid (doelwit 18)** is die toekenning van finansiële bystand vir die taalbeplanningsproses en speel 'n wesenlike rol in die sukses van die taalbeplanningsproses omdat die hulpbronne tot beskikking van 'n projek 'n betekenisvolle uitwerking op die reikwydte van die taalbeplanningproses het (Kaplan en Baldauf 2003:219). Dit is interessant om te merk dat finansiële bystand in baie gevalle deur die NRO gemaak word, wat weereens die belangrikheid van die gemeenskap beklemtoon (Spolsky en Hult 2010:247). Die **Gemeenskapsbeleid (doelwit 19)** behels wie gekonsulteer word in die besluitnemingsproses van 'n beleid en het ook 'n omvangryke impak op die houding van die gemeenskap teenoor die taalbeplanningsproses (Kaplan en Baldauf 2003:219). Die finale stap is om te bepaal of die Verwerwingsbeplanningproses 'n sukses was deur 'n **Evaluasiebeleid (doelwit 20)** wat fokus op die konneksie tussen assesseringsmetodes en resultate wat die doelwitte van die taalbeleid moet bereik (Kaplan en Baldauf 2003:219).

Ongelukkig word die doelwitte nie altyd sistematies aangepak nie, wat lei tot 'n baie gekompliseerde Verwerwingsbeplanningproses, wat vererger word deur wetgewing (Kaplan en Baldauf 2005:1014). Daarom is dit belangrik dat die doelwitte as 'n geheel aangepak word, saam met die doelwitte van Verwerwingsbeplanning en aanwasverbouingsbenaderings wat meer gefokus is op die vorm van die taal. Hiermee word verwys na taalherwinning, -instandhouding, die aanleer van nuwe tale en die skuif na 'n ander taal.

#### 2.4.3.2. Verwerwingsbeplanning

As deel van aanwasverbouingsbenadering sluit Kaplan en Baldauf (2003) taalherwinning en taalinstandhouding in by verwerwingsbeplanning vanweë die geleentheid wat hierdie doelwitte skep om meer sprekers vir 'n taal te verkry (Hornberger 2006:32).

Een manier waarop daar meer sprekers verkry word, is die aanleer van 'n nuwe vreemde taal as 'n bykomende taal. Hierdie dra kragdadig by tot die aantal sprekers van enige taal en word dus gesien as 'n belangrike deel van taalbeleide. (Cooper 1989:159). Die beste manier om bykomende sprekers te kry is deur **taalherwinning (doelwit 21)**, 'n proses waartydens sprekers, vir wie die taal vantevore 'n volkstaal was, terugkeer en die herwinning van 'n taal se gespesialiseerde werking gevolglik

plaasvind (Cooper 1989:159). Hierdie prosesse is baie lywig en word toegepas om primêr op volwasse onderwys te fokus (Kaplan en Baldauf 2003:22).

Sodra 'n taalgemeenskap geskep is, moet daar deurentyd **taalonderhoud (doelwit 22)** toegepas word om verdere erosie of vervlakking van 'n taal te voorkom. Alhoewel taalonderhoud meer duidelik 'n doelwit van korpusbeplanning is, sluit Cooper sowel as Kaplan en Baldauf dit in as 'n doelwit vir verwerwingsbeplanning omdat die onderhoud van 'n taal verseker dat dit deur 'n volgende generasie geërf kan word en daardeur bydra tot die verkryging van nuwe sprekers vir die taal (Cooper 1989:159). Al drie bogenoemde doelwitte is uitstekende voorbeelde van die realisering van 'n Taal-in-onderwys-beleid. Een voorbeeld hiervan is die *Incremental Introduction of African Languages* (IIAL) wat tussen 2015 en 2018 gefokus het op die bevordering van voorafbenadeelde tale in Afrika (De Lange en Du Plessis 2018). Twee sulke projekte het gefokus op skole in die Noord-Kaap (Riemvasmaak- en Khuboes-distrik) waar daar deur middel van diverse programme onderneem is om die aanleer van Sotho te fasiliteer, asook om herwinning van sprekers van Nama te fasiliteer. Hierdie tipe projekte help om te keer dat die plek van hierdie tale se funksies deur ander meer gevestigde tale oorgeneem word.

**Taalverskuiwing (doelwit 23)** is so 'n proses waartydens funksies, wat vantevore deur een taal uitgevoer is, skuif om deur 'n ander uitgevoer te word (Mesthrie *et al.* 2000:157). Volgens Mesthrie *et al.* (2000:157) is dit die resultaat van 'n verskeidenheid sosiale veranderinge insluitend migrasie, invalle deur ander nasies en selfs industrialisering en onderwys. Onderwys word deur Fishman (2006:320) gesien as nuttig vir taalverskuiwing vanweë die feit dat onderwys gefokus is op formele, geskrewe taal. Verder voer Fishman aan dat die verpligte aard van onderwys en die fokus op jongmense dit 'n pertinente veld maak om taalverskuiwingsinisiatiewe te implementeer. Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) stipuleer dat leerders die reg het om hul taal van onderrig te kies en hulle kies toenemend om in Engels te studeer (StatsSA 2011). Volgens amptelike syfers is slegs 7% van Suid-Afrikaanse leerders se moedertaal Engels, maar ongeveer 64% van leerders verkies om in Engels skool te gaan (StatsSA 2011). Hierdie kan deels toegeskryf word aan die feit dat Engels deur geleerde mense gebruik word as die lingua franca en dit meer gereeld gesien word as 'n invloedryker taal as die ander 11 amptelike tale (Gough 2008:1). Hierdie

denkwyse word bepaal deur die beeld van die betrokke taal, aldus die prestige waaroor die taal beskik.

#### **2.4.4. Prestige-beplanning – Die beeld van die taal**

Baldauf (2004) identifiseer vier hoofbenaderings soos in die vorige afdeling uiteengesit. Hierdie afdeling gaan die benadering van prestige-beplanning in die algemeen bespreek, maar ook met betrekking op die beleidsbenadering en aanwasverbouingsbenaderings van Baldauf se teorie.

Prestige-beplanning se hoofdoelwit is om 'n gegewe taal te verhef en van toepassing te maak op intellektuele situasies, derhalwe die taal die aansien het om te ontwikkel en uit te brei tot 'n stabiele taalomgewing (Kaplan en Baldauf 2003: 222). Hierdie aktiwiteit is 'n betreklik nuwe toevoeging tot taalbeplanning en dien as 'n tipe beheermaatreël vir korpus- en statusbeplanning om 'n balans te handhaaf en sodoende konflik tussen die meerderheid- en minderheidstaal te beperk (Haarman 2012:83).

Prestige-beplanning is egter noodsaaklik wanneer die bevorderde taal voorheen beperk was tot laer funksies, soos inheemse Afrikatale tydens die apartheidsjare. Prestige-beplanning word dus meermale 'n voorwaarde vir statusbeplanning en is gerig op die skep van 'n bevorderlike sielkundige agtergrond wat noodsaaklik is vir die langtermyn-sukses van taalbeplanning (Mesthrie *et al.* 2000:374). Prestige-beplanning het te make met die ontwikkeling van beleide, asook die aanmoediging van sprekers van die taal in gespesialiseerde situasies sodat die taal tot sy volle kapasiteit kan kom (Kaplan en Baldauf 2003:222). Die beleidsbenaderings van verwerwingsbeplanning behels die bevordering van tale deur die regering, instansies en selfs individue.

#### 2.4.4.1. Taalbevordering

Die hoofdoel van beleidsbenadering van prestige-beplanning is die ontwikkeling van tale se aansien (Kaplan en Baldauf 2003:222). Dit word in hoofsaak aangepak deur die regering, amptelike instansies of selfs drukgroepe.

Geskiedkundig is **amptelike beleide (doelwit 24)** in Suid-Afrika op verskeie maniere gebruik om tale te bevorder. Die proses verwys na wetgewing wat deur amptelike liggame in plek gesit is om een taal bo 'n ander te bevorder (Kaplan en Baldauf 2003:222). **Tale kan ook deur instansies (doelwit 25) bevorder** word in gevalle waar die regeringsinstansies bemaagtig en befonds word om taalkwessies ywerig aan te help (Kaplan en Baldauf 2003:222). Dit is egter nie alleenlik amptelike liggame wat tale se prestige beïnvloed nie, maar ook **onafhanklike groepe of drukgroepe (doelwit 26)** wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal. (Kaplan en Baldauf 2003:222). Volgens Kaplan en Baldauf (2003:224) is dit **ingewikkeld vir individue om taalbeleide te beïnvloed (doelwit 27)**, maar is daar steeds gevalle waar individue met hoë aansien en bande in die regering 'n impak op die ontwikkeling van taalbeleide gehad het.

Die bogenoemde vier doelwitte het te make met die groepe en persone wat die aansien van 'n taal bevorder, maar tale kan ook bevorder word deur gepaste situasies.

#### 2.4.4.2. Intellektualisering

**Tydens die intellektualiseringsproses (doelwit 28)** of aanwasverbouingsbenadering as deel van verwerwingsbeplanning, word geleenthede geskep waar die taal gebruik kan word om sodoende die taal se beeld te verhoog om dit meer aantreklik vir gebruik te maak. Dit kan uitgebeeld word as 'n taal van wetenskap, professionele beroepe of selfs kultuur (Kaplan en Baldauf 2003:225).

Hierdie 28 doelwitte verteenwoordig Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk en gaan gebruik word om die verskillende dokumente (Die Grondwet van Suid-Afrika (1996), PanSAT- en MDDA-dokumentasie soos in Hoofstuk 1 uitgelê) saam met minderheidstaalmedia-inisiatiewe in Suid-Afrika te ontleed om daardeur te bepaal watter tale word bevorder en vir watter doeleindes. Kaplan en Baldauf (2003) se raamwerk gee 'n uiteensetting van die opsies wat taalkundiges het om hul eie



taalbeplanningsprosesse op te baseer. Steeds verseker die insluiting van hierdie doelwitte nie die sukses van die taalbeplanningsproses nie, veral omdat die prosesse uitgerek en gekompliseerd is. Daarom kyk die volgende afdeling na die mees algemene redes waarom taalbeleide misluk en hoe hulle moontlik aangespreek kan word deur die 28 doelwitte vooraf bespreek, te gebruik.

## 2.5. Waarom misluk taalbeleide?

Cooper (1989:96) identifiseer 'n paar redes waarom taalbeleide misluk. Eerstens is die effek van sommige beleide vir baie jare nie bekend nie. Tweedens, data-insameling is duur en tydrowend (Cooper 1989:96). Derdens stel beleidmakers soms meer belang in die voorkoms van 'n doelgerigte aktiwiteit as in die gevolge daarvan. Vierdens gebeur dit dat beleidsmakers bang is dat hul beleide gaan misluk en daarom verkies hulle om met oogklappe aan die beleid saam te stel. Cooper se vier redes kan doeltreffend opgelos word deur die inkorporasie van 'n paar beleide, byvoorbeeld deur 'n evaluasiebeleid wat die vordering van die uitbreiding van die taalbeleid monitor. Verder is dit belangrik om die gemeenskap te betrek (gemeenskapsbeleid) sodat data meer doeltreffend en koste-effektief ingesamel kan word en hierdeur verkry 'n taalbeleid die nodige steun van 'n gemeenskap om suksesvol te wees. Drukroepe en amptelike instellings kan ook betrek word om die aansien van die taal te verhoog en daarmee 'n meer vrywillige gemeenskap te skep.

Webb (2009:206) bied ook 'n paar redes aan waarom taalbeleide misluk, soos die gebrek aan begrip by besluitnemers oor die fundamentele rol van taal in alle gebiede van ontwikkeling; soos met Cooper se redes kan dit aangespreek word deur 'n gemeenskapsbeleid in plek te hê en ook deur voortdurend evaluasies te maak oor die vordering van die taalbeplanningsproses. Die feit dat daar mites oor veeltaligheid bestaan is nog 'n hindernis vir suksesvolle taalbeleide (Webb 2009:206). Die probleem kan aangespreek word deur die beeld van tale te verbeter (prestige-beplanning) en deur duidelike boodskappe uit te dra oor die aard van veeltaligheid, sowel as moedertaalonderrig (kurrikulumbeleide).



Statusbeplanning kan ook 'n belangrike rol hier speel omdat dit bydra tot die keuse van die amptelike tale, asook hoe tale in verskillende amptelike instellings, soos skole en staatsdepartemente, gebruik word (Reagan 2002:420). In Suid-Afrika veroorsaak die politieke erfenis ernstige struikelblokke vir die sukses van taalbeleide. Daarom is die samestelling van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) 'n belangrike gebeurtenis in die taalkundige sfeer. Die Grondwet stel vyf basies grondliggende bepalings voor vir die gebruik van taal in Suid-Afrika (sien afdeling 2.2.2). Hierdie stipulasie behels praktiese en daadwerklike maatreëls om die status van veral inheemse Afrikatale te verhoog en hul gebruik te bevorder. Die maatreëls, in kombinasie met aktiewe prestige-beplanning, behoort ook verder die globalisering van politieke en ekonomiese markkragte wat tot die oorheersing van Engels gelei het, teen te werk (Webb 2009:206). Die laaste probleem waarna Webb (2009:206) verwys, is die politieke en burokratiese leiers se besorgdheid oor persoonlike materiële voordeel, eerder as 'n bekommernis vir die welsyn van die mense wat hulle bestuur. Webb se redes waarom taalbeleide misluk is grootliks gemik op 'n bo-na-onder-benaderings tot taalbeplanning, wat meer doeltreffend afgeweer kan word deur gebruik te maak van 'n onder-na-bo-benadering. In die volgende afdeling word bo-na-onder-benaderings, sowel as onder-na-bo-benaderings, meer breedvoerig bespreek.

## **2.6. Migrasie vanaf bo-na-onder-benaderings na onder-na-bo-benaderings tot taalbeplanning**

Tradisioneel word daar na taalbeleide verwys as wetgewing wat geïnisieer en bestuur word deur gesaghebbende liggame, gewoonlik staatsinstellings, soos die Departement van Kuns en Kultuur in Suid-Afrika, en dan deur gemeenskappe geïmplementeer word. Webb verwys na hierdie tradisionele beeld as 'n bo-na-onder taalbeleid (Webb 2009: 90) en is 'n vorm van makrovlak-taalbeplanning en nouliks verwant aan Kaplan en Baldauf se beleidsbenaderingsdoelwitte. 'n Bo-na-onder-benadering behels taalbeplanningsituasies waar mense met mag en gesag taalverwante besluite vir groepe maak; dikwels met min konsultasie met die uiteindelijke taalleerders en -gebruikers (Kaplan en Baldauf 1997:196). In werklikheid vind taalbeplanningsprosesse plaas binne 'n wye verskeidenheid sosiale netwerke, insluitend, maar nie beperk tot staatsorganisasies nie (Nakvapil 2010:272). Dit word beïnvloed deur individuele ondernemings, skole, media, verenigings, en selfs

gesinne, sowel as individuele sprekers (Nekvapil 2010:272). Alexander was een van die eerste taalkundiges wat die noodsaaklikheid gesien het vir 'n taalbeplanningsproses wat nie deur 'n sentrale regering ten koste van 'n gemeenskap gedoen word nie (Du Plessis 2010:132).

Volgens Alexander vind onder-na-bo-taalbeplanning, oftewel mikrovlak-taalbeplanning, plaas wanneer die samelewing betrokke is by taalbeplanning (Du Plessis, 2010:132). Hierdie tipe taalbeplanning fokus baie op doelwitte wat verwant is aan die aanwasverbouingsbenaderings in Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk. Volgens Kaplan en Baldauf (1997:309) is taalbeplanning nie 'taalingenieurswese' nie en moet dit uiteindelik die sprekers van alle betrokke tale bevredig. Alhoewel taalbeplanningsoplossings deur middel van konvensionele advertensietegnieke, soos deur Cooper (1998) voorgestel, aan die publiek 'verkoop' moet word, moet dit die belange van die gemeenskap dien anders sal dit nie voldoen aan die voorwaardes wat bepaal is vir die taalplan om te oorleef nie (Kaplan en Baldauf 1997:309). Hierdie redenasie sluit aan by Webb (2009:190) se redenasie dat suksesvolle taalbeleide in etlike gevalle juis dié is wat die ondersteuning van die gemeenskap geniet. Williams (2002:12) verwys na hierdie denkwysie as holistiese taalbeplanning waar die klem geplaas word op die sosiale wisselwerking tussen die staat en die gemeenskap om taalbeplanning te fasiliteer.

Gevolgtlik, maak onder-na-bo-taalbeplanning dit moontlik vir gemeenskappe om insette te lewer in taalbeplanningprosesse en is dit 'n vorm van demokratiese taalbeplanning (Du Plessis 2010:133). Volgens Webb (2012:219) het die keuses van taalgebruikers in Suid-Afrika, ten spyte van uitdruklike stipulasies in die Grondwet (1996), nie tot veeltaligheid gelei nie, maar tot eentaligheid. Daarom gaan hierdie studie kyk na rolspelers in Suid-Afrikaanse gemeenskappe om te sien hoe spesifiek minderheidstaalmedia gebruik kan word om die doelwitte van taalbeplanning te bereik. Karam (1974:117) voer aan dat die rol van media in die stabilisering van taalbeplanning nie genoegsame aandag ontvang nie en dat dit veral van toepassing op ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is waar daar dikwels makliker toegang tot die media is as onderwysinstellings (Karam 1974:117).

Moontlik die grootste faktor wat die taalbeplanningsproses in Suid-Afrika beïnvloed, is die nalatenskap van apartheid wat dit duidelik maak dat taalbeplanning nie in die hande van die regering alleenlik gelaat kan word nie (Alexander 2004:117). Alexander (2004:117) voer aan dat, alhoewel die regering weens hul toegang tot befondsing en opvoedkundige hulpbronne, betrokke is by die taalbeplanning, is dit duidelik verstaanbaar dat, tensy die sprekers van die betrokke taal (tale) voldoende geraadpleeg word en tensy NRO's en gemeenskapsinisiatiewe op die voetsoolvlak betrokke is, enige taalbeplanning 'n vorm van onderdrukking sal wees wat noodgedwonge weerstand sal ervaar. Volgens Webb (2012:204) sal die taalbeplanningsproses aanhou oneffektief wees solank as wat dit 'n bo-na-onder-proses bly wat verwyderd is van die lewens van diegene wat die proses die meeste beïnvloed.

In Suid-Afrika is daar 'n duidelike behoefte aan 'n taalbeleid waar die taalkundige regte van sprekers beskerm kan word (Webb 2012:211). Ondanks hierdie behoefte het die keuse van taalgebruikers in Suid-Afrika nie tot veeltaligheid gelei nie (Webb 2012:219). Ongeag of bo-na-onder of onder-na-bo-benaderings gevolg is, is die oorwegende taalomgewing in Suid-Afrika een van eentaligheid en het die linguistiese poginge tot dusver nie tot veeltaligheid gelei nie (Webb 2012:219). Volgens Webb (2012:219) is die eindresultaat van eentaligheid die vermindering van die burgers se reg tot keuse, die vermindering van opvoedkundige ontwikkeling, vermindering in deelname in die ekonomiese en politieke lewe van die land. Moontlikerwys veroorsaak eentaligheid dat die land se burgers steeds uitgesluit en teen gediskrimineer word (Webb 2012:219).

Om diskriminasie te verhoed en te voldoen aan die ideale soos uiteengesit in die Grondwet (1996), is die MDDA in 2001 deur die Parlement tot stand gebring (Wet 14 van 2002) om histories-benadeelde gemeenskappe en persone, wat nie voldoende deur mediahuise bedien word nie, in staat te stel om toegang tot media te verkry. Die begunstigdes sou hoofsaaklik minderheidstaalmedia en klein kommersiële media wees. Die MDDA is 'n vennootskap tussen die Suid-Afrikaanse regering en groot druk- en uitsaai korporasies om onder andere te help om gemeenskap- en klein kommersiële media in Suid-Afrika te ontwikkel en beskou een van hul kerndoelwitte as die bevordering van inheemse Afrikatale en -kulture (MDDA 2017:66). Volgens die MDDA

is gemeenskapmedia-inisiatiewe 'n manier waarop inheemse Afrikatale beskerm kan word deurdat dit gebruik word en blootstelling geniet (MDDA 2017:65). Die MDDA fokus dus op befondsing van minderheidstaalmedia sowel as op opleiding, ontwikkeling van vaardighede en ekonomiese bemagtiging. In die volgende afdeling gaan media in Suid-Afrika bespreek word, met 'n spesifieke fokus op die beskikbare media in die land en hoe hierdie media kan help om die MDDA se doelwitte te verwesenlik.

## **2.7. Gemeenskapsmedia in Suid-Afrika**

In Suid-Afrika het gemeenskapmedia-inisiatiewe 'n deurslaggewende rol in die anti-apartheidstryd gespeel (MDDA 2017b:29). Koerante soos die *Daily World* en *Weekly World* het saam met koerante wat deur unies saamgestel is, soos *New World*, 'n spreekbuis vir onderdrukte gemeenskappe geword (MDDA 2017b:29). Na die Soweto-opstande in 1976 is baie gemeenskapskoerante verban wat daartoe gelei het dat gemeenskapskoerante moes aanpas (MDDA 2017b:29). In die 1980's kom *Grassroot News* tot stand met die doel om oor plaaslike gemeenskapsnuus te berig, politieke kommentaar te lewer en die gemeenskap, sowel as verskeie NRO's reg oor die land, by mekaar te bring in hul stryd teen apartheid (MDDA 2017b:29). Na 1994 is daar egter 'n afname in gemeenskapsmedia-inisiatiewe grotendeels as gevolg van die ontstaan van nasionale demokratiese koerante en die afname in buitelandse befondsing vir gemeenskapsmedia-inisiatiewe (MDDA 2017b:29). In die tydperk van 1996 – 2002, voor die stigting van die MDDA, was daar baie min mediabronne beskikbaar vir historiesbenadeelde gemeenskappe en was die stigting van die MDDA 'n noodsaaklikheid om minderheidstaalmedia-inisiatiewe te help vestig (MDDA 2017b:29). Die volgende afdeling bespreek watter media beskikbaar is in Suid-Afrika.

### **2.7.1. Besikbaarheid van media in Suid-Afrika**

Volgens die MDDA (2017:21) bly uitsaaiewese die voorkeurkeuse vir die meeste Suid-Afrikaners met ongeveer 40 miljoen televisiekykers. Die kommersiële radio- en televisiedienste sluit beide gratis-tot-lug-kanale en inskrywingsdienste in soos die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) en *Digital Satellite Television* (DStv). Die uitsaaibedryf het sedert die begin van die demokratiese era geweldig uitgebrei. Met slegs 32 gelisensieerde openbare en kommersiële radiostasies in 1994 en 'n

geraamde gehoor van 19,8 miljoen mense, is daar in 2014 (20 jaar later) 250 gelisensieerde radiostasies met 'n weeklikse gehoor van 33,2 miljoen. Die aantal gelisensieerde televisie-operateurs het ook vanaf slegs twee in 1994 tot 16 gegroei. Volgens die MDDA (2017:23) is die huidige klimaat in die medialandskap onstuimig met dalende sirkulasiesyfers, onsekerheid oor die digitale toekoms en 'n sukkelende ekonomie. Aan die einde van 2020 maak die SAUK bekend dat die openbare uitsaaier weens ekonomiese redes 400 werknemers gaan aflê (Van der Merwe, 2020).

Tegnologiese veranderinge en die skuif na digitale platforms benadeel ook armer gemeenskappe en het die potensiaal om hulle verder van toegang uit te sluit weens lae internettoegang. Volgens StatsSA het slegs 16,6% van die volwassenes in die lae-inkomstegroep (*Living Standards Measure of LSM 1-4*) toegang tot die internet gehad in die tydperk Desember – Junie 2015, vergeleke met 70% in die hoër inkomstegroep (LSM 8 – 10). Selfoontoegang wissel tussen 80 – 90% in alle provinsies, alhoewel baie nie slimfone is nie. Verder veroorsaak die hoë koste van data dat die nodige bemagtigende omgewing nie geskep word nie. Volgens die MDDA (2017) sal media-ontwikkeling, diversiteit en ekonomiese transformasie slegs 'n werklikheid word as gelyke internettoegang 'n realiteit word.

## **2.8. Media en taalbeplanning**

In die 21ste eeu was die media 'n magdraende entiteit wat die vermoë gehad het om 'n samelewing te beïnvloed, te beheer en selfs verandering teweeg te bring (Nel 2009:2). Volgens Jo en Berkowitz (1994:45) het media 'n tydelike effek op die manier waarop die verbruikers boodskappe prosesseer nadat hulle dit in die media gesien, gelees of gehoor het. Hierdie gedagtes is dan verantwoordelik vir die aktivering van daaropvolgende gedagtes en ook aksies wat nouliks verwant is aan die boodskap wat in die media versprei word. Die media kan egter ook 'n konkrete, langdurige effek op verbruikers hê indien daar 'n universele, herhalende boodskap is wat die mark oorheers en deur verbruikers aanvaar word (Scheufele & Tewksbury 2007:11). Die herhaling van 'n boodskap dra nie net by om 'n gedagte te vestig nie, maar dra ook by tot die linguïstiese normalisering van die taal waarin die boodskap oorgedra word (Uribe-Jongbloed en Salawu 2018:184). Dit skep die sosiale omgewing waarin 'n taal genormaliseer word totdat dit geskik is vir alledaagse gebruik. Die term media-

verligting (*enlightenment*) (Kazak 2017) word gebruik om die multidimensionele aard van die media te beskryf. Sy voer aan dat media-geletterdheid 'n belangrike rol speel in die bogenoemde taalnormalisering en dat intellektuele onafhanklikheid teweeg gebring kan word sonder dat daar enige formele beheerprosedures in plek is. Cooper (1998) stel voor dat taalbeplanning as 'n bemarkingsproses hanteer word waar 'n betrokke taal, in die Suid-Afrikaanse geval, 'n inheemse Afrikataal, as 'n produk hanteer word wat deur bemarking verkoop word aan 'n spesifieke gemeenskap (Cooper 1998:72). Sulke taalbeplanning vind plaas wanneer taal in so 'n mate verpak word dat sprekers dit aantreklik vind. Cooper (1998:72) stel voor dat nasionale identiteit gebruik kan word om gemeenskappe te betrek. In Katalonië is daar in die 1980's gebruik gemaak van reklameborde, radio, koerante en tydskrifte om Katalaans te bevorder (Cooper 1998:75). Dus is media 'n praktiese manier om die gebruik en bevordering van tale te bemark.

'n Komplekse verband bestaan dus tussen taal en media waar die produksie van media in die breedste sin binne en danksy die teenwoordigheid van taal plaasvind. Terselfdertyd word taal ook ontwikkel deur die produksie van media (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:4). Vir baie mense vorm die media 'n deel van hul daaglikse lewe en is dit ook 'n manier waarop hulle hul taal ervaar, hul woordeskat opbou en taalvaardighede aanleer (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:4). Die linguistiese korpus, waarde en funksies van 'n taal word uitgebrei deurdat dit in die media gebruik word (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:4) en kan ook help om 'n taal van stagnasie te weerhou. Hierdie wisselwerking tussen taal en media word verder beïnvloed deur faktore soos die de facto-taalgebruik van sprekers in terme van 'n spektrum van veeltaligheid, die de jure-taalbeleide wat deur nasies en regerings ingestel is, asook die de facto en de jure-mediabeleide op internasionale, nasionale en organisasies se interne vlakke.

Riggins (1992:3) ondersteun die teorie dat minderheidstaalmedia-inisiatiewe minderheidstale kan ondersteun. Hy verwys na media-imperatief as 'n strategie om die oorlewing van minderheidstale te verseker deurdat minderhede hul eie media-inisiatiewe ontwikkel, in hul eie taal, om hul siening oor te dra (Riggins 1992:3). Riggins (1992: 284-286) bied vyf redes waarom minderheidstaalmedia-inisiatiewe noodsaaklik is. Die eerste een is die media-imperatief. Dit behels die behoefte wat minderhede het



om uiting te gee aan hul eie waardes en kultuur in die media (Riggins 1992:284). Tweedens is die langtermyn-effek van minderheidstaalmedia-inisiatiewe nie die totale assimilasië of totale kulturele bewaring nie, maar 'n mate van bewaring wat 'n kompromie tussen hierdie twee uiterstes verteenwoordig. Hierdie is sprekend van die mag van die media op die samelewing (Riggins 1992:284). Nog 'n rede waarom daar 'n behoefte is aan minderheidstaalmedia-inisiatiewe, is ter wille van die politieke konteks (Riggins 1992:285). Die rol van gemeenskapmedia, veral in minderheidstale, in die politieke konteks kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Verder beklemtoon die media kulturele verskille en bied natuurlik erkenning aan minderheidsgroepe, hul kultuur en taal. Volgens Riggins (1992:285) is dit verder noodsaaklik dat minderhede beheer van hul media het en dit sluit ook die finansiering en administrasie van die media in.

Riggins (1992) se benadering tot die studie van minderheidstaalmedia is pragmaties en fokus nie op die teoretiese aspekte van mediastudies nie, maar eerder op die praktiese aspekte van media (Cormack 2007:6). Hierdie siening word deur verskeie kenners (Cormack (1998), Riggins (1992), May (2001) en Guyot (2003) in die mediastudie-veld gedeel en gevolglik word minderheidstaalstudies hoofsaaklik deur twee denkwyses gedomineer. Aan die een kant word daar gefokus op hoe media gebruik kan word om bedreigde tale op 'n taalkundige vlak te ondersteun en aan die ander kant is daar die verband tussen media en 'n spesifieke taal en sy kultuur, en die ekonomie en finansieringsaspek van genoemde media (Cormack 2004:5).

Wanneer daar gekyk word na die bogenoemde verband tussen media en 'n spesifieke taal, sy kultuur, die ekonomie en finansieringsaspek van genoemde media, bied veral Cormack (2007) insigte wat aan die hand van die dienste deur die MDDA aangebied en ontleed kan word. Die bestudering van media in minderheidstale verskil nie net van beide taal- en mediastudies nie, maar inkorporeer ook verskeie ander dissiplines soos sosiologie, politiek en ekonomie (Cormack 2007:10). Die studie verskil van sosiolinguistiese taalstudies as gevolg van konsepte eie aan mediastudies (soos media-impak, media-ekonomie en analise), maar verskil ook van tradisionele mediastudies weens die veld se afhanklikheid van terme en konsepte wat eie is aan veral taalbeplanning (Cormack 2007:10). Media kan ook 'n rol speel in die kodifisering van taalbeplanning deurdat dit 'n direkte invloed op die grammatika en leksikon van

tale het en ook omdat dit as voertuig kan dien wat deur “opvoeding” sekere gedagtes oor die taal aan die gemeenskap kan versprei (Aktuna 1995:86). Media het dus ’n beduidende invloed nie net op die verspreiding van taal nie, maar ook op die verskillende vorme en taalvariante wat deur die publiek aanvaar word en sodoende genormaliseer word (Karam 1974:115). Ramallo (2017) bied nog twee redes waarom daar ’n aanknopingpunt tussen taal- en mediastudies is. Volgens Ramallo (2017:453) speel media ’n rol in die proses van sosiale verandering en ontwikkeling. Verder bevestig Ramallo (2017) Cormack se belangstelling in media as rolspelers in die taalbeplanningsproses en in linguistiese normalisering. Die skep van media in minderheidstale het ’n blywende effek op die sosiolinguistiese hiërargie van tale deur direk gehoor te gee aan die behoeftes van minderheidstale en daardeur die sosiale prestige van die tale te verhoog (Ramallo 2017:455).

Volgens Cormack (2007:60) kan die media, met betrekking tot taalonderhoud, op verskillende vlakke funksioneer. Op die mees basiese vlak verskaf media bloot ’n agtergrond waarteen taalgebruik ontwikkel kan word. Hierdie vlak sluit in die ontwikkeling van woordeskat (waarna taalbeplanners verwys as korpusbeplanning), die verspreiding van inligting oor die taalgemeenskap en die daarstelling van ’n kommunikasieraamwerk. Die middelste vlak is wanneer die media geleentheid en motivering bied vir taalgebruik, byvoorbeeld, die ontwikkeling van materiaal vir opvoedkundige gebruik en die verskaffing van materiaal wat aanleiding gee tot bespreking. Op die hoogste vlak is die media direk betrokke by die bevordering van taalgebruik. Opsommend stel Cormack (2004:2) dat daar vier gevalle is waarin minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale. Eerstens verhoog minderheidstaalmedia die simboliese waarde van minderheidstale, tweedens bied dit ’n finansiële inspuiting vir die gemeenskap deur werksgeleentheid te skep (Cormack 2004:2). In die derde geval skep dit ’n openbare sfeer vir die minderheidstaal, en vierdens bied dit ’n belangrike skakel tussen die minderheidsgemeenskap en die samelewing waarin hulle funksioneer (Cormack 2004:2). Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011) bou voort op Cormack se werk en ontwikkel drie fases in die ontwikkeling van minderheidstaalmedia-inisiatiewe, naamlik die geskenkfase, die diensfase, en die prestasiefase.



Die volgende afdeling gaan in meer detail kyk na bogenoemde drie fases in die ontwikkeling van minderheidstaalmedia-inisiatiewe en hoe die fases 'n rol kan speel in taalbeplanning. Daar sal gekyk word na die invloed van minderheidstaalmedia-inisiatiewe op status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning.

### **2.8.1. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van statusbeplanning**

Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:57) word die maniere waarop minderheidstaalmedia-inisiatiewe statusbeplanning kan beïnvloed beskou as die geskenkfase. Die geskenkfase verwys na die bestuur en ontplooiing van die nodige hulpbronne om 'n minderheidstaal sigbaar te maak in die betrokke land (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:57). In die geskenkfase is die regering die grootste rolspeler. Die regering kan op 'n nasionale vlak wetgewing skep wat die sigbaarheid en status van minderheidstale beïnvloed deur amptelike status aan sommige te verskaf en dit van ander te ontnem (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:58). Die geskenkfase word gekenmerk deur die vereenvoudiging van tale en variante – waar tale in 'n vakuum gesien word – as dit blyk dat tale suiwer is en goed onderhou word (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:58). Die oomblik wat 'n taal, veral 'n minderheidstaal, verteenwoordiging in die media ontvang, verander dit die status van die taal deurdat dit byvoeg tot die funksies van die taal in 'n gegewe gemeenskap (Cooper 1989:118). Soos Riggins (1992:284) dit stel: “Die besit van media-produksie kan gesien word as 'n openbare bekragtiging van 'n minderheidstaal se gesofistikeerdheid of moderniteit.” Volgens Cormack (2007:54-55) hou die verteenwoordiging van tale in media verband met May (2001) se redenasie dat die “legitimiteit en institusionalisering van 'n taal” die sleutel is tot langtermyn-oorelewing in die moderne wêreld. Verder dra die eienaarskap en besit van minderheidstaalmedia by tot die outentiekheid van die voorstelling van die minderheid se kultuur en taal (Cormack 2007:142).

Die gebruik van minderheidstale skep ook aanloklike ekonomiese waarde vir die taal en kan ook aantreklike indiensneming bied vir sprekers van die minderheidstaal. Gegewe die feit dat sulke tale dikwels in ekonomies onderontwikkelde streke is, kan dit 'n beduidende faktor wees (Cormack 2007:55). Nie alleen skep dit werkseleenthede nie, maar ook die geleentheid om die funksies van die taal verder uit te brei tot 'n taal van onderrig deur die ontwikkeling van opleidingsgeleenthede vir die nuutontdekte beroepe (Cormack 2007:55).

Nog 'n uitwerking wat minderheidstaalmedia-inisiatiewe op die status van tale het, is dat tale, wat vantevore nie toegang tot media gehad het nie, nou die geleentheid het om, danksy tegnologiese ontwikkelinge soos die internet, media in inheemse Afrikatale te skep (Cormack 2007:58). Hierdie uitbreiding van die funksies van inheemse Afrikatale kan ook bydra tot die verspreiding van inheemse Afrikatale deurdat toegang nou makliker is, maar Cormack (2007:56) waarsku dat die beskikbaarheid van media op die internet ook tot taalverskuiwing na meerderheidstale kan lei. Op 'n praktiese vlak kan minderheidstaalmedia-inisiatiewe gesien word as 'n daaglikse aktiwiteit wat taal beïnvloed deur taal te hernuwe en te laat herleef (Anonby 1999:36). Deur 'n daaglikse invloed op 'n taal te hê, word dit vir minderheidstaalmedia-inisiatiewe moontlik gemaak om ook die taal self, of die korpus, te beïnvloed. In die volgende gedeelte word juis hierdie invloed van minderheidstaalmedia-inisiatiewe op korpusbeplanning bespreek.

### **2.8.2. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van korpusbeplanning**

Die tweede fase is die diensfase waarin daar gekyk word na die verwagtinge van minderheidstale en hoe om aan hierdie verwagtinge te voldoen (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:59). Die diensfase benadruk die gedagte dat verteenwoordiging in die media nie genoegsaam is om minderheidstale te ondersteun nie, maar dat die taal moet voldoen aan die behoeftes van die sprekers (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:59). Hier is dit van belang dat media 'n hulpbron is om die taal se korpus uit te brei en ook om die aantal sprekers te vermeerder (sien ook Afdeling 2.8.3: Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van verwerwingsbeplanning). Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:59) word die diensfase met betrekking tot die daarstel van nuwe terminologie en opdatering van ander taalkundige hulpbronne dikwels deur regerings nagelaat. Tydens die diensfase pas minderheidstaalmedia-inisiatiewe aan om die gemeenskap in 'n moderne samelewing te bedien wat gevolglik die betrokke minderheidstaalgemeenskap ook help om aan te pas in 'n moderne samelewing (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2001:59). Die minderheidstaalmedia word dus 'n bron vir nuwe terme en frases wat in die alledaagse lewe van sprekers gebruik word (Ferguson 1968:32) en volgens Karam (1974:116) word die sukses van nuwe woorde en frases eerder in die media bepaal as deur die gebruik van akademië. Verder voer Aktuna (1995:85) aan dat die taal wat op televisie- en radio-uitsendings

gehoor word en in koerante en tydskrifte geskryf word, dikwels deur gemeenskappe gesien word as die linguistiese norm waarna hulle streef. Die media speel dus 'n kernrol in die ontwikkeling van taal en die algemene sosiale omgewing, spesifiek die linguistiese korpus asook die waarde en funksies van 'n taal wat uitgebrei word deurdat dit in die media gebruik en sodoende deur die publiek aangeneem word (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:3).

Daarbenewens is die meeste media-inhoud taalgebaseerd en help die gebruik van sulke media 'n minderheidstaal om sy staat te stabiliseer (Cormack 2007:54). Dit sluit verskeie aktiwiteite, soos van die druk van koerante, en gesprekke op die radio, tot die (gewoonlik) minder taalintensiewe media van televisie en film, in. Die skep van media in 'n taal bied 'n groot verteenwoordiging van dié taalgebruik in die publieke domein en vir tale wat tradisioneel min mediablootstelling gehad het, is dit 'n beduidende prestasie (Cormack 2007:54-55).

Deur mediablootstelling in 'n minderheidstaal te verkry, lei dit daartoe dat meer en nuwe moontlike sprekers van hierdie taal bewus word en dit bied ook die geleentheid vir hierdie sprekers om hul taalvaardighede op te skerp om sodoende by te dra tot verwerwingsbeplanning. Die volgende afdeling kyk na hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe daartoe kan bydra dat 'n taal meer sprekers verkry.

### **2.8.3. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van verwerwingsbeplanning**

Die tweede deel van die diensfase sluit die vermeerdering van sprekers in en is dus 'n vorm van verwerwingsbeplanning. In hierdie fase ontvang minderheidsmedia-inisiatiewe dikwels befondsing vanaf die regering om die uitbreiding van minderheidstale aan te help (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:60). Hierdie is egter gewoonlik die begintekens van die skuif na 'n onder-na-bo-benadering tot taalbeplanning omdat minderheidstaalmedia-inisiatiewe self verantwoordelikheid neem vir die vooruitgang van die minderheidstaal (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2001:60). Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012:4) meen dat media 'n universele deel van mense se alledaagse lewe uitmaak en dus 'n kritiese rol speel in mense se ervaring van 'n bepaalde taal. Hierdeur sal inheemse Afrikatale se sprekers geletterde kommunikasie ontwikkel en sodoende die nodige hulp verkry om nie meer deur die

krag van koloniale tale geïsoleer te word nie. Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012:3) voer verder aan dat sprekers taal merendeels ook deur media aanleer en as 'n minderheidstaal nie verteenwoordiging in media geniet nie, word hul linguistiese bronne, waardes en funksies nie opgedateer nie. Dit het tot gevolg dat 'n taal voorkom om in ontwikkeling te stagneer. Sprekers van hierdie tale het deels nie die woordeskat of platform om hul ervarings te verwoord nie, wat nóg 'n motivering is om eerder gebruik te maak van 'n meerderheidstaal wat meestal 'n tweede of 'n derde taal vir hierdie sprekers in 'n veeltalige gemeenskap is (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:3).

Karam (1974) voer aan dat die rol van media in die stabilisering van taalontwikkeling tot dusver nie genoegsame aandag ontvang nie en dat die media, as 'n studieveld, nie as sekondêr tot onderwys gesien moet word nie. Dit is veral van toepassing op ontwikkelende lande<sup>23</sup> soos Suid-Afrika waar sprekers dikwels makliker toegang het tot media eerder as onderwysinstellings (Karam 1974:117). Die media neem dus 'n opvoedingsrol in en word agente in die verspreiding van goedgekeurde kodifisering wat die publiek bedien met modelle van gehalte tale in die gedrukte en gesproke woord wat hulle in hul alledaagse lewe kan gebruik (Ferguson 1968:32). Alhoewel Fishman neerhalend na sommige minderheidstaalaktiviste se beheptheid met media verwys, sluit hy, as deel van sy stadia om taalverskuiwing te keer, die gebruik van media as teenvoeter vir taalverskuiwing in (Fishman 2001:466).

Ten slotte is die rol wat minderheidstaalmedia-inisiatiewe in Prestige-beplanning speel moontlik die belangrikste in die Suid-Afrikaanse konteks. Soos reeds gemeld is baie sprekers se houding weens inheemse Afrikatale redelik negatief en moet dit aangespreek word. Die verteenwoordiging van 'n inheemse Afrikataal in die media kan help om sprekers meer positief te maak, soos die volgende afdeling sal verduidelik.

#### **2.8.4. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe as deel van prestige-beplanning**

Die finale fase van die ontwikkeling van minderheidstaalmedia behels die prestasiefase wat 'n belangrike rol speel in prestige-beplanning van tale (Kelly-Holmes

---

<sup>23</sup> Suid-Afrika kan gesien word as beide 'n ontwikkelde land met goeie infrastruktuur, maar ook 'n ontwikkelende land met groot sosio-ekonomiese ongelykhede (Layne, 2008:183). Weens die lae sosio-ekonomiese status van baie van die inheemse Afrikataalsprekers, kan Suid-Afrikaanse minderheidsmedia-inisiatiewe meer gemaklik by ontwikkelende lande geskaar word. (Sien ook afdeling 2.3.1 vir meer inligting oor die sosio-ekonomiese status van inheemse Afrikatale.)

en Pietikäinen 2011:60). Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:60) het tegnologiese ontwikkeling van die digitale era veroorsaak dat sprekers 'n groter verskeidenheid opsies het wanneer hulle wil kies van watter media hulle gebruik wil maak. Sprekers is nie meer afhanklik van nasionale amptelike media nie en daarom is die potensiële teikengehoor aansienlik groter omdat minderheidstaalmedia-inisiatiewe, danksy die Internet, wêreldwyd deur verskeie taalgebruikers gebruik kan word (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:60). 'n Voorbeeld hiervan is die beskikbaarheid van onafhanklike rolprente en televisiereekse wat op aanlyn uitsaaiwebwerwe soos *Netflix* en *Amazon Prime* beskikbaar is.

Tydens die prestasiefase is daar minder insette deur instansies van bo, maar eerder meer insette vanaf rolspelers in die gemeenskap (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:61). Danksy laer insetkoste en minder administrasie hoef gemeenskappe nie meer te wag vir groot instansies om media te produseer nie, maar kan nou self betrokke raak by die produksie van media, wat die verhouding tussen produseerder en verbruiker omvergewerp het (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011:60). Individue kan nou self bydra tot die ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van minderheidstale. Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012:3) stuur die verteenwoordiging van veral inheemse minderheidstale in die mediabedryf 'n belangrike boodskap oor die belangrikheid van 'n spesifieke taal en beïnvloed dus die prestige-bepanning van tale. Vir baie mense vorm die media 'n deel van hul daaglikse lewe en is dit ook 'n wyse waarop hulle hul taal ervaar, hul woordeskat opbou en taalvaardighede aanleer en hoe hulle kommunikeer.

Nog 'n rede om te dink dat die media 'n nuttige vorm van ondersteuning vir minderheidstale is, is dat die teenwoordigheid van media kan funksioneer as 'n teken dat 'n gemeenskap ten volle gemoderniseer is en in staat is om deel te neem aan die moderne lewe. Aangesien baie minderheidstale deur dominante tale gesien word as kulture wat agterlik is, is hierdie 'n belangrike kwessie in die prestige-bepanning van minderheidstale (Cormack 2007:54). Volgens Cormack (2007:55) kan minderheidstale bevorder word wanneer die minderheidskultuur se prestige binne die dominante kultuur verhoog word. Een manier om dit te bewerkstellig is om 'n volledige lys media-inisiatiewe tot die beskikking van minderheidstale te bied (Cormack 2007:55).

Die realiteit is egter dat tegnologie vir verbruikers meer keuses bied en dat die oënskynlike veeltaligheid waartoe tegnologiese verbetering in media gelei het, inderwaarheid 'n verlies aan diepte in uitbreidingsproses van minderstale veroorsaak het (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2011: 66). Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:66) kan tegnologie en die nuutgevonde beskikbaarheid van verskillende media in verskillende tale dit moontlik maak dat sprekers se kennis van hul eie taal meer oppervlakkig en hul woordeskat meer beperk is. Die volgende afdeling gaan verder kyk na moontlik redes waarom media nie geskik is om minderheidstale te bevorder nie.

### **2.8.5. Kritiek teen mediastudies en tale**

Minderheidstaalmedia is gedefinieer as 'n studieveld wat, hoewel dit soortgelyk is aan etniese minderheidstudies en inheemse minderheidstaalmedia, konsentreer op die studie van minderheidstaalmedia en die onderlinge verband tussen mediaproduksie, media, taalkundige uitset en instandhouding van 'n taal in taalkundige minderhede (Cormack 2004).

Soos Riggins, beklemtoon Browne die beperkings van die media en stel dit duidelik dat die behoud of herstel van 'n taal en 'n kultuur nie die plig van die media alleenlik is nie (Cormack 2007:57). Browne toon ook aan dat daar feitlik geen "harde" (wetenskaplike) bewyse is wat daarop dui dat die gebruik van media in 'n inheemse taal help om die taal se gebruik te herstel of te laat herleef nie. Hy voeg wel by dat alle vorme van media wat in minderheidstale geproduseer word, beslis met daardie hoop en verwagting geskied. Verder is dit glad nie duidelik hoeveel verteenwoordiging 'n minderheidstaal in die media nodig het om mense aan te moedig om die taal te praat nie (Cormack 2007:57). Ook die redenasie dat taalgebaseerde media altyd help met taalonderhoud, kan van die hand gewys word deur op te merk dat baie televisie-inhoud, asook radio, taal op 'n redelik beperkte manier gebruik en dus nie die beste manier is om die gebruik van minderheidstale aan te moedig nie (Cormack 2007:58).

Die probleem om te bepaal watter invloed media op taalonderhoud het, is deel van die veel groter probleem waarvoor mediastudies nog nie 'n antwoord het nie. Dit is die vraag oor hoe die impak van media bestudeer kan word en is deels as gevolg van die

kompleksiteit verbonde aan verbruikers se gewoontes as dit by mediagebruik kom (Cormack 2007:59). Verbruikers maak daagliks gebruik van verskeie vorme van media, ook in verskillende omgewings, op soek na verskillende resultate van verskillende vorme van media van die lees van koerante (aanlyn of gedruk) tot radio en televisie kyk. Daar is ook 'n wye verskeidenheid reaksies tot media van onmiddellike veranderinge in gedrag, bevestiging van reeds bestaande houdings, die gewoondwording aan nuwe inhoud tot soms ook die onmiddellike vergeet van wat pas gesien is. Al hierdie reaksies vind plaas in verskillende taalsituasies, ongeag van die feit of hulle minderheidstale is (Cormack 2007:60). Om van media te verwag om taalonderhoud te beïnvloed is om van media te verwag om iets te doen waarvoor dit nie oorspronklik bedoel is nie. Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:51) meen egter dat media sentraal staan tot die taalbeleid en beplanning van minderheidstale. Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012b:194) argumenteer dat minderheidstaalmedia-inisiatiewe geskik is vir die bevordering van minderheidstale omdat dit gefokusde aktiwiteite is wat probeer om die prestige, sigbaarheid en spreekbuis van minderheidstale te verbeter. Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012b:194) beskryf hierdie as die fokuspunt van taalnormalisering. Die media speel dus gevolglik 'n belangrike rol in die manier waarop tale onderhou word en ook in die wyse waarop tale genormaliseer<sup>24</sup> word (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:3). Fishman (1991:299) beskryf “linguistiese normalisering” as die simboliese bevordering en funksionele institusionalisering van tale in al die mees invloedryke sferes van die moderne lewe.

Volgens Cormack (2004:5) is die twee grootste bekommernisse vir die bestudering van die taalontwikkeling van minderheidstaalmedia (i) die verband tussen betrokke media en 'n spesifieke taal en kultuur, en (ii) die ekonomiese en finansieringsaspek van die betrokke media. Hierop gebaseer het Cormack (2004:10) aangevoer dat studies wat fokus op die invloed wat minderheidstaalmedia op taalbevordering het, 'n besondere bydrae kan lewer tot kwessies van kulturele konflik, taal in die media, die kontras tussen openbare asook privaat-finansiering van die media. Verder identifiseer Cormack (2007:7) sewe faktore wat nodig is vir die oorlewing van minderheidstaalmedia. Al sewe faktore beklemtoon duidelik politieke aspekte en kan

---

<sup>24</sup> Normalisering verwys na die proses waartydens die geskrewe (nie-gesproke) variante van tale gestandaardiseer word en 'n harmonie geskep word tussen die leksikale en ortografiese ontwikkeling van die tale (Trimbur, 2002:655).



onder sekere spesifieke omstandighede 'n politieke momentum opbou ten gunste van 'n minderheidstaalgemeenskap. Die sewe faktore sluit in: i) die aantal sprekers van die taal, ii) doelbewuste veldtogte vanuit politieke oorde om die taal te bevorder, iii) die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale, iv) die politieke kultuur van die staat, v) die ooreenstemmende mag van die gemeenskap in 'n spesifieke area, vi) die simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land, en vii) internasionale tendense wat betrekking het op minderheidstale (Cormack 1998:40). Die sewe faktore word hieronder in meer detail bespreek.

Die eerste faktor is **die aantal sprekers van die taal**. Volgens Cormack (1998:39) is die minimum aantal sprekers wat nodig is om die behoefte aan media te regverdig, 1 miljoen sprekers. Die vier tale waarna hoofsaaklik in die studie gekyk word, is isiZulu met 11,6 miljoen sprekers, isiXhosa met 8,2 miljoen sprekers, Sepedi met 4,6 miljoen sprekers en Setswana met 4,1 miljoen sprekers (StatsSA 2011) en hierdie vier tale voldoen dus aan die eerste faktor. Die aantal sprekers is egter nie voldoende om 'n taal te bevorder nie en die *tweede faktor* is nodig en behels 'n **doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder** (Cormack 1998:40). Hierdie tweede faktor is van kardinale belang omdat daar in die kontemporêre samelewing 'n behoefte is aan politieke ondersteuning waarsonder verandering moeilik plaasvind (Cormack, 1998:40). 'n Groot aantal sprekers kan slegs uitsonderlik suksesvol wees indien daar vennootskappe met ander gemeenskappe en groepe gevorm word wat self ook die belangrikheid van taal besef (Cormack 1998:40).

Die *derde faktor* is **die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale**. Leierskap met genoegsame kennis van media- en taalkundige praktyke is onontbeerlik vir die bevordering van minderheidstale deur middel van media (Cormack 1998:40). Gegewe die kompleksiteit van media in die hedendaagse samelewing, is daar 'n behoefte aan leierskap wat druk selektief kan toepas (Cormack 1998:40). Volgens Cormack (1998:40) vind druk vanaf figure in leiersposisies gewoonlik eers plaas nadat daar vanuit die gemeenskap 'n veldtog begin is om 'n minderheidstaal te bevorder. Die *vierde faktor* het te make met **die politieke kultuur van die staat** en is die onderbou van al die faktore (Cormack 1998:40). Lande wat strengere beheer uitoefen sal veel minder gehoor gee aan die behoefte vir bevordering



van minderheidstale as wat lande sal doen wat meer gefokus is op selfregering (Cormack 1998:40).

Die *vyfde faktor* is verwant aan die politieke kultuur van die staat, maar fokus op die **ooreenstemmende mag van die gemeenskap in 'n spesifieke area** (Cormack 1998: 41). Cormack (1998:41) meen dat regerings nie geneig is om erkenning te gee aan minderhede nie tensy daar sterk druk op die regering geplaas word vanuit die minderheidsgemeenskap self. Die *sesde faktor* het te make met die **simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land** (Cormack 1998:41). Minderheidstale wat 'n aktiewe rol kan speel in die nasionale identiteit het 'n groter kans om ondersteuning van die breër gemeenskap te verwerf (Cormack 1998:41). Reeds in die 1990's bevestig Cormack die belangrikheid van die aantal sprekers in die aansien waaroor 'n minderheidstaal beskik (die eerste faktor in sy sewe voorwaardes vir minderheidstaalmedia), maar beklemtoon ook die verhouding wat bestaan tussen 'n minderheidstaal en gedagtes oor die nasionale identiteit (Cormack 1993:103). In die Suid-Afrikaanse konteks het die besluit om 11 amptelike tale aan te wys verreikende gevolge vir die simboliese status van die tale.

Die *sewende faktor* is verwant hieraan, maar verwys na **internasionale tendense wat betrekking het op minderheidstale** (Cormack 1998:42). Die regte van minderheidstale is al meer relevant in lande regoor die wêreld. Die afgelope drie dekades is daar 'n toenemende belangstelling in belangrikheid van die taaloorlewing van minderheidstale (Tarsoly en Valijärvi 2020:253) en hierdie belangstelling maak nasies meer bewus van die belangrikheid van minderheidstale. Hierdie belangstelling het verder gelei tot die oprigting van 'n verskeidenheid opleidingsprogramme en kursusse wat bedoel is vir taalkundiges, universiteitstudente, opvoeders, taalbeplanners, aktiviste en lede van inheemse gemeenskappe (Tarsoly en Valijärvi 2020:253). Tradisioneel word minderheidstaalmedia se rol gedefinieer as om sprekers van minderheidstale te help om aan te pas in die nuwe samelewing, sowel as om sprekers van minderheidstale te bedien met inligting oor hul eie taal en kultuur. Minderheidstaalmedia bied sprekers van minderheidstale toegang tot die media en vertel die breër samelewing meer van die minderheidstaal waarin dit gepubliseer word. Laastens dra minderheidstaalmedia aktief by tot die skep van 'n multikulturele samelewing (Cormack 2007:7).

Hierdie sewe faktore skep 'n raamwerk waarbinne daar vergelykende studies in verskillende lande gedoen kan word om die moontlike rol van minderheidstaalmedia op die onderhoud, ontwikkeling en erkenning van taal te bepaal (Cormack 2007:8). Al sewe faktore beklemtoon die politieke aspekte wat onder sekere spesifieke omstandighede kan lei tot positiewe momentum ten gunste van 'n minderheidstaalgemeenskap. In die volgende afdeling gaan daar gekyk word na hoe hierdie sewe faktore op internasionale vlakke suksesvol toegepas is om minderheidstale te bevorder, al dan nie.

## **2.9. Taalbepanning en -beleid – Internasionale voorbeelde**

Taal speel 'n belangrike rol in kommunikasiestelsels, maar die plek van individuele tale in spesifieke stelsels word meer betekenisvol en omstrede in kontekste waar daar mededingende tale en taalgemeenskappe is. Daar is dikwels groot ongelykhede in terme van die prominensie van verskillende tale in mediakontekste. In moderne samelewings, waar media-inisiatiewe noodsaaklike instrumente vir kommunikasie is, is die tale wat deur mediapraktisyne vir gebruik gekies word, asook die kontekste waarin hierdie tale gebruik word, van kritieke belang. Hierdie afdeling gaan kyk na die sosiolinguistiese situasie van minderheidstale regoor die wêreld.

### **2.9.1. Minderheidstale in die wêreld**

Die belangrikheid van minderheidstale moet nie onderskat word nie; daarom is dit nie buitengewoon dat die Verenigde Nasies (VN) die jaar 2019 gewy het aan Inheemse Tale nie (VN, 2019). Volgens die VN (2018) verteenwoordig Inheemse tale<sup>25</sup>, of in dié geval minderheidstale, 4000 van die 6700 tale, maar word deur slegs 6% van die wêreld se bevolking gepraat. Die sosiolinguistiese situasie van minderheidstale verskil drasties. Sekere tale, soos Katalaans, geniet nie amptelike erkenning nie, maar is die meerderheidstaal in Katalonië, 'n streek in Spanje, en word erken as 'n streekstaal. Ander tale soos Gaelies en baie Aboriginale tale in Kanada en Australië word nie amptelik erken as landstaal nie, maar ontvang uitgebreide ondersteuning vanaf die staat en ander NRO's.

---

<sup>25</sup> Alhoewel inheemse en minderheidstale twee aparte konsepte is, word dit in die studie as sinonieme hanteer; sien ook Voetnota 1.

Minderheidstale kom nie net in lande waar sprekers hoofsaaklik eentalig is voor soos Skotland en Spanje nie, maar ook in lande soos Indië en Australië waar 'n daar 'n wye spektrum tale gepraat word. In die Suid-Afrikaanse konteks word inheemse Afrikatale deur die Grondwet (1996) as amptelike tale geklassifiseer in 'n samelewing wat oorwegend twee- of selfs veeltalig is, en plaas dit Suid-Afrika êrens tussen die bogenoemde twee groepe sosiolinguistiese samelewings (Mesthrie 2002:1) Die volgende afdeling gaan fokus op die sosiolinguistiese situasie in Spanje, Skotland, Australië, Kanada en Indië as vyf uiteenlopende internasionale voorbeelde om verskille in die Suid-Afrikaanse konteks uit te wys.

### **2.9.2. Taalbeplanning en -beleid in Spanje**

Aan die begin van die twintigste-eeu is die Spaanse samelewing gekenmerk deur aansienlike ongelykhede, die gevolg van verskillende patrone van sosio-ekonomiese ontwikkeling (Ribeiro De Meneses 2001:1). Positiewe sosio-ekonomiese ontwikkeling het grootliks plaasgevind as gevolg van buitelandse beleggings in Spaanse industrieë, terwyl die inwoners in landelike distrikte, te danke aan die adellikes, verarm het (Ribeiro De Meneses 2001:3). 'n Massiewe politieke mobilisering van die Spaanse bevolking het tydens die Spaanse Burgeroorlog in 1936 plaasgevind. Beide die republikeinse en nasionalistiese regerings het gepoog om die Spaanse samelewing te beïnvloed, met die hoop om steeds groter steun te verkry (Ribeiro De Meneses 2001:98). Die manier waarop die regerings meegeding het, was gebaseer op die veldtogte wat tydens die Eerste Wêreldoorlog, die Russiese Burgerlike Oorlog en twintig jaar van verdelende politiek in Spanje en in die res van Europa geïmplementeer is. Hulle het doelbewus die intellektuele steun van godsdienstige leiers, sowel as skrywers en kunstenaars, probeer trek en daardeur bygedra tot die verdeeldheid wat gelei het tot die Spaanse Burgeroorlog (Ribeiro De Meneses 2001:98).

Aan die een kant was die republikeine wat veral steun in distrikte soos Baskeland en Katalonië gehad het, en aan die anderkant die nasionaliste. Nadat die oorwinning in 1938 deur Francisco Franco Bahamonde en die nasionaliste behaal is, het daar baie vrae ontstaan oor wat die rol van godsdiens, onderwys, vroue en die intelligentsia in die samelewing sou wees. Watter verdere hervormings uitgevoer sou word en wat sou met Katalonië en die Baskeland, en met hul onderskeie landstale gebeur? (Ribeiro De

Meneses, 2001:98). Katalonië is 'n geskiedkundige distrik binne die sewentien verskillende outonadiese distrikte waaruit die Spaanse staat bestaan.

Soos in Suid-Afrika, is Katalaans onder die Nasionalistiese bewind van Franco Bahamonde straf deur beleide onderdruk en kon die taal slegs in die privaatheid van huise gepraat word (Tusell 2007:64). Nie alleen is die gebruik van Katalaans in die openbare lewe verbied nie, maar daar is 'n amptelike propagandaveldtog geloods om die gebruik van Kastiliaans, die nuwe amptelike taal, te gebruik (Tusell 2007:64). 'n Aantal stadsmonumente wat geassosieer kon word met Katalaanse kultuur is verwyder en die Katalaanse pers is tot niet gemaak (Tusell 2007:64). Hierdie onderdrukking van die taal het daartoe gelei dat daar 'n stelsel van plaaslike media-inisiatiewe opgerig is in opstand teen die diktatorskap van Franco Bahamonde (Piullats 2007:174).

Volgens Hargreaves (2000:20) is Katalaans 'n literêre taal wat sedert die Middeleeue bestaan, maar sedert die begin van die agtiende eeu afgeneem het omdat dit as gebruikstaal verban is. Nietemin is Katalaans in die negentiende eeu steeds die gebruikstaal van die bevolking in Katalonië (Hargreaves 2000:20). Kataloniërs het 'n sterk gehegtheid aan hul taal en die vereenselwiging daarvan met die Katalaanse kultuur en taal word dikwels gesien as die beslissende saamtrepunt van die gemeenskap (Hargreaves 2000:20). Met betrekking tot minderheidstale bied die Katalaanse gemeenskap 'n unieke profiel. In die volgende paragrawe gaan Katalaans in terme van Cormack (1998) se sewe faktore, wat nodig is vir die oorlewing van minderheidstalemedia, geëvalueer word met spesifieke fokus op die eerste drie van die sewe faktore om die stand van ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van Katalaans te bespreek.

#### 2.9.2.1. Katalaans – die aantal sprekers van die taal

Katalaans voldoen aan die eerste faktor wat deur Cormack (1998) geïdentifiseer is met 'n getal sprekers van meer as 10 miljoen, wat dit een van die grootste minderheidstale in Europa maak (Piullats 2007:169). Volgens die 2001-sensus kan 94,5% van die bevolking (5,8 miljoen mense) Katalaans verstaan. Verder kan 74,5% (4,6 miljoen) die taal praat en 74,4% (4,6 miljoen) dit lees. Die getal mense wat die taal kan skryf is ietwat laer op 49,8% (3,1 miljoen) (Piullats 2007:169). Ongeveer die helfte (48,8%) van Kataloniërs sien Katalaans as hul moedertaal, terwyl 44,3%

Kastiliaans as hul moedertaal sien (Piullats 2007:169). Slegs 5,2% beskou beide Katalaans en Kastiliaans as hul moedertaal en 1,8% van die inwoners identifiseer ander tale as hul moedertaal (Piullats 2007:169).

#### 2.9.2.2. Katalaans – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder

Verder voldoen die taal aan die tweede faktor deurdat Katalaans in sekere dele van Spanje as 'n amptelike taal erken word en media op beide plaaslike en onafhanklike gemeenskapsvlakke ontwikkel word (Piullats 2007: 169-170). Die Spaanse regering het ook 'n taalbeleid ontwikkel wat Katalaans bevorder en wat probeer om die geskiedkundige wanbalanse te herstel. Soos met die Suid-Afrikaanse Taalbeleidsraamwerk (2003) was die beginpunt van die beleid die erkenning van 'n ongebalanseerde situasie waar een taal newegesik was aan 'n ander een. Taalkundiges in Spanje het besluit om gebruik te maak van 'n beleid waarin linguistiese normalisering gebruik is, met die doel om Katalaans se gebruik in alle moontlike openbare velde te help om sodoende die taal te herstel en te bevorder (Piullats 2007:171). Volgens Piullats (2007:171) het die beleid baie gefokus op die gebruik van Katalaans in die media en het die linguistiese normalisering vereis dat die taal op 'n normale wyse in die media gebruik word, asook op skoolvlak waar dit as onderrigtaal aangewend is. Die proses van linguistiese normalisering het ten doel gehad om die gebruik van Katalaans deur alle burgers te fasiliteer en te beskerm, die aansien van Katalaans tot amptelike taal te verhoog, asook om die gebruik van Katalaans in sosiale omgewings te normaliseer (Piullats 2007:171).

In die vroeë 1980's loods die Katalaanse regering die *Corporació Catalana de Ràdio i Televisió* (CCRTV) as 'n openbare uitsaaier met die doel om die Katalaanse taal en kultuur te bevorder (Piullats 2007:172). 'n Belangrike punt om te onthou, is dat die bestuur van CCRTV daarop fokus om inhoud te genereer wat op gelyke voet is as die res van die nasionale uitsaaiers. Die uitsaaier het 'n groot rol gespeel in die normalisering van Katalaans, aangesien die taal voor daardie tyd min verteenwoordiging in die media gehad het. Teen die einde van die 1980's was die gebruik van Katalaans gesien as normaal, te danke aan 'n kombinasie van media- en taalbeleide wat deur die publiek aanvaar en ondersteun is (Piullats 2007:173).

Katalaans kan dien as 'n model om die taal- en mediabeleide van minderheidstale te bepaal in lande waar die politieke begeerte nie bestaan om die taal te bevorder nie.

Die Spaanse kultuur tydens die finale fase van die Franco Bahamonde se bewind in 1969 was vol teenstrydighede, en alhoewel daar nie openlike vyandigheid vanaf die minderheidstaalmedia teenoor die regime was nie, het die Katalaanse media en die regering nie saamgestem nie (Tusell 2007:257). Soos die Spaanse samelewing, het die Spaanse kultuur op sy eie manier saam met die regime ontwikkel, met periodieke konflik tussen die betrokke partye. Dit is nie uitsluitlik van toepassing op hoë kultuur<sup>26</sup> nie, maar ook op populêre<sup>27</sup> vorme van vermaak (Tusell 2007:257). Volgens Tusell (2007:257) was die tyd gekenmerk deur protesliedere: 'n rebellie teen die ondraaglike amptelike plegtigheid en morele skynheiligheid. In die Spaanse kultuur as geheel was daar 'n duidelike kloof tussen Spanje se amptelike politiek en sy werklike politiek, wat beide outonoom was en meestal nie met mekaar gemeng het nie (Tusell 2007:257).

#### 2.9.2.3. Katalaans – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale

Na 1969 het konflikpunte egter vermeerder. Die derde faktor word aan voldoen deur die sterk onafhanklike Katalaanse gemeenskappe wat poog om beleide te skep wat die gebruik en kennis van minderheidstale ontwikkel om by te bly met ekonomiese, politieke en tegnologiese vooruitgang (Piullats 2007:170). Kenmerkend van die Katalaanse gemeenskappe is die bestaan van 'n groot aantal area-gebonde minderheidstaalmedia-inisiatiewe soos *Dario ABC* en *El País* wat ontstaan het juis om gemeenskappe die geleentheid te gee om hul ongelukkigheid te verwoord. Danksy hierdie minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan daar met behulp van, onder andere, linguistiese inisiatiewe en die ontwikkeling van burgerregte organisasies, 'n omvattende benadering tot media- en taalbeleide geskep word. Hierdie omvattende benadering is 'n kenmerkende voorbeeld van 'n onder-na-bo-benadering vir taalbeleide (Piullats 2007:173). Die feit dat Spanje ná die dood van Franco Bahamonde in 1975 oorgaan na 'n demokratiese bestel is 'n noodsaaklikheid vir voldoening aan die vierde

---

<sup>26</sup> Hoë kultuur verwys gewoonlik na kultuur in die vorm kuns, musiek en letterkunde van 'n hoë gehalte wat populêr is onder persone van 'n hoër klas. In teenstelling met populêre vermaak kan hierdie tipe kultuurverskynsels bewonder en waardeer word (Daenekindt, 2018:1).

<sup>27</sup> Populêre vermaak verwys na vorme van kuns, musiek, letterkunde en selfs televisie wat deur mense geniet word, maar terselfdertyd gesien word as onwaardig en sleg (Grindstaff, 2008:207).

faktor van Cormack (1998) se faktors wat benodig word vir die ontwikkeling van minderheidstaalmedia. Die plaaslike media het ook 'n belangrike rol gespeel deur demokrasie aktief te verdedig en ook om die Katalaanse kulturele identiteit te bevorder (Piullats 2007:174).

Volgens Laitin (1992:92) is taalkunde 'n kernelement van outonomie en, soos vroeër genoem, het Katalaanse nasionaliste 'n gewilde veldtog gelei om taalnormalisering te bewerkstellig. Hierdeur bedoel Katalane dat die belangrikste taal van politieke administrasie, onderwys, die media en die howe, wat al meer as 300 jaar lank Kastiliaans is, in Katalonië verander moet word na Katalaans. Voorstanders van die Katalaanse taal glo dat taal onlosmaaklik aan kultuur gekoppel is en dat die dood van hul taal tot die einde van die Katalaanse kultuur sal lei.

#### 2.9.2.4. Katalaans – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding

In teenstelling met die Suid-Afrikaanse taalomgewing, stel die Spaanse Grondwet (1978) dat Spaans die amptelike taal is, maar dat ander Spaanse tale, soos Katalaans, ook amptelike status het in hul onderskeie gemeenskappe (Piullats 2007:170). Soos met die Suid-Afrikaanse Taalbeleidsraamwerk (2003) was die beginpunt van die Spaanse Taalbeleid die erkenning dat daar 'n ongebalanseerde situasie was waar een taal, weens politieke oorwegings, newegeskik was aan 'n ander. In Spanje was die oplossing om gebruik te maak van 'n beleid waarin linguistiese normalisering bevorder is om Katalaans se gebruik in alle moontlike openbare velde te herstel (Piullats 2007:171). Katalaans bied dus 'n insiggewende blik op die moontlikhede wat minderheidstaalmedia-inisiatiewe bied vir die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse en minderheidstale wanneer taal met ideologie vermeng word om uiting te gee aan ideale van 'n moderne staat. Volgens Shohamy (2006:35), ondergaan lande tans groot verandering in terme van nasionale identiteite en die erkenning wat gegee word aan die verskillende groepe se kollektiewe identiteite. Hierdie werklikhede daag die ideologie van die homogene nasionalistiese staat uit en beïnvloed die rolle van tale (Shohamy 2006:35). Daar vind egter hewige gevegte plaas tussen diegene wat na die homogene volkstaat streef en ander wat dit uitdaag en in stand hou in Spanje. Dit is deur middel van taal dat hierdie gevegte plaasvind. Om hierdie rede gaan die volgende afdeling fokus op Skotse Gaelies, 'n taal wat gesien word as deel van die



kulturele karakter van die land eerder as 'n politieke besprekingspunt vir die strewe na onafhanklikheid en 'n staat vir sy sprekers.

### **2.9.3. Taalbeplanning en -beleid in Skotland**

Skotse Gaelies (Gàidhlig) word geklassifiseer as 'n Keltiese taal, naby verwant aan Iers en Manx (McLeod 2006:6). Die taal is deur die vroeë Kelte vanaf Ierland na Skotland gebring en teen die elfde eeu het die taal deur die hele Skotland versprei om selfs deur die monargie gebruik te word (McLeod 2006:6). Desnieteenstaande word Gaeliese sprekers teen die 1300's toenemend gesien as agterlik en gewelddadig. Hierdie siening vererger drasties in die sestiende eeu as gevolg van die Protestantse Reformasie wat toenemend streng beheer toepas op Gaeliessprekendes en word leiers gedwing om hul kinders in 'n Engelse milieu te laat onderrig. Sedert die middel van die agtiende eeu het 'n vernietigende kombinasie van militêre onderdrukking, dramatiese ekonomiese verandering, uitgebreide emigrasie, volgehoue materiële ontbering en uiteenlopende kulturele druk voortdurende taalverskuiwing van Gaelies na Engels teweeg gebring (McLeod 2006:7). In die twintigste eeu het die aantal Gaeliese sprekers verder verminder en areas wat vantevore Gaeliessprekend was, het ontaard in eentalige Engelssprekende gemeenskappe (McLeod 2001:2). In die volgende paragraaf gaan Gaelies in terme van Cormack (1998) se sewe faktore, wat nodig is vir die oorlewing van minderheidstaalmedia, geëvalueer word, met spesifieke fokus op die eerste drie van die sewe faktore om die stand van ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van Gaelies te bespreek.

#### **2.9.3.1. Gaelies – die aantal sprekers van die taal**

In Skotland val Gaelies onder die een miljoen sprekers-merk wat Cormack voorstel vir die lewensvatbaarheid van minderheidstaalmedia (Cormack 1993:105) en voldoen dus nie aan die eerste faktor in Cormack se sewe voorwaardes vir minderheidstaalmedia nie. Verder is die sprekers wydverspreid en in die meerderheid gevalle nie eentalige sprekers nie (Cormack 1993:105). In teenstelling met die homogene gemeenskap in Katalonië is daar min bewyse van stabiele sosiale kompartementalisering in Skotland waar slegs 58 650 inwoners uit 5,4 miljoen Skotse inwoners Gaeliese sprekers is (Cormack 2005:115). Alle Gaeliese sprekers in Skotland is tans tweetalig met baie lae vlakke van geletterdheid in Gaelies.



### 2.9.3.2. Gaelies – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder

Sedert die middel 1970's is daar hernude poginge aangewend om Gaelies in Skotland te onderhou en te laat herleef, ondanks die feit dat daar toenemend 'n daling in demografiese terme is (McLeod 2006:1). Openbare en institusionele voorsiening vir Gaelies, veral met betrekking tot onderwys en uitsaaimedia, het die afgelope paar jaar aansienlik gegroei. Hoewel Skotse Gaelies, anders as Gaelies in Ierland en Wallis, nie amptelike status as landstaal geniet nie, word die taal sedert 2005 geklassifiseer as 'n inheemse taal (Cormack 2005:115). Hierdie nuwe erkenning van Gaelies is vervat in wetgewing, die *Gaelic Language Act* (Skotland 2005), wat die amptelike status aan die taal vir die eerste keer verwoord. Die wetgewing het gelei tot die skep van 'n Gaeliese Taalraad, wat by magte is om 'n strategiese taalbeplanning vir Gaelies op 'n nasionale vlak te onderneem (McLeod 2006:2). Die wet bied duidelik gunstige geleenthede vir Gaeliese ontwikkeling, veral omdat daar tot in daardie stadium min voorsiening vir Gaelies in die openbare sektor gemaak is (McLeod 2006:7). Gaelies word toenemend beskou as 'n wesenlike aspek van Skotse kultuur en identiteit, wat verbind (indirek eerder as direk) is aan 'n strewe na Skotse onafhanklikheid vanaf die Verenigde Koninkryke (McLeod 2006:1). Hoewel die Skotse parlement toegerus is om tweetalig as Engels-Gaelies op te tree en die gebruik van Gaelies in sy debatte en komiteewerk toegelaat word, gebeur sake selde in Gaelies en selfs al het sekere plaaslike administratiewe owerhede Gaeliese beleide ontwikkel, is dit gewoonlik beperk in omvang (McLeod 2006:7). Alhoewel Gaelies as onderrigtaal in skole beskikbaar is, is dit oorwegend beperk tot laer skole, met min verteenwoordiging op sekondêre en tersiêre vlakke (Cormack 2005:115). Daar word egter in 2016 as voortvloeiing van die *Gaelic Language Act* (Skotland 2005) 'n breedvoerige taalplan saamgestel wat vanaf 2016 tot 2021 geïmplementeer sou word (Skotland 2016). Die plan het ten doel om strukture en inisiatiewe op te rig wat Gaelies as 'n volhoubare taal sal ontwikkel in 'n moderne Skotland. Volgens die plan benodig Gaelies 'n gesamentlike poging vanaf die regering, die openbare sektor, die private sektor, gemeenskapliggame en individuele sprekers. Daar word gefokus op maniere om die aanleer van praat-, lees- en skryfvaardighede in Gaelies, die gebruik van Gaelies in sosiale sowel as werksomgewing, die uitbrei van die sigbareheid en erkenning van die taal en die ontwikkeling van die taal om by te dra tot die omvang van die taal.

### 2.9.3.3. Gaelies – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale

Alhoewel die Skotse regering hul steun deur die bogenoemde plan duidelik uitgedruk het, is die ondersteuning vir Gaelies as 'n belangrike element van nasionaliteit nie so waarneembaar as in Katalonië nie. Sterk leierskap en drukgroepe, die derde faktor deur Cormack (1998) geïdentifiseer, sowel as openbare steun vir Gaelies, is meestal vlak en vaag, en lei nie tot die eienskappe benodig vir taalherlewing nie (McLeod 2006:5). Verder is die skakel tussen die Gaeliese taal en Skotse nasionalisme 'n swak een (McLeod 2006: 6). Ondersteuning vir Skotse onafhanklikheid dui geensins op 'n sterk verbintenis tot Gaelies nie en Gaeliese sprekers het nie onwederkerige ondersteuning vir Skotse onafhanklikheid nie. Gaeliese herlewingspogings in Skotland hou weinig verband met die nasionalistiese saak, en word nie met enige politieke party geassosieer nie (McLeod 2006:6). Volgens KcKee (1995:92) het verskeie faktore Gaeliessprekende gemeenskappe se posisie bepaal, maar Skotland en Ierland, met gedeelde ervarings, het verskillend gereageer op die bykans uitwissing van hul taal. In Ierland, baie soos in Katalonië, het die taalstryd prominensie op die nasionaliste se politieke agenda verwerf, terwyl daar in Skotland openlike nasionalistiese assosiasies vermy word (KcKee 1995:92). Die aanvaarding van 'n kulturele, eerder as politieke karakter, is kenmerkend van Skotland se Gaeliessprekende gemeenskap se behoefte om as 'n streeksgemeenskap gesien te word (KcKee 1995:94) en sluit aan by Cormack (1998) se sesde faktor wat kyk na die simboliese status van die taal. In teenstelling met Skotland is daar in Ierland 'n sterk verband tussen die kulturele en politieke nasionalisme wat die motivering vir taalontwikkeling skynbaar 'n hupstoot gegee het.

Die Skotte is egter sedert die 1950's besorg oor hoe verdeeldheid in die taalomgewing die brose ekonomie van die streek kan beïnvloed (KcKee 1995:94). Desnieteenstaande het Gaelies nie wetlike erkenning in Skotland nie, en is sy posisie as 'n medium vir amptelike en regs kommunikasie, selfs in die Gaeliessprekende gemeenskap, onduidelik. Hierdie frustrasies het tot gevolg gehad dat *Comunn na Canain Albannaich*, 'n drukgroep, gestig is (KcKee 1995:94). *Comunn na Canain Albannaich* het 'n meer militante uitkyk tot die ontwikkeling van Gaelies in Skotland gehad, maar hul invloed was egter marginaal en ondanks oorwinnings vir Gaelies in onderwys, die uitsaaiwese en kunste, het dit egter nie die afname van moedertaalsprekers gestuit nie (KcKee 1995:94). Die voortdurende afname in

sprekergetalle en taalgebruik dui daarop dat die beleide wat tot dusver ingestel is om Gaelies te onderhou en te bevorder, onvoldoende was en dat beter geïntegreerde en kragtiger strategieë dringend benodig word indien daar taalverskuiwing vanaf Engels na Gaelies verlang word.

#### 2.9.3.4. Gaelies – ontwikkeling, erkenning en uitbreiding

Ondanks die probleme wat Gaelies in die gesig staar, is daar sedert die 1970's 'n herlewing in die taal en word veldtogte van stapel gestuur om aan te dring dat die taal reeds op voorskoolse vlak vir leerders aangebied word, terwyl daar ook tekens is dat die taal se aansien by nie-sprekers in so 'n mate verbeter het dat volwassenes die taal aanleer; 'n doelwit van verwerwingsbeplanning. Slegs 67% van Gaeliessprekendes kan die taal lees en slegs 54% kan dit skryf (McLeod 2006:5). Sprekers van Gaelies is versprei oor verskillende kategorieë van gemeenskappe wat wissel van tradisionele dorpies in die Westelike Eilande tot stedelike woonbuurte soos Glasgow waar tot 44,5% van die Gaeliessprekendes tans woonagtig is (Cormack 2005:115). Ondanks hierdie afname het twee onlangse inisiatiewe 'n merkbare invloed op die aantal sprekers gehad, naamlik opvoeding en uitsaaiwese (radio en televisie).

Die totale finansiële steun wat die staat in 2010 bestee het aan die ontwikkeling is meer as 13 miljoen pond en plaaslike amptenare maak ook merkbare finansiële bydraes in hul distrikte (McLeod 2001:3). In 2015 word die finansiële bydraes tot byna 20 miljoen pond verhoog. Waar daar in die 1980's geen leerders was wat onderrig in Gaelies ontvang het nie, het die syfer vermeerder tot 1862 laerskoolleerders in 2000 (McLeod 2001:3). Met inagneming dat Gaelies histories uitgesluit is as onderrigmedium, is hierdie syfer van kardinale belang, maar dit is duidelik dat dramatiese groei nodig is om die aantal sprekers stabiel te hou (McLeod 2001:4). Ten spyte van inisiële groei aan die begin van die eeu blyk dit uit die Skotse nasionale statistieke dat die aantal leerders wat in Gaelies onderrig word, steeds afneem met slegs 75 leerders wat in 2018 gekies het om hul finale skooleksamens in Gaelies af te neem. Hierdie afname word bevestig deur 'n studie in 2020 deur taalkundiges aan die Universiteit van die Hooglande en Eilande (UHI) wat bevind het dat die taal van min belang is vir jongmense en moontlik binne 'n dekade kan uitsterf (The Guardian, 2020).

Met betrekking tot media-inisiatiewe was daar minimale deelname van Gaelies tot en met die 1970's se toename in radio- en televisiedeelname (McLeod 2001:5). Volgens Cormack (1993:101) is uitsaaimedia tradisioneel nie 'n platform wat erns neem met minderheidstale nie en sien nasionale uitsaaimedia hul gehoor as die sprekers van die land se meerderheidstaal. Uitsaaimedia loop in samewerking met prosesse wat die sentralisering van 'n homogene staat en terselfdertyd die minimalisering van minderheidstale verseker (Cormack 1993: 101). Cormack (1993:101) meen egter dat sedert minderheidstale selfvertroue en politieke bewuswording aangeskaf het, het hierdie tale begin aandring op hul eie media-inisiatiewe wat onafwendbaar tot konflik gelei het.

Nie alle minderheidstale beskik oor amptelike status nie en daarom is die fokus op Skotse Gaelies, 'n taal wat gesien word as deel van die kulturele karakter van die land met min politieke ondersteuning, belangrik. Ten spyte van finansiële ondersteuning is daar 'n voortdurende afname in sprekergetalle in Skotland wat daarop dui dat die beleide wat tot dusver ingestel is om Gaelies te onderhou en te bevorder, onvoldoende is om die taalverskuiwing vanaf Engels na Gaelies af te weer. In teenstelling met Gaelies het die vier tale wat in hierdie studie bestuur word almal amptelike erkenning en is hierdie ondersteuning vanaf die regering kernbelangrik omdat dit 'n aanduiding is van die regering se politieke wil en is in ooreenstemming met die tweede faktor deur Cormack geïdentifiseer vir minderheidstaalmedia se oorlewing. In die volgende afdeling word daar gekyk na taalbeplanning in Australië, 'n land wat, soos Suid-Afrika, 'n wye verskeidenheid inheemse tale het wat lank onderdruk is.

#### **2.9.4. Taalbeplanning en -beleid in Australië**

Alhoewel Engels die de facto amptelike taal in Australië is, beskik die land oor 'n magdom inheemse en immigranttale wat deur veeltalige minderhede gepraat word (Lo Bianco 2002). Volgens WorldAtlas word daar verskeie tale in Australië gepraat, insluitend Australiese Engels, Inheemse tale (soos Tasmaniese tale, Aboriginale tale, Torres Straat-eilandtale), minderheidstale (soos Mandaryns, Chinees, Italiaans, Arabies, Grieks en Kantonees) en gebaretale. Ondanks 'n nalatenskap van minagting van minderheids- sowel as inheemse tale, word alom erken dat Australië uniek is onder Engelse dominante lande vir sy poginge om 'n omvattende benadering tot taalbeleide te ontwikkel (Lo Bianco 2002). Hierdie poginge is in 'n groot mate gedryf

deur *The National Languages and Literacy Institute of Australia*, 'n organisasie wat gestig is na die saamstel van die eerste amptelike Australiese taalbeleid in 1989 (Lo Bianco 2002) en *Australian Institute of Aboriginal and Torres Strait Islander Studies* (AIATSIS). Die oorkoepelende fokus van taalbeplanning was op die intellektuele en kulturele verryking van Australiese inwoners deur taaldiversiteit; gelykheid en verbeterde sosiale en opvoedkundige deelname van alle immigrant- en inheemse gemeenskappe; en eksterne fasilitering van handels- en handelsbetrekkings en strategiese diplomatieke, kommersiële en veiligheidsbelange (Lo Bianco 2002). Met hierdie beginsels in gedagte is 'n groot aantal gekoördineerde programme geloods om sosiale ongelykhede en diskriminasie aan te spreek deur die verbetering van die openbare agting vir tweetalige bevoegdheid (Lo Bianco 2002).

Sedert die aanbreek van die digitale era het van die inheemse gemeenskappe in Australië betrokke geraak by projekte om hul eie media te ontwikkel om nuus en relevante inligting oor en vir hul eie gemeenskappe te verskaf (Budarick & Han 2017:105). Volgens Budarick & Han (2017:106) bevorder hierdie inheemse media-agendas onderwerpe soos selfbeskikking, soewereiniteit, kulturele verteenwoordiging en die vermoë om te kommunikeer met magshebbers oor die behoeftes van inheemse gemeenskappe. Die ontwikkeling van 'n dinamiese uitsaaisektor in die gemeenskap, en die skep van inheemse digitale media, verskaf aan Aboriginaal en Torres Straat-eilandbewoners 'n stem, wat hulle in staat gestel het om 'n strategiese toetrede tot kontemporêre beleidsdebatte te maak, ten einde die erkenning van inheemse volke in die Australiese grondwet te bewerkstellig (Budarick & Han 2017:106). Een van hierdie gemeenskappe is die Ngaanyatjarra-gemeenskap in die weste van Australië waar baie jongmense nou rekenaarvaardig is en gebruik maak van video's, skyfievertonings en nuusbriewe om te kommunikeer (Featherstone 2020:28).

#### 2.9.4.1. Inheemse Australiese tale – die aantal sprekers van die taal

Volgens AIATSIS is daar meer as 250 Aboriginale tale in Australië, waarvan sommige, soos Meriam Mir, met so min as 200 sprekers terwyl ander, soos Warlpiri, ongeveer 2500 sprekers het. Sedert 1987 is daar in sowat 80 Australiese gemeenskappe projekte van stapel gestuur om gemeenskappe betrokke te kry by die produksie van media in hul eie inheemse taal (Featherstone 2020:28). Die

Ngaanyatjarra-gemeenskap is een so 'n groep inheemse taalsprekers wat uit slegs 2000 inwoners bestaan, en alhoewel dit aansienlik minder is as die een miljoen wat Cormack meen nodig is vir haalbare oorlewing van minderheidsmedia, het hierdie gemeenskap reeds baie vermag, meestal as gevolg van die duidelike politieke ondersteuning wat die gemeenskap vanaf die AIATSIS ontvang het.

#### 2.9.4.2. Inheemse Australiese tale – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder

AIATSIS is in 2013 deur die Australiese regering gestig om te help om Aboriginale tale te “erken, respekteer, vier en waardeer” (AIATSIS 2020). Een van AIATSIS se kernfokusse is om taalherlewing en -herwinning te fasiliteer deur gesprekke met ouer Aboriginale te voer en historiese data te gebruik om tale vir opkomende generasies te red (AIATSIS, 2020). Verder is AIATSIS ook betrokke by die indeks van hulpbronne in die vorm van leeslyste, databasisse en geselekteerde webwerwe wat bydra tot die ontwikkeling van Aboriginale tale. Laastens het AIATSIS ook 'n projek geloods waar gemeenskappe en organisasies ondersteun word om woordeboeke in Aboriginale tale beskikbaar te stel (AIATSIS 2020).

#### 2.9.4.3. Inheemse Australiese tale – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale

Die loodsing van die AUSSAT-satelliet in die 1980's, wat televisiedienste vir die eerste keer in die afgeleë noordelike gebied van Australië moontlik sou maak, het potensieel 'n groot kulturele impak vir die inheemse mense in die Yuendumu-gemeenskap ingehou (Featherstone 2020:28). Daarom het die Australiese Instituut vir Inheemse Studies 'n antropologiese navorsingsprojek onderneem om die impak van media op die inheemse taal en kultuur te ontleed (Featherstone 2020:28). In 'n verslag, *The Aboriginal Invention of Television in Central Australia* deur Michaels in die 1980's, word aangevoer dat die inheemse gemeenskap nie bloot passiewe slagoffers van hierdie jongste laag mediakolonisering is nie. Volgens die verslag kon die gemeenskap, as aktiewe kultuurprodusente, die plaaslike uitsaaiwese gebruik ten bate van hul eie kulturele instandhoudingsuitkomstes (Featherstone 2020:28). Die Ngaanyatjarra-gemeenskap beskik oor sterk leierskap en kon hulself mobiliseer om die media tot hul eie voordeel te gebruik om groter seggenskap in kontemporêre beleidsdebatte te hê ten einde die erkenning van inheemse volke in die Australiese



grondwet te bewerkstellig. Volgens Featherstone (2020:29) is dit egter belangrik om die inherente kulturele waardes wat binne enige tegnologie ingebed is, te erken. Die internet is gebaseer op die aanname dat inligting vrylik beskikbaar moet wees vir alle mense, die antitese van Ngaanyatjarra-kultuur waarin kennis hoog op prys gestel word en selektief van geslag tot geslag oorgedra word op grond van individuele ouderdom en kulturele status (Featherstone 2020:29).

#### 2.9.4.4. Inheemse Australiese tale – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding

Die Ngaanyatjarra-gemeenskap is ongeveer 1000 kilometer weg van die naaste dorp, maar danksy die implementasie van breëband-internetverbinding kon Ngaanyatjarra Media 'n webwerf ontwikkel om 'n aanlyn teenwoordigheid vir die Ngaanyatjarra-gemeenskappe te bied wat hulle in staat stel om inligting in hul eie taal te deel (Featherstone 2020:40). Alhoewel dit nog in die beginfase is, is die Ngaanyatjarra-gemeenskappe entoesiasties om te leer hoe om media te skep, te kommunikeer en om toegang te verkry tot plaaslike media (Featherstone 2020:44). Aanvanklike opleiding het gefokus op die neem van digitale foto's, die maak van skyfievertonings, kort video's en musiekopnames (Featherstone 2020:36). Later is daar ook teks ontwikkel vir nuusbriewe, plakkate en begrafniskennisgewings.

Die sukses van die program getuig van die eienaarskap van die Ngaanyatjarra-gemeenskappe in die proses en gewilligheid om gehoor te gee aan die lesse wat geleer is uit vorige programme in die streek (Featherstone 2020:46). Die fokus op oudiovisuele media as vertrekpunt blyk om doeltreffend te wees, maar daar is ook 'n duidelike neiging na meer teksgebaseerde woordverwerkers wat opwindende moontlikhede inhou vir die skep van inheemse media in die vorm van koerante en meer gevorderde video- en musiekproduksie (Featherstone 2020:46). Alhoewel die vlak van mediaproduksie in Suid-Afrika baie hoër is as die bogenoemde media van die Ngaanyatjarra-gemeenskappe, is daar duidelike lesse te leer uit die vlak van eienaarskap wat die Ngaanyatjarra-gemeenskappe getoon het, asook die toepassing van nuwe tegnologie ten einde hul taal te bevorder. Die volgende afdeling kyk na die aboriginale groepe in Kanada, wie se situasie vergelykbaar is met die aboriginale groepe van Australië, maar wat reeds veel langer fokus op maniere om hul eie inheemse tale en kulture te bevorder.

### 2.9.5. Taalbeplanning en -beleid in Kanada

Die taalkundige situasie in Kanada is vergelykbaar met Suid-Afrika omdat 'n groot aantal inheemse tale aanwesig is in 'n land waarin daar oorwegend twee Europese tale (Engels en Frans) gepraat word. Volgens die 2001-sensus deur die Kanadese Departement van Statistiek het 59,7% Engels as hulle moedertaal gemerk, gevolg deur 23,2% wat Frans as hul moedertaal sien en ongeveer 18,5% wat 'n ander taal as hul moedertaal aangedui het (Canadian Heritage 2006:9). Hierdie 18,5% van sprekers bestaan uit 'n wye verskeidenheid immigranttale soos Europese tale, Punjabi en Arabies, sowel as 50 inheemse Aboriginale tale (Norris 2006:197). Die huidige situasie van die inheemse Aboriginale tale sal in die volgende afdeling bespreek word.

#### 2.9.5.1. Minderheidstale in Kanada – die aantal sprekers van die taal

Volgens die 2001-sensus het 976 000 inwoners hulself as Aboriginale beskryf, maar desnieteenstaande kan slegs 235 000 in die onderskeie tale kommunikeer wat dit onder die een miljoen merk plaas wat Cormack stel vir lewensvatbaarheid van minderheidstaalmedia (Norris 2006:199). Die Aboriginale tale het in die verlede die gevolge van taalverskuiwing ervaar met die aantal moedertaalsprekers wat in 1996 op ongeveer 208 600 sprekers gestaan het wat in 2001 tot 203 300 verminder het (Norris 2006:199). 'n Positiewe verandering het egter sedertdien plaasgevind en volgens die 2016-sensus het die aantal moedertaalsprekers toegeneem tot 260 550 met ongeveer 1 673 785 inwoners wat hulself as Aboriginale beskryf (McIvor 2018:3). Die twee hoofredes vir die toename is die natuurlike groei in aanwas, asook die verandering wat plaasgevind het in die plaaslike gemeenskap wat meer gemaklik is om te identifiseer as Aboriginaal (Statistics Canada 2017). Hierdie nuwe sin vir gemaklikheid kan toegeskryf word aan doelbewuste poginge deur die Kanadese regering om die skade wat koloniale tale aan inheemse tale aangerig het, ongedaan te maak (McIvor, 2018:1). Die volgende afdeling fokus op die stappe wat gevolg is om hierdie skade aan te spreek.



#### 2.9.5.2. Minderheidstale in Kanada – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder

Kanada is amptelik tweetalig met Engels en Frans as die amptelike tale, maar word gesien as 'n multikulturele land (Davis 2017:52). Die wydverspreide verlies aan inheemse tale wat die Aboriginale gemeenskappe in Kanada ervaar het, is egter die afgelope paar dekades in die kollig geplaas. Hierdie nuwe belangstelling in Aboriginale gemeenskappe het daartoe gelei dat die Kanadese Waarheids- en Versoeningskommissie (TRC) besluit het dat die kritieke status van Kanada se inheemse tale aangespreek moet word as 'n belangrike deel van die versoeningsproses (Davis 2017:52). Bykomend tot hierdie versoek het die Kanadese eerste minister, Trudeau, in Desember 2016 aangekondig dat die regering die aanbevelings van die TRC gaan implementeer, insluitend 'n onderafdeling wat aandring op die erkenning van Aboriginale tale en die implementasie van 'n nuwe Inheemse Taalwet (Davis 2017:52). Hierdie Kanadese Inheemse Taalwet word in Junie 2019 aanvaar en sluit onder andere in dat inheemse tale, sowel as inheemse gebaretale, bevorder sal word en dat inheemse gemeenskappe ondersteun sal word om hul tale te herwin, te laat herleef, onderhou en versterk (Kanadese Inheemse Taalwet 2019). Verder vereis die Kanadese Inheemse Taalwet sekere vereistes ten opsigte van die befondsing van projekte, asook dat die regering in gesprek met Aboriginale rolspelers moet tree om die behoeftes van die gemeenskappe te bepaal (Kanadese Inheemse Taalwet 2019). Dus, alhoewel die tale nie amptelike status geniet nie, is daar doelbewuste veldtogte vanuit politieke oorde om die taal te bevorder – Cormack se tweede faktor.

#### 2.9.5.3. Minderheidstale in Kanada – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale

Die uitbeelding van aktivistiese gedrag deur Aboriginale groepe word egter oorwegend negatief in die media uitgebeeld (Wilkes *et al.* 2010:42). Volgens Wilkes *et al.* (2010:42) veroorsaak hierdie tipe negatiewe uitbeelding dat Aboriginale groepe hulself moet wend tot hul eie media om hul boodskap uit te dra. Geskrewe media in die vorm van gemeenskapskoerante is reeds sedert 1828 deur die Aboriginale gebruik met die publikasie van “*Cherokee Phoenix*”, 'n tweetalige koerant wat in Engels en Cherokee, 'n Aboriginale taal, gepubliseer is (Avison & Meadows 2000:3). Sedert die 1970's het daar ongeveer 90 publikasies in Aboriginale tale die lig gesien met die doel om

Aboriginale identiteite uit te leef ten einde die strewe na selfbeskikking te bekragtig (Avison en Meadows, 2000:3). Radio-uitsendings in Cree, nog 'n Aboriginale taal, word danksy die ondersteuning van die federale regering moontlik gemaak in 1968 en in 1975 kry die *Inuit Tapirisat of Canada* (ITC) die geleentheid om televisieproduksies via die Anik B-satelliet in Inuit ('n Aboriginale taal) uit te saai (Avison % Meadows 2000:3 en Brisebois 1983:108). Inuïte-leerlinge het opleiding ontvang en binne enkele maande het hierdie jongmense produksies in hul eie taal vervaardig wat die kultuur, gemeenskap en sienings van die Inuit-mense gedokumenteer het. Hierdie produksies is deur die plaaslike Aboriginale gemeenskap geloof en het bewys dat uitsaaiwese 'n belangrike rol kan speel in die bewaring van Aboriginale kultuur en taal (Brisebois 1983:108-109). Verdere projekte vanuit die gemeenskap is die van Belinda Daniels, 'n onderwyseres wat in 2003 'n projek begin het, waar sy Cree onderwysers betaal het om die taal vir studente aan te leer (Adam, 2020). Teen 2019 word daar twee weeklange kampe elke somer aangebied waar 30 studente by elke kamp geleer word hoe om die taal te praat. Daniels word gevolglik genomineer vir 'n verskeidenheid toekennings, insluitend die Globale Onderwyser van die Jaar in Dubai in 2016 (Adam, 2020).

#### 2.9.5.4. Minderheidstale in Kanada – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding

Die koersverandering in openbare opvatting van Aboriginale tale en hul belangrikheid, gevolg deur die Kanadese Inheemse Taalwet het, die erkenning van Aboriginale tale in Kanada aansienlik bevorder. Alhoewel Aboriginale tale nog nie amptelike status verwerf het nie, beklemtoon die regering die belang van inheemse tale en is hulle verantwoordelik vir die vorming van organisasies soos *First Peoples' Cultural Council* (FPCC) – 'n organisasie wat fokus op die herlewing van Aboriginale taal, kultuur en kuns – en *Canadian Indigenous Languages and Literacy Development Institute* (CILLDI) – 'n gesamentlike onderneming tussen inheemse taalnavorsers en aktiviste aan die Universiteit van Alberta en die Universiteit van Saskatchewan, wat fokus op die uitbreiding van Aboriginale tale deur opleidingsgeleenthede. Die FPCC bedien sedert 1990 Aboriginale gemeenskappe met 'n wye verskeidenheid projekte om sprekers van alle ouderdomme in staat te stel om Aboriginale tale aan te leer en die kuns en kultuur te laat herleef deur befondsing te bied om die erkenning en uitbreiding van die tale te ondersteun (FPCC 2020). Benewens opleidinggeleenthede fokus die

CILLDI op die aanbieding van kursusse en werksessies in gemeenskappe, die ontwikkeling van taalbronnemateriaal en samewerking aan 'n verskeidenheid taaldokumentasie, soos woordeboeke en taalreëls, en herlewingspogings om die ontwikkeling van Aboriginale tale te bevorder (CILLDI 2020). Die laaste voorbeeld van 'n internasionale taal wat bespreek gaan word, is dié van Indië. Soos Suid-Afrika, word Indië gekenmerk as 'n veeltalige land met 'n groot verskeidenheid tale en is Engels steeds 'n belangrike taal vir intertalige kommunikasie.

### 2.9.6. Taalbeplanning en -beleid in Indië

Die taalkundige situasie in Indië is die mees kompleks van die vyf voorbeelde wat in die studie bespreek is en het na raming 1369 moedertale (Singh 2018:2). Grondwetlik is Hindi Indië se enigste amptelike taal en word 121 tale volgens die 2011-sensus gerapporteer waarvan 22 tale as geskeduleerde<sup>28</sup> tale geklassifiseer word (Singh 2018:2). Volgens Unesco is Indië is ook een van die lande met die hoogste aantal bedreigde tale, desnieteenstaande gee die Indiese Grondwet erkenning aan minderheidstale sonder om die term te definieer (Benedikter 2011:453). Die volgende afdeling gaan meer in diepte kyk na die verskillende sprekers in Indië.

#### 2.9.6.1. Minderheidstale in Indië – die aantal sprekers van die taal

Die Indiese bevolking bestaan uit ongeveer meer as 'n miljard inwoners waarvan meer as 400 miljoen Hindi-sprekers is. Bengali, Telugu, Marathi en Tamil sluit die topvyf mees gesproke tale in, elk met tussen 50 en 83 miljoen sprekers (Benedikter 2011:455). Met betrekking tot minderheidsprekers is dit moeiliker om die aantal te bepaal juis vanweë die wyse waarop minderheidstale in Indië bepaal word (Benedikter 2011:455). Die meerderheid van minderheidstaalsprekers se moedertaal is een van die geskeduleerde tale en slegs omtrent 30 miljoen, oftewel 3%, van sprekers se moedertaal is een van die nie-geskeduleerde, dikwels bedreigde tale (Benedikter 2011: 455).

Hierdie nie-geskeduleerde tale word nie op skoolvlak aangebied nie, word nie deur staatsadministrasie gebruik nie en meermale het die taal geen geskrewe vorm nie, en

---

<sup>28</sup> Geskeduleerde tale verwys na tale wat in die agtste weergawe van die Indiese Grondwet genoem word (Benedikter, 2011:455).

gevolglik word hierdie tale nie gebruik vir die produksie van enige vorm van media nie (Benedikter 2011:455). Bykomend is die enigste bron van inligting oor tale die nasionale sensus wat sedert 1991 nie meer van tale met minder as 10 000 sprekers rekord hou nie (Benedikter 2011: 457).

#### 2.9.6.2. Minderheidstale in Indië – doelbewuste veldtog vanuit politieke oorde om die taal te bevorder

Taalbeplanning in Indië word gekenmerk deur 'n groot verskeidenheid beleide sonder definitiewe definisies van kernkonsepte soos minderheidstale of moedertale (Benedikter 2011:453). Die Indiese Grondwet erken wel die gedagte van linguistieke minderhede, maar nie-geskeduleerde tale kry min erkenning in amptelike dokumente en status van kleiner tale word glad nie aangespreek nie (Benedikter 2011:453). Met betrekking tot die uitbreiding van die tale, maak Indië gebruik van 'n Drietaal-formule om die tale wat op skole aangebied word, te bepaal (Rizvi 2016:227). Die Drietaal-formule dateer uit 1968 en stel dit dat die eerste taal die moedertaal of distriktaal van die gebied moet wees, die tweede taal in Hindi-sprekende state moet Engels of 'n moderne Indiese taal wees en in nie-Hindi-sprekende state moet die tweede taal Engels of Hindi wees (Rizvi, 2016: 228). Die derde taal moet in Hindi-sprekende state Engels wees of 'n moderne Indiese taal (wat nie as tweede taal aangeleer word nie) en in nie-Hindi-sprekende state moet die derde taal Engels of 'n moderne Indiese taal wees (wat nie as tweede taal aangeleer word nie). Die fokus tot op hede was hoofsaaklik die bevordering van die 22 geskeduleerde tale met die Indiese regering wat in 2019 aangedui het dat alle handboeke op universiteitsvlak in al 22 geskeduleerde tale vertaal sou (Verma, 2020). Verder het sommige Indiese state, soos Chhattisgarh, besluit om op kleuterskoolvlak plaaslike inheemse tale aan te bied (Verma, 2020). Op grond van die demografie van die staat is 10 tale geïdentifiseer, insluitend Gondi, Halbi, Madiya, Bhatri, Dhurva, Dorli, Singrauliya, Sargujiya, Sadri en Kudukh, almal nie-geskeduleerde tale (Verma, 2020). Al tien hierdie tale is nie-geskeduleerde tale en die besluit van die regering om hierdie tale in te sluit op voorskoolse vlak is 'n positiewe teken vir die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van minderheidstale in Indië. Die volgende afdeling gaan fokus op projekte wat deur organisasies in die gemeenskap tot stand gebring is en hoe dit minderheidstale bevorder.

### 2.9.6.3. Minderheidstale in Indië – die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale

’n Interessante projek is in 2020 deur twee maatskappye in Indië, *CGNet Swara* en *IIIT Naya Rapipur*, in samewerking met *Microsoft Research Lab* geloods om masjiengedrewe vertalings tussen Hindi en Gondi (’n nie-geskeduleerde Indiese taal) moontlik te maak (Multilingual 2020). Die maatskappye het die projek aangepak vanweë ’n tekort aan geskrewe werke in Gondi, ’n taal met bykans twee miljoen sprekers, en ’n tekort aan plaaslike onderwysers wat die taal magtig is (Multilingual 2020). *CGNet Swara* is ’n aanlyn nuuswebwerf waar die publieke nuuswenke per telefoon kan instuur, en om hul werk te vergemaklik het hulle die masjiengedrewe vertalings aangepak en ook saam met *Pratham Books*, ’n uitgewer, gewerk om 400 kinderboeke te vertaal (Multilingual 2020). Hierdie twee projekte deur plaaslike maatskappye wys duidelik die positiewe invloed wat organisasies en lede van die publiek kan speel in die bevordering van minderheidstale. Die volgende afdeling gaan kyk na die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van minderheidstale in Indië.

### 2.9.6.4. Minderheidstale in Indië – Ontwikkeling, erkenning en uitbreiding

Soos reeds genoem is daar onduidelikheid in Indië oor kernkonsepte soos minderheidstale en moedertaal. Alhoewel die Indiese grondwet erkenning gee aan die regte van linguistieke minderhede, is daar te min aandag gegee aan nie-geskeduleerde tale. Die ontwikkeling van Indiese tale is ook skaars met enkele projekte wat hoofsaaklik op die 22 geskeduleerde tale fokus. Indië se *laissez-faire*<sup>29</sup> houding teenoor minderheidstale, veral nie-geskeduleerde minderheidstale, tesame met die oorweldigende rol van Engels dien as ’n waarskuwing vir Suid-Afrika.

Hierdie voorafbespreekte vyf lande se taalbeplanning bied strategieë vir die hantering van minderheidstale, elk met voor- en nadele vir die sprekers en die breër gemeenskap. Eerstens is dit duidelik dat deur bloot vanaf regeringsvlak amptelike status aan ’n taal te koppel nie genoeg is om die sukses van die taal te verseker nie. In Kanada is die ondersteuning vanaf regeringskant egter doeltreffend omdat daar

---

<sup>29</sup> *Laissez-faire* verwys na ’n beleid van minimum regeringsinmenging in die ekonomiese aangeleenthede van individue en die samelewing (Britannica).

veldtogte is om die belangrikheid van inheemse tale te kommunikeer. Tweedens speel die aantal sprekers nie 'n deurslaggewende rol nie en kan tale met 'n groot aantal sprekers, soos dié in Indië, steeds die risiko loop om uit te sterf. Dertens berus die onus steeds op die gemeenskap om eienaarskap te neem van hul taal en die bevordering daarvan. In Australië het die minderhede van tegnologie gebruik gemaak om hul eie oortuiginge te laat hoor en sodoende hulle in staat gestel om 'n strategiese toetrede tot kontemporêre beleidsdebatte te maak ten einde die erkenning van inheemse volke in die Australiese grondwet te bewerkstellig (Budarick & Han 2017:106). Hierdie gevolgtrekkings bied insig vir Suid-Afrikaanse taalbeplanners wat tot op hede grootliks gebruik gemaak het van bo-na-onder-benaderings wat, soos in die geval van Skotland, nie suksesvol is wanneer dit nie die ondersteuning van die betrokke minderhede het nie (Webb 2009: 190). Die volgende hoofstuk gaan fokus op die wyse waarop data ingesamel en ontleed gaan word om juis die de jure-toestand van minderheidstale in Suid-Afrikaanse media te bepaal.

## Hoofstuk 3

### Die Metodologie

#### 3.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk gaan die metodologie en navorsingsontwerp bespreek word. Gedetailleerde beskrywings sal gegee word om die metodes waarop data ingesamel is en ontleed sal word, te verduidelik.

Hierdie studie word geklassifiseer deur ondersoekende en korrelasie-navorsing wat ten doel het om die verband tussen veranderlikes oor 'n onbekende onderwerp te verstaan (Bless, Smith & Kagee 2006:43). Hierdie onbekende onderwerp is om die rol van minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse met verwysing na isiZulu, Sepedi, Sesotho en Setswana, te bepaal. Fokusareas sluit in die doelwitte van verskeie beleide en instansies in die Suid-Afrikaanse regering, sowel as die invloed wat onafhanklike rolspelers soos minderheidstaalmedia-inisiatiewe het op die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale as veranderlikes en hul verhouding met mekaar.

Die navorsingsontwerp vir hierdie studie is gefokus op 'n gemengde metodologie waar beide kwalitatiewe en kwantitatiewe data ingesamel en geanaliseer gaan word in twee fases. Die struktuur van hierdie hoofstuk is gebaseer op hierdie twee fases wat ten doel het om die hoofvraag:

*Hoe bevorder minderheidstaalmedia in Suid-Afrika die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die volgende vier inheemse Afrikatale: isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana?*

te beantwoord.

Die eerste afdeling beskryf die eerste fase van die data-insameling en analise aan die hand van 'n beskrywing van gedokumenteerde en tematiese analyses en die seleksie van die verskeie dokumente wat in die studie geanaliseer gaan word. Hierdie afdeling het ten doel om die eerste subvraag:

*Watter taalbeleide is van krag op minderheidstaalmedia in Suid-Afrika?*

te beantwoord.

Die tweede afdeling fokus op die ontwikkeling van 'n vraelys en die data-insamelingsprosedure, met spesifieke verwysing na die verspreiding van vraelyste, die steekproefneming van deelnemers en die agtergrondsinligting van deelnemers wat fokus op die tweede subvraag:

*Hoe lyk minderheidstaalmedia in Suid-Afrika en hoe kan minderheidstaalmedia, met hierdie taalbeleide in gedagte, 'n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale?*

Laastens word die etiese implikasies van die studie uiteengesit.

### **3.2 Metodologie van Fase 1**

In hierdie studie is deel van die kwalitatiewe data en analise, gebaseer op sekondêre data en bronne deur die gebruik van dokumentanalise as 'n metodologie aan die hand van 'n tematiese analise (Fase 1). In Fase 1 word dokumente en beleide wat vrylik beskikbaar is en wat van toepassing is op die minderheidstale se de jure-implikasies van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana in Suid Afrika, geselekteer en geanaliseer. Hierdie tale is gekies omdat hulle, naas Engels en Afrikaans, die mees gesproke tale in Suid-Afrika is. IsiZulu, met 11,6 miljoen sprekers, is die grootste landstaal, gevolg deur isiXhosa met 8,2 miljoen, gevolg deur Afrikaans (nie in dié studie ondersoek nie) met 6,9 miljoen sprekers, Engels (nie in dié studie ondersoek nie) met 4,9 miljoen sprekers, Sepedi met 4,6 miljoen sprekers, en Setswana met 4,1 miljoen sprekers (StatsSA, 2011).

Die volgende dokumente sal 'n tematiese analise ondergaan:

- i. Nasionale beleide
  - Die Grondwet van Suid-Afrika (1996)
  - Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)
- ii. PanSAT-dokumentasie
  - Wet 59 van 1995 (de jure)
  - PanSAT-funksies (de jure)



- Jaarverslae van PanSAT (2014 tot 2018) (de facto)
- iii. MDDA-dokumentasie
  - Wet 14 van 2002 (de jure)
  - MDDA-regulasies 2003 (de jure)
  - Jaarverslae van die MDDA (2014 tot 2018) (de facto)

Hierdie beleide is gekies want hulle speel 'n rol in die taalbeplanningproses in Suid-Afrika. Artikel 6, subartikel 1 tot 5 van die Grondwet van Suid-Afrika (1996), stel vyf basiese grondliggende bepalings wat betrekking het op die gebruik van tale in die land. Die 2018-2019 jaarverslag van PanSAT word ingesluit vanweë die behoefte om die instansie se doelwitte ten opsigte van die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale te kan ontleed. Die MDDA is gestig om minderheidsmedia-inisiatiewe te verskaf. Die jaarverslae van die vorige vyf finansiële jare (2014-2018) is gekies omdat dit verteenwoordigend is van die projekte waarby die MDDA betrokke is en wat ten doel het om by te dra tot veeltaligheid en om hoër status aan die inheemse Afrikatale te verleen deur navorsing, opleiding en finansiële ondersteuning.

Die eerste afdeling van hierdie hoofstuk is dus 'n kwalitatiewe uiteensetting van 'n dokumentanalise as metodologie aan hand van die tematiese analise vir Fase 1.

### **3.2.1 Dokumentanalise in Fase 1**

Instansies soos die MDDA verskaf 'n groot aantal dokumente wat bruikbaar is vir kwalitatiewe navorsing. Een manier om hierdie inligting in die dokumente te ontleed, is om 'n dokumentanalise te doen (Bowen 2009:27). 'n Dokumentanalise behels die sistematiese evaluasie van gedrukte sowel as elektroniese bronne en sluit drie fases in, naamlik 'n oppervlakkige deurlees, 'n noukeurige nagaan en 'n interpretasie van die inhoud (Bowen 2009:32). Alvorens hierdie drie fases van ontleding plaasvind, is dit van belang dat die egtheid en betroubaarheid van die betrokke dokumente vasgestel word (Jupp 2006:80). Die dokumente wat ontleed gaan word in die studie is die jaarverslae van die MDDA wat in PDF-formaat op die instansie se webwerf beskikbaar is en deur die Suid-Afrikaanse Minister van Kommunikasie onderteken is. Gevolglik word die egtheid en betroubaarheid van die dokumente aanvaar.

Dokumentanalise is geskik vir kwalitatiewe navorsing waar 'n enkele onderwerp soos 'n gebeurtenis, organisasie of program ondersoek word (Bowen 2009:28). Hierdie studie maak van 'n dokumentanalise gebruik om die werksverrigtinge van die MDDA te bepaal ten einde die invloed van minderheidsmedia-inisiatiewe op inheemse Afrikatale te bepaal. Volgens Jupp (2006:79) is dit juis die ontwikkeling van nuwe tegnologie in die media-industrie wat daartoe gelei het dat daar 'n groter verskeidenheid dokumente – geskrewe en visueel – beskikbaar is vir analise. Dokumente kan 'n wye verskeidenheid vorme aanneem insluitend advertensies, boeke, brosjures, briewe, koerante, mediaverklarings, instansies se verslae en selfs die draaiboeke van radio- en televisieproduksies (Bowen 2009:28). Dokumentanalise word dikwels saam met ander kwalitatiewe navorsing gebruik om triangulasie in 'n studie moontlik te maak (Bowen 2009:28). Deur data driehoekig te groepeer word die geloofwaardigheid van die navorsing versterk en kan die navorser deur 'n samevloeiing van bewyse bevindings oor datastelle maak (Bowen 2009:28). Om hierdie triangulasie moontlik te maak, maak hierdie studie gebruik van amptelike taalbeleide en die doelwitte van die MDDA en PanSAT aan die een kant en dit meet teen die jaarverslae van die MDDA aan die ander kant, terwyl kwalitatiewe vraelyste die twee bene sal ondersteun om uiteindelik driehoekig te bepaal tot watter mate minderheidstaalmedia-inisiatiewe 'n invloed kan hê op die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale.

As deel van hierdie dokumentanalise sal daar begin word deur die MDDA se jaarverslae deur te lees en te analiseer, alvorens dit in die studie ingesluit word. Inligting wat uit die jaarverslae ingesamel is, insluitend aanhalings en statistiese inligting, sal gegroepeer word volgens die temas wat in Hoofstuk 2 geïdentifiseer is en in Hoofstuk 3 uiteengesit is. Bykomend tot die kwalitatiewe ontleding van die dokumente, kan daar kwantitatiewe navorsing gedoen word deur 'n evaluasie van jaar-op-jaar-patrone te doen (Bowen 2009:28). Vir hierdie rede kyk die studie na die MDDA se jaarverslae vanaf 2014 tot 2018 sodat 'n kwantitatiewe ontleding van patrone gedoen kan word.

Voordele van 'n dokumentanalise sluit onder andere in dat dit 'n doeltreffende metode is wat nie baie tydrowend is nie, omdat dit gebruik maak van data-analises eerder as

data-insameling (Bowen 2009:31). Verder is dit ook koste-effektief, omdat die data reeds ingesamel is en redelik beskikbaar is (Bowen 2009:31). Dokumente is ook onopsigtelik en onaangeraak deur die navorser en die navorsingproses terwyl dit ook stabiel en presies is met die korrekte terme en benamings vir spesifieke onderwerpe (Bowen 2009:31). Die objektiewe aard van dokumente het tot gevolg dat dit 'n meer doeltreffende metode is om data in te win as byvoorbeeld onderhoude en observasies omdat amptelike dokumente, soos die MDDA se jaarverslae, deel uitmaak van die instansie se amptelike afgetekende rekords (Bowen 2009:38). Laastens dek die inligting wat in dokumente vervat word 'n wye spektrum, soms oor 'n lang tydperk sonder die beperkings van data wat spesifiek ingesamel moet word. Desnieteenstaande het dokumentanalise ook verskeie tekortkominge wat hoofsaaklik spruit uit die feit dat die dokumente ontwikkel is vir doeleindes wat nie noodwendig navorsing insluit nie (Bowen 2009:32). Dit het tot gevolg dat die data dikwels nie genoegsame detail bevat nie en dat die navorser 'n ontleding moet doen met data wat nie volledig is nie of van swak gehalte is. Verder kan onvolledige inhoud daartoe lei dat die seleksie van inhoud bevooroordeel is (Bowen 2009:32).

Volgens Jupp (2006:80) is dit belangrik om in gedagte te hou dat dokumente 'n uitwerking kan hê op die navorser se interpretasie en ook 'n vermoede kan verander of versterk, maar dat die ontvanger van die dokumentboodskap (en selfs die navorser) kan kies om die boodskap vir ander doeleindes te gebruik. Ten spyte van die vrylike beskikbaarheid en die groot aantal data waaroor dokumente beskik, is dit nodig vir navorsers om die dokumente krities te benader alvorens dit in 'n studie ingesluit word (Bowen 2009:33). Die oorspronklike bedoelings van die dokument moet in ag geneem word tydens die navorsingsproses en inhoud moet nie bloot weergegee word sonder om die relevansie van die inhoud te bestudeer nie (Bowen 2009:33). Waar moontlik moet die inhoud van dokumente vergelyk word met ander data, byvoorbeeld in die geval van die MDDA se jaarverslae sal die resultate van die vraelyste bykomende inligting bied oor die minderheidstaalmedia-inisiatiewe en die inheemse Afrikatale wat hulle bevorder. Deur bykomende data te vergelyk word die rol van die navorser as subjektiewe vertolker beperk en skep 'n omgewing waarin die ontleding, soos kwalitatiewe navorsing vereis, deursigtig en presies kan plaasvind (Bowen 2009:38).

Die standaardbenadering tot die ontleding of analise van dokumente is om hoofsaaklik te fokus op die inligting wat daarin vervat is (Given 2008:230). Hierdie tipe van inhoudsontleding fokus op woord- en frasetellings sowel as numeriese mates wat in die dokument vervat word (Given 2008:230). Daar sal eerstens gekyk word na artikel 6 subartikel 1 tot 5 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) om 'n ontleding van die de jure taalkundige inhoud te doen. Hierdie bepaling impliseer dat die gebruik van inheemse Afrikatale nie net sou toeneem nie, maar ook ondersteuning tot hoër status en bevordering sou ontvang. Hierdie veronderstelling vorm die fondasie waarop die de jure-status van veral inheemse Afrikatale gebaseer is en verduidelik die regering se rol in die ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van die tale. Volgende sal daar gekyk word na PanSAT se fokusareas soos vervat in die 2018/9-jaarverslag en hoe dit ooreenstem met taalbeplanningsprosesse wat bevorderdelik is vir minderheidstale. Laastens sal die MDDA se jaarverslae vir die vyf finansiële jare (2014-2018) kwalitatief sowel as kwantitatief ontleed word ten opsigte van die doelstellings en werkverrigtinge van die organisasie. Die kwalitatiewe ontleding sal kyk na die doelstellings van die MDDA, soos vervat in hul jaarverslae en hoe hierdie doelwitte moontlik kan bydra tot die bevordering van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

Die kwantitatiewe analise van die dokumentanalise maak gebruik van die numeriese inligting in die onderskeie jaarverslae om statistiese analise te doen van die aantal minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat finansiëel ondersteun word, die hoeveelheid finansiële bydraes wat ontvang word en die opdeling van tale in persentasies deur die onderskeie minderheidstaalmedia-inisiatiewe gebruik. Die data in die jaarverslae sal in 'n spreitabel ingelees word saam met die naam van die minderheidstaalmedia-inisiatief, die soort media (aanlyn of gedrukte koerante of radiostasie of televisie), die jaar waarin dit befondsing ontvang het, die hoeveelheid befondsing wat ontvang is en die uiteensetting van die taal van publikasie of uitsaai.

Die tematiese analise van die genoemde dokumente sal gevolglik geskied in terme van die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale – 'n tematiese analise wat in literatuurstudie in Hoofstuk 2 bespreek is. Die volgende afdeling bespreek hierdie tematiese analise breedvoerig.

### 3.2.2 Tematiese analise in Fase 1

Tematiese analise sluit aan by die dokumentanalise in dat die bogenoemde dokumente ontleed word om te bepaal tot watter mate hulle 'n invloed het op die de jure taalomgewing in Suid-Afrika. 'n Tematiese analise is die ontleding van kwalitatiewe data wat gesegmenteer en gekategoriseer word, sowel as opgesom en gerekonstrueer op 'n manier wat die belangrike konsepte binne die datastel identifiseer (Given 2008:867). 'n Tematiese analise is hoofsaaklik 'n beskrywende strategie waar patrone binne 'n kwalitatiewe datastel vereenvoudig uitgebeeld word (Given 2008:867). Die temas wat in die dokumentanalise gebruik gaan word, is temas wat uit Hoofstuk 2 se literatuuroorsig en in die teoretiese raamwerk van die studie geïdentifiseer is. Die volgende temas word in die tematiese analise gebruik:

- (i) Die vier toetse van Kerr waaraan doeltreffende beleide gemeet moet word (Kerr (1976: 359).
  - a. Wenslikheid
  - b. Regverdigheid
  - c. Doeltreffendheid
  - d. Verdraagsaamheid
- (ii) Die hoofkonsepte binne die veld van taalsosiologie, naamlik: ontwikkeling, erkenning en uitbreiding binne die status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning van die taalbeplanningsproses (Cooper, 1989:45)
- (iii) Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk met 28 doelwitte (Kaplan en Baldauf 2003:202)
- (iv) Cormack se vier gevalle waartydens minderheidsmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale (Cormack 2004:2):
  - a. Verhoogde simboliese waarde van 'n minderheidstaal
  - b. 'n Finansiële inspuiting tot 'n minderheidstaal
  - c. Skep 'n openbare sfeer vir minderheidstaal
  - d. Bied 'n belangrike skakel tussen 'n minderheidsgemeenskap en die samelewing waarin hul funksioneer.

- (v) Cormack se sewe faktore wat die oorlewing van minderheidsmedia bepaal bestaan uit (Cormack 1998):
- a. aantal sprekers van die taal
  - b. doelbewuste poginge vanuit politieke oorde om die taal te bevorder
  - c. die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale
  - d. die politieke kultuur van die staat
  - e. die ooreenstemmende mag van die gemeenskap
  - f. die simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land
  - g. internasionale tendense met betrekking tot minderheidstale

Die tematiese analise sal uit vier stappe bestaan. Die eerste stap bestaan uit die tematiese analise van die dokument uit die toepassing van Kerr (1976: 359) se vier toetse, waaraan goeie openbare beleide moet voldoen. Verder in stappe twee, drie en vier word 'n analise gedoen in terme van 'n integrasie met punt (ii) en (iii). Die volgende tabel (Tabel 4) verskaf 'n templaar vir die integrasie-analise.

**Tabel 4** Templaat vir data-analise van stap 1 in Fase 1.

	Benaderings	Beleidsbenadering		Aanwasverbouingsbenadering	
Met betrekking op uitbreiding en erkenning.	Status-beplanning	Statusstandaardisering	Amptelike funksie (doelwit 1)	Statusbeplanning	Taalherlewing (doelwit 4): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstelling</li> <li>• Hernuwing</li> <li>• Ommekeer</li> </ul>
			Nasionalisering (doelwit 2)		Taalonderhoud (doelwit 5)
			Verbod (doelwit 3)		Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)
					Taalverspreiding (doelwit 7)
Met betrekking op ontwikkeling en uitbreiding.	Korpus-beplanning	Standaardisering	Standaardisering van die Korpus (doelwit 8): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>	Uitbreiding van die korpus	Leksikale modernisering (doelwit 10)
			Standaardisering van die hulpkode (doelwit 9) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>		Modernisering van styl (doelwit 11)
					Opknapping van die taal (doelwit 12) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taalsuiwering</li> <li>• Taalherlewing</li> <li>• Stilistiese vereenvoudiging</li> <li>• Eenwording van terminologie</li> </ul>
					Internasionalisering (doelwit 13)
Met betrekking op ontwikkeling, uitbreiding en erkenning.	Verwerwings-beplanning	Beleidsontwikkeling	Toegangsbeleid (doelwit 14)	Verwerwingsbeplanning	Taalherwinning (doelwit 21)
			Personeelbeleid (doelwit 15)		
			Kurrikulumbeleid (doelwit 16)		Taalonderhoud (doelwit 22)
			Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)		Taalverskuiwing (doelwit 23)
			Hulpbronbeleid (doelwit 18)		
			Gemeenskapbeleid (doelwit 19)		
			Evaluasiebeleid (doelwit 20)		



Met betrekking op uitbreiding en erkenning	Prestige-beplanning	Taalbevordering	Amptelike / Regerings (doelwit 24)	Intellektualisering	(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taal van wetenskap</li> <li>• Taal van beroepe</li> <li>• Taal van hoër kultuur</li> </ul>
			Instansies (doelwit 25)		
			Drukroepe (doelwit 26)		
			Indiuidue (doelwit 27)		

Die vierde stap analiseer die minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat deur die MDDA befonds word aan die hand van Cormack (2004:2) se vier gevalle waar minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale, terwyl die vyfde stap die dokumente aan die hand van Cormack (2007: 7) se sewe faktore wat nodig is vir die oorlewing van minderheidstaalmedia, analiseer.

### 3.3 Metodologie van Fase 2

In hierdie studie is deel van die kwalitatiewe data gebaseer wat deur middel van vraelyste ingesamel is en ook dieselfde tematiese analise as in Fase 1 ondergaan (Fase 2). Die vraelyste, wat as die data-insamelingsinstrument vir Fase 2 gebruik word meet die de facto toepassing wat beleide op die minderheidstale het. Die kwalitatiewe en tematiese analise vorm stap 1 van Fase 2 waar die inligting wat ingesamel word, gebruik sal word om kwalitatiewe gevallestudies van minderheidstaalmedia-inisiatiewe saam te stel. Die kwantitatiewe analise van die vraelyste vorm stap 2 van Fase 2. Navorsing waar die versameling van data in numeriese vorm weergegee word, word na verwys as kwantitatiewe analyses en die data kan tydsduur, tellings, graderings of skale wees (Yupp 2006:250). Die instrument wat in elke stap van Fase 2 gebruik is, word in die volgende afdelings beskryf.

#### 3.3.1 Die ontwerp en ontwikkeling van die vraelyste

Die doel van die vraelys is om basiese feite oor minderheidstaalmedia te genereer om te kyk watter praktiese stappe minderheidstaalmedia implementeer om taalkundige kwessies aan te spreek. Die gebruik van vraelyste val onder opname-navorsing en is een van die mees algemene vorme van navorsing (Given 2008:846). Opname-

navorsing verwys na die gebruik van metodes om data van 'n verskeidenheid individue, organisasies of ander eenhede van belang op 'n sistematiese metode in te samel (Given 2008:846). Verskeie metodes word gebruik, insluitend vraelyste (gedruk of aanlyn), onderhoude (van aangesig tot aangesig of telefonies), fokusgroepe of selfs waarnemings by 'n openbare plek soos 'n biblioteek (Given 2008:846). Soos geïmplementeer in hierdie studie, word vraelyste dikwels in samewerking met ander navorsingsmetodes gebruik om 'n algemene indruk saam te stel oor 'n spesifieke onderwerp – in dié geval die omstandighede waarin minderheidstaalmedia-inisiatiewe funksioneer en hul demografiese inligting.

Volgens Given (2008:846) kan vraelyste ook gebruik word om veralgemenings onder 'n groter groep te bevestig. Die data wat deur die vraelys ingesamel word, word hoofsaaklik gesien as kwantitatiewe data, maar bied ook kwalitatiewe inligting (Given 2008:846). Kwalitatiewe inligting wat in opnamemetodes versamel is, is geneig om in teksvorm te wees as antwoorde op die oop vrae wat in die vraelyste vervat is. Die gebruik van oop vrae verskaf aan respondente meer vryheid om hulself uit te druk (Given 2008:846). Ondanks hierdie voordele, bied oop vrae meer uitdagings as meervoudige vrae wanneer dit ontleed word, maar geslote, meervoudige vrae het baie nadele insluitend die ontlok van antwoorde waar die respondent oor geen kennis of mening beskik nie, die oorvereenvoudiging van kwessies en gedwonge (en moontlik onnatuurlike) antwoorde op sekere kategorieë (Given 2008:846). Hierdie studie se vraelys maak, soos reeds vermeld, gebruik van beide meervoudige sowel as oop vrae en hoop om inligting in te samel wat alles wat redelikerwys moontlik is insluit sonder om oorvleueling in die antwoorde te hê (Given 2008:846).

Die vraelyste is deur die navorser self ontwerp met die fokus op dieselfde temas wat in Fase 1 gebruik is. Die algemene ontwerp van die vraelys is beskrywend van aard en bied 'n gedetailleerde beeld van sosiale verskynsels met betrekking tot die omgewing en ervaring van minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat in inheemse Afrikatale geproduseer word (Ruane 2005:12).

Die vraelys maak gebruik van 'n gemengde metode en word in Engels opgestel. Dit bestaan uit 31 kwalitatiewe en kwantitatiewe vrae met drie kernfokusse naamlik, demografiese inligting oor die minderheidstaalmedia, inligting oor maniere waarop

taalbeide reeds geïmplementeer word en praktiese maniere waarop die publikasie bydra tot die erkenning, ontwikkeling en uitbreiding van inheemse Afrikatale. Daar is drie vrae waar daar van die deelnemers verwag word om hul eie opinie te verskaf, terwyl die oorblywende 20 vrae meervoudige vrae is met voorafverskafte antwoorde.

Agtergrondsinsigting oor die minderheidstaalmedia-inisiatiewe word ingesamel deur vraag 1, 2 en 3, terwyl vraag 4, 5 en 6 fokus op die eienaars van die publikasie/stasie. Vraag 7 en 8 fokus op die demografie van die gebruikers van die media wat 'n moontlike rol speel in veral die statusbeplanning omdat die media 'n vorm van intertalige kommunikasie is en ook 'n rol kan speel in taalherlewing. Vanaf vraag 9 tot 13 en 17 word daar gekyk na die manier waarop die minderheidstaalmedia-inisiatiewe inheemse Afrikatale gebruik om die moontlike uitbreiding (korpus- en verwerwingsbeplanning) te evalueer. Vraag 14 vra 'n verduideliking van die bestaande taalbeide by die minderheidstaalmedia-inisiatiewe en is nouliks verwant aan statusbeplanning, asook verwerwingsbeplanning in die vorm van toegangs-, hulpbron- en gemeenskapsbeide. Vraag 15, 16 en 18 tot 20 het te doen met die verwerwingsbeplanning deurdat die minderheidstaalmedia-inisiatiewe gevra word om hul taalbeide te verduidelik – insluitend beide wat indiensneming bepaal. Vraag 21 tot 28 met verwysing tot Cormack (2004:2) se vier gevalle waartydens minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale. Vraag 29 tot 33 fokus op maniere waarop minderheidstaalmedia kan bydra tot die ontwikkeling van inheemse Afrikatale se korpus en vraag 34 en 35 fokus op hoe minderheidstale die prestige van inheemse Afrikatale kan bevorder.

Eerstens gaan die vraelys demografiese insigting insamel oor die verskillende minderheidstaalmedia-inisiatiewe. Daarna gaan die vraelys vasstel watter taalbeide in plek is by die betrokke publikasies. Ten slotte gaan die vraelys insigting insamel oor praktyke wat reeds in plek is en bewustelik of onbewustelik bydraes lewer tot die erkenning, ontwikkeling en uitbreiding van inheemse Afrikatale. Die onderstaande tabel toon die templaats wat gebruik gaan word vir die data-analise vir stap 1 in Fase 2.

**Tabel 5** Templaat vir data-analise van stap 1 in Fase 2.

	Benaderings	Beleidsbenadering		Aanwasverbouingsbenad ering
<p>Met betrekking tot uitbreiding en erkenning.</p> <p>VRAE 2, 9 tot 13, 18, 19, 21, 22, 24, en 25 van die vraelys.</p>	Status- beplanning	Statusstandaardisering	Amptelike funksie (doelwit 1)	Taalherlewing (doelwit 4): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstelling</li> <li>• Hernuwing</li> <li>• Ommekeer</li> </ul>
			Nasionalisering (doelwit 2)	Taalonderhoud (doelwit 5)
			Verbod (doelwit 3)	Intertalige kommunikasie (doelwit 6)
				Taalverspreiding (doelwit 7)
<p>Met betrekking op ontwikkeling en uitbreiding.</p> <p>VRAE 3, 12, 26 tot 32 van die vraelys.</p>	Korpus- beplanning	Standaardisering	Standaardisering van die korpus (doelwit 8): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>	Leksikale modernisering (doelwit 10)
			Standaardisering van die hulpkode (doelwit 9) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>	Modernisering van styl (doelwit 11)
				Opknapping van die taal (doelwit 12) <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taalsuiwering</li> <li>• Taalherlewing</li> <li>• Stilistiese vereenvoudiging</li> <li>• Eenwording van terminologie</li> </ul>
				Internasionalisering (doelwit 13)
<p>Met betrekking tot ontwikkeling, uitbreiding en erkenning.</p> <p>VRAE 13, 14, 16 en 17 van die vraelys.</p>	Verwerwings- beplanning	Beleidsontwikkeling	Toegangsbeleid (doelwit 14)	Taalherwinning (doelwit 21)
			Personeelbeleid (doelwit 15)	
			Kurrikulumbeleid (doelwit 16)	
			Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)	
			Hulpbronbeleid (doelwit 18)	
			Gemeenskapbeleid (doelwit 19)	
				Taalonderhoud (doelwit 22)
				Taalverskuiwing (doelwit 23)

Met betrekking op erkenning.  VRAE 1, 6 tot 8, 14 tot 17, 20, 23 en 32 van die vraelys.	Prestige-beplanning	Taalbevordering	Amptelike / Regerings (doelwit 24)	Intellektualisering	(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28)  <ul style="list-style-type: none"> <li>• Taal van wetenskap</li> <li>• Taal van beroepe</li> <li>• Taal van hoër kultuur</li> </ul>
			Instansies (doelwit 25)		
			Drukroepe (doelwit 26)		
			Evaluasiebeleid (doelwit 20)		

### 3.3.2 Data-insamelingsprosedure

#### 3.3.2.1 Verspreiding van vraelyste

Data word ingesamel deur gebruik te maak van 'n aanlyn vraelys. Die instrument wat gebruik gaan word om die navorsing uit te voer is 'n *Google Form*, 'n aanlyn vraelyssisteem wat per e-pos gestuur gaan word.

#### 3.3.2.2 Steekproefneming van deelnemers

Die deelnemers in die studie is personeel by minderheidstaalmedia-inisiatiewe soos joernaliste en redakteure, met 'n spesifieke fokus op die instansies wat befondsing in die tydperk 2014 tot 2018 vanaf die MDDA ontvang het. Die lys met kontakbesonderhede is verkrybaar op die MDDA se webwerf as 'n volledige lys begunstigdes. Die minderheidsmedia-inisiatiewe wat in die tydperk 2014 tot 2018 befondsing ontvang het, is gekies om deel te neem aan die studie. Altesame 80 minderheidsmedia-inisiatiewe se kontakbesonderhede vorm deel van die lys. Hierdie minderheidstaalmedia-inisiatiewe verskaf inhoud in minstens een van die elf landstale en voldoen aan die MDDA se kriteria vir befondsing. Volgens die MDDA se webwerf word die volgende in ag geneem wanneer die MDDA 'n aansoek beoordeel: die mate waarin die projek media-ontwikkeling en diversiteit bevorder, asook die waarskynlike impak van die projek op histories benadeelde gemeenskappe en persone wat nie voldoende deur die media bedien word nie. Verder word daar gekyk na die kwaliteit van die projek en die waarskynlikheid dat die projek geletterheid en 'n leeskuiluur sal bevorder.

### 3.3.2.3 Agtergrondsinligting van deelnemers

Inligting is ingesamel van 12 verskillende minderheidstaalmedia-inisiatiewe en word in die onderstaande tabel opgesom. Daar is opmerklike ooreenkomste tussen die radiostasies en gevolglik is twee geïdentifiseer om as gevallestudie te dien. Verder is 'n aanlyn koerant en 'n gedrukte koerant geïdentifiseer as goeie voorbeelde van gevallestudies.

**Tabel 6** Opsomming van die deelnemers se agtergrond

Opsomming van die deelnemers se taalkundige agtergrond					
Soort media-inisiatief	Ouderdom van media-inisiatief	Ras van eienaars	Taal van media-inisiatief	Mense bereik	Inhoud by media-inisiatief
<b>Aanlyn koerant</b>	3 jaar	Swart <sup>30</sup>	Engels	100 000	Algemene nuus, Weerberig, Opiniestukke, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels
<b>Radiostasie (1)</b>	25 jaar	Onbekend	Afrikaans, Engels, isiXhosa	30 000	Algemene nuus, Weerberig, Sportinsetsels
<b>Radiostasie (2)</b>	28 jaar	Swart, wit, Bruin	Afrikaans, Engels, isiXhosa	89 000	Taalkundige inhoud, Finansiële insetsels, Algemene nuus, Aanleer van taal, Letterkunde-insetsels, Weerberig, Opiniestukke, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels, Geklassifiseerde advertensies, Menseregte, Omgewingsake
<b>Radiostasie (3)</b>	21 jaar	Swart, Wit, Bruin	Afrikaans, Engels, isiXhosa	92 000	Wetenskaplike insetsels, Finansiële insetsels, Algemene nuus, Aanleer van taal, Letterkunde-insetsels, Weerberig, Opiniestukke, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels

<sup>30</sup> Die navorser besef sensitiviteit teenoor die aanstootlike aard van benamings soos "swart" en "bruin". Die benaming volg die voorbeeld van taalkundige bronne soos Mesthrie (2002).

<b>Radiostasie (4)</b>	26 jaar	Swart	Sesotho, isiNdebele, isiZulu	75 000	Taalkundige inhoud, Algemene nuus, Weerberig, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels, Geklassifiseerde advertensies
<b>Radiostasie (5)</b>	5 jaar	Bruin	Afrikaans, Engels	5 000	Finansiële insetsels, Algemene nuus, Weerberig, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels
<b>Gedrukte koerant (1)</b>	12 jaar	Swart	Xitsonga	10 000	Taalkundige inhoud, Wetenskaplike insetsels, Finansiële insetsels, Algemene nuus, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels, Geklassifiseerde advertensies
<b>Radiostasie (6)</b>	8 jaar	Swart, Bruin	Afrikaans, Engels, isiZulu	200 000	Finansiële insetsels, Algemene nuus, Aanleer van taal, Weerberig, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels
<b>Radiostasie (7)</b>	25 jaar	Bruin	Afrikaans, Engels, isiXhosa	25 000	Algemene nuus, Weerberig, Sportinsetsels
<b>Radiostasie (8)</b>	12 jaar	Swart	IsiXhosa, IsiZulu, Sesotho en Engels	250 000	Taalkundige inhoud, Politieke nuus, Sportinsetsels, Opiniestukke, Geklassifiseerde advertensies

<b>Gedrukte koerant (2)</b>	7 jaar	Swart	Sesotho, Setswana, Engels, isiXhosa	60 000	Taalkundige inhoud, Finansiële insetsels, Algemene nuus, Letterkunde-insetsels, Weerberig, Opiniestukke, Politieke nuus, Sportinsetsels, Geklassifiseerde advertensies
<b>Gedrukte koerant (3)</b>	5 jaar	Swart	Xitsonga, Engels	10 000	Taalkundige inhoud, Weerberig, Letterkunde-insetsels, Politieke nuus, Sportinsetsels, Leefstylinsetsels, Geklassifiseerde advertensies

### 3.4 Etiese implikasies van die studie

Om te voldoen aan die etiese vereistes van die navorsing sal daar vooraf toestemmingsvorme ingevul word deur al die deelnemers wat die doel en omvang van die studie sal verduidelik. Verder sal die vraelyste anoniem ingevul kan word en kan deelnemers op enige tyd onttrek. Waar lyste nie anoniem ingevul is nie, sal skuilname toegeken word.

Die inligting wat ingesamel is vanaf die ontleding van die Grondwet, die doelwitte van PanSAT en die MDDA, en die gevallestudies kan vervolgens gebruik word om onderskeid te tref tussen die de jure en de facto taalomgewing in Suid-Afrika. Hierdie onderskeid kan gebruik word om tekortkomings te identifiseer en aanbevelings te maak vir maniere waarop inheemse Afrikatale meer doeltreffend ontwikkel, erken en uitgebrei kan word. Die volgende hoofstuk (Hoofstuk 4) bied 'n ontleding soos in Fase 1 van die bogenoemde metodologie uiteengesit is van die Grondwet en PanSAT en die MDDA wat tale bevorder terwyl Hoofstuk 5 Fase 2 van die metodologie in terme van analise uiteensit.



## Hoofstuk 4

# 'n Kwalitatiewe dokumentanalise van die Grondwet, die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk en die MDDA- en PanSAT-dokumentasie wat tale bevorder

### 4.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk fokus op die kwalitatiewe ontleding van nasionale beleide wat 'n invloed het op taalkwessies, asook PanSAT en die MDDA, wat verantwoordelik is vir die bevordering van tale. Die nasionale beleide, sowel as jaarverslae van 2014 tot 2018, sal op grond van 'n integrasie tussen Kaplan en Baldauf (2003) se 28 doelwitte vir taalbeplanning die taalsosiologie in terme van status-, korpus-, Verwerwings-, en prestige-beplanning, en Kerr (1976: 359) se vier toetse waaraan goeie openbare beleide moet voldoen, geanaliseer word. Cormack (2004:2) se vier gevalle waarin minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale en Cormack (1998:40) se sewe faktore wat die oorlewing van minderheidsmedia bepaal sal geanaliseer word, en sal ook as deel van die analise gebruik word om te sien tot watter mate die de jure-omstandighede toeganklik is vir die bevordering van veral minderheidstale.

Die volgende dokumente sal 'n tematiese analise ondergaan:

- i. Nasionale beleide
  - Die Grondwet van Suid-Afrika (1996)
  - Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)
- ii. PanSAT-dokumentasie
  - Wet 59 van 1995 (de jure)
  - PanSAT-funksies (de jure)
  - Jaarverslae van PanSAT (2014 tot 2018) (de facto)
- iii. MDDA-dokumentasie
  - Wet 14 van 2002 (de jure)
  - MDDA-regulasies 2003 (de jure)
  - Jaarverslae van die MDDA (2014 tot 2018) (de facto)

In die volgende afdeling word die ontleding van die Grondwet uiteengesit.

## 4.2. Ontleding van nasionale beleide

Die Grondwet (1996) en Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) sal eerstens ontleed word om te sien of dit in ooreenstemming is met Kerr se vier toetse waaraan 'n goeie openbare beleid moet voldoen. Hierna sal daar gekyk word tot watter mate die nasionale beleide aan Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk voldoen.

### 4.2.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide

Omdat daar geen polities-neutrale teorie van taalbeplanning bestaan nie (Alexander 2004:113) is dit belangrik om openbare beleide te ontleed alvorens hulle aanvaar word. Daarom word Kerr (1976: 359) se vier toetse, waaraan 'n goeie openbare beleid moet voldoen, gebruik om te bepaal of die uittreksels van artikel 6 subartikel 1 tot 5 van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) slaag. Die volgende vier subafdelings verskaf inligting en bewyse van of en hoe die Grondwet aan hierdie vereistes voldoen.

#### 4.2.1.1. Wenslikheid

Die onderstaande uittreksel uit die Grondwet voldoen aan die wenslikheidstoets, waar die oorheersende doel van die beleid vereenselwig word met die praktyke wat vir die gemeenskap as 'n geheel wenslik is omdat die insluiting van inheemse Afrikatale en die bevordering van histories-benadeelde gemeenskappe wenslik is vir die grootste deel van die gemeenskap. Volgens subartikel 1 is:

*(d)ie amptelike tale van die Republiek Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.*

Grondwet, Artikel 6 (1996)

Daar word met subartikel 1 uitvoering gebring aan die aspirasies van die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaners omdat ongeveer 98% van Suid-Afrikaanse inwoners een van die genoemde elf amptelike tale praat (sien Tabel 1). Al is hierdie insluiting van die tale verteenwoordigend van die bevolking, vereenselwig die Grondwet homself nie met die praktyke wat die gemeenskap as 'n geheel wenslik sal vind nie. Die Grondwet voldoen dus net deels aan die wenslikheidsvereiste van Kerr se toetse vir openbare beleide.

Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) verwys ook na die feit dat ongeveer 98% van die land se burgers een van die elf amptelike tale praat. Hierdie statistiek word gebruik as 'n stawende rede vir die amptelike status van die tale. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) gaan egter verder deur te stel dat die beleidsraamwerk saamgestel is om aan 'n spesifieke behoefte wat op daardie tydstip ontstaan het, te voldoen.

*There is currently a strong awareness of the need to intensify efforts to develop the previously marginalised indigenous languages and to promote multilingualism if South Africans are to be liberated from undue reliance on the utilisation of non-indigenous languages as the dominant, official languages of the state.*

Nasionale Taalbeleidsraamwerk, (2003:5)

Asook:

*Enhancing people-centredness in addressing the interests, needs and aspirations of a wide range of language communities through ongoing dialogue and debate.*

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:11)

Verder stel die beleid dat die beleidsraamwerk die resultate is van “konsultasieprosesse” en dus voldoen die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) meer doeltreffend aan Kerr se wenslikheidstoets as die Grondwet (1996) omdat daar ag geslaan word op die behoeftes van die gemeenskap.

#### 4.2.1.2. Regverdigheid

Die toets vir regverdigheid verwys na die manier waarop 'n beleid toegepas word en of dit billik is. Artikel 6 subartikel 1 tot 5 van die Grondwet slaag ook die regverdigheidstoets omdat die manier waarop die beleid toegepas word, billik is teenoor die gemeenskap. Subartikel 2 stel dat:

*“(g)esien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.”*

Grondwet Artikel 6 (1996)

Hierdie subartikel het ten doel om onregverdigde beleide wat in die verlede toegepas is, ongedaan te maak. Die regverdigheid van die beleid word verder uitgebrei deur aan munisipaliteite opdrag te gee om die

*“taalgebruike en -voorkeure van hul inwoners in aanmerking (te) neem (subartikel 3b)”.*

Grondwet Artikel 6 (1996)

Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) volg die voorbeeld van die Grondwet en stel die historiese inkorting as rede waarom die beleid in werking gestel is, maar brei verder uit op verwysing na maniere waarop taalbevordering tot uitbuiting kan lei.

*Preventing the use of any language for the purposes of exploitation, domination and discrimination;*

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:11)

Asook:

*Promoting multilingualism in South Africa requires efforts that do not discount the knowledge that exists in societies where indigenous official languages are prominent. This will be facilitated by the use and involvement of communities as participants in the processes of language development.*

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:11)

Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk sluit ook 'n gedeelte in waarin daar gestel word dat die gemeenskap se insette in ag geneem sal word met die implementasie van die raamwerk.

#### 4.2.1.3. Doeltreffendheid

Die doeltreffendheidstoets word bepaal volgens die mate waartoe die beleid geslaag het in sy doelwitte. Die beleid neem positiewe stappe om doeltreffend te wees deur duidelike riglyne te gee oor die implementering op nasionale sowel as provinsiale vlakke. Verder maak die beleid voorsiening vir die koste, gebruik en doenlikheid van die omstandighede. Subartikel 3a stel dat:

*“(d)ie nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.”*

Grondwet Artikel 6 (1996)

Ongelukkig wys die werk deur Beukes (2009:35-55) dat die implementasie van die twee beleide baie stadig en beperk is. Volgens Beukes (2009:43) het taalbeplanning ten spyte van prysenswaardige beleide grootliks misluk weens die sterk posisie van Engels. Volgens kenners word taalbeplanning in die regering gelei deur 'n tekort aan kennis oor taalkundige bedrywe en 'n wanpersepsie oor hoe beleide geïmplementeer word (Beukes 2009:45). Die negatiewe gesindhede teenoor die funksionele gebruik van inheemse Afrikatale kan genoem word as 'n belangrike faktor in die mislukte implementasie van die twee beleide.

#### 4.2.1.4. Verdraagsaamheid

Ten slotte word die Grondwet Artikel 6 en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk aan die hand van Kerr se verdraagsaamheidstoets geanaliseer. Die toets bepaal of die beleide hulpbronsensitief en lewensvatbaar is binne die konteks waarin dit uitgevoer moet word. Kerr se verdraagsaamheidstoets wys 'n verdere probleem uit deurdat die beleid, soos voorgestel in die Grondwet, nie hulpbronsensitief of lewensvatbaar is in die sosio-ekonomiese omstandighede van baie van die land se inheemse Afrikataalsprekers nie, ten spyte van die verwysing na die “praktiese en daadwerklike maatreëls” soos voorheen uiteengesit is in die Grondwet om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder (Beukes 2009:43). Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk stel verdere uitgebreide eise wat praktiese probleme skep vir die regering deurdat daar verwag word dat:

*Where the effective and stable operation of government at any level requires comprehensive communication of information, it must be published in **all 11 official languages** and, in the provinces, in all the official languages prescribed in the Province.*

*In cases where government documents will not be made available in all 11 official languages, national government departments must publish documents simultaneously in at least six languages. The selection of languages will be made as follows:*

- *At least one from the Nguni group (isiNdebele, isiXhosa, isiZulu and SiSwati);*
- *At least one from the Sotho group (Sepedi, Sesotho, Setswana);*
- *Tshivenda;*
- *Xitsonga;*
- *English; and*
- *Afrikaans.*

Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:14)

Steeds speel die Grondwet (1996) en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) 'n belangrike rol in die ontwikkeling van inheemse Afrikatale en sal in die volgende afdeling op grond van Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk ontleed word. Hierdie 28 doelwitte is verteenwoordigend van die oorhoofse tema van die studie wat probeer vasstel tot watter mate inheemse Afrikatale ontwikkel, uitgebrei en erken word deur taalbeleide en hul uitwerking op minderheidstaalmedia-inisiatiewe.

#### **4.4.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: Die Grondwet (1996) en Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)**

##### **4.2.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale**

Die Grondwet (1996) en Nasionale Taalbeleidsraamwerk dra dinamies by tot die status van die vier inheemse Afrikatale deur amptelike erkenning aan nege inheemse Afrikatale te gee. In tabel 7 word die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk aan die hand van Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale onder doelwitte een tot sewe ontleed.

**Tabel 7** Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit Grondwet en die nasionale taalbeleidsraamwerk
Status-beplanning	Statusstandaardisering	<p><b>Amptelike funksie (doelwit 1)</b> verwys na wanneer die gebruik van 'n taal grondwetlik gespesifiseer word en hierdie gebruik landswyd toegepas word. Dit is 'n wetlike, toepaslike taal vir alle politieke en kulturele gebruike (Kaplan en Baldauf, 2003:217).</p>	<p><i>Die amptelike tale van die Republiek is <b>Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu</b></i></p> <p><i>Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige <b>bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend</b>,</i></p> <p>Grondwet Artikel 6, subartikel 1, 3 (1996)</p> <p><i>The official languages will be used in all legislative activities.</i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:14)</p>
		<p><b>Nasionalisering (doelwit 2)</b> is die gebruik van 'n taal as 'n belangrike kommunikasiemedium wat internasionaal in omvang is, bv. vir diplomatieke verhoudings, buitelandse handel, toerisme, ens.</p>	<p><i>(a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige <b>bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend</b>,</i></p> <p>Grondwet Artikel 6, subartikel 3a (1996)</p> <p><i>Government communication at the international level will normally be in English or ad hoc in the preferred language of the country concerned.</i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:14)</p>

<b>Statusbeplanning</b>	<p><b>Verbod (doelwit 3)</b> waar sprekers gekeer word om sekere tale of variëteite te gebruik. Die vlak van voorskrif kan wissel van aktiewe onderdrukking van 'n taal tot ontmoediging om die taal te gebruik.</p>	<p>Die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
	<p><b>Taalherlewing (doelwit 4)</b> is 'n doelbewuste veranderinge in 'n taal om die gebruik van die taal te bevorder.</p>	<p><i>Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.</i></p> <p style="text-align: right;">Grondwet Artikel 6, subartikel 2 (1996)</p> <p><i>The language policy takes cognisance of the constitutional provisions on multilingualism and is in concert with government's goals for <b>economic, sociopolitical and educational growth.</b></i></p> <p style="text-align: right;">Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:10)</p>
	<p><b>Taalonderhoud (doelwit 5)</b> behels die beskerming van 'n groep se inheemse nasionale identiteit.</p>	<p><i>'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet – (a) <b>die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van i) alle amptelike tale</b></i></p> <p style="text-align: right;">Grondwet Artikel 6, subartikel 5a (1996)</p> <p><i>To promote linguistic diversity further, section 6(5) provides for the establishment of the Pan South African Language Board (PanSALB) to promote multilingualism and see to the development and use not only</i></p>



			<p><i>of the official languages, but also of the Khoi, Nama and San languages, as well as SA Sign Language(s). PanSALB is also to cultivate respect for the Heritage Languages spoken by some sections of our community and for those languages that are used for religious purposes.</i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:8)</p>
		<p><b>Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)</b> behels dat 'n kunsmatige tolktaal of 'n taal van wyer kommunikasie as die lingua franca gebruik word.</p> <p><b>Taalverspreiding (doelwit 7)</b> probeer die kommunikasie tussen tale te bewerkstellig.</p>	<p><i>(a) Die nasionale regering en provinsiale regerings kan enige bepaalde amptelike tale vir regeringsdoeleindes aanwend, met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste, streeksomstandighede en die ewewig van die behoeftes en voorkeure van die bevolking as geheel of in die betrokke provinsie; maar die nasionale regering en elke provinsiale regering moet minstens twee amptelike tale gebruik.</i></p> <p>Grondwet Artikel 6, subartikel 3a (1996)</p> <p><i>Government communication at the international level will normally be in English or ad hoc in the preferred language of the country concerned.</i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:14)</p>

\*Let wel: die tabelle volg nie altyd chronologies nie, maar word volgens funksie en aanhaling gegroepeer.

In terme van die vier tale wat in hierdie studie bestudeer word, isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, voldoen die Grondwet (1996) genoegsaam aan die de jure doelwitte van statusstandaardisering (doelwit 1 tot 3) in Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk, omdat daar duidelik gedefinieer word wat die status van die tale in die land is. Daar gestel word dat die amptelike funksie (doelwit 1) deur **Sepedi**, Sesotho, **Setswana**, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele,

**isiXhosa en isiZulu** vervul word en dat hierdie tale ook gebruik kan word as nasionale tale vir regsdoeleindes en wetgewing (doelwit 2). Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk verskaf bykomende inligting oor die statusstandaardisering (doelwit 1 tot 3) van die onderskeie tale en brei ook uit oor die gebruik van tale deur die regering in amptelike kommunikasie. Nie een van die twee dokumente spesifiseer 'n taal waarop 'n verbod (doelwit 3) geplaas word nie, maar ondersteun eerder die reg van sprekers tot die gebruik van 'n taal van hul keuse, insluitend een vir godsdienstige gebruik.

In terme van die statusbeplanningproses (doelwit 4 tot 7) stel die Grondwet (1996) dat daar word verwag dat PanSAT sal toesien dat daar 'n vorm van taalherlewing (doelwit 4) is, sowel as 'n mate van taalonderhoud (doelwit 5) geskied en dat tale bevorder word en daar geleenthede geskep word waar die tale gebruik kan word (doelwit 7). Die besluit om minstens twee tale op nasionale en provinsiale vlak in te bring, ondersteun intertalige kommunikasie (doelwit 6). Weereens bied die Nasionale Taalbeleidsraamwerk versterkende inligting vir die Grondwet en brei uit oor hoe PanSAT tale kan bevorder, watter tale in sekere omstandighede/streke gebruik moet word en hoe intertalige kommunikasie bewerkstellig kan word. Soos in Hoofstuk 2 en weer hier aangedui in tabel 8 word isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana in al nege provinsies op 'n de facto-vlak gebruik in vergelyking met die de jure-instelling van die volgende amptelike tale per provinsie.

**Tabel 8** Die verspreiding van tale volgens getal- en persentasie sprekers per provinsie in Suid-Afrika (top vier).

Provinsie	De facto-taalgebruik per provinsie				De jure-taalinstelling per provinsie
	Taal 1	Taal 2	Taal 3	Taal 4	
Wes-Kaap	Afrikaans	isiXhosa	Engels	Ander	Afrikaans, isiXhosa, Engels
	2820643 (50%)	1403233 (25%)	1149049 (20%)	127117 (2%)	
Oos-Kaap	isiXhosa	Engels	Afrikaans	Sesotho	isiXhosa, Afrikaans, Sesotho, Engels
	5092152 (79%)	1149049 (11%)	683410 (6%)	158964 (2%)	
Noord-Kaap	Afrikaans	Setswana	isiXhosa	Engels	Afrikaans, Setswana, isiXhosa, Engels
	606225 (54%)	373086 (33%)	60187 (5%)	37842 (3%)	

<b>Vrystaat</b>	Sesotho	Afrikaans	Engels	isiXhosa	Sesotho, Afrikaans, isiXhosa, Engels
	1717881 (64%)	340490 (13%)	78782 (8%)	201145 (5%)	
<b>KwaZulu-Natal</b>	isiZulu	Engels	isiXhosa	Afrikaans	isiZulu, Engels, isiXhosa, Afrikaans
	7901932 (78%)	1337606 (13%)	340832 (3%)	161876 (2%)	
<b>Noordwes</b>	Setswana	Afrikaans	Sesotho	isiXhosa	Setswana, Afrikaans, Sesotho, Engels
	2191230 (63%)	309867 (9%)	201153 (6%)	190601 (6%)	
<b>Gauteng</b>	isiZulu	Engels	Afrikaans	Sesotho	IsiZulu, Sesotho, Sepedi, Engels, Afrikaans
	2390036 (20%)	1603464 (13%)	1502940 (12%)	1395089 (12%)	
<b>Mpumalanga</b>	SiSwati	isiZulu	Xitsonga	Ndebele	SiSwati, isiNdebele, Afrikaans, Engels
	1106588 (28%)	965253 (24%)	416746 (10%)	403678 (10%)	
<b>Limpopo</b>	Sepedi	Xitsonga	Tshivenda	Afrikaans	Sepedi, Xitsonga, Tshivenda, Engels
	2826464 (53%)	906325 (17%)	892809 (3%)	140185 (3%)	

\* Statistics South Africa (2011) en Brenzinger (2017:48).

Soos te sien in die tabel is daar 'n duidelike ooreenkoms tussen die de jure-taalinstelling en die de facto-taalgebruik. Die volgende afdeling gaan kyk na korpusbeplanning vir die nasionale beleide.

#### 4.2.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale

Die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk maak ook voorsiening vir die ontwikkeling (korpusbeplanning) van inheemse Afrikatale wat deur die instelling van PanSAT aangekondig te word. Deur melding te maak van PanSAT word daar aandag gegee aan die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale wat ingesluit word in doelwit 8 tot 13 van Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk. 'n Ontleding van PanSAT se jaarverslae van 2014 tot 2018 word in afdeling 4.3 gedoen. Die volgende afdeling kyk na verwerwingsbeplanning vir nasionale beleide en fokus op poginge om by te dra tot die verspreiding van tale deur geleenthede te skep, of te verbeter, waar sprekers aangespoor word om die taal aan te leer, geskep deur nasionale beleide.

#### 4.2.2.3 Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale

Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale vind hoofsaaklik plaas waar 'n taal meer sprekers verkry deurdat nuwe sprekers die taal aanleer. Dit berus op die skep van geleenthede om 'n spesifieke taal aan te leer, maar ook op die skep van die begeerte om 'n taal te leer deur aanmoediging en is een van die logiese gevolge van Verwerwings-beplanning (Cooper 1982:159). Tabel 9 bied 'n ontleding van doelwit 14 tot 23 van Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk.

**Tabel 9** Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk
Verwerwings-beplanning	Beleidsontwikkeling	<b>Toegangsbeleid (doelwit 14)</b> behels beleide wat bepaal wie watter tale moet studeer en vind gewoonlik op laerskoolfase, hoërskool en op tersiêre vlak plaas (Kaplan en Baldauf, 2003:217)	Die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.
		<b>Personeelbeleid (doelwit 15)</b> verwys na wie aanleerders gaan leer en hoe hulle vergoed gaan word.  <b>Kurrikulumbeleid (doelwit 16)</b> beheer watter tale word geleer en ook hoe dit aangeleer gaan word (Kaplan en Baldauf, 2003:218).	<i>The implementation of the language policy will <b>increase the demand for translation and editing work</b> and interpreting services, especially in the indigenous languages. The core of translation expertise in these languages will have to be expanded both in government departments and in the private sector</i>  Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003: 15).
		<b>Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)</b> sluit duidelike regulasies met betrekking tot die inhoud van die kurrikulum in.	Die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.

	<p><b>Hulpbronbeleid (doelwit 18)</b> is die toekenning van finansiële bystand vir die taalbeplanningsproses en speel 'n weselike rol in die sukses van die taalbeplanningsproses omdat die hulpbronne tot beskikking van 'n projek 'n betekenisvolle uitwerking op die reikwydte van die taalbeplanningproses het (Kaplan en Baldauf, 2003:219).</p>	<p><i>'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet –</i></p> <p><i>(a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die <b>ontwikkeling en gebruik</b> van –</i></p> <p><i>(i) <b>alle amptelike tale</b></i></p> <p>Grondwet Artikel 6, subartikel 5a (1996)</p> <p><i>Government structures will have time to plan their budgets by gradually increasing allocations over the period and <b>planning operations in line with the resources required for successful policy implementation.</b></i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:17).</p>
	<p><b>Gemeenskapbeleid (doelwit 19)</b> behels wie gekonsulteer word in die besluitnemingsproses van 'n beleid en het ook 'n omvangryke impak op die houding van die gemeenskap teenoor die taalbeplanningsproses (Kaplan en Baldauf, 2003:219).</p>	<p><i>Promoting multilingualism in South Africa <b>requires efforts that do not discount the knowledge that exists in societies where indigenous official languages are prominent. This will be facilitated by the use and involvement of communities as participants in the processes of language development.</b></i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003: 11)</p>
	<p><b>Evaluasiebeleid (doelwit 20)</b> fokus op die konneksie tussen assesseringsmetodes en resultate wat die doelwitte van die taalbeleid moet bereik (Kaplan en Baldauf, 2003:219).</p>	<p><i>Monitoring mechanisms for assuring the <b>quality of translation and editing services will be developed.</b></i></p> <p><i>In <b>collaboration with PanSALB, the Department of Arts and Culture will monitor progress and report at specified intervals to all relevant authorities.</b></i></p> <p>Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003: 17)</p>

<b>Verwerwingsbeplanning</b>	<p><b>Taalherwinning (doelwit 21)</b> is 'n proses waartydens sprekers, vir wie die taal vantevore 'n volkstaal was, terugkeer en die herwinning van 'n taal se gespesialiseerde werking gevolglik plaasvind (Cooper, 1989:159). Hierdie proses is baie lywig en word toegepas om primêr op volwasse onderwys te fokus (Kaplan en Baldauf, 2003:22).</p> <p><b>Taalonderhoud (doelwit 22)</b> verseker dat 'n taal deur 'n volgende generasie geërf kan word en daardeur bydra tot die verkryging van nuwe sprekers vir die taal (Cooper, 1989:159).</p>	<p><i>Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die <b>status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.</b></i></p> <p style="text-align: right;">Grondwet Artikel 6, subartikel 2 (1996)</p> <p><i>To promote linguistic diversity further, section 6(5) provides for the establishment of the Pan South African Language Board (PanSALB) <b>to promote multilingualism</b> and see to the development and use not only of the official languages, but also of the Khoi, Nama and San languages, as well as SA Sign Language(s).</i></p> <p style="text-align: right;">Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:8)</p>
	<p><b>Taalverskuiwing (doelwit 23)</b> is 'n proses waartydens funksies, wat vantevore deur een taal uitgevoer is, verskuif word om deur 'n ander uitgevoer te word (Mesthrie <i>et al.</i>, 2000:157).</p>	<p><i>'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel, moet –</i></p> <p><i>(a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die <b>ontwikkeling en gebruik van –</b></i></p> <p style="text-align: center;"><b>(i) alle amptelike tale</b></p> <p style="text-align: right;">Grondwet Artikel 6, subartikel 5a (1996)</p>

Die grondwetlike insluiting van 'n subartikel oor taal en die spesifieke ruimtes waarin dit gebruik word, het verreikende gevolge vir die beleidsontwikkeling van tale (doelwit 14 – 20) omdat alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word en daar dus nie teen minderheidsprekers gediskrimineer word op grond van toegangsbeleid (doelwit 14), personeelbeleid (doelwit 15), kurrikulumbeleid (doelwit 16), metodes en materiaalbeleid (doelwit 17), hulpbronbeleid (doelwit 18), gemeenskapbeleid (doelwit 19) of evaluasiebeleid (doelwit 20) nie. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk bied 'n duidelike uiteensetting in terme van hoe van die gemeenskap- sowel as die evaluasiebeleid (doelwit 19 en 20) hanteer sal word en wie

betrokke sal wees. Beleidsontwikkeling van verwerwingsbeplanning behels die skep van geleenthede om 'n spesifieke taal aan te leer of taalherwinning (doelwit 21) en vind meer dikwels in die formele onderwysstelsel plaas. Die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk het egter 'n invloed daarop deurdat beide dokumente aanbevelings maak oor die regstelling van die historiese gebruik van tale. Taalonderhoud (doelwit 22) vind ook plaas vanweë die Nasionale Taalbeleidsraamwerk en Grondwet se verwysing na PanSAT (PANSALB) wat moontlik kan lei tot taalverskuiwing (doelwit 23). Verder verwys beide na PanSAT se verantwoordelikhede om die nalatenskap van apartheid aan te spreek ten opsigte van die bevordering van tale. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk bou voort op die Grondwet deur uiteensettings te stel oor wie betrokke is by die ontwikkeling van tale – PanSAT sowel as taalkenners in die onderskeie gemeenskappe – en stel ook maniere voor waarop die sukses van prosesse gemeet kan word. Die volgende afdeling kyk na die vyf doelwitte van prestige-beplanning.

#### 4.2.2.4 Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale

Prestige-beplanning hou verband met die etniese of kulturele identiteit en die bevordering van 'n taal (Baldauf 2004:4). Die onderstaande tabel toon Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk.



**Tabel 10** Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale vir die Grondwet en die Nasionale Taalbeleidsraamwerk

Benaderings	Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit Grondwet en nasionale taalbeleidsraamwerk	
Prestige-beplanning	<p><b>Amptelike / Regerings (doelwit 24)</b> Die proses verwys na wetgewing wat deur amptelike liggame in plek gesit is om een taal bo 'n ander te bevorder.</p>	<p>(1). Die <b>amptelike tale</b> van die Republiek is <b>Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu.</b></p> <p>(2). Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder.</p> <p style="text-align: right;">Die Grondwet (1996)</p> <p><i>The Constitution mandates change to the language situation throughout the country, giving social and political recognition to hitherto disadvantaged language groups on the basis of the <b>expressed needs of communities and interest groups.</b></i></p> <p style="text-align: right;">Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003:7)</p>	
	<p><b>Instansies (doelwit 25)</b> verwys na regeringsinstansies se bemaatiging en befondsing om taalkwessies ywerig aan te help.</p>		
	<b>Taalbevordering</b>	<p><b>Drukroepe (doelwit 26)</b> onafhanklike groepe wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p>	<p>Die Grondwet en Nasionale Taalbeleidsraamwerk bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
		<p><b>Indiuidue (doelwit 27)</b> wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p>	



	<b>Intellektualisering</b>	<p><b>Intellektualisering (doelwit 28)</b> of aanwasverbouingsbenadering as deel van verwerwingsbeplanning waar geleenthede geskep word waar die taal gebruik kan word om sodoende die taal se beeld te verhoog om dit meer aanloklik vir gebruik te maak.</p>	<p><i>This Policy Framework also takes cognisance of the fact that <b>the value of our languages is largely determined by their economic, social and political usage.</b> When a language loses its value in these spheres the status of the language diminishes. This Policy Framework also takes into account that we are faced with the challenge of globalisation and that our indigenous languages should be part of the <b>rapidly expanding technological environment.</b> Hence, it intends to reaffirm the status and use of the indigenous languages of South Africa.</i></p> <p style="text-align: right;">Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003: 3)</p>
--	----------------------------	--	---

Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003) en die Grondwet (1996) is daarop gemik om die ongunstige klimaat vir die bevordering van inheemse Afrikatale te adresseer deur sosiale en politieke erkenning aan die tale te gee. Hierdie erkenning speel 'n belangrike rol in die taalbevordering (doelwit 24 tot 27) omdat dit terselfdertyd gelyke status aan al elf tale verskaf, maar ook inheemse Afrikatale se bevordering en gebruik aanmoedig. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk sluit egter in dat die bevordering van hierdie tale moet in ooreenstemming wees met die behoeftes van die gemeenskap. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk stel dit ook dat die intellektualisering (doelwit 28) van inheemse tale hoofsaaklik plaasvind deur die gebruik van die taal en dat inheemse Afrikatale moet deel uitmaak van tegnologiese ontwikkeling. Aan die hand van Kaplan en Baldauf se uitbreiding van inheemse Afrikatale, is dit opmerklik dat verantwoordelikheid vir die uitbreiding van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana nie spesifiek in die Grondwet uiteengesit is nie. Wat wel gespesifiseer is in die Grondwet, is dat die verantwoordelikheid vir die ontwikkeling van inheemse Afrikatale na een instansie (doelwit 24 – 25), PanSAT verskuif. Die Nasionale Taalbeleidsraamwerk definieer hul eie doelwit as instansie (doelwit 25) as 'n voortvloeiing uit die Grondwet, maar daar is geen verwysing na drukgroepe (doelwit 26) of individue (doelwit 27) se rol nie. Die volgende afdeling ontleed PanSAT se dienste, eerstens aan hand van Kerr se vier toetse vir openbare beleide en tweedens, aan die hand van Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk.

### 4.3. Ontleding van PanSAT

Soos in Hoofstuk 2 reeds genoem is PanSAT (Wet 59 van 1995) in 1995 deur die Parlement tot stand gebring om op te tree as die beskermheer van veeltaligheid ter bevordering van sosiale samehorigheid in Suid-Afrika. Hulle dienste sluit onder andere in vertaling en tolking, standaardisering en ontwikkeling van terminologie, onderhoud van nasionale leksikografie-eenhede en ontwikkeling van letterkunde (PanSAT, 2018:14). Dokumente wat gebruik gaan word sluit in Wet 59 van 1995, sowel as PanSAT se dienste soos uiteengesit op hul webwerf. Bykomend sal jaarverslae vanaf 2014 tot 2018 gebruik word om die de facto-feite rondom PanSAT se bedrywighede te bepaal. Die volgende afdeling fokus op Kerr se vier toetse waaraan goeie openbare beleide moet voldoen.

#### 4.3.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide

##### 4.3.1.1. Wenslikheid

Die dienste wat deur PanSAT gelewer word, is in die eerste plek wenslik omdat dit as dienste van 'n onafhanklike staatsorgaan is wat

*“onderhewig (is) aan die Grondwet en sy stigtingswetgewing (wet 59 van 1995)”, en moet sy “verpligtinge sonder vrees, begunstiging of vooroordeel vervul. Alle staatsorgane is verplig om met die Raad saam te werk en mag nie inmeng in die funksionering daarvan in uitvoering van sy mandaat nie.”*

PanSAT (2021:1)

Volgens hul stigtingswet het PanSAT ten doel om:

*“[T]o provide for the recognition, implementation and furtherance of multilingualism in the Republic of South Africa; and the development of previously marginalised languages; to establish a Pan South African Language Board; and to provide for matters connected therewith.”*

PanSAT (1995:1)

PanSAT se beleide is dus breedweg wenslik en in ooreenstemming met die grondwetlike doelwitte van 'n veeltalige land.

#### 4.3.1.2. Regverdigheid

Verder is die dienste van PanSAT regverdig omdat die wyse waarop die beleide toegepas word, billik is teenoor alle gemeenskappe deur *“omstandighede te skep vir die ontwikkeling en gelyke gebruik van **alle** amptelike tale”* (PanSAT 2021:1-2). Sowel as *“respek vir ander tale in die land te kweek en die gebruik daarvan aan te moedig”* (PanSAT 2021:1-2). PanSAT beroep hulself op die regstel van vorige wetgewing waar slegs sekere tale erkenning geniet het.

#### 4.3.1.3. Doeltreffendheid

Dienste is ook doeltreffend omdat daar gefokus word om:

*“die beste gebruik van die land se linguistiese bates aan te moedig ten einde Suid-Afrikaners in staat te stel om hulself te bevry van alle vorme van linguistiese diskriminasie, dominasie en verdeeldheid en hulle in staat te stel om gepaste linguistiese keuses vir hul eie welsyn sowel as vir nasionale ontwikkeling uit te oefen.”*

PanSAT (2021:2)

PanSAT bied min doelwitte waarvolgens hul doeltreffendheid gemeet kan word, maar stel wel in die stigtingswet 'n lys van vereistes vir die saamstel van die Nasionale Taalraad en die prosedures waaraan hul moet voldoen.

#### 4.3.1.4. Verdraagsaamheid

Soos in afdeling 4.2.1 genoem is 'n verdoemende verslag deur die isiNdebele-komitee vir die ontwikkeling van Afrikatale as onderrigmedium uitgereik waarin hulle in 2003 bevind het dat die werk deur taalbeplanningsagentskappe soos PanSAT nie geloofwaardig is nie (Beukes 2009:44). Die werkinge van die agentskappe word beskryf as teenproduktief wat tot gevolg gehad het dat taalontwikkeling verarm het en lamgelê is deur politieke en institusionele belange (Beukes 2009:44). Op die oog af blyk dit dat PanSAT se dienste en die stigtingswet in ooreenstemming is met Kerr se vier toetse vir doeltreffende openbare beleide. By nadere beskouing is daar egter probleme met veral die doeltreffendheid en verdraagsaamheid van die dienste en beleid. Desnieteenstaande sal PanSAT in die volgende afdeling ontleed word om te bepaal tot watter mate dit voldoen aan die doelwitte van Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk.

### 4.3.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: PanSAT

Die Grondwet maak ook voorsiening vir die ontwikkeling van inheemse Afrikatale deur in punt 5 die instelling van PanSAT aan te kondig. Alhoewel PanSAT nie 'n direkte invloed op media in Suid-Afrika het nie, het die grondwetlike insluiting van PanSAT tot gevolg dat hierdie studie in die volgende afdeling sal kyk na die mate waarin hul doelwitte in ooreenstemming is met die 28 doelwitte wat Kaplan en Baldauf (2003) vir taalbeplanning gestel het. Hierdie doelwitte beklemtoon PanSAT se vermoëns om by te dra tot die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale en het dus 'n indirekte invloed op die tale wat in die media in Suid-Afrika gebruik kan, mag (de jure-wetgewing) en sal (de facto-gebruik) word. Die volgende afdeling analiseer die dienste van PanSAT aan die hand van status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning van inheemse Afrikatale, veral isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, aan die hand van Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk.

#### 4.3.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale

PanSAT se mandaat is afgelei van die Grondwet (1996) en fokus op die bevordering van veeltaligheid in Suid-Afrika (PanSAT 2018:8). Volgende word die doelwitte van die MDDA bespreek om te bepaal of dit in ooreenstemming is met die 28 doelwitte wat Kaplan en Baldauf (2003) voorstel vir taalbeplanning. Die onderstaande tabel 11 toon Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.

*Tabel 11 Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.*

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit PanSAT-dokumente
Status-beplanning	Statusstandaardisering	<p><b>Amptelike funksie (doelwit 1)</b> verwys na wanneer die gebruik van 'n taal grondwetlik gespesifiseer word en hierdie gebruik landswyd toegepas word. Dit is 'n wetlike, toepaslike taal vir alle politieke en kulturele gebruike (Cooper, 1989:100).</p>	<p><i>Om <b>aanbevelings te maak</b> rakende enige voorgestelde of bestaande <b>wetgewing, praktyk of beleid wat direk of indirek op taalsake op enige vlak van regering betrekking het, en ten opsigte van enige voorgestelde wysiginge aan of die herroeping of vervanging van sodanige wetgewing, praktyk of beleid.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:1)</p>
		<p><b>Nasionalisering (doelwit 2)</b> is die gebruik van 'n taal as 'n belangrike kommunikasiemedium wat internasionaal in omvang is, bv. vir diplomatieke verhoudings, buitelandse handel, toerisme, ens.</p>	<p>PanSAT-dokumente bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
		<p><b>Verbod (doelwit 3)</b> waar sprekers gekeer word om sekere tale of variëteite te gebruik. Die vlak van voorskrif kan wissel van aktiewe onderdrukking van 'n taal tot ontmoediging om die taal te gebruik.</p>	<p><i>Die rol van hierdie fokusarea is om <b>ondersoeke na die skending van linguistiese menseregte te fasiliteer en die bevindinge van hierdie ondersoeke bekend te maak.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:1)</p> <p><i>“the <b>prevention of the use of any language for the purposes of exploitation, domination or division;</b>”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p>
	Statusbeplanning	<p><b>Taalherlewing (doelwit 4)</b> is 'n doelbewuste verandering in 'n taal om die gebruik van die taal te bevorder.</p>	<p><i>Die <b>ontwikkeling</b> van die voorheen gemarginaliseerde tale aktief te bevorder.</i></p> <p>PanSAT (2021:1)</p> <p><i>“To provide for the <b>recognition, implementation and furtherance of multilingualism in the Republic of South Africa; and the development of previously marginalised languages; to establish a Pan South African Language Board; and to provide for matters connected therewith.</b>”</i></p>

			PanSAT (1995:1)
		<b>Taalonderhoud (doelwit 5)</b> behels die beskerming van 'n groep se inheemse nasionale identiteit.	<p><i>Om die <b>bewaker van Suid-Afrika se ryk tale-erfenis te wees</b> deur die ontwikkeling van alle amptelike Suid-Afrikaanse tale sowel as Khoi-, Nama- en Santale en Gebaretaal te beskerm, af te dwing en te bevorder in die strewe na 'n waarlik veeltalige samelewing.</i></p> <p>PanSAT (2021:5)</p> <p><i>“AND SINCE provision is to be made for measures designed to achieve <b>respect, adequate protection</b> and furtherance of the official South African languages and for the advancement of those official languages which in the past did not enjoy full recognition, in order to promote the full and equal enjoyment of the official South African languages and respect for the other <b>South African languages</b> used for communication and religious purposes”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p>
		<b>Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)</b> behels dat 'n kunsmatige tolktaal of 'n taal van wyer kommunikasie as die lingua franca gebruik word.	<p><i>Monitering van die gebruik van <b>vertaal- en tolkfasiliteite</b>.</i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p> <p><i>“the promotion of multilingualism and the provision of <b>translation facilities</b>;”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p>
		<b>Taalverspreiding (doelwit 7)</b> probeer die kommunikasie tussen tale bewerkstellig.	<p><i>'n Bewussyn van veeltaligheid as 'n nasionale bate te bevorder.</i></p> <p>PanSAT (2021:1)</p> <p><i>“the <b>promotion of multilingualism</b> and the provision of <b>translation facilities</b>;”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p>

Die primêre doel van statusstandaardisering is die definiëring van die status wat 'n gegewe taal in die samelewing en PanSAT beywer hulself vir gelyke gebruik van die elf amptelike tale en is betrokke by wetgewing wat betrekking het op tale (doelwit 1). PanSAT se werkinge blyk om slegs intern te wees en daar is dus geen verwysing na die nasionaliseringsdoelwit (doelwit 2 en 6) nie. PanSAT staan ook in direkte konflik

met enige verbod (doelwit 3) of ander skendings van linguistieke regte wat op amptelike, kulturele of godsdienstige tale geplaas word en is verantwoordelik om die skendings te ondersoek en sy bevindings te kommunikeer. Met betrekking tot statusbeplanning (doelwit 4 tot 7), speel PanSAT 'n kernrol om bewusmaking te skep oor veeltaligheid, wat lei tot taalherlewing (doelwit 4). PanSAT benadruk hul rol as die bewaker van Suid-Afrika se ryk tale-erfenis wat kenbaar van taalherlewing en -onderhoud (doelwit 4 en 5) is. Die volgende afdeling kyk na maniere waarop PanSAT bydra tot die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale. Soos reeds vantevore in Hoofstuk 2 en 4 genoem, is hierdie rol van PanSAT van kardinale belang vir die ontwikkeling van inheemse Afrikatale.

#### 4.3.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale

Deur in die Grondwet (1996) melding te maak van PanSAT word daar aandag gegee aan die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale wat ingesluit word in doelwit 8 tot 13 van Kaplan en Baldauf (2003). Die standaardisering van die korpus (doelwit 8) en die hulpkode (doelwit 9) vind plaas deur Nasionale Taalliggame (NTLA'e), sowel as Nasionale Leksikografiese Eenhede (NLE's). Verder vind leksikale modernisering (doelwit 10), modernisering van styl (doelwit 11), en opknapping van die taal (doelwit 12) ook plaas danksy nuwe terminologie, navorsing en die skep van omstandighede wat bevorderlik is vir die gebruik en ontwikkeling van alle amptelike tale. Die onderstaande tabel 12 bied 'n ontleding van die maniere waarop PanSAT voldoen aan die doelwitte van Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning, wat deel uitmaak van hul evolusieraamwerk.



**Tabel 12** Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit PanSAT-dokumente
Korpus-beplanning	Standaardisering	<p><b>Standaardisering van die Korpus (doelwit 8)</b> behels die proses waar 'n variëteit van 'n taal gekies word en die variëteit voorgeskryf word as die middel van kommunikasie.</p>	<p><i>“to further the development of the official South African languages”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p> <p>Meer spesifiek verwys dit na PanSAT se dienste soos:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Bied tegniese riglyne aan vir NTLA'e</i></li> <li>• <i>Verseker dat die nege Afrikataalliggame die spel- en ortografiereëls van hul onderskeie tale hersien</i></li> <li>• <i>Stel primêre standaardiseringsprosesse in plek</i></li> <li>• <i>Stel primêre terminologieontwikkelingsprosesse in plek.</i></li> </ul> <p>PanSAT (2021:7)</p>
		<p><b>Standaardisering van die hulpkode (doelwit 9)</b> is die formalisering van 'n taal se reëls en norme deur 'n geskrewe sisteem aan te neem, grammatiese reëls te inkorporeer en die leksikon te kies. Dit word dikwels deur taalakademië toegepas en moet voldoen aan die volgende vereistes (Mesthrie 2005:376).</p>	<p><i>Die gebruik van die 13 Nasionale Taalliggame (NTLA'e) te bevorder wat as adviesliggame dien rakende taalortografie, leksikografie, terminologie, sowel as die verskaffing van algemene advies oor taalbevordering, -gebruik, bevordering van taalontwikkeling en instandhouding.</i></p> <p>PanSAT (2021:2)</p>
	Uitbreiding van die korpus	<p><b>Leksikale modernisering (doelwit 10)</b> fokus op die ontwikkeling van nuwe terme om te voldoen aan die behoeftes van 'n moderne taal (Kaplan en Baldauf, 2003:213).</p>	<p><i>Die hoofrol van hierdie fokusarea is om nuwe terminologie in die inheemse tale en Afrikaans te ontwikkel, bestuur, stabiliseer en populariseer, sowel as te standaardiseer en riglyne te verskaf vir spelreëls en ortografie.</i></p> <p>PanSAT (2021:5)</p>



	<p><b>Modernisering van styl (doelwit 11)</b> behels stilistiese veranderinge aan 'n taal om by te bly met nuwe tegnologiese verwickelinge in die moderne lewe (Mesthrie <i>et al.</i>, 2000:379).</p> <p><b>Opknapping van die taal (doelwit 12)</b> vind op een van vier maniere plaas, naamlik taalsuiwering, taalhervorming, stilistiese vereenvoudiging en eenwording van terminologie (Baldauf, 2008:29).</p>	<p><i>“shall actively promote the development of the previously marginalised languages by- (i) developing, administering and monitoring access, information and implementation programmes; and (ii) undertaking such studies for report on or relating to <b>language development</b> as it considers advisable in the exercise of its powers and the <b>performance of its functions</b>”</i></p> <p>PanSAT (1995:6)</p>
	<p><b>Internasionalisering (doelwit 13)</b> behels 'n strategie waar die regering of amptelike instansies probeer om bewusmaking oor 'n taal en kultuur in die buiteland te skep.</p>	<p><i>Dienste gelewer deur PanSAT:</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>Vaardigheidsontwikkeling in vertaling en ontwikkeling</b></li> <li>• <b>Viering van Internasionale Vertaaldag</b></li> <li>• <b>Monitering van die gebruik van vertaal- en tolkfasiliteite</b></li> <li>• <b>Tegniese ondersteuning aan provinsiale taalkomitees</b></li> </ul> <p>PanSAT (2021:5)</p> <p><i>“the promotion of multilingualism and the <b>provision of translation facilities</b>”</i></p> <p>PanSAT (1995:2)</p>

Een van PanSAT se mandate sluit in die vestiging van NLE's, taalkomitees, en NTL's. Hierdie entiteite is verantwoordelik vir die standaardisering en uitbreiding van die korpus – die twee bene van Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning. Dit is veral in PanSAT se lys van dienste waar daar sterk ooreenskomste is met Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning. Met 'n spesifieke fokus op die regstel van apartheidbeleide, is PanSAT ideaal geposisioneer om by te dra tot die korpusbeplanning van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana. Deur spel- en ortografiereëls saam te stel, dra PanSAT by tot die standaardisering van korpus (doelwit 8) en die hulpkode (doelwit 9). Deur die ontwikkeling van die nuwe terminologie vir inheemse Afrikatale te ontwikkel, dra

PanSAT aktief by tot die leksikale modernisering (doelwit 10) en modernisering van styl (doelwit 11) en ook om die taal op te knap (doelwit 12). Dus kan daar afgelei word dat PanSAT, ten minste op die jure-vlak, 'n daadwerklike invloed het op die ontwikkeling van inheemse Afrikatale. PanSAT se dienste speel ook 'n belangrike rol in Internasionalisering (doelwit 13) deurdat hulle bewusmaking skep oor die belange van inheemse Afrikatale, nie net in Suid-Afrika nie, maar op die internasionale verhoog. Die volgende afdeling gaan kyk na die maniere waarop PanSAT 'n rol kan speel as deel van verwerwingsbeplanning.

#### 4.3.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale

Volgens hul dienste is PanSAT nouliks betrokke by die skep van 'n klimaat waarin 'n taal-in-onderwysbeleid suksesvol geïmplementeer kan word. As deel van hul dienste dui PanSAT 'n paar oogmerke aan wat gunstig is vir die bevordering van veeltaligheid in leerinstellings. Tabel 13 hier onder bied 'n ontleding van die doelwitte waaraan PanSAT voldoen.

**Tabel 13** Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit PanSAT-dokumente
Verwerwingsbeplanning	Beleidsontwikkeling	<b>Toegangsbeleid (doelwit 14)</b> behels beleide wat bepaal wie watter tale moet studeer en vind gewoonlik op laerskoolfase, hoërskool en op tersiêre vlak plaas (Kaplan en Baldauf 2003:217)	<i>Dienste gelewer deur PanSAT:</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Om <i>strategiese vennootskappe en netwerke met die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente te vestig en handhaaf.</i></li> <li>• Om 'n klimaat te skep wat bevorderlik is vir die <b>suksesvolle implementering van die Taal in Onderwys- en die Hoëronderrysbeleide</b> in die provinsies.</li> <li>• Om <i>strategiese projekte vir die ontwikkeling van gemarginaliseerde tale te identifiseer.</i></li> <li>• Om 'n klimaat te skep wat bevorderlik is vir die</li> </ul>
		<b>Personeelbeleid (doelwit 15)</b> verwys na wie aanleerders gaan leer en hoe hulle vergoed gaan word. (Kaplan en Baldauf 2003:218).	
		<b>Kurrikulumbeleid (doelwit 16)</b> beheer watter tale word geleer en ook hoe dit aangeleer gaan word (Kaplan en Baldauf 2003:218).	
		<b>Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)</b> sluit duidelike regulasies met betrekking tot die inhoud van die kurrikulum in.	

		<p><b>Hulpbronbeleid (doelwit 18)</b> is die toekenning van finansiële bystand vir die taalbeplanningsproses en speel 'n wesenlike rol in die sukses van die taalbeplanningsproses omdat die hulpbronne tot beskikking van 'n projek 'n betekenisvolle uitwerking op die reikwydte van die taalbeplanningproses het (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p>	<p><i>bevordering van die <b>Taal in Onderwysbeleid en Veeltaligheid in onderwys.</b></i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• <i>Om meganismes te identifiseer om <b>alle tale in onderwys te bevorder.</b></i></li> </ul> <p>PanSAT (2021:6)</p>
		<p><b>Gemeenskapbeleid (doelwit 19)</b> behels wie gekonsulteer word in die besluitnemingsproses van 'n beleid en het ook 'n omvangryke impak op die houding van die gemeenskap teenoor die taalbeplanningsproses (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p>	<p><i>“shall <b>make recommendations</b> with regard to any proposed or <b>existing legislation, practice and policy</b> dealing directly or indirectly with <b>language matters</b> at any level of government, and with regard to any proposed amendments to or the repeal or replacement of such legislation, practice and policy;”</i></p> <p>PanSAT (1995:6)</p>
		<p><b>Evaluasiebeleid (doelwit 20)</b> fokus op die konneksie tussen assesseringsmetodes en resultate wat die doelwitte van die taalbeleid moet bereik (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p>	
	<b>Verwerwingsbeplanning</b>	<p><b>Taalherwinning (doelwit 21)</b> is 'n proses waartydens sprekers, vir wie die taal vantevore 'n volkstaal was, terugkeer en die herwinning van 'n taal se gespesialiseerde werking gevolglik plaasvind (Cooper 1989:159). Hierdie prosesse is baie lywig en word toegepas om primêr op volwasse-onderwys te fokus (Kaplan en Baldauf, 2003:22)</p>	<p><i>Om meganismes te identifiseer om <b>alle tale in onderwys te bevorder.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p> <p><i>Om <b>strategiese projekte vir die ontwikkeling van gemarginaliseerde tale te identifiseer.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p>

	<p><b>Taalonderhoud (doelwit 22)</b>          verseker dat dit deur 'n volgende generasie geërf kan word en daardeur bydra tot die verkryging van nuwe sprekers vir die taal (Cooper 1989:159).</p>	<p><i>Om die beste gebruik van die land se linguistiese hulpbronne aan te moedig ten einde Suid-Afrikaners te bevry van alle vorme van linguistiese diskriminasie, oorheersing en verdeeldheid en hulle in staat te stel om gepaste linguistiese keuses uit te oefen vir hul eie welsyn sowel as vir nasionale ontwikkeling.</i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p>
	<p><b>Taalverskuiwing (doelwit 23)</b>          is 'n proses waartydens funksies, wat vantevore deur een taal uitgevoer is, verskuif om deur 'n ander uitgevoer te word (Mesthrie <i>et al.</i> 2000:157).</p>	<p><i>Om 'n klimaat te skep wat bevorderlik is vir die bevordering van die <b>Taal-in-Onderwysbeleid en Veeltaligheid in onderwys.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p>

In terme van die beleidsbeplanning van verwerwingsbeplanning speel PanSAT 'n belangrike rol om 'n klimaat te skep waarin 'n taal-in-onderwysbeleid suksesvol geïmplementeer kan word (doelwit 14 tot 20). PanSAT se rol in dié verband word gedefinieer as om strategiese vennootskappe te skep in onderwysdepartemente, asook om 'n klimaat te skep vir implementasie van taalbeleid en veeltaligheid in skole om sodoende toelating te kry om insette te lewer oor die toelatings- (doelwit 14), personeel- (doelwit 15) en kurrikulumbeleid (doelwit 16) van skole. Alhoewel dit nie uitdruklik gestel word nie, behoort PanSAT leiding te bied oor die skole se hulpbronbeleid (doelwit 18) en die evaluasiebeleid (doelwit 20) en ook vanweë hul vermoë om netwerke te bou, kan PanSAT moontlike aanbevelings maak oor die gemeenskapbeleid (doelwit 19). Verder speel PanSAT 'n aktiewe rol in taalherwinning (doelwit 21) en -onderhoud (doelwit 22) deur gebruik van linguistiese hulpbronne aan te moedig en projekte te skep wat die tale bevorder. PanSAT se betrokkenheid by 'n taal-in-onderwysbeleid kan moontlik bydra tot taalverskuiwing (doelwit 23) deurdat leerders moontlik in 'n inheemse Afrikataal onderrig kan word. Die volgende afdeling gaan kyk na PanSAT se rol in prestige-beplanning en maak gebruik van Kaplan en Baldauf se twee vorme van prestige-beplanning, naamlik taalbevordering en intellektualisering.

#### 4.3.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale

Die hoofdoel van prestige-beplanning is om 'n gegewe taal, in die geval van hierdie studie isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, te verhef en dit van toepassing te maak op intellektuele situasies om derhalwe die taal se aansien te verhoog. Die onderstaande tabel 14 verwys na Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale.

**Tabel 14** Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale vir PanSAT.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit PanSAT-dokumente
Prestige-beplanning	Taalbevordering	<b>Amptelike / Regerings (doelwit 24)</b> Die proses verwys na wetgewing wat deur amptelike liggame in plek gesit is om een taal bo 'n ander te bevorder.	<i>“AND SINCE provision is to be made for measures designed to <b>achieve respect, adequate protection and furtherance of the official South African languages</b> and for the advancement of those <b>official languages</b> which in the past did not enjoy full recognition, in order to promote the full and equal enjoyment of the official South African languages and respect for the other South African languages used for communication and religious purposes”</i>  PanSAT (1995:6)
		<b>Instansies (doelwit 25)</b> verwys na gevalle waar die regeringsinstansies bemagtig en befonds word om taalkwessies ywerig aan te help.	<i>Ons sal ons visie bereik deur ons diverse Suid-Afrikaanse Taalgemeenskap te koester, deur: <b>ontwikkeling te bevorder en omstandighede vir die bevordering van veeltaligheid te skep en te fokus op alle amptelike tale</b>, die Khoi-, Nama- en Santaal sowel as Gebaretaal;</i> PanSAT (2021:2)

		<p><b>Drukgroepe (doelwit 26)</b> verwys na onafhanklike groepe wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p> <p><b>Indiuidue (doelwit 27)</b> wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p>	PanSAT-dokumente bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.
	Intellektualisering	<p><b>Intellektualisering (doelwit 28)</b> of aanwasverbouingsbenadering as deel van verwerwingsbeplanning word geleenthede geskep waar die taal gebruik kan word om so die taal se beeld te verhoog om dit meer aantreklik vir gebruik te maak.</p>	<p><i>Die hoofrol van hierdie fokusarea is om omstandighede te skep vir die <b>bevordering van literatuur in al die amptelike tale.</b></i></p> <p>PanSAT (2021:6)</p>

PanSAT se doelwitte is in ooreenstemming met die grondwetlike uiteensetting van die amptelike funksies van tale (24) en is self 'n instansie wat deur die regeringsinstansies bemaatig en befonds word om taalkwessies ywerig aan te help (doelwit 25). Daar is egter nie verwysing in hul dokumente na beleide wat van toepassing is op drukgroepe (doelwit 26) of indiuidue (doelwit 27) nie. Ten slotte beywer PanSAT hulle vir die skep van omstandighede waar literatuur in amptelike tale (in dié geval isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana) in die hoop dat die nuut-geskepte inhoud sal bydra tot die intellektualisering (doelwit 28) van die inheemse Afrikatale. Volgens die oogmerke van PanSAT se stigtingswet word daar drie items gelys, naamlik die erkenning en implementering van veeltaligheid (statusbeplanning), die ontwikkeling van histories-benadeelde tale (korpusbeplanning) en die daarstel van 'n taalraad. Hieruit is dit duidelik om te sien dat PanSAT, in de jure, in ooreenstemming is met baie van die doelwitte wat Kaplan en Baldauf voorgestel het. Die volgende afdeling gaan kyk na die manier waarop die MDDA se dokumente (Wet 14 van 2002, die MDDA se regulasies en hul jaarverslae) in ooreenstemming is met Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk.

## 4.4. Ontleding van die MDDA

Hierdie studie poog ook om aan die hand van Wet 14 van 2002, die MDDA se regulasies en hul dienste en doelwitte, verdere lig te werp op minderheidstaalmedia-inisiatiewe se vermoë om inheemse Afrikatale te bevorder. Volgende sal die doelwitte van die MDDA, soos vervat in hul jaarverslae, ontleed word om te bepaal in watter mate hier instansie se doelwitte in ooreenstemming is met die bevordering van minderheidstale.

Die MDDA beskryf hul visie as die strewe na 'n toeganklike, getransformeerde en gediversifiseerde media en dat alle burgers toegang verkry tot inligting in 'n taal van hul keuse en om transformasie van mediatoegang, eienaarskap en beheerpatrone in Suid-Afrika te verseker. Verder bied die MDDA tegniese ondersteuning, asook befondsing en ondersteuning vir navorsing.

### 4.4.1. Kerr se vier toetse vir openbare beleide

Omdat die MDDA 'n belangrike rol speel in die bevordering van inheemse tale moet dit, soos die Grondwet (1996), voldoen aan die vier toetse wat deur Kerr (1976: 359) voorgestel word. Die volgende vier subafdelings verskaf inligting en bewyse van hoe die MDDA se doelwitte onder Kerr se vier toetse vir openbare beleide slaag.

#### 4.4.1.1 Wenslikheid

Die MDDA voldoen ten dele aan die wenslikheidstoets omdat dit daartoe bydra om:

- “ESTABLISH the Media Development and Diversity Agency to help create an enabling environment for media development and diversity that is conducive to public discourse and which reflects the needs and aspirations of all South Africans;
- REDRESS exclusion and marginalisation of disadvantaged communities and persons from access to the media and the media industry;
- PROMOTE media development and diversity by providing support primarily to community and small commercial media projects.”

Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap (Wet 14 van 2002) voortaan bekend as (MDDA-wet 2002:2)



Die MDDA se wet voldoen aan die wenslikheidstoets omdat dit 'n drieledige fokus het wat betrekking het op die skep van 'n gunstige klimaat vir die ontwikkeling van gesprekke om gebruikers se behoeftes aan te spreek, dit die onreg van die verlede wil aanspreek, en die ontwikkeling van media aanmoedig.

#### 4.4.1.2 Regverdigheid

Dit slaag ook die regverdigheidstoets omdat die manier waarop die doelwitte toegepas word, billik is teenoor die gemeenskap. Die MDDA identifiseer die behoefte:

*“om media-ontwikkeling te ondersteun deur veral ondersteuning aan te bied vir minderheidstaal- en klein kommersiële mediaprojekte”* as een van hul doelwitte. Verder stel die MDDA ook die doel voor oë om *“eienaarskap en beheer van en toegang tot die media aan histories benadeelde gemeenskappe te bied sowel as histories-benadeelde inheemse taal- en kultuurgroepe erkenning te bied”*. (MDDA 2018:3).

#### 4.4.1.3 Doeltreffendheid

Alhoewel die doeltreffendheidstoets bepaal word volgens die mate waartoe die beleid geslaag het in sy doelwitte, sluit die MDDA 'n aantal doelwitte in, wat aktief sal bydra tot die sukses van hul aktiwiteite. Die eerste manier is:

*“om menslike hulpbronne deur opleiding en kapasiteitsbou te ontwikkel, veral onder histories benadeelde groepe”* (MDDA 2018:3).

Verder dra die MDDA se doelwitte ook by tot hul eie sukses deur:

*“om openbare bewustheid ten opsigte van media-ontwikkeling en diversiteitskwessies te verhoog”* (MDDA 2018:3).

#### 4.4.1.4 Verdraagsaamheid

Ten slotte wys Kerr se verdraagsaamheidstoets na die mate waartoe 'n beleid lewensvatbaar en hulpbronsensitief is. Die MDDA verskaf baie hulpbronne om by te dra tot die lewensvatbaarheid van hul doelwitte. Hulle bied:

*“menslike hulpbronne deur opleiding en kapasiteitsbou te ontwikkel, veral onder histories benadeelde groepe”* asook finansiële ondersteuning aan *“minderheidstaal- en klein kommersiële mediaprojekte”* (MDDA 2018:3).

om daardeur te verseker dat die doelwitte die verdraagsaamheidstoets slaag.

Die volgende afdeling gaan kyk hoe die MDDA bydra tot taalbeplanning aan die hand van Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk.

#### **4.4.2. Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk: MDDA**

Soos in Hoofstuk 2 bespreek bestaan taalbeplanning uit vier dele, naamlik: korpusbeplanning, statusbeplanning en verwerwingsbeplanning en prestigebeplanning (Cooper 1989:45). Hierdie vier dele speel 'n rol in die verandering in ontwikkeling (korpusbeplanning), die erkenning (status- en prestige-beplanning) en uitbreiding (verwerwingsbeplanning) van tale. Vervolgens gaan daar bespreek word hoe die werkinge van die MDDA bydra tot die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale. Die volgende afdeling bespreek die wyses waarop die MDDA voldoen aan die doelwitte van statusbeplanning.

##### **4.4.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale**

Met betrekking tot statusbeplanning, is die doelwitte van die MDDA in ooreenstemming met die Grondwet (1996) en benadruk dus die reg van alle burgers om toegang te kry tot media in 'n amptelike taal van hul keuse. Die onderstaande tabel 15 ontleed die wyses waarop die MDDA-dokumente (van Wet 14 van 2002, die MDDA se regulasies en hul dienste en doelwitte) voldoen aan Kaplan en Baldauf se evolusieraamwerk.

**Tabel 15** Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale vir die MDDA.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit MDDA-dokumente
Status-beplanning	Statusstandaardisering	<p><b>Amptelike funksie (doelwit 1)</b> verwys na wanneer die gebruik van 'n taal grondwetlik gespesifiseer word en hierdie gebruik landswyd toegepas word. Dit is 'n wetlike, toepaslike taal vir alle politieke en kulturele gebruike (Cooper 1989:100).</p>	<p><i>To ensure that <b>all citizens can access information in a language of their choice</b> and to transform media access, ownership and control patterns in South Africa.</i></p> <p>MDDA, (2014: 5)</p> <p><i>More than ever before, <b>all the languages of South Africa</b> are being <b>actively used to communicate</b> to and engage with communities.</i></p> <p>MDDA, (2014:16)</p>
		<p><b>Nasionalisering (doelwit 2)</b> is die gebruik van 'n taal as 'n belangrike kommunikasiemedium wat internasionaal in omvang is.</p>	<p>Die MDDA-dokumentasie bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
		<p><b>Verbod (doelwit 3)</b> waar sprekers gekeer word om sekere tale of variëteite te gebruik. Die vlak van voorskrif kan wissel van aktiewe onderdrukking van 'n taal tot ontmoediging om die taal te gebruik.</p>	<p>Die MDDA-dokumentasie bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
	Statusbeplanning	<p><b>Taalherlewing (doelwit 4)</b> is 'n doelbewuste verandering in 'n taal om die gebruik van die taal te bevorder.</p>	<p><i>The <b>mandate requires that the MDDA encourages</b> the ownership and control of, and access to media by historically disadvantaged communities as well as by the historically <b>diminished indigenous language</b> and cultural groups.</i></p> <p>MDDA, (2014:14)</p>
		<p><b>Taalonderhoud (doelwit 5)</b> behels die beskerming van 'n groep se inheemse eerste of tweede taal waar politieke, sosiale, ekonomiese of opvoedkundige oorwegings druk op die taal plaas of</p>	<p><i>The emphasis was on projects, <b>publishing and broadcasting in indigenous languages, and which bring disadvantaged communities and sectors – particularly women, people with disabilities, and the rural-based, working class and poor</b> – into the information and communications loop.</i></p>

		<p>veroorzaak dat daar 'n afname is in die taal se status as 'n taal van kommunikasie, kulturele erfenis of simbool as nasionale identiteit.</p>	<p>MDDA, (2014:14)</p>
		<p><b>Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)</b> behels dat 'n kunsmatige tolktaal of 'n taal van wyer kommunikasie as die lingua franca gebruik word.</p> <p><b>Taalverspreiding (doelwit 7)</b> probeer die kommunikasie tussen tale bewerkstellig.</p>	<p><i>The role that local media has to play in <b>fostering social cohesion and bringing communities together</b> is immeasurable. Local media plays a pioneering role in vividly portraying the social-cultural realities of society, bringing them to the national stage.</i></p> <p>MDDA, (2014:15)</p> <p><i>The MDDA's mandate, as set out through the Media Development and Diversity (Act No. 14 of 2002), speaks to such principles of freedom of expression, access to the media and active citizenship. These principles are in concord with the Constitution of South Africa and are critical to the achievement of the National Development Plan objectives of <b>social cohesion and nation building</b>.</i></p> <p>MDDA, (2015:6)</p> <p><i>Encourage ownership and control of, and access to, media by historically disadvantaged communities, as well as by historically diminished indigenous language and cultural groups.</i></p> <p>MDDA, (2018:6)</p>


Die MDDA is oppervlakkig in ooreenstemming met die doelwitte van statusstandaardisering omdat hul ondersteuning bied aan tale wat in inheemse Afrikatale media produseer. Die funksie (doelwit 1) van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana word uitgebrei deurdat die tale nou oor media beskik wat voorheen nie so gereeld plaasgevind het nie. Dit het dus ook 'n invloed op statusbeplanning omdat daar 'n herlewing (doelwit 4) in die tale plaasvind en die MDDA 'n indirekte invloed het op taalonderhoud omdat daar nou inhoud in die taal geproduseer word wat bydra tot taalonderhoud (doelwit 5) en omdat daar beskerming gebied word vir die inheemse Afrikatale. Dit speel ook 'n rol as kommunikasiemiddel tussen verskillende

gemeenskappe (doelwit 6) en sosiale kohesie wat bydra tot taalverspreiding (doelwit 7). Die volgende afdeling gaan kyk na korpusbeplanning en die wyses waarop die MDDA-dokumente voldoen aan die doelwitte.

#### 4.4.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale

Alhoewel daar geen verwysing na korpusbeplanning is deur die MDDA nie, meen Kelly-Holmes en Pietikäinen (2011:59) dat die beskikbaarheid van minderheidstaalmedia-inisiatiewe dit moontlik maak om 'n taal te ontwikkel deurdat dit 'n bron vir nuwe terme en frases is wat in die alledaagse lewe van sprekers gebruik word (Ferguson 1968:32). Die vraelys wat in Hoofstuk 5 bespreek word, sluit wel gedeeltes in, wat handel oor korpusbeplanning – sien afdeling 5.2.3.

Om te bepaal tot watter mate die media die tale kan ontwikkel is daar in die inhoud van die jaarverslae (2014 tot 2018) gekyk na watter tale gebruik word vir die publikasie of uitsaai van inhoud. Die taal waarin die meeste minderheidstaalmedia-inisiatiewe kommunikeer is Engels met 28% (52) van minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat in Engels publiseer, gevolg deur isiXhosa met 11,7% (34) en Afrikaans met 11,5% (24). SiSwati met 2,9% (3) word die minste gebruik terwyl 2,1% (4) in 'n taal plaasvind wat nie een van die 11 amptelike tale is nie. Die onderstaande grafiek 1 toon die persentasie minderheidstaalmedia-inisiatiewe per taal.



**Grafiek 1** *Persentasie minderheidstaalmedia-inisiatiewe per taal*

Die groot hoeveelheid waarin daar steeds in Engels inhoud geproduseer word, is nie in ooreenstemming met die MDDA se visie om 'n toeganklike, getransformeerde en diverse medialandskap te skep nie. Dit is egter opmerklik dat die vier tale waarna die studie kyk, isiXhosa (11,7%), isiZulu (9,2%), Sesotho (7,1%) en Setswana (8,4%), naas Afrikaans en Engels die vier tale is waarin die meerderheid van die instellings publiseer.

Die volgende afdeling kyk na verwerwingsbeplanning en hoe die MDDA se dokumente Kaplan en Baldauf se doelwitte hiervoor aanspreek.

#### 4.4.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale

Soos te sien in die werk van Karam (1974:117) neem minderheidstaalmedia in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika, 'n opvoedingsrol in en word agente in die verspreiding van goedgekeurde kodifisering wat die publiek bedien met modelle van gehalte tale in gedrukte en gesproke formaat wat hulle in hul alledaagse lewe kan gebruik (Ferguson 1968:32). Dus dra minderheidstaalmedia aktief by tot die uitbreiding van die betrokke taal deurdat dit die geleentheid bied vir sprekers om die taal aan te leer, vir taalherwinning om plaas te vind en bied ook 'n platform waar die taalonderhoud verseker kan word. Die onderstaande tabel toon Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale deur die MDDA.

**Tabel 16** Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale deur die MDDA.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit MDDA-dokumente
Verwerwingsbeplanning	Beleidsontwikkeling	<b>Toegangsbeleid (doelwit 14)</b> behels beleide wat bepaal wie watter tale moet studeer en vind gewoonlik op laerskoolfase, hoërskool en op tersiêre vlak plaas (Kaplan en Baldauf 2003:217)	Die MDDA-dokumentasie bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie. Maar bevat uitgebreide kriteria vir die allokasie van befondsing.  <i>General criteria for selecting community media, small commercial media and</i>

	<p><b>Personeelbeleid (doelwit 15)</b> verwys na wie aanleerders gaan leer en hoe hul vergoed gaan word. (Kaplan en Baldauf 2003:218).</p> <p><b>Kurrikulumbeleid (doelwit 16)</b> beheer watter tale word geleer en ook hoe dit aangeleer gaan word (Kaplan en Baldauf 2003:218).</p> <p><b>Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17)</b> sluit duidelike regulasies met betrekking tot die inhoud van die kurrikulum in.</p> <p><b>Hulpbronbeleid (doelwit 18)</b> is die toekenning van finansiële bystand vir die taalbeplanningsproses en speel 'n wesenlike rol in die sukses van die taalbeplanningsproses omdat die hulpbronne tot beskikking van 'n projek 'n betekenisvolle uitwerking op die reikwydte van die taalbeplanningproses het (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p> <p><b>Gemeenskapbeleid (doelwit 19)</b> behels wie gekonsulteer word in die besluitnemingsproses van 'n beleid en het ook 'n omvangryke impak op die houding van die gemeenskap teenoor die taalbeplanningsproses (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p> <p><b>Evaluasiebeleid (doelwit 20)</b> fokus op die konneksie tussen assesseringsmetodes en resultate wat die doelwitte van die taalbeleid moet bereik (Kaplan en Baldauf 2003:219).</p>	<p>research projects</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- the extent to which the project <b>promotes media development and diversity</b>;</li> <li>- the likely impact of the project on historically disadvantaged communities and persons that are not adequately served by the media;</li> <li>- the likely impact of the project on <b>historically diminished indigenous language and cultural groups</b>;</li> <li>- the extent to which the project encourages ownership, control, <b>participation and access to media by historically disadvantaged communities and persons</b> that are not adequately served by the media;</li> <li>- the extent to which the project encourages ownership, control and participation and access to media by historically diminished indigenous language and cultural groups;</li> <li>- the extent to which the project <b>develops human resources, training and capacity building within the media industry</b>, especially amongst historically disadvantaged groups</li> <li>- the quality and innovation of the project;</li> <li>- whether the project is likely to <b>promote literacy and a culture or reading</b>;</li> <li>- compliance with media laws and codes of conduct applicable to the media industry;</li> <li>- the good governance of the project,</li> <li>- effective use and management of resources;</li> </ul> <p style="text-align: right;">MDDA, (2002:5)</p>
--	---	--



<b>Verwerwingsbeplanning</b>	<p><b>Taalherwinning (doelwit 21)</b> is 'n proses waartydens sprekers, vir wie die taal vantevore 'n volkstaal was, terugkeer en die herwinning van 'n taal se gespesialiseerde werking gevolglik plaasvind (Cooper 1989:159). Hierdie prosesse is baie lywig en word toegepas om primêr op volwasse onderwys te fokus (Kaplan en Baldauf 2003:22).</p>	<p><i>Recognizing the historically diminished use and status of the indigenous languages of our people, the state must take practical and positive measures to <b>elevate the status and advance the use of these languages.</b></i></p> <p style="text-align: right;">MDDA (2018:21)</p>
	<p><b>Taalonderhoud (doelwit 22)</b> verseker dat dit deur 'n volgende generasie geërf kan word en daardeur bydra tot die verkryging van nuwe sprekers vir die taal (Cooper 1989:159).</p>	<p><i>Bushbuckridge News disseminates current affairs news to the people of the region to enable them to empower themselves and change the course of their lives, while indirectly <b>promoting the culture of reading and writing with a special emphasis on telling their own stories in their own languages.</b></i></p> <p style="text-align: right;">MDDA (2018:43)</p>
	<p><b>Taalverskuiwing (doelwit 23)</b> is 'n proses waartydens funksies, wat vantevore deur een taal uitgevoer is, skuif om deur 'n ander uitgevoer te word (Mesthrie <i>et al.</i> 2000:157).</p>	<p><i>This media is also being <b>published or broadcast in all indigenous languages</b> reflecting the diverse country demographics, and training and capacity <b>building interventions have been rolled out to support projects that have experienced gaps.</b></i></p> <p style="text-align: right;">MDDA (2018:25)</p>

Alhoewel daar min direkte verwysing is na die beleidsontwikkeling-aspek van verwerwingsbeplanning (doelwit 14 tot 20), is daar telkens verwysing na maniere waarop verwerwingsbeplanning deur die MDDA moontlik gemaak word. Die stelling:

*Recognizing the historically diminished use and status of the indigenous languages of our people, the state must take practical and positive measures to elevate the status and advance the use of these languages.*

MDDA (2018:21)

is 'n belangrike een omdat dit daarop wys dat die MDDA bewus is van hul rol in die proses om die status en gebruik – taalherwinning – (doelwit 21) moontlik te maak. Verder meld individuele minderheidstaalmedia-inisiatiewe, soos *Bushbuck Ridge News*, die belangrikheid van hul (indirekte) rol in die aanleer van inheemse tale wat help om te verseker dat die volgende generasie die taal kan erf (doelwit 22). Ten slotte maak die beskikbaarheid van minderheidstaalmedia in tale soos isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana dit moontlik vir die tale om nou funksies uit te voer – taalverskuiwing – (doelwit 23) wat vantevore tot onder andere Afrikaans en Engels beperk was. Die volgende afdeling gaan kyk na prestige-beplanning met 'n ontleding van aanhalings uit die MDDA se dokumente.

#### 4.4.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale

Die hoofdoelwit van prestige-beplanning is om 'n gegewe taal te verhef en van toepassing te maak op intellektuele situasies sodat die taal die aansien het om te ontwikkel en uit te brei tot 'n stabiele taalomgewing (Kaplan en Baldauf 2003:222). Prestige-beplanning is noodsaaklik vir die bevordering van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana weens die feit dat die tale voorheen tot laer funksies beperk was. Die onderstaande tabel 17 bied 'n ontleding van Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning.

**Tabel 17** Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale deur die MDDA.

Benaderings		Doelwit	Aanhaling as bewys van doelwit uit MDDA-dokumente
Prestige-beplanning	Taalbevordering	<p><b>Amptelike / Regerings (doelwit 24)</b> Die proses verwys na wetgewing wat deur amptelike liggeme in plek gesit is om een taal bo 'n ander te bevorder.</p> <p><b>Instansies (doelwit 25)</b> is gevalle waar die regeringsinstansies bemaagtig en befonds word om taalkwessies ywerig aan te help.</p>	<p><i>The objectives of the MDDA Act are in line with the national policy priorities and the Constitution Act, 1996 (Act No. 108 of 1996), which are to <b>promote media development and diversity, media freedom, the right to freedom of expression and freedom to receive and impart information or ideas. It is for this reason that we believe that the South African story must be told by South Africans united in their diversity, in their own language and expressed in their own culture and heritage.</b></i></p> <p>MDDA, (2018:7)</p>

<b>Intellektualisering</b>	<p><b>Drukgroepe (doelwit 26)</b> onafhanklike groepe wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p>	<p><i>Strengthening the role of the MDDA in social transformation and access to information for all requires the MDDA to expand its activities to reach a much wider audience through innovative means and public platforms. This includes the promotion of indigenous languages and making a contribution to community development and the alleviation of poverty and inequality. As a result, while the core activity of the MDDA remains grant and seed funding for community media projects, the Agency has reviewed and intends to reinforce its <b>capacity building, training, advocacy and lobbying roles</b></i></p> <p style="text-align: right;">MDDA, (2015:4)</p>
	<p><b>Indiwidue (doelwit 27)</b> wat 'n belang het in taalkwessies en deur gekoördineerde stappe bydra tot die ontwikkeling van 'n taal.</p>	<p>Die MDDA-dokumentasie bevat geen inhoud wat spesifiek aan hierdie doelwitte gekoppel kan word nie.</p>
	<p><b>Intellektualisering (doelwit 28)</b> of aanwasverbouingsbenadering – as deel van Verwerwingsbeplanning word geleenthede geskep waar die taal gebruik kan word om so die taal se beeld te verhoog om dit meer aantreklik vir gebruik te maak.</p>	<p><i>A partnership with gains that are sure to spiral beyond the media sector is that between the MDDA and SAASTA (Southern African Agency for Science and Technology Advancement), to support and train community media in engaging with and <b>reporting to communities on science, technology and related matters using indigenous languages.</b></i></p> <p style="text-align: right;">MDDA, (2015:7)</p>

Dit is belangrik om daarop te let dat taalbevordering (doelwit 24 tot 27) – die een been van prestige-beplanning – hoofsaaklik aangepak word deur die regering, amptelike instansies (soos die MDDA) en drukgroepe. Hierdie doelwitte word duidelik deur die MDDA en sy grondwetlike onderbou de jure aangespreek. PanSAT se doelwitte is in ooreenstemming met die grondwetlike uiteensetting van die amptelike funksies van tale (24) en is self 'n instansie wat deur die regeringsinstansies bemagtig en befonds word om taalkwessies ywerig aan te help (doelwit 25). Daar is egter nie verwysing in

hul dokumente na beleide wat van toepassing is op drukgroepe (doelwit 26) of individue (doelwit 27) nie. In terme van die intellektualisering (doelwit 28), dui die MDDA 'n interessante samewerkingsprojek aan met SAASTA om minderheidstaalmedia-inisiatiewe in staat te stel om te rapporteer oor wetenskap. Die skep van hierdie tipe geleenthede verhoog die taal se aansien en maak dit meer aanloklik om te gebruik.

Die invloed van die MDDA is die duidelikste te sien as deel van Verwerwings- en prestige-bepanning wat bydra tot die erkenning van inheemse Afrikatale. Deur die skep van 'n bemagtigende omgewing vir media-ontwikkeling maak die MDDA dit moontlik vir meer sprekers om die tale aan te leer, en vind taalherwinning, taalonderhoud, en taalverskuiwing plaas. Deur openbare bewustheid ten opsigte van media-ontwikkeling en diversiteitskwessies te verhoog speel die MDDA 'n belangrike rol in die bevordering van inheemse Afrikatale. In die opbou van menslike hulpbronne in inheemse Afrikatale vertolk die MDDA ook 'n belangrike taak deur die intellektualisering van die tale. Die volgende afdeling ondersoek Cormack (2004:2) se vier gevalle waartydens minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan bydra tot die bevordering van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

#### **4.5. Cormack se vier gevalle waartydens minderheidsmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale**

Cormack (2004:2) stel dat daar vier gevalle is waarin minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale. Hieronder sal die vier gevalle bespreek word en die werk van die MDDA sal gebruik word as stawende bewyse.


#### 4.5.1. Verhoogde simboliese waarde van 'n minderheidstaal

Volgens Cormack (2004:2) word die simboliese waarde van 'n taal positief beïnvloed deur die verteenwoordiging in die media en dui aan dat die taal in staat is daartoe om in die kontemporêre wêreld te oorleef. EzakwaZulu Newspaper beskryf hul inhoud en die simboliese waarde wat hulle bied aan isiZulu as:

*“The editorial content is 100% isiZulu and promotes and therefore increases the pride in the isiZulu language and culture, and the human values of the majority of the population in the City of eThekweni.”*

MDDA, 2016:43

Soos reeds genoem het die MDDA in die tydperk 2014 tot 2018 142 afsonderlike minderheidstaalmedia-inisiatiewe finansieel en met opleiding ondersteun, met 162 projekte. Hierdie ondersteuning maak dit moontlik vir die minderheidstaalmedia-inisiatiewe om die simboliese waarde van inheemse Afrikatale te verhoog. Die onderstaande grafiek bied 'n uitbeelding van hierdie tydperk en die aantal mediums (radio, televisie, koerante en tydskrifte) wat befonds is.



**Grafiek 2** Aantal minderheidstaalmedia ondersteun in 2014 – 2018


Volgens die MDDA se jaarverslae was daar tussen 2014 en 2016 duidelike groei in die aantal instellings wat finansiële ondersteuning ontvang het, vanaf slegs 8 in 2014 tot 57 minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat ondersteun is (sien Grafiek 2). In 2017 ondergaan die MDDA veranderinge in terme van hul bestuur en 'n groot aantal bedankings wat lei tot 'n personeeltekort (MDDA 2017:14). Hierdie veroorsaak onstabieliteit wat teweegbring dat, hoewel daar steeds projekaansoeke ontvang word, die instansie nie die nodige befondsingsooreenkomste met gemeenskaplike en klein kommersiële mediaprojekte kon aangaan nie (MDDA 2017:14). In 2018 ervaar die MDDA verdere terugslae in die vorm van beperkings op die jaarlikse begroting soos deur die Departement van Kuns en Kultuur aangewys (MDDA 2018:10). In hul 2018-jaarverslag maak die MDDA melding dat hul begroting ongeveer R60 miljoen is, terwyl die behoefte wat kom vanuit aansoeke ongeveer R150 miljoen beloop.

#### **4.5.2. 'n Finansiële inspuiting tot 'n minderheidstaal**

Die MDDA (2017:66) het reeds in 2006 sy kommer uitgespreek oor die feit dat die taaldiversiteitskwessies nie aangespreek word nie as gevolg van befondsingsuitdagings wat bemoeilik word deurdat die mediabedryf histories 'n duur kommoditeit is, veral gedrukte en uitsaaimedia (Granados 2018). Die insetkoste van hierdie mediums is baie hoog en kan dus nie maklik deur minderheidsgemeenskappe volhoubaar geproduseer word nie (Kelly-Holmes en Pietikäinen 2012:3); maar volgens die MDDA (2017:66) het die aanbreek van die digitale era 'n verandering in media as 'n geheel, maar veral in gemeenskapskoerante, teweeggebring, deurdat daar nou artikels in minderheidstale gepubliseer kan word sonder groot insetkoste, wat 'n positiewe ekonomiese impak op maatskappye kan hê. Hierdie besparing in uitgawes het nuwe moontlikhede geskep vir die ontwikkeling van minderheidstale deur gemeenskapskoerante, deurdat aanlyn koerante gestig kan word waarvan die insetkoste aansienlik minder is (Cormack en Hourigan 2007:54).

In die tydperk van 2014 tot 2018 het die MDDA R199 873 640 (Sien grafiek3 onder) bestee aan die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van Suid-Afrikaanse tale (n bykomende R2 005 788 is bestee aan tale wat nie een van die 11 amptelike tale is nie). Om te bepaal wat die finansiële bydrae tot elke taal is, is die bedrag wat per projek bewillig is gedeel deur die persentasie kommunikasie wat in die onderskeie tale

plaasvind. Volgens hierdie formule is bepaal dat daar in die tydperk van 2014 tot 2018 R58 662 655 vir projekte geborg is wat in Engels ook plaasvind, terwyl Afrikaanse projekte R17 792 666 ontvang het. Van die inheemse Afrikatale het isiZulu die meeste ontvang met 'n bedrag van R27 835 413 wat ontvang is, gevolg deur isiXhosa met R24 781 371, Setswana met R21 894 915 en Sepedi met R14 266 737. MDDA-ondersteuning is vir bestuursalarisse, kantoortoerusting, digitale toerusting om op die lug te bly, 'n produksie-ateljee, huur, kantoormeubels, oudit- en bankkoste (MDDA, 2016: 34)




**Grafiek 3** *Bedrag deur MDDA bestee aan minderheidstaalmedia-inisiatiewe in 2014 – 2018*

Soos te sien in afdeling 4.4.2.2. word die meerderheid media wat deur die MDDA se begunstigdes geproduseer word, in Engels geproduseer. Wat die situasie vererger is dat die meerderheid van befonding ook gegee word aan inisiatiewe wat uitsluitlik of meestal in Engels inhoud produseer. Hierdie tendens is direk in konflik met die MDDA se visie om 'n veeltalige medialandskap te skep.

Volgende is PanSAT se finansies en inisiatiewe ook in hul jaarverslae (2014 tot 2018). ondersoek. Inligting is onttrek uit PanSAT se finansiële state om te bepaal waaraan hulle geld bestee. Die onderstaande grafiek 4 toon die subsidies betaal aan nasionale leksikografiese eenhede (NLE's).





**Grafiek 4** *Subsidies betaal aan nasionale leksikografiese eenhede (NLE's)*

Volgens die data is daar sedert 2014 bykans 18 miljoen (R 17 794 000) deur PanSAT bestee aan professionele dienste en konsultasies en 7 miljoen (R 6 960 000) aan NTL's. NTL's se adviesliggame wat dienste lewer rakende taalortografie, leksikografie, terminologie, sowel as die verskaffing van algemene advies oor taalbevordering, -gebruik, bevordering van taalontwikkeling en instandhouding (MDDA 2021:2). Verder ontvang eenhede verantwoordelik vir die ontwikkeling van letterkunde en media ook meer as R5 miljoen (R5 233 000) in hierdie tydperk. Wat egter kommerwekkend is, is dat leksikale ontwikkeling (die ontwikkeling self en nie slegs adviesliggame nie) in dieselfde tydperk slegs R19 000 ontvang het. Ander funksies deur PanSAT vervul soos vertaling en tolking (R942 000) en hul rol in die taal-in-onderwys-projek (R426 000) ontvang ook baie min befondsing. In terme van projekte, skryf PanSAT hul uitdaging in dienslewering toe aan 'n tekort aan hulpbronne en die bykomende las om staatsdepartemente te monitor in terme van taalgebruik (PanSAT 2019:11). Desnieteenstaande slaag die NTL's in 2018 vir die eerste keer daarin om vir al nege inheemse Afrikatale tweetalige woordeboeke te publiseer wat met die nasionale skoolkurrikulum in ooreenstemming is (PanSAT 2018:24).

Alhoewel die studie hoofsaaklik fokus op die inisiatiewe van die MDDA en PanSAT eerder as die interne doeltreffend van hierdie instansies, is daar steeds nodigheid om die bogenoemde syfers in perspektief te plaas om 'n beter begrip te hê van die twee instansies se invloed op die bevordering van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

In die tydperk 2014 tot 2018 het beide die MDDA en PanSAT in verskeie gevalle nie daarin geslaag om skoon oudits in terme van hul finansiële state te verkry nie. Verder het beide instansies aangedui dat hul werksverrigtinge beperk word vanweë 'n tekort aan befondsing. Wat in gedagte gehou moet word in terme van hierdie stelling is dat die MDDA se jaarlikse begroting in 2018 ongeveer R85 miljoen beloop het en PanSAT se uitgawes het R112 miljoen beloop. Dus word slegs 'n baie klein hoeveelheid van hul begroting bestee aan die bevordering van tale. Verder is daar in 2018 meer as R5 miljoen deur PanSAT aan onreëlmatige uitgawes bestee en R39 miljoen deur die MDDA aan onreëlmatige uitgawes. Hou in gedagte dat die MDDA in 2018 minder as R39 miljoen aan minderheidstaalmedia-inisiatiewe oorbetaal het en PanSAT ongeveer R8,6 miljoen in 2019 bestee het om tale te ontwikkel. Hierdie syfers skets 'n uiters negatiewe beeld van die stand van bevordering van inheemse Afrikatale en blyk in kontras te wees van die mandate van beide hierdie twee instansies. Volgende gaan daar gekyk word na die mate waartoe die befondsde projekte bydra tot 'n openbare sfeer vir minderheidstale.

#### **4.5.3. Skep 'n openbare sfeer vir minderheidstaal**

Die minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat befondsing van die MDDA ontvang het, se hoofdoelwitte word ook in die MDDA se jaarverslae gemeld en kan vervolgens gebruik word om te bepaal tot watter mate die inisiatiewe bydra tot 'n openbare sfeer vir minderheidstale. Volgens 13% (30) van die inisiatiewe poog hulle om die betrokke minderheidstaal waarin hulle inhoud produseer te bevorder en 5% (13) bied 'n manier aan minderhede om hul eie opinies te lig. Hierdie vorm dus 'n belangrike skakel tussen 'n minderheidsgemeenskap en hul samelewing en sal in die volgende afdeling meer breedvoerig bespreek word. Dizindaba beskryf hul dienste as volg:

*“Dizindaba is a small commercial media isiXhosa newspaper, which was founded in 2007. The newspaper is specifically targeted at the isiXhosa-speaking communities largely found in the townships and informal settlements in the Western Cape (Khayelitsha, Gugulethu, Langa, etc.)... The newspaper’s core aim is to bridge the communication and information gap that exists between the isiXhosa speaking people of the Western Cape and the different spheres of government, as well as the business community.”*

MDDA, 2016:43

#### **4.5.4. Bied 'n belangrike skakel tussen 'n minderheidsgemeenskap en die samelewing waarin hulle funksioneer.**

Volgens die MDDA se jaarverslae (2014 tot 2018) het 18% (44) van die inisiatiewe wat ten doel om inligting aan minderheidstaalsprekers te verskaf oor die samelewing waarin hul leef en 21% (50) van inisiatiewe dui 'n opvoedkundige rol aan as hul hooffokus. Nog 'n belangrike fokus vir 18% (42) van die inisiatiewe is om minderhede te bemagtig en die historiese agterstand van die gemeenskappe teen te werk (MDDA 2014 tot 2018). Inkonjane FM stel hul fokus as:

*“The primary aim of the station is to provide a means through which communities can communicate, interact with and provide feedback to government officials on development issues, and to promote and preserve the culture of communities through music, cultural plays and drama.”*

MDDA, 2016:36

Hierdie bogenoemde vier gevalle waarin minderheidstaalmedia-inisiatiewe inheemse Afrikatale kan bevorder is egter slegs moontlik indien die inisiatiewe oorleef (Cormack 1998:40). Dus sal daar volgende gekyk word na Cormack (1998:40) se sewe eienskappe wat daartoe lei dat minderheidstaalmedia-inisiatiewe oorleef. Hierdie sewe eienskappe word in die volgende afdeling breedvoerig bespreek.

### **4.6. Cormack se sewe faktore wat die oorlewing van minderheidstaalmedia bepaal – met betrekking tot alle bogenoemde dokumentasie**

#### **4.6.1. Aantal sprekers van die taal**

Al vier die tale waarop hierdie studie fokus voldoen aan Cormack (1998:40) se eerste faktor wat die oorlewing van minderheidstaalmedia bepaal. Volgens die eerste faktor het tale met meer as 'n miljoen sprekers 'n groter kans op oorlewing. Die vier tale waarop hierdie studie fokus is isiZulu met 11,6 miljoen sprekers, isiXhosa met 8,2 miljoen sprekers, Sepedi met 4,6 miljoen sprekers, en Setswana met 4,1 miljoen sprekers (StatsSA, 2011). Die volgende faktor is wanneer daar doelbewuste poginge vanuit politieke oorde is om 'n taal te bevorder.

#### **4.6.2. Doelbewuste poginge vanuit politieke oorde om die taal te bevorder**

Die tweede faktor behels doelbewuste poginge uit politieke oorde om die tale te bevorder. Soos reeds bespreek in afdeling 4.2 maak die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) voorsiening vir die bevordering van al elf amptelike tale. Die Grondwet (1996) sluit verder vyf stipulasies in, wat die regte van alle amptelike tale, insluitend inheemse Afrikatale, benadruk en waarborg die politieke ondersteuning van die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van hierdie tale. Die volgende faktor behels die invloed van leierskap en organisasies in die bevordering van minderheidstale.

#### **4.6.3. Die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale**

Die invloed van leierskap en organisasie is veral te sien in die wyse waarop minderheidstaalmedia 'n deurslaggewende rol in die anti-apartheidstryd gespeel het (MDDA 2017b:29). Hierdie rol van leierskap toon egter 'n afname na die sterk groei wat in die 1980's aangeteken is. Die afname kan grotendeels toegeskryf word aan die ontstaan van nasionale, demokratiese koerante en volgens die MDDA, 'n afname in buitelandse befondsing vir gemeenskapsmedia-inisiatiewe (MDDA 2017b:29). Daar word egter vanaf 1994 toenemend op radiowese gefokus met 85 stasies wat in 1994-1995 begin word (MDDA 2017b:30). Hierdie tendens is vandag nog sigbaar in die groot aantal gemeenskapsradiostasies wat deur die MDDA befonds word. Die volgende faktor behels die politieke kultuur van die staat.

#### **4.6.4. Die politieke kultuur van die staat**

Ten spyte van lofwaardige beleide wat deur die staat geïnisieer is, is die implementering van projekte om inheemse Afrikatale te bevorder nie wyd geïmplementeer nie en het Thabo Mbeki, gewese president van Suid-Afrika, reeds in 2007 te kenne gegee dat die lot van inheemse tale in onderwys, die media-industrie, staatsinstansies en openbare gesprekke 'n geldige bron van kommer is (Beukes 2009:37). Hierdie bekommernis word nie net deur Mbeki opgemerk nie, maar deur verskeie rolspelers verantwoordelik vir die bevordering van inheemse Afrikatale.

Sedertdien is daar min gefokus op die staat se houding teenoor inheemse tale en is nuwe bronne feitlik onverkrygbaar vir die afgelope dekade. Dus is dit moeilik om tans

die politieke aard van die regering ten opsigte van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana te bepaal. Die volgende afdeling kyk na die mag van die gemeenskap om inheemse Afrikatale te bevorder.

#### **4.6.5. Die ooreenstemmende mag van die gemeenskap**

Die belangrike rol van die gemeenskap in die bevordering van inheemse Afrikatale is waarneembaar in die duidelike groei in minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat sedert die ontstaan van die MDDA befondsing ontvang het. Hierdie inisiatiewe, soos te sien in afdeling 4.5, dra volgens Cormack (2004:2) se vier gevalle suksesvol by tot die bevordering van minderheidstale. Ongelukkig meen die MDDA dat daar teenstrydighede is in wetgewing en regulasies wat die gemeenskap se magte beperk (MDDA 2017b:32). Terwyl die MDDA meen dat die gemeenskap se betrokkenheid 'n kernrol speel in hul kriteria om befondsing toe te staan, het die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (ICASA) nie die reg om 'n gemeenskapsradiostasie se uitsaailisensie terug te trek indien die gemeenskap dit nie ondersteun nie (MDDA 2017b:32). Die volgende afdeling kyk na wyses waarop die simboliese status van tale verwant is aan die identiteit van die land.

#### **4.6.6. Die simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land**

Soos reeds bespreek in afdeling 4.5.1 dra minderheidstaalmedia-inisiatiewe aktief by tot die verhoogde simboliese waarde van inheemse Afrikatale, deurdat die simboliese waarde van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana verhoog word deur hul verteenwoordiging in die media. Danksy die befondsing van die MDDA is daar in die tydperk 2014 tot 2018 in isiZulu 43 minderheidstaalmedia-inisiatiewe ondersteun, 55 in isiXhosa, 29 in Sepedi en 39 in Setswana (MDDA-jaarverslae 2014-2018). Verder beklemtoon die grondwetlike erkenning van inheemse Afrikatale as amptelike tale dat daar 'n verwantskap tussen die tale en die land se nasionale identiteit bestaan.

#### **4.6.7. Internasionale tendense met betrekking tot minderheidstale**

Ten slotte volg wetgewing in Suid-Afrika internasionale tendense met betrekking tot minderheidstale. Linguistiese menseregte word as belangrik geag en PanSAT is getaak om die skending van hierdie regte te ondersoek en reg te stel. Alhoewel die

implementering van Suid-Afrikaanse wetgewing ten opsigte van tale tot dusver stadig verloop, is daar weens die politieke geskiedenis van taalbeplanning 'n duidelike verband tussen regverdige hantering van tale en vrede (Beukes 2009:36).

Hierdie hoofstuk het gefokus op die de jure-omgewing van taalbeplanning in Suid-Afrika en het 'n ontleding gedoen van die Grondwet (1996) sowel as die doelwitte van PanSAT en MDDA. Volgens die ontleding van die Grondwet (1996) slaag die beleid baie doeltreffend aan die hand van die doelwitte wat Kaplan en Baldauf (2003) gestel het ten opsigte van die status-, Verwerwings- en prestige-beplanning van inheemse Afrikatale en die bykomende insluiting van die rol van PanSAT dra by tot die behaling van doelwitte wat te make het met korpusbeplanning. De jure speel die MDDA 'n belangrike rol in die praktiese uitvoering van hierdie ideale wat in die Grondwet (1996) vervat is, maar in die praktyk is daar 'n groot fokus op veral Engelse inhoud. Volgens Beukes (2009) blyk die de jure-beleide om 'n verskil te maak, maar de facto is daar 'n duidelike probleem met die implementasie van die taalbeleide. In die volgende hoofstuk gaan daar gekyk word na die de facto-omgewing van taalbeplanning deur te bepaal hoe minderheidstaalmedia wat deur die MDDA befonds word, volgens die amptelike jaarverslae lyk. Die volgende hoofstuk bied ook 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die vraelyste wat aan minderheidstaalmedia-inisiatiewe in Suid-Afrika gestuur is. Die oogmerk is om te bepaal hoe minderheidstaalmedia, met die Grondwet in gedagte, 'n rol kan speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale. Daar sal gebruik gemaak word van die taalsosiologiese velde van taalbeplanning, onder andere statusbeplanning, korpusbeplanning, verwerwingsbeplanning en prestige-beplanning, soos in Hoofstuk 3 uiteengesit is.

## Hoofstuk 5

### 'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die vraelyste

#### 5.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk bied 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe analise van die vraelyste wat deur begunstigdes van MDDA se befondsingsprojekte ingevul is. Vraelyste is deur personeel by die onderskeie minderheidstaalmedia-inisiatiewe ingevul. Die gebruik van vraelyste val onder opname-navorsing en is een van die mees algemene vorme van navorsing (Given 2008:846). Opname-navorsing verwys na die gebruik van metodes om data van 'n verskeidenheid individue, organisasies, of ander eenhede van belang op 'n sistematiese metode in te samel (Given 2008:846). Verskeie metodes word gebruik, insluitend vraelyste (gedruk of aanlyn), onderhoude (van aangesig tot aangesig of telefonies), fokusgroepe, of selfs waarnemings by 'n openbare plek soos 'n biblioteek (Given 2008:846). Soos geïmplementeer in hierdie studie, word vraelyste dikwels in samewerking met ander navorsingsmetodes gebruik om 'n algemene indruk saam te stel oor 'n spesifieke onderwerp – in dié geval word die omstandighede waarin minderheidstaalmedia-inisiatiewe funksioneer en hul demografiese inligting vasgevang om die praktiese en de facto-implikasies van die geanaliseerde de jure-beleide in Hoofstuk 4 te meet. Die volgende afdeling bied 'n ontleding van die vraelyste aan die hand van die erkenning, ontwikkeling en uitbreiding van inheemse Afrikatale.

#### 5.2. Taalbeleide en gebruike deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe geïmplementeer om inheemse Afrikatale deur status-, korpus-, Verwerwings- en prestige-beplanning te bevorder

Soos reeds bespreek in Hoofstuk 3, is inligting is ingesamel van 12 verskillende minderheidstaalmedia-inisiatiewe deur vraelyste te stuur aan personeel by minderheidstaalmedia-inisiatiewe soos joernaliste en redakteure, met 'n spesifieke fokus op die instansies wat befondsing in die tydperk 2014 tot 2018 vanaf die MDDA ontvang het. Die volgende afdeling fokus op die maniere waarop hierdie minderheidstaalmedia-inisiatiewe bydra tot die statusbeplanning van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.




### 5.2.1. Die statusbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste

Die eerste afdeling fokus op vrae 2, 9 tot 12, 18, 19, 21, 22, 24, en 25 uit die vraelys met betrekking tot statusbeplanning terwyl die volgende Tabel 18 'n opsomming van bevindings toon van die temas en vrae wat deel van statusbeplanning onder die respondente van die vraelyste is. Die analise van hul antwoorde word dus deur hierdie temas gekontekstualiseer.

**Tabel 18** Kaplan en Baldauf se statusbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente

Benaderings	Beleidsbenadering		Aanwasverbouingsbenadering	
<b>Statusbeplanning</b>	Statusstandaardisering	Amptelike funksie (doelwit 1)	Statusbeplanning	Taalherlewing (doelwit 4): <ul style="list-style-type: none"> <li>• Herstelling</li> <li>• Hernuwing</li> <li>• Ommekeer</li> </ul>
		Nasionalisering (doelwit 2)		Taalonderhoud (doelwit 5)
		Verbod (doelwit 3)		Intertalige Kommunikasie (doelwit 6)
				Taalverspreiding (doelwit 7)
<b>Vrae met betrekking tot statusbeplanning:</b>	<p><b>Vraag 2:</b> Why was the publication started?</p> <p><b>Vraag 9:</b> How many readers/listeners do you have?</p> <p><b>Vraag 10:</b> In what languages do you publish?</p> <p><b>Vraag 11:</b> If multiple languages are chosen – are they used in one or many publications? Please elaborate.</p> <p><b>Vraag 12:</b> Please attribute the division of language choices if it occurs in one publication.</p> <p><b>Vraag 18:</b> What are the language demographics of your readers?</p> <p><b>Vraag 19:</b> Does your publication help your readers to understand and adapt to their society?</p> <p><b>Vraag 21:</b> Is the culture and language used in the publication suitable to the reader demographics?</p> <p><b>Vraag 22:</b> In what way does the publication try to ensure these interests?</p> <p><b>Vraag 24:</b> Does your publication provide the area you live in with information about the culture and language which your publication uses?</p> <p><b>Vraag 25:</b> Does your publication encourage a multicultural, multi-ethnic community?</p>			

Om te bepaal wat die rol van minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse met verwysing na isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana is, is daar gekyk na die tale waarin inhoud geproduseer word. Die meerderheid van inhoud wat deur MDDA se begunstigdes produseer word, word in Engels (30% – 9 gevalle) gedoen, gevolg deur Afrikaans (20% – 6 gevalle), isiXhosa (17% – 5 gevalle) en isiZulu en Setswana met 7% (3 gevalle). Geen van die respondente produseer inhoud in Sepedi nie. Dit wil voorkom of die inisiatiewe die onderskeie tale wat hulle gebruik in gelyke hoeveelhede verdeel en dat geen taal bo 'n ander bevorder word nie, behalwe vir radiostasie (3) waar Afrikaans 60% van die tyd gebruik word en die aanlyn koerant wat slegs in Engels publiseer. Die onderstaande grafiek 5 toon die taal waarin media geproduseer is deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe.



**Grafiek 5** *Taal van mediaproduksie deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe.*

Volgende is die ontstaansrede van die minderheidstaalmedia-inisiatiewe ondersoek om te bepaal watter funksie hulle bedien. Twee redes het na vore gekom, eerstens om 'n bepaalde gemeenskap van inhoud oor die betrokke area te bedien en tweedens om nuus en inligting in hul lesers se eie taal te voorsien. Dus dra die minderheidstaalmedia-inisiatiewe by tot die uitbreiding van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana se funksies deurdat die tale danksy die inisiatiewe beskik oor nuus in hul eie taal.

Die betrokke minderheidstaalmedia-inisiatief speel 'n belangrike rol in prosesse soos taalherlewing (doelwit 4) omdat die gebruik van inheemse en -verspreiding (doelwit 7), ook as 'n intertaalige kommunikasie-medium (doelwit 6) dien tussen die samelewings waarin die minderhede funksioneer. Hierdie rol as intertaalige kommunikasie-medium word ondersteun deurdat 91% (11) van die respondente meen hulle help minderhede om aan te pas in hul omgewing, 89% (10) glo hulle bied toegang tot die media vir minderhede en 79% (9) glo hulle bedien minderhede met inligting oor hul eie kultuur. Dit word aangedryf deur die ideologiese oortuiging dat die minderheidstaalmedia-inisiatiewe hul gemeenskap voorsien van 'n spreekbuis en hulle ook inlig oor gebeure in hul omgewing (Nahir, 1984:303). Taalherlewing word ook gedryf deur politieke oortuiging wat in Suid-Afrika spruit uit die grondwetlike stipulasies wat amptelike status (doelwit 1) aan al die inheemse Afrikatale verskaf. Die volgende afdeling gaan kyk na hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan bydra tot die korpusbeplanning van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

### **5.2.2. Die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste**

Hierdie afdeling gaan spesifiek fokus op vrae 3, 12 en 26 tot 32 van die vraelys. Die volgende tabel toon 'n opsomming van die bevindings van die temas en vrae wat deel van korpusbeplanning onder die respondente van die vraelyste was.

**Tabel 19** Kaplan en Baldauf se korpusbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente.

Benaderings		Beleidsbenadering		Aanwasverbouingsbenadering	
Korpusbeplanning	Standaardisering	Standaardisering van die korpus (doelwit 8):	Uitbreiding van die korpus	Leksikale modernisering (doelwit 10)	
		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>		Modernisering van styl (doelwit 11)	
		Standaardisering van die hulpkode (doelwit 9)		Opknapping van die taal (doelwit 12)	
		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van skrif</li> <li>• Ontwikkeling van grammatika</li> <li>• Ontwikkeling van die leksikon</li> </ul>		<ul style="list-style-type: none"> <li>• Taalsuiwering</li> <li>• Taalherlewing</li> <li>• Stilistiese vereenvoudiging</li> <li>• Eenwording van terminologie</li> </ul>	
			Internasionalisering (doelwit 13)		
Vrae met betrekking tot korpusbeplanning:	<p><b>Vraag 3:</b> What type of publication is it?</p> <p><b>Vraag 12:</b> Please attribute the division of language choices if it occurs in one publication.</p> <p><b>Vraag 26:</b> Does your publication publish readers' letters, opinions and/ or comments?</p> <p><b>Vraag 27:</b> Does your publication allow comments on social media?</p> <p><b>Vraag 28:</b> In what languages do your readers / listeners mostly contact you?</p> <p><b>Vraag 29:</b> What type of communication medium is used when the publication is contacted by readers?</p> <p><b>Vraag 30:</b> How do you mostly handle concepts that can't be explained in your own language?</p> <p><b>Vraag 31:</b> How do you mostly handle comments from readers/listeners that are not in your target language?</p> <p><b>Vraag 32:</b> Does your publication include any of the following: Educational, Language (grammar), Science, Financial, General news, Literacy, Literature, Weather, Opinion, Political, Sport, Classifieds or Other inserts.</p>				

Die wyses waarop minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan bydra tot die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale is grootliks gebaseer op die feit dat daar nou geleentheid is om die korpus te standaardiseer, moderniseer en ontwikkel deur die inhoud wat geproduseer word. Die minderheidstaalmedia word dus 'n bron vir nuwe terme en frases wat in die alledaagse lewe van sprekers gebruik word (Ferguson, 1968:32) en volgens Karam (1974:116) word die sukses van nuwe woorde en frases

eerder in die media bepaal as deur die gebruik van akademië. Dié soort publikasie het 'n invloed op die korpusbeplanning omdat daar 'n verskil is in geskrewe en gesproke gebruik van taal. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat gesproke taal meer nie-gestandaardiseerde woorde bevat (McCroskey, *et al.* 2003). Die groep respondente bestaan uit agt radiostasies, drie gedrukte koerante en een aanlyn koerant. Almal besit wel sosiale media-platforms en 80% laat kommentaar op hul sosiale media-platforms toe of plaas briewe deur lesers/luisteraars wat moontlik kan bydra tot die geskrewe ontwikkeling van die betrokke inheemse Afrikatale. Verder is die algemeenste manier waarop lesers/luisteraars hulle kontak geskrewe in die vorm van Facebook-boodskappe, gevolg deur teksboodskappe (SMS en Whatsapp), en e-posse. Wanneer die inisiatiewe inhoud ontvang wat nie in hul amptelike taal van kommunikasie is nie, antwoord hulle 25% (3) in hul taal van publikasie, 25% (3) in Engels, 16% (2) word vertaal en 35% (4) word geïgnoreer.

In terme van inhoud bevat 35% (4) van minderheidsmedia-inisiatiewe inhoud wat te make het met grammatika (doelwit 8 en 9), 14% (2) bevat literêre insetsels (doelwit 12) en 14% (2) bevat inhoud wat die leesvaardighede bevorder (doelwit 12). Verder is die minderheidsmedia-inisiatiewe in 25% (3) van gevalle verantwoordelik vir die skep van nuwe terme vir konsepte wat nog nie bestaan nie deur nuutskeppings en die omskryf van terme wat bydra tot die leksikon van inheemse Afrikatale (doelwit 10 en 11). Die minderheidsmedia-inisiatiewe beywer hulself in 75% (9) van gevalle om taal te gebruik wat verstaanbaar is vir hul gehoor en help dus ook met die stilistiese vereenvoudiging van die taal, asook die modernisering van die styl en leksikon (doelwit 10). Benewens hierdie positiewe bydraes dra die skep van geskrewe en ouditiewe inhoud in inheemse Afrikatale ook by tot die kanon van beskikbare inhoud in minderheidstale.

Die volgende afdeling gaan kyk na verwerwingsbeplanning aan die hand van die uitbreiding van inheemse Afrikatale.

### 5.2.3. Die verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste

Soos te sien in Karam (1974:117) speel die media 'n belangrike rol in die stabilisering van taalbeplanning in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika waar daar dikwels makliker toegang is tot media as tot onderwysinstellings. Die ontleding van verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale is gebaseer op vrae 2, 13, 14, 16, 17 en 19 van die vraelys.

Die volgende tabel 20 toon 'n opsomming van die temas en vrae wat deel is van die verwerwingsbeplanning-antwoorde onder die respondente van die vraelyste.


**Tabel 20** Kaplan en Baldauf se verwerwingsbeplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente

Benaderings	Beleidsbenadering	Aanwasverbouingsbenadering
Verwerwingsbeplanning	Toegangsbeleid (doelwit 14) Personeelbeleid (doelwit 15) Kurrikulumbeleid (doelwit 16) Metodes en materiaalbeleid (doelwit 17) Hulpbronbeleid (doelwit 18) Gemeenskapbeleid (doelwit 19) Evaluasiebeleid (doelwit 20)	Taalherwinning (doelwit 21) Taalonderhoud (doelwit 22) Taalverskuiwing (doelwit 23)
<b>Vrae met betrekking tot Verwerwingsbeplanning:</b>	<b>Vraag 2:</b> Why was the publication started? <b>Vraag 13:</b> Does your publication have a language policy and what is this policy? <b>Vraag 14:</b> In the last three years our publication has grown. <b>Vraag 16:</b> What languages do your employees: Understand Speak and write? <b>Vraag 17:</b> Does language proficiency play a role in employee appointments? <b>Vraag 19:</b> Does your publication help your readers to understand and adapt to their society?	

Die minderheidstaalmedia-inisiatiewe is gevra om aan te dui of hulle tans 'n taalbeleid in plek het. Die helfte van hulle het tans 'n beleid in plek, terwyl 33% (4) van die minderheidstaalmedia-inisiatiewe aangedui het dat hulle nie 'n beleid in plek het nie. Die oorblywende 17% (2) is óf onseker, óf in die proses om 'n beleid in plek te stel. Verder is respondente bewus van die rol van minderheidstaalmedia-inisiatiewe in die opvoedingsproses en bied 80% (10) van hierdie media inhoud wat ten doel het om inheemse Afrikataalsprekers in te lig oor hul taal en kultuur (kurrikulumbeleid). Verder neem die minderheidstaalmedia-inisiatiewe hul rol as spreekbuis vir inheemse Afrikatale ernstig op en word die gemeenskap deur 60% (7) van minderheidstaalmedia-inisiatiewe gekonsulteer wanneer dit by die voorsiening van gepaste inhoud kom (doelwit 19).

Fishman (2001:466) voer aan dat taalverskuiwing (doelwit 29) gekeer word deur die gebruik van media. Alhoewel taalverskuiwing 'n positiewe doelwit is indien dit ten gunste van minderheidstale plaasvind, kan dit ook negatief wees wanneer sprekers migreer na 'n meer wydgesproke taal omdat die minderheidstaal nie beskik oor genoegsame bronne nie. Die beskikbaarheid en die gevolglike reikwydte of aantal sprekers wat deur die onderskeie media bereik word, is dus van kernbelang. Die minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat die vraelys ingevul het bereik 'n groot aantal sprekers met gemiddelde leser/luisteraar-getalle van 52 583 persone met 'n maksimum luisteraars van 250 000 by radiostasie (8) asook 100 000 by die aanlyn koerant en 'n minimum van 5000 luisteraars by die radiostasie (3). Die onderstaande grafiek 6 toon die aantal persone deur minderheidstaalmedia bereik.





**Grafiek 6** *Persone bereik deur minderheidsmedia-inisiatiewe.*

Die volgende afdeling gaan kyk na hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan bydra tot die prestige-beplanning van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.


#### **5.2.4. Die prestige-beplanning van inheemse Afrikatale onder respondente van vraelyste.**

Prestige-beplanning se hoofdoelwit is om 'n gegewe taal te verhef en van toepassing te maak op intellektuele situasies derhalwe die taal die aansien het om te ontwikkel en uit te brei tot 'n stabiele taalomgewing (Kaplan en Baldauf 2003:222). Dit is 'n betreklik nuwe toevoeging tot taalbeplanning en word bespreek aan die hand van vrae 1, 6 tot 8, 14 tot 17, 20, 23 en 32 van die vraelys. Die onderstaande Tabel 21 bied 'n opsomming van die temas en vrae wat deel is van prestige-beplanning onder die respondente van die vraelyste se bevindings.

**Tabel 21** Kaplan en Baldauf se prestige-beplanning van inheemse Afrikatale deur die vraelys se respondente.


Benaderings	Beleidsbenadering	Aanwasverbouingsbenadering								
Prestige-beplanning	<table border="1"> <tr> <td rowspan="4" style="writing-mode: vertical-rl; transform: rotate(180deg);">Taalbevordering</td> <td>Amptelike / Regerings (doelwit 24)</td> </tr> <tr> <td>Instansies (doelwit 25)</td> </tr> <tr> <td>Drukgroepe (doelwit 26)</td> </tr> <tr> <td>Indiuidue (doelwit 27)</td> </tr> </table>	Taalbevordering	Amptelike / Regerings (doelwit 24)	Instansies (doelwit 25)	Drukgroepe (doelwit 26)	Indiuidue (doelwit 27)	<table border="1"> <tr> <td rowspan="4" style="writing-mode: vertical-rl; transform: rotate(180deg);">Intellektualisering</td> <td>(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28)</td> </tr> <tr> <td> <ul style="list-style-type: none"> <li>Taal van wetenskap</li> <li>Taal van beroepe</li> <li>Taal van hoër kultuur</li> </ul> </td> </tr> </table>	Intellektualisering	(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28)	<ul style="list-style-type: none"> <li>Taal van wetenskap</li> <li>Taal van beroepe</li> <li>Taal van hoër kultuur</li> </ul>
Taalbevordering	Amptelike / Regerings (doelwit 24)									
	Instansies (doelwit 25)									
	Drukgroepe (doelwit 26)									
	Indiuidue (doelwit 27)									
Intellektualisering	(Volle kategorie van intellektualisering dien as doelwit 28)									
	<ul style="list-style-type: none"> <li>Taal van wetenskap</li> <li>Taal van beroepe</li> <li>Taal van hoër kultuur</li> </ul>									
	Vrae met betrekking tot prestige-beplanning:	<p><b>Vraag 1:</b> How old is the publication?  <b>Vraag 4:</b> Who are the owners of the publication?  <b>Vraag 6:</b> What is / are the gender(s) of the owner(s) of the publication?  <b>Vraag 7:</b> What is the racial demographic of the owners of the company? (please provide in terms of percentages)  <b>Vraag 8:</b> Is the ownership demographic transformed to match community demographics? If yes, how?  <b>Vraag 14:</b> In the last three years our publication has grown.  <b>Vraag 15:</b> How many people do you employ / work for the publication?  <b>Vraag 16:</b> What languages do your employees: Understand Speak and Write?  <b>Vraag 17:</b> Does language proficiency play a role in employee appointments?  <b>Vraag 20:</b> Does your publication view culture as part of their readership interest?  <b>Vraag 23:</b> Does your publication provide readers with more information about their own culture and language?  <b>Vraag 32:</b> Does your publication include any of the following: Educational, Language (grammar), Science, Financial, General news, Literacy, Literature, Weather, Opinion, Political, Sport, Classifieds or Other inserts.</p>								

Die hoofdoel van die beleidsbenadering van prestige-beplanning is taalbevordering en dit vind plaas aan die hand van regering, amptelike instansies of selfs drukgroepe. In die geval van hierdie vraelys, vind dit plaas deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe. Die ouderdom van die inisiatiewe is ingesluit in die vraelys om te probeer bepaal hoe standhoudend die media-inisiatiewe is en volgens die respondente bestaan die meerderheid van die inisiatiewe al'n gemiddeld van 14 jaar en vyf van die 12 instansies is ouer as 20 jaar. Die ouderdom van die inisiatiewe word in die onderstaande grafiek 7 uitgebeeld.




**Grafiek 7** Ouderdom van minderheidstaalmedia-inisiatiewe.

Verder word die prestige van inheemse Afrikatale bevorder deurdat sprekers van die betrokke tale aan die stuur van die minderheidstaalmedia-inisiatiewe is (Cormack 2007:142). Die MDDA (2017b:61) moedig ook aan dat die eienaarskap en beheer van minderheidstaalmedia-inisiatiewe by minderheidstale self lê en dat dit nodig is vir inheemse Afrikatale om die eienaars van media te wees. Daarom is daar gekyk na die eienaars van minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat befonding vanaf die MDDA ontvang. Volgens 86% (10) van die respondente is die demografie (ras sowel as geslag) van die eienaars van die minderheidstaalmedia-inisiatiewe dieselfde as hul gemeenskap. Slegs 9% (1) het aangedui dit is nie verteenwoordigend nie en 9% (1) wou nie die vraag beantwoord nie. Die onderstaande grafiek 8 bied 'n uiteensetting van demografie van eienaars van minderheidsmedia-inisiatief.



**Grafiek 8** Uiteensetting van demografie van eienaars van minderheidsmedia-inisiatief.

Een belangrike oogmerk van die prestige van enige taal is die intellektualisering van die taal. Vir 'n taal om verhoog te word na 'n hoër funksie is dit nodig vir die taal om gesien te word as 'n taal wat gebruik kan word in wetenskaplike teks. Daarom is daar gekyk na die soort inhoud wat geproduseer is en word dit in die onderstaande grafiek 9 uitgebeeld.



**Grafiek 9** Soort inhoud geproduseer weergegee in terme van die gemiddelde persentasie in inhoud.

Daar is bevind dat minderheidsmedia-inisiatiewe 'n aktiewe rol kan speel in die prestige van die taal deurdat inhoud geskep word in onderwerpe soos Letterkunde, Wetenskap en Finansiële sake wat bydra tot die aansien van die inheemse Afrikatale. Die volgende afdeling bevat vier gevallestudies wat onderneem is onder minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat befondsing vanaf die MDDA ontvang. Die doel van die gevallestudies is om 'n duidelike profiel te skets van die bestaande minderheidsmedia-inisiatiewe wat tans getaak is met die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale.

### 5.3. Gevallestudies

Gevallestudies is 'n soort navorsing waar sekere fenomene breedvoerig ondersoek word (Given 2008:68). Hierdie studie maak gebruik van vier voorbeelde van minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat deel was van die vraelys en het die inligting wat personeel by die inisiatiewe gebied het, gebruik om 'n gevallestudie van elk op te stel. Die seleksie van die vier gevalle is noukeurig gedoen om die vier gevalle te kies wat die duidelikste uitbeeld hoe hierdie minderheidstaalmedia-inisiatiewe de facto kan bydra tot die ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van inheemse Afrikatale – spesifiek met verwysing na isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana. Cormack (2007) se vier gevalle waar minderheidstaalmedia bydra tot die bevordering van minderheidstale sal gebruik word om die gevallestudies te evalueer.

#### 5.3.1. Gevallestudie 1: Gemeenskapsradiostasie (1)

Die eerste minderheidstaalmedia-inisiatief waarna gekyk gaan word, is 'n gemeenskapsradiostasie wat reeds 25 jaar bestaan. Min inligting word verskaf oor die eienaars van die stasie, maar daar word hoofsaaklik in Afrikaans, Engels en in 'n mindere mate isiXhosa uitgesaai aan ongeveer 30 000 luisteraars. Die stasie verskaf werk aan vyf werknemers wat Afrikaans en Engels kan praat, terwyl daar slegs van hulle verwag word om isiXhosa te verstaan. In terme van Cormack (2007) se vier gevalle, voldoen die stasie slegs gedeeltelik aangesien daar nie baie belangrikheid geheg word aan die rol wat die stasie speel in die bevordering van minderheidstale nie. Die stasie neem nie taal in ag wanneer personeel aangestel word nie en dra dus nie finansiële by tot werkskepping vir minderheidstaalsprekers nie. Verder lei die besluit om hoofsaaklik in Afrikaans en Engels uit te saai nie tot die verhoging van die simboliese waarde van minderheidstale nie en erken die stasie dat hulle nie probeer om inligting aan luisteraars te bied oor minderheidstale of -kulture nie. Die stasie erken verder dat hul inhoud en die taal waarin dit weergegee word, slegs gedeeltelik gepas is op die gemeenskap waarin hulle uitsaai. Die stasie se inhoud fokus veral op algemene nuus en grammatika, asook leesvaardighede en letterkunde. Die stasie bied wel 'n skakel tussen die Afrikaanse, Engelse en isiXhosa-gemeenskappe omdat die tale saam op een platform gebruik word. Ten slotte het die stasie aangedui dat hulle in die laaste drie jaar nie goeie groei in luisteraargetalle gesien het nie.

### **5.3.2. Gevallestudie 2: Gemeenskapsradiostasie (3)**

Die tweede gevallestudie is ook 'n gemeenskapsradiostasie wat in Afrikaans, Engels en isiXhosa uitsaai, maar al drie tale word gelyk hanteer en inhoud moet in al drie tale verskaf word. Hierdie gemeenskapradiostasie voldoen volledig aan Cormack (2007) se vier gevalle waar minderheidstaalmedia bydra tot die bevordering van minderheidstale. In teenstelling met die eerste stasie speel taalvaardighede 'n belangrike rol in indiensneming en word daar van die 18 werknemers verwag om die tale te kan skryf en word Engels as 'n vorm van intertalige kommunikasie gesien. Die stasie saai reeds 28 jaar uit na ongeveer 89 000 luisteraars en het in die afgelope drie jaar positiewe groei gesien. Die stasie sien kultuur as deel van hulle luisteraars se belangstelling en meen dat die tale wat hulle gebruik hul luisteraars se demografie weerspieël. Die stasie help hul luisteraars om hul direkte omgewing te verstaan en bied ook vir ander kulture inligting oor die minderheidskulture. Die inhoud wat uitgesaai word, is hoofsaaklik algemene nuus, sport, weer en Leefstylinsetsels. Omroepers maak gebruik van 'n opgeknapte moderne “straattaal” wat deur 'n proses van leksikale en stilistiese modernisering gegaan het. Terme wat nie in die minderheidstale bestaan nie, word omskryf en verduidelik. Die taal wat die stasie gebruik is ook in pas met die omgewing en bied aan ander kulture inligting oor die minderheidstale waarin hulle uitsaai. Ten slotte bied die stasie inhoud wat bydra tot 'n multikulturele samelewing in 'n taalvariant wat luisteraars kan verstaan.

### **5.3.3. Gevallestudie 3: Aanlyn koerant**

Die derde gevallestudie is 'n aanlyn koerant wat uitsluitlik in Engels publiseer. Die koerant ontvang befondsing by die MDDA moontlik omdat dit in pas is met die MDDA se mandaat om die eienaarskap en beheer van en toegang tot die media aan histories-benadeelde gemeenskappe moontlik te maak. Dit is ook 'n bron van werkskepping vir die oorwegend swart werknemers Die aanlyn koerant bestaan al drie jaar en die eienaars word aangedui as 100% swart. Die koerant beywer hulself met die skep van inhoud vir alle vir Engels-, Afrikaans-, isiXhosa-, Setswana-, en Sesothosprekers in die area. Die koerant het ongeveer 100 000 gereelde lesers en sien hulself as 'n nie-rassige publikasie wat inhoud bied oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe insluitend taal, wetenskap, finansies, algemene nuus, politiek, sport en leefstyl en maak gebruik van intertalige kommunikasie met Engels as die tolktaal. Die gebruik van Engels as

die tolktaal stel ook die koerant in staat om die kulturele eienskappe van inheemse Afrikatale aan 'n breër gehoor te bied. Engels word ook ontwikkel deur nuutskeppings te skep vir konsepte wat slegs in Afrikaans, isiXhosa, Setswana en Sesotho beskikbaar is. Die koerant beskou egter nie kultuur as deel van hul lesers se belangstellingsvelde nie, maar moedig diversiteit aan deur verskillende uitkyke te bied. Hierdie koerant voldoen slegs gedeeltelik aan Cormack (2008) se vier gevalle, maar bied interessante maniere waarop 'n tolktaal gebruik kan word om die breër gemeenskap in te lig oor die kulturele gebruike van 'n minderheidskultuur.

#### **5.3.4. Gevallestudie 4: Gedrukte koerant (2)**

Die vierde gevallestudie is 'n gedrukte koerant wat sewe jaar al bestaan en daarop fokus om nuus aan Sesotho en isiXhosa-gemeenskappe te bring. Inhoud word in Sesotho, Setswana, Engels en isiXhosa geproduseer en bereik ongeveer 60 000 lesers. Die koerant voldoen volledig aan Cormack se vier gevalle deurdat inhoud saamgestel word om sprekers van minderheidstale te help om hul samelewing te verstaan en in te pas, die koerant sien kultuur as deel van hul lesers se belangstelling en bied vir die breër gemeenskap 'n blik op veral Sesotho, Setswana en isiXhosa-kultuur. Verder is die koerant 'n bron van inkomste vir vyf werknemers wat aangestel word omdat hulle die betrokke minderheidstale magtig is. Daar word ook van werknemers verwag om die kulture van die minderheidstale te verstaan en met hulle te kan assosieer op 'n kulturele vlak. Die koerant werk nou saam met die Departement van Kuns en Kultuur, kulturele sentra, biblioteke en tradisionele leiers om inhoud te verskaf wat voldoen aan die behoeftes van die onderskeie Sesotho en isiXhosa-gemeenskappe, en sodoende word die simboliese waarde van minderheidstale en -kulture verhoog.

Die lesers word as oorwegend Sesotho beskryf en deur inhoud in vier tale te bied word kulturele inligting aan 'n breër gemeenskap voorsien en dra dit by tot 'n multikulturele gemeenskap. Die inhoud bestaan uit grammatika, finansiële insetsels, algemene nuus, letterkunde insetsels, weer, politieke insetsels, sport en opiniestukke.

Hierdie vier gevallestudies, saam met die voorafgaande kwantitatiewe ontleding van minderheidstaalmedia-inisiatiewe, bied 'n duidelike omlýning oor die rol wat hierdie inisiatiewe kan speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse



Afrikatale. Die volgende hoofstuk sluit samevattings en gevolgtrekkings in oor die rol wat minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse speel en beantwoord die twee navorsingsvrae wat in Hoofstuk 1 gevra is.

Hoofstuk 5 fokus op vraelyste, wat as data-insamelingsinstrument gebruik word om die de facto toepassing wat beleide op die minderheidstale het, te meet. De jure is daar reeds goeie vordering gemaak om inheemse Afrikatale te bevorder, maar de facto word 30% (9 gevalle) van inhoud deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe steeds in Engels geproduseer. Dit vind plaas ondanks die feit dat die minderheidstaalmedia-inisiatiewe befondsing ontvang om veeltaligheid te bevorder, wat 'n belangrike deel is van status- sowel as prestige-beplanning.

Desnieteenstaande kan minderheidstaalmedia-inisiatiewe ook bydra tot die korpusbeplanning van inheemse Afrikatale, omdat daar nou geleentheid is om die korpus te standaardiseer, moderniseer en te ontwikkel deur die inhoud wat geproduseer word. In terme van inhoud, bevat minderheidstaalmedia-inisiatiewe inhoud wat te make het met grammatika (doelwit 8 en 9), literêre insetsels (doelwit 12) en inhoud wat die leesvaardighede bevorder (doelwit 12). Verder is die minderheidsmedia-inisiatiewe in verantwoordelik vir die skep van nuwe terme vir konsepte wat nog nie bestaan nie deur nuutskeppings en die omskryf van terme wat bydra tot die leksikon van inheemse Afrikatale (doelwit 10 en 11). In die volgende hoofstuk gaan daar 'n samevatting wees van die bevindinge in die studie. Die hoofnavorsingsvrae sal beantwoord word en gevolgtrekkings sal gemaak word oor die wyses waarop minderheidstaalmedia 'n rol kan speel op die erkenning, ontwikkeling en uitbreiding van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana.

## Hoofstuk 6

### Samevatting en gevolgtrekkings oor die rol wat minderheidstaalmedia in taalbeplanningprosesse speel

#### 6.1. Taalbeleide in Suid-Afrika teen die agtergrond van minderheidstaalmedia-inisiatiewe

De jure het die studie gekyk na die rol wat die taalbeleide van minderheidstaalmedia speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier mees gesproke, amptelike, inheemse Afrikatale in Suid-Afrika, naamlik isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana. Om dit te doen is daar gefokus op taalbeplanning sowel as -beleide. Eerstens is taalbeplanning gedefinieer as 'n proses wat 'n breë verskeidenheid aktiwiteite insluit; van die skep van 'n nuwe woord tot die ontwikkeling van 'n nuwe taal, terwyl taalbeleide meer spesifiek op taalkundige, politieke en sosiale doelwitte fokus wat onderliggend is aan die taalbeplanningsproses (Haugen 1987:627). Verder kan taalbeplanning in vier dele ingedeel word naamlik: korpusbeplanning, statusbeplanning, verwerwingsbeplanning en prestige-beplanning (Cooper 1989:45). Hierdie vier benaderings speel 'n rol in die verandering in taalkode (korpusbeplanning), die gebruik (statusbeplanning), aanleer (verwerwingsbeplanning) en bevordering (prestige-beplanning) van inheemse Afrikatale.

Die teoretiese raamwerk het binne die veld van taalsosiologie geval omdat daar 'n bestudering was van tale in verhouding tot 'n sosiale konteks, en gevolglik is daar gebruik gemaak van Kaplan en Baldauf (2003) se Evolusieraamwerk wat bestaan uit 28 doelwitte wat in vier bogenoemde benaderings van taalbeplanning opgedeel kan word. Hierdie vier benaderings is verteenwoordigend van die drie prosesse, ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van taalbevordering waarna die studie primêr kyk. Reagan (2002:420) definieer korpusbeplanning as die leksikale ontwikkeling en uitbreiding van Suid-Afrika se tale deur die implementering van prosesse soos die skep van nuwe terminologie, die skryf van woordeboeke en handboeke vir leerders en die samestelling van spel- en taalreëls (Reagan, 2002:420). In die Suid-Afrikaanse konteks behels statusbeplanning die keuse van die amptelike tale, asook hoe tale in verskillende amptelike instellings soos skole en staatsdepartemente, gebruik word

(Reagan 2002:420). Statusbeplanning behels ook besluite oor watter taal die staat se media sal gebruik. Die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) stipuleer dat **Sepedi**, Sesotho, **Setswana**, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, Engels, isiNdebele, **isiXhosa** en **isiZulu** die amptelike tale van die land is. Verwerwingsbeplanning behels poginge om by te dra tot die verspreiding van tale deur geleenthede te skep of te verbeter waar sprekers aangespoor word om die taal aan te leer (Hornberger 2006:30). In Suid-Afrikaanse gemeenskappe, waar burgers gemotiveer word om bykomende landstale aan te leer, is verwerwingsbeplanning teenwoordig. Ten slotte verwys prestige-beplanning na die bevordering van 'n taal deur enige proses wat geïmplementeer is om die aansien van tale te verhoog (Baldauf 2004:4). Hierdie studie het probeer wys dat media, spesifiek minderheidstaalmedia-inisiatiewe, 'n belangrike rol kan speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van inheemse Afrikatale. Volgens Kelly-Holmes en Pietikäinen (2012:4) vorm media deel van mense se daaglikse lewe en is ideaal geïmplementeer om taalvaardighede aan te leer. Hierdie verband tussen 'n taal en die media word breedvoerig deur Cormack (2007) ondersoek as nie net 'n onderafdeling van mediastudies nie, maar ook as 'n afdeling van sosiolinguïstiese studies (Cormack 2007:10).

Cormack (2007: 53-55) stel dit dat daar vier gevalle is waarin minderheidstaalmedia kan bydra tot die bevordering van minderheidstale. In die eerste plek verhoog minderheidstaalmedia die simboliese waarde van minderheidstale, en tweedens is dit 'n vorm van werkskepping wat 'n finansiële waarde vir die gemeenskap skep (Cormack 2007: 53). In die derde geval skep dit 'n openbare sfeer vir die minderheidstaal en vierdens bied dit 'n belangrike skakel tussen die minderheidsgemeenskap en die samelewing waarin hulle funksioneer (Cormack 2007:55). Verder identifiseer Cormack (2007:7) sewe faktore wat nodig is vir die oorlewing van minderheidstaalmedia. Al sewe faktore beklemtoon duidelik politieke aspekte en kan onder sekere spesifieke omstandighede 'n politieke momentum opbou ten gunste van 'n minderheidstaalgemeenskap. Die sewe faktore sluit in: i) die aantal sprekers van die taal, ii) doelbewuste veldtogte vanuit politieke oorde om die taal te bevorder, iii) die invloed van leierskap en organisasie in die bevordering van minderheidstale, iv) die politieke kultuur van die staat, v) die ooreenstemmende mag van die gemeenskap in 'n spesifieke area, vi) die simboliese status van die taal en die taal se verwantskap tot die nasionale identiteit van die land, en vii) internasionale tendense wat betrekking het

op minderheidstale (Cormack 1998:40). Die sewe faktore is gebruik om internasionale gevalle, waar minderheidstaalmedia-inisiatiewe gebruik is, te meet en ook om minderheidstaalmedia in Suid-Afrika te ontleed.

In die volgende afdeling word 'n opsomming gebied en teoretiese agtergrond verduidelik waarteen die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996), die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk, sowel as dokumente van die MDDA en PanSAT ontleed is en bied 'n opsomming van die bevindings gemaak en hoe dit die navorsingsvrae beantwoord.

## 6.2. 'n Opsomming van die bevindings

Hierdie studie het ten doel gehad om die hoofnavorsingsvraag en twee sekondêre vrae aan die hand van taalbeplanning in Suid-Afrika te beantwoord. Die vrae lyk as volg:

*Hoe bevorder minderheidstaalmedia in Suid-Afrika die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die volgende vier inheemse Afrikatale: isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana?*

Voortvloeiend uit die hoofnavorsingsvraag is twee sekondêre vrae geformuleer:

1. Watter taalbeleide is van krag op minderheidstaalmedia in Suid-Afrika?
2. Hoe lyk minderheidstaalmedia in Suid-Afrika en hoe kan minderheidstaalmedia met hierdie taalbeleide in gedagte, 'n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale?

Om vas te stel hoe minderheidstaalmedia in Suid-Afrika die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die volgende vier inheemse Afrikatale, isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, bevorder is daar 'n vergelyking getref tussen die de jure en de facto-invoede van minderheidstaalmedia. De jure is daar gekyk na die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996), die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk, sowel as dokumente van die MDDA en PanSAT.

Om die **eerste subvraag**, nl. *Watter taalbeleide is van krag op minderheidstaalmedia in Suid-Afrika?* te beantwoord, is daar gekyk na die linguistiese landskap van Suid-Afrika. Vanaf die onderdrukking van Nederlands (Afrikaans) in die negentiende eeu tot die problematiese beleide tydens die apartheidjare en die demokratiese Grondwet in 1996 is taalbeleide beide gebruik en misbruik deur politieke rolspelers. Met spesifieke fokus op die taalbeleide in 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika, fokus Vraag 1 spesifiek op die grondwet as beleid. Die gedeelte van die Grondwet (1996) wat betrekking het op taalbeleide, bestaan uit vyf subartikels wat poog om die historiese inkorting van die gebruik en status van inheemse tale reg te stel en gelyke status aan al elf amptelike tale te verskaf. Hierdie beleid, saam met die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk, bied dus de jure-riglyne wat provinsies, munisipaliteite, die staat, landsburgers en ander nie-regeringsinstansies in ag moet neem in hulle de facto-uitvoering van die beleid. Die Grondwet (1996) is instrumenteel in die erkenning van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana deur aan die tale erkenning as amptelike tale te oorhandig. Verder lei die stipulasies in die Grondwet tot die stigting van PanSAT wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van alle amptelike tale. De jure speel PanSAT 'n belangrike rol in die standaardisering van die korpus en hulpkode, sowel as die modernisering van die styl en leksikon, maar de facto ontvang die leksikale ontwikkeling min befondsing en bied PanSAT merendeels slegs advies as daadwerklike ontwikkeling van tale. Ook die voorgestelde Nasionale Taalbeleidsraamwerk bied uitgebreide de jure-oplossings vir die bevordering van inheemse Afrikatale, maar is nie geïmplementeer nie.

Hieruit is dit duidelik dat indien die bevordering van inheemse Afrikatale sukses gaan behaal, dit nodig is dat daar vanuit die gemeenskap (onder-na-bo-benadering) oplossings gevind word. Dit is dus hier waar gemeenskapsmedia, in die vorm van minderheidstaalmedia-inisiatiewe, 'n belangrike rol kan speel. Terwyl PanSAT direk in die Grondwet genoem is, word die MDDA nie direk in die de jure-beleide genoem nie. Ten spyte van hierdie indirekte skakeling, speel die MDDA 'n belangrike rol in die beskikbaarheid van media in isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana as 'n indirekte de facto-realisering van die de jure-grondwetlike beleid. Die MDDA stel die bevordering van inheemse Afrikatale as hul kerndoelwit en 'n dokumentanalise van hul jaarverslae en 'n vraelys aan hul begunstigdes bied 'n antwoord op die eerste deel van die tweede navorsingsvraag, naamlik, *“Hoe lyk minderheidstaalmedia in Suid-Afrika?”*.

MDDA ondersteun ongeveer 142 minderheidstaalmedia-inisiatiewe op 'n nasionale vlak wat media produseer in al 11 amptelike tale. Volgens die data van 2014 tot 2018 se jaarverslae word daar oorwegend gefokus op radiostasies met 59% (94) van die 142 instellings wat betrokke is by radio-uitsending, terwyl 39% (63) aanlyn en gedrukte koerante of tydskrifte is. Slegs 2% van die instellings wat deur die MDDA ondersteun is in die tydperk, is gemoeid met televisie-uitsendings. Die taal waarin die meeste media geproduseer word, is Engels (28% – 52 gevalle), gevolg deur isiXhosa (11,7% – 34 gevalle), isiZulu (9,2% – 16 gevalle), Setswana (8,4% 14 – gevalle) en Sesotho (7,1% 12 – gevalle). Verder het die begunstigdes van die MDDA in die tydperk 2014 tot 2018 R199 873 640 ontvang as finansiële inspuiting wat hoofsaaklik gebruik is vir kantoortoerusting, digitale toerusting om op die lug te bly, 'n produksie-ateljee, huur, kantoormeubels, oudit- en bankkoste (MDDA, 2016: 34).

Die **ontwikkeling** van inheemse Afrikatale trek ook voordeel uit verteenwoordiging in die media omdat dit 'n sosiale omgewing skep waarin 'n taal genormaliseer word totdat dit geskik is vir alledaagse gebruik (Uribe-Jongbloed en Salawu, 2018:184). Die **uitbreiding** van inheemse Afrikatale word veral aangehelp deurdat dit die geleentheid bied aan sprekers om die taal aan te leer, vir taalherwinning om plaas te vind en ook 'n platform te bied waar die taalonderhoud verseker kan word. Die uitbreiding van inheemse Afrikatale word ook bevorder deur minderheidstaalmedia-inisiatiewe wat in hul personeelbeleide aandring dat hul personeel die onderskeie minderheidstale magtig is.

Hierdie verteenwoordiging in die media dra by tot die aansien (**erkenning**) van die taal en ook die uitbreiding van die taal deurdat die taal 'n bykomende funksie gekry het wat die aanleer van die taal makliker maak (Cooper 1989:118). Ten slotte, omdat daar waarde en belangrikheid geheg word aan tale wat oor media-inisiatiewe beskik, dra die minderheidstaalmedia-inisiatiewe by tot die **erkenning** van inheemse Afrikatale. Die oomblik wat 'n taal, veral 'n minderheidstaal, verteenwoordiging in die media ontvang, verander dit die status van die taal deurdat dit byvoeg tot die funksies van die taal in 'n gegewe gemeenskap (Cooper 1989:118). In terme van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana, kan ons sien dat daar verteenwoordiging is van inheemse tale in die de jure-beleide, veral omdat die meerderheid van die 28 doelwitte wat betrekking het op ontwikkeling, uitbreiding en erkenning van inheemse tale, aangespreek is.

Die volgende afdeling beantwoord die **tweede gedeelte van die tweede navorsingsvraag** en fokus op hoe die de facto-gebruik van hierdie tale in die media in terme van ontwikkeling, erkenning en uitbreiding as bevordering van die vier tale gebruik word, nl.: *“Hoe kan minderheidstaalmedia, met hierdie taalbeleide in gedagte, ’n rol speel in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die vier genoemde inheemse Afrikatale?”*

### **6.2.1. Die Ontwikkeling van inheemse Afrikatale**

Die ontwikkeling van inheemse Afrikatale is hoofsaaklik die resultaat van korpusbeplanning en in terme van minderheidstaalmedia kan hierdie inisiatiewe ’n bron wees vir die skep en verspreiding van nuwe terme en frases wat in die alledaagse lewe van sprekers gebruik word (Ferguson 1968:32) en volgens Karam (1974:116) word die sukses van nuwe woorde en frases eerder in die media bepaal as deur die gebruik van akademici. Verskeie minderheidstaalmedia-inisiatiewe bevat inhoud wat te doen het met grammatika (doelwit 8 en 9), literêre insetsels (doelwit 12) en inhoud wat die leesvaardighede bevorder (doelwit 12). Verder is die minderheidsmedia-inisiatiewe ook verantwoordelik vir die skep van nuwe terme vir konsepte wat nog nie bestaan nie deur nuutskeppings en die omskryf van terme wat bydra tot die leksikon van inheemse Afrikatale (doelwit 10 en 11). Die minderheidsmedia-inisiatiewe beywer hulself in 75% (9 gevalle) van gevalle om taal te gebruik wat verstaanbaar is vir hul gehoor en help dus ook met die stilistiese vereenvoudiging van die taal, asook die modernisering van die styl en leksikon (doelwit 10). Benewens hierdie positiewe bydraes dra die skep van geskewe en ouditiewe inhoud in inheemse Afrikatale ook by tot die kanon van beskikbare inhoud in minderheidstale.

### **6.2.2. Die Erkenning van inheemse Afrikatale**

Die erkenning van inheemse Afrikatale vind plaas deur twee van die benaderings van taalbeplanning, naamlik statusbeplanning en prestige-beplanning. Die de jure-bydrae wat die Grondwet (1996) maak tot die taalbevordering (doelwit 25 – 28) van inheemse Afrikatale se prestige is ’n vorm van erkenning gee aan inheemse Afrikatale en is van kardinale belang omdat dit die bevordering van tale die grondwetlike verantwoordelikheid van die regering (doelwit 25), instansies (doelwit 26), drukgroepe (doelwit 27) en individue (doelwit 28) maak.



De facto kan minderheidstaalmedia 'n rol speel in die erkenning van inheemse Afrikatale omdat die oomblik wat 'n taal, veral 'n minderheidstaal, verteenwoordiging in die media ontvang, verander dit die status van die taal deurdat dit byvoeg tot die funksies van die taal in 'n gegewe gemeenskap (Cooper 1989:118). Die sosiale prestige van minderheidstale word ook bevorder deur die skep van 'n spreekbuis vir taalkundige minderhede en die teenwoordigheid van 'n minderheidstaal in die media dra by tot die sosiale samehorigheid van 'n gegewe gemeenskap (Cormack 2007:54). Ongeveer 75% (9 gevalle) van die respondente dui aan dat hul publikasie begin is om die gemeenskap te bedien met informasie in 'n taal van hul eie. Taalherlewing word ook gedryf deur politieke oortuiginge wat in Suid-Afrika spruit uit die grondwetlike stipulasies wat amptelike status (doelwit 1) aan al die inheemse Afrikatale verskaf. Ten slotte skep die gebruik van minderheidstale ook aanloklike ekonomiese waarde vir die taal en kan ook aantreklike indiensneming bied vir sprekers van die minderheidstaal. Die prestige van inheemse Afrikatale word ook bevorder deurdat sprekers van die betrokke tale aan die stuur van die minderheidstaalmedia-inisiatiewe staan. De facto blyk dit egter of die meerderheid van minderheidstaalmedia-inisiatiewe in Engels inhoud produseer, wat 'n negatiewe boodskap uitstuur oor die status en prestige van inheemse Afrikatale.

### **6.2.3. Die Uitbreiding van inheemse Afrikatale**

De jure is die uitbreiding van inheemse Afrikatale veronderstel om hoofsaaklik deur verwerwingsbeplanning en die taal-in-onderwysbeleid van PanSAT plaas te vind. De facto word hierdie doelwitte en oogmerke van PanSAT nie suksesvol behaal nie en is daar min fondse beskikbaar gestel vir die ontwikkeling van 'n taal-in-onderwys-projek. Dus, alhoewel verwerwingsbeplanning die duidelikste is in die formele onderwyssektor, kan minderheidstaalmedia in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika 'n opvoedingsrol aanneem en agente word in die verspreiding van goedgekeurde kodifisering wat die publiek bedien met modelle van gehalte tale in gedrukte en gesproke vorm wat hulle in hul alledaagse lewe kan gebruik (Ferguson 1968:32). Vir Minderheidstaalmedia-inisiatiewe bestaan 35% van die gemiddelde persentasie van minderheidstaalmedia-inisiatiewe se inhoud uit grammatika (doelwit 8 en 9), 14% van die gemiddelde persentasie uit literêre insetsels (doelwit 12) en 14% van die gemiddelde persentasie uit inhoud wat die leesvaardighede bevorder (doelwit 12).

Hierdie inhoud kan bydra tot die taalvaardighede van die lesers/luisteraars en ook help om die taal uit te brei deur nuwe sprekers te werf.

Ten slotte kan daar vanuit hierdie ontleding van minderheidstaalmedia tot 'n gevolgtrekking gekom word oor die hoofnavorsingvraag:

*Hoe bevorder minderheidstaalmedia in Suid-Afrika die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van die volgende vier inheemse Afrikatale: isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana?*

Soos bo gesien, speel minderheidstaalmedia 'n kernrol in die ontwikkeling, erkenning en uitbreiding van isiZulu, isiXhosa, Sepedi en Setswana omdat dit verteenwoordigend is van 'n onder-na-bo-benadering van taalbeplanning. Minderheidstaalmedia-inisiatiewe is op voetsoolvlak betrokke by hul gemeenskappe en is bewus van die behoeftes van die sprekers van die inheemse tale. Hierdie inisiatiewe het ook 'n groot voetspoor in die gemeenskap (soms tot 250 000 luisteraars) en kan voldoen aan die behoeftes van gemeenskappe waar beleide en regeringsinstansies, soos PanSAT, misluk het. Dit is egter duidelik dat daar meer aandag geskenk moet word aan die ontwikkeling van taalbeplanningsprosesse wat nie deur 'n sentrale regering ten koste van 'n gemeenskap gedoen word nie (Du Plessis 2010:132). Moeite moet gedoen word om 'n taalbeplanningsproses op die been te bring wat meer verwant is aan die aanwasverbouingsbenaderings in Kaplan en Baldauf (2003) se evolusieraamwerk. Volgens Kaplan en Baldauf (1997:309) is taalbeplanning nie 'taalingenieurswese' nie en moet dit uiteindelik die sprekers van alle betrokke tale bevredig. Die volgende afdeling bied 'n oorsig van die tekortkominge van die studie en voorgestelde verdere studie.

### **6.3. Tekortkominge van die studie en voorgestelde verdere studie**

Die grootste tekortkoming van hierdie studie was die klein getal respondente wat die vraelys beantwoord het. Hierdie kan moontlik toegeskryf word aan die nasionale inperking wat van krag was vanaf Maart 2020 om die verspreiding van die COVID-19-pandemie te beperk.

'n Studie moet onderneem word om te bepaal of minderheidsgemeenskappe 'n behoefte daaraan het dat hul tale ontwikkel, uitgebrei en erken word. Tesame hiermee

moet daar gekyk word na die moontlike redes waarom gemeenskappe nie ten gunste van die ontwikkeling van hul tale is nie en projekte kan van stapel gestuur word om die belangrikheid van minderheidstale te bevestig.

Verder het die studie beperkte inligting ingesamel oor die maniere waarop minderheidstaalmedia-inisiatiewe kan help met die ontwikkeling van inheemse Afrikatale. Verdere kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe studies kan onderneem word om te kyk na hoe die inisiatiewe kan bydra tot korpusbeplanning in die vorm van standaardisering van die korpus, hulpkode en leksikon en ook hoe die inisiatiewe bydra tot die opknapping van die taal.

Verder kan daar kwalitatief gekyk word na hoe minderheidstaalmedia-inisiatiewe hul rol sien en hoe hulle bygestaan kan word om minderheidstale te bevorder. Die geneigdheid van minderheidstaalmedia-inisiatiewe om steeds in Engels te publiseer, dui daarop dat die belangrike rol wat hierdie minderheidstaalmedia-inisiatiewe speel in die bevordering van minderheidstale nie oral besef word nie.

## Bronnelys

- Abongdia, J. & Foncha, J. 2014. Language Ideologies in the Linguistic Landscape of One University in South Africa. *Mediterranean Journal of Social Science* 5 (7): 623-630.  
<https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.5901%2Fmjs.2014.v5n7p623/>.
- Adam, B.A. 2020. Innovative Cree teacher finds ways to keep language alive.  
<https://eaglefeathernews.com/news/innovative-cree-teacher-finds-ways-to-keep-language-alive>
- Adendorff, R. 2002. Fanakalo: a pidgin in South Africa. In Mesthri, R. (red). *Languages in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Aktuna, S.C. 1995. Language Planning and Education: An Intertwined Matrix. *Dilbilim Arařtırmaları Dergisi*.6: <https://www.semanticscholar.org/paper/Language-Planning-and-Education%3A-An-Intertwined-Aktuna/213e971e3542cb95e3af47607ea3612959f10741>
- Alexander, N. 2004. The politics of language planning in post-apartheid South Africa. *Language problems and Language planning* 28 (2): 113-130.  
<https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.1075%2Fllp.28.2.02ale>
- Anonby, S.J. 1999. Reversing Language Shift: Can Kwak'wala Be Revived. In *Revitalizing Indigenous Languages*, (reds.) Reyhner, J., Cantoni, G., St. Claire R.N. & Parsons, Y. 33-52. Flagstaff, Arizona: Northern Arizona University.
- Anoniem. Canadian Heritage. 2006. <https://www.canada.ca/en/services/culture/history-heritage/indigenous-history.html>
- Avison, S. & Meadows, M. 2000. Speaking and Hearing: Aboriginal Newspapers and the Public Sphere in *Canada and Australia*. *Canadian Journal of Communication*. 25. DOI:[10.22230/cjc.2000v25n3a1163](https://doi.org/10.22230/cjc.2000v25n3a1163)
- Baker, C. 2006. Psycho-Sociological Analysis in Language Policy. In Ricento, T. (red). *An Introduction to Language Policy Theory and Method*. Australië: Blackwell Publishing.
- Baldauf, R. 2008. Rearticulating the Case for Micro Language Planning in a Language

Ecology Context. In Liddicoat, A. & Baldauf, R. (eds) 2008. *Language Planning in Local Contexts*. Clevedon: Multilingual Matter.

Baldauf, R. 2012. *Introduction-language planning: Where have we been? Where might we be going?* *Revista Brasileira de linguística aplicada*, 12(2):233-248.

Baldauf en Kaplan. 2003. *language and language-in-education planning in the pacific basin*, Springer Science+Business Media: Dordrecht

Baldauf R., en Kaplan, R. B. 2005. *Language-in-education policy and planning*. In E. Hinkel (red.), *Handbook of research in second language teaching and learning*. pp. 1013-1034. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum

Beckett, G. & MacPherson, S. 2005. *Researching the Impact of English on Minority and Indigenous Languages in Non-Western Contexts*. *TESOL Quarterly* 39(2): 299-307. <https://doi.org/10.2307/3588312>.

Bekker, I. 2013. *The Formation of South African English*. In *English Today* 29. <https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.1017%2FS0266078412000454>.

Benedikter, T. 2011. *The Protection of Linguistic Rights in India: India's Language Policy toward Linguistic Minorities*. In *European Yearbook of Minority Issues Online* 8(1):453-482. <https://doi.org/10.1163/22116117-90001680>

Berkowitz, L. 1986. *A survey of social psychology* (3rd ed.). New York, USA: Holt, Rinehart and Winston.

Beukes, A.M. 2008. *Language policy implementation in South Africa: How Kempton Park's great expectations are dashed in Tshwane*<sup>1</sup>. In *Stellenbosch Papers in Linguistics*, vol. 38. Pp. 1-26. <https://doi.org/10.5774/38-0-20>.

Beukes, A.M. 2009. *Language policy incongruity and African languages in postapartheid South Africa*. *Language Matters* 40 (1): 35-55. <https://www.semanticscholar.org/paper/Language-policy-incongruity-and-African-languages-Beukes/d5cf67fe2e8848d64a3122149e542254aaa7ebe0>.

Bhatia, T.K. & William, R.C. 2013. *The handbook of bilingualism and multilingualism*. West Sussex, UK: Wiley-Blackwell.

- Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. *Fundamentals of social research methods. An African perspective*. Cape Town: Juta.
- Boddy-Evans, A. The Afrikaans Medium Decree. <https://www.thoughtco.com/the-afrikaans-medium-decree-43416>
- Boakye, N. 2015. The social dimension of reading literacy development in South Africa: Bridging inequalities among the various language groups. In *International Journal of the Sociology of Language*, 2015(234). <https://doi.org/10.1515/ijsl-2015-0008>
- Bowen, G.A. 2009. Document Analysis as a Qualitative Research Method. In *Qualitative Research Journal*. 9(2): 27-40. <https://doi.org/10.3316/QRJ0902027>.
- Bredenkamp, H. C. 1991. Die Khoisan en Vakterminologie. In *The Oxford History of South Africa: 'n Historiografiese Dilemma*. *South African Historical Journal*, 25(1): 61–71. <https://doi.org/10.1080/02582479108671940>.
- Brisebois, D. 1983. *The Inuit Broadcasting Corporation*. *Anthropologica*. In *JSTOR* 25(1): 107. <https://doi.org/10.2307/25605114>
- Budarick, J. 2016. Ethnic minority media and the public sphere: The case of African-Australian media producers. In *Journal of Sociology* 53. <https://doi.org/10.1177/1440783316657430>.
- Burnaby B. 2008. Language Policy and Education in Canada. In: Hornberger N.H. (red.) *Encyclopedia of Language and Education*. Boston: Springer.
- Canadian Indigenous Languages and Literacy Development Institute (CILLDI) 2020. <https://www.ualberta.ca/canadian-indigenous-languages-and-literacy-development-institute/index.html>
- Cooper, R.L. 1989. *Language Planning and Social Change*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Cormack M. 1993. Problems of Minority Language Broadcasting. *Gaelic in Scotland*. *European Journal of Communication* 8(1): 101-117. <https://doi.org/10.1177/0267323193008001005>
- Cormack, M. 1995. The use of Gaelic in Scottish newspapers. In *Journal of Multilingual and Multicultural Development* 16 (4): 269-280. <https://doi.org/10.1080/01434632.1995.9994607>.

- Cormack, M. 1998. Minority Language Media in Western Europe: Preliminary Considerations. *European Journal of Communication* 13(1): 33–52.  
<https://doi.org/10.1177/0267323198013001002>.
- Cormack, M. 2004. Developing minority language media studies, *Mercator Media Forum* 7 (1): 3–12. [https://www.researchgate.net/publication/251511692\\_Developing\\_Minority\\_Language\\_Media\\_Studies](https://www.researchgate.net/publication/251511692_Developing_Minority_Language_Media_Studies).
- Cormack, M. 2005. The cultural politics of minority language media. *International Journal of Media and Cultural Politics* 1: 107-122.  
<https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.1386%2Fmcp.1.1.107%2F1>.
- Cormack, M. 2006. The Media, Language Maintenance and Gaelic. In Mcleod, W. (red.), *Revitalising Gaelic in Scotland: Policy, Planning and Public Discourse*. Edinburgh: Dunedin Academic Press.
- Cormack, M. 2007. Introduction: Studying Minority Language Media. In: Cormack, M. & Hourigan, N. (reds.). 2007. *Minority Language Media: Concepts, Critiques and Case Studies*. Clevedon, VSA: Multilingual Matters.
- Cobarrubias, J. 1983. Ethical Issues in Status Planning. In Cobarrubias J., en Fishman J. (reds). *Progress in Language Planning: International Perspectives*. Berlyn: Walter de Gruyter & Co.
- Davis, K. 2014. Introduction. Engaged Language Policy and Practices. In *Language Policy Journal thematic issue. Language Policy* 13.  
[https://www.researchgate.net/publication/260228353\\_Davis\\_K\\_Guest\\_Editor\\_2014\\_Introduction\\_Engaged\\_Language\\_Policy\\_and\\_Practices\\_In\\_Language\\_Policy\\_Journal\\_thematic\\_issue](https://www.researchgate.net/publication/260228353_Davis_K_Guest_Editor_2014_Introduction_Engaged_Language_Policy_and_Practices_In_Language_Policy_Journal_thematic_issue).
- Daenekindt, S. 2018. *High Culture*. The Blackwell encyclopedia of sociology. Wiley.  
<https://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1002/9781405165518.wbeos1214>
- Daoust, D. 1998. Language Planning and Language Reform. In Coulmas, F. (red). *The Handbook of Sociolinguistics*. Blackwell Publishing: Blackwell Reference Online.  
<https://doi.org/10.1002/9781405166256.ch27>.
- De Jongh, M. 2002. No Fixed Abode: The Poorest of the Poor and Elusive Identities in Rural South Africa. In *Journal of Southern African Studies* 28(2): 441-460,  
<https://doi.org/10.1080/03057070220140793>.



- De Klerk, V., & Gough, D. 2002. Black South African English. In R. Mesthrie (Ed.), *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- De Lange, J. en Du Plessis, T. 2018. *Language-in-education planning in South African schools – two initiatives*. Aangebied by Conference: Combined ALASA 19th Interim & SINTU 7 Conference.
- Dixon, T., Weaver, A., Jensen, J. & Hurley, R. J. 2005. *Priming Race: The Impact on Perceptions of Guilt*. Washington, D.C., USA: International Communication Association.
- Dixon, T. L., & Linz, D. 2000. Overrepresentation and underrepresentation of African Americans and Hispanics as lawbreakers on television news. New York: Journal of Communication 50(2). <https://doi.org/10.1111/j.1460-2466.2000.tb02845.x>
- Du Plessis, T. 2010. Language planning from below: the case of the Xhariep District of the Free State Province. In *Current Issues in Language Planning* 11(2). <https://doi.org/10.1080/14664208.2010.505069>].
- Dyers, C. 2008. Language Shift or Maintenance? Factors determining the use of Afrikaans among some township youth in South Africa. *Stellenbosch Papers in Linguistics* 38: 49-73. <https://doi.org/10.5774/38-0-22>
- Eastman, C.M. & Stein, R.F. 1993. Language display: Authenticating claims to social identity. In *Journal of Multilingual and Multicultural Development* 14(3):187-202. <https://doi.org/10.1080/01434632.1993.9994528>.
- Featherstone, D. 2011. The Ngaanyatjarra Lands Telecommunications project: A quest for broadband in the Western Desert. In *Telecommunications Journal of Australia* 61. <https://researchbank.swinburne.edu.au/items/360c1b5c-e7f1-4973-a703-34dae86af327/1/>.
- Ferguson, C. A. 1968. Language development. In J. Fishman, C. A. Ferguson, & J. Das Gupta (eds.), *Language problems of developing nations*. New York: John Wiley and Sons.
- First Peoples' Cultural Council (FPCC). 2021. <https://fpcc.ca/>
- Fishman, J. 1991. *Reversing Language Shift*. Clevedon: Multilingual Matters.

- Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners – 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Given, L.M (red.). 2008. *The Sage encyclopedia of qualitative research methods*. Los Angeles: Sage Publications.
- Guyot, J. 2007. *Minority Language Media and the Public Sphere*. In: Cormack. M. & Hourigan, N. (reds.). 2007. *Minority Language Media: Concepts, Critiques and Case Studies*. Clevedon, VSA: Multilingual Matters.
- Grant, C. & Osanloo, A. 2014. Understanding, selecting and Integrating a theoretical frameworks. In *Administrative Issues Journal: Education, Practice and Research* 4(2): 12 – 26. <https://eric.ed.gov/?id=EJ1058505>.
- Graddol, D. 1997. *The future of English*. London: The British Council.
- Grin, F. 1990. The economic approach to minority languages. In *Journal of Multilingual an Multicultural Development* 11(1-2) :153-173.  
<http://dx.doi.org/10.1080/01434632.1990.9994406>
- Grin, F. 1996. The economics of language: survey, assessment, and prospects. In Grin, F. (red.). *Economic approaches to language and language planning: International Journal of the Sociology of Language* 121: 17-44.  
<https://doi.org/10.1515/ijsl.1996.121.17>.
- Grindstaff, L. 2008. Culture and Popular Culture: A Case for Sociology. In *The Annals of the American Academy of Political and Social Science* 619: 206-222.
- Hargreaves, J. 2000. *Freedom for Catalonia?: Catalan Nationalism, Spanish Identity and the Barcelona Olympic Games*. Cambridge: Cambridge University Press.
- HAT: Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2005. 5de uitgawe. Kaapstad: Pearson Education.
- Haugen, E. 1983. The Implementation of Corpus Planning: Theory and Practice. In J Cobarrubias, J. & Fischman, J.A. (reds.) *Progress in Language Planning, Contributions to Sociology of Language* 5: 269-289. The Hague: Mouton.
- Heine, B. 1993. *Auxiliaries: Cognitive Forces and Grammaticalization*. New York: Oxford University Press.

- Hill, L. 2010. Language and status: On the limits of language planning. In *Stellenbosch Papers in Linguistics* 39: 41-58. <https://doi.org/10.5774/39-0-3>.
- Hall, D. & Hornsby, D. 2015. Top-Down or Bottom-Up? Understanding Diffusion of Supralocal Norms in France. In: Davies W.V., Ziegler E. (reds) *Language Planning and Microlinguistics.*, London: Palgrave Macmillan.
- Jacobson, S. 2009. *Catalonia's Advocates: Lawyers, Society, and Politics in Barcelona, 1759-1900*. USA: University of North Carolina Press.
- Jupp, V. 2006. *The sage dictionary of social research methods*. London: SAGE Publications
- Kanada. Statistics Canada. <https://www.statcan.gc.ca/eng/start>.
- Karam, F. 1974. Toward a definition of language planning. In J.A. Fishman (red.) *Advances in Language Planning*. The Hague: Mouton.
- Kazak, M., Karpenko, I., Korochenskiy, A., Polonskiy, A., Tiazhlov, Y., & Ushakova, S. 2017. Educational Potential of New Media. *Journal of History Culture and Art Research*. Turkey: Karabuk University.
- KcKee, V. 1995. Contemporary Gaelic language politics in Western Scotland and Northern Ireland since 1950. In *Comparative assessments, Contemporary Politics* 1(1): 92-113. <https://doi.org/10.1080/13569779508449871>
- Kelly-Holmes, H. and Pietikäinen, S. 2012. Multilingualism and Media. In: *Encyclopaedia of Applied Linguistics*. New York and Oxford: Wiley-Blackwell.
- Kelly-Holmes, H., Moriarty, M. & Pietikäinen, S. 2009. Convergence and divergence in Basque, Irish and Sámi media language policing. *Language Policy* 8(3). <https://link.springer.com/article/10.1007/s10993-009-9126-y>.
- Kerr, D. H. 1976. The Logic of "Policy" and Successful Policies. *Policy Sciences*, 7(3): 351–363. <http://www.jstor.org/stable/4531649>
- Kymlicka, W. & Patten, A. 2003. Language rights and political theory. In *Annual Review of Applied Linguistics* 23 (3B21). USA: Cambridge University Press. <https://doi.org/10.1017/S0267190503000163>.

- Laitin, D. en Gómez, G. 1992. Language, Ideology, and the Press in Catalonia. *American Anthropologist* 94(1): 9-30.
- Lass, R. 2002. South African English. In R. Mesthrie (red.), *Language in South Africa* Cambridge: Cambridge University Press.
- Layne, V. 2008. The District Six Museum: an ordinary people's place. *The Public Historian*, 30(1), pp. 53-62. University of California Press.
- Léglise, I. & Migge B. 2007. Language and colonialism. Applied linguistics in the context of creole communities. Diversity and Change. In *Handbook of Applied Linguistics*, Berlin, Germany: Mouton de Gruyter.
- Liddicoat, A., & Baldauf, R.B. 2008. Language planning in local contexts: Agents, contexts and interactions. In Liddicoat, A.J. & Baldauf, R.B. (reds.), *Language planning in local contexts*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Marback, R. 2002. Language Rights in South Africa: Lessons for the United States. In *JAC* 22 (2). <https://www.jstor.org/stable/20866490>.
- May, S. 2001. *Language and Minority Rights: Ethnicity, Nationalism and the Politics of Language*, Harlow: Pearson Education.
- McCroskey, J. C., Wrench, J. S., & Richmond, V. P. (2003). *Principles of public speaking*. Indianapolis, IN: The College Network.
- McIvor, O. 2018. *Indigenous languages in Canada: What you need to know*. Ottawa, ON, Canada: CCUNESCO.
- McLeod, W. 2001. Gaelic in the New Scotland: Politics, Rhetoric and Public Discourse. In *Journal on Ethnopolitics and Minority Issues in Europe* 2. [https://www.researchgate.net/publication/26451512\\_Gaelic\\_in\\_the\\_New\\_Scotland\\_Politics\\_Rhetoric\\_and\\_Public\\_Discourse](https://www.researchgate.net/publication/26451512_Gaelic_in_the_New_Scotland_Politics_Rhetoric_and_Public_Discourse)
- McLeod, W. 2006. Gaelic in contemporary Scotland: contradictions, challenges and strategies. In *Europa Ethnica* 71(1/2): 3-12. <http://www.poileasaidh.celtscot.ed.ac.uk/MCLEODCATALAN2.pdf>.
- McQuail, D. 1992. *Media performance. Mass communication and the public interest*. London: Sage publications.

- Mesthrie, R. (Ed). 2002. *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Mesthrie, R., Swann, J. Deumert, A. & Leap, W.L. 2000. *Introducing Sociolinguistics*, Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Muijs, D. 2014. *Doing Quantitative Research in Education with SPSS*. London: Sage Publications.
- Multilingual. 2020. *Gondi and Hindi Translations Streamlined with INMT App*.  
<https://multilingual.com/gondi-hindi-translations-inmt-app/>.
- Nahir, M. 1984. Language planning goals: A classification. In *Language Problems and Language Planning* 8(3): 294-327.
- Neiburg, F. 2001. National Character. In Wright, J. (red.) *International Encyclopedia of the Social and Behavioral Sciences (Second Edition)*. Orlando: Elsevier.
- Nel, F. 2005. Writing for the media in Southern Africa. Johannesburg: Oxford Southern Africa.
- Ngcobo, M. 2007. Language planning, policy and implementation in South Africa. In *Glossa: an ambilingual interdisciplinary journal* 2: 156-169.
- Ngugi, W. T. 1986. *Decolonising the Mind: The Politics of Language in African Literature*. London: James Currey.
- Norris, MJ. 2003. *Aboriginal Languages in Canada: Trends and Perspectives on Maintenance and Revitalization*. Aboriginal Policy Research Consortium International (APRCi): 122. <https://ir.lib.uwo.ca/aprci/122/>.
- Ochs, E. 1993. *Constructing social identity: A language socialization perspective*. *Research on Language and Social Interaction*. Los Angeles: University of California.
- Paoletti, I. 2011. Sociolinguistics, Sociopedia.isa.  
<http://www.sagepub.net/isa/resources/pdf/Sociolinguistics.pdf>.
- Phillipson, R. 1996. Linguistic imperialism: African perspective. In *ELT Journal* 50(2): 160 -167.

[https://www.researchgate.net/publication/31300634\\_Linguistic\\_imperialism\\_African\\_perspectives](https://www.researchgate.net/publication/31300634_Linguistic_imperialism_African_perspectives).

Paschal, P. & Metykova, M. 2009. From News to House Rules: Organisational Contexts. In *Making the News: Journalism and News Cultures in Europe*. Paschal, P. (red.). Londen & New York: Routledge.

Pietikäinen, S. & Kelly-Holmes, H. 2011. Gifting, service, and performance: Three eras in minority-language media policy and practice. In *International Journal of Applied Linguistics*. 21: 51 - 70. <https://doi.org/10.1111/j.1473-4192.2010.00257.x>.

Pietikäinen S., Kelly-Holmes H. 2012. The Dangers of Normativity — the Case of Minority Language Media. In: Blommaert J., Leppänen S., Pahta P., Räisänen T. (reds.) *Dangerous Multilingualism. Language and Globalization*. London: Palgrave Macmillan. [https://doi.org/10.1057/9781137283566\\_9](https://doi.org/10.1057/9781137283566_9)

Reagan, T.G. 2002. Language planning and language policy: past, present and future. In Mesthrie, R. (red.). 2002. *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press.

Redakteurs van Encyclopaedia Britannica. Laissez-faire. Encyclopaedia Britannica, 26 April 2021. <https://www.britannica.com/topic/laissez-faire>.

Ribeiro De Meneses, F. 2001. *Franco and the Spanish Civil War*. London: Routledge.

Riggins, S.H. (red.). 1992. *Ethnic Minority Media: An International Perspective*, London: Sage.

Rizvi, N. 2016. Implementation And Challenges Of Three Language Formula. In *The literary herald*.  
[https://www.researchgate.net/publication/335972396\\_IMPLEMENTATION\\_AND\\_CHALLENGES\\_OF\\_THREE\\_LANGUAGE\\_FORMULA/link/5d878adda6fdcc8fd6101101/download](https://www.researchgate.net/publication/335972396_IMPLEMENTATION_AND_CHALLENGES_OF_THREE_LANGUAGE_FORMULA/link/5d878adda6fdcc8fd6101101/download)

Ruane, J.M. 2005. *Essentials of Research Methods: A Guide to Social Science Research*. Hoboken: Blackwell Publishing.

Scheufele, D. A., & Tewksbury, D. 2007. Framing, agenda setting, and priming: The evolution of three media effects models. In *Journal of Communication*, 57(1): 9–20. <https://doi.org/10.1111/j.0021-9916.2007.00326.x>

Shohamy, E. 2006. *Language Policy: Hidden agendas and new approaches*. Abingdon, Oxon: Routledge.

Singh, P. 2018. Revitalization of minority languages: Implications for language policy and planning. In *Indian Languages and Cultures: A Debate*. Vishvabharti University: The Marginalised Publication.

Snail, M.L. 2010. Revisiting aspects of language in South Africa during the apartheid era. In *Historia Actual Online* 24 (2011): 65-91.  
<http://citeseerx.ist.psu.edu/viewdoc/summary?doi=10.1.1.671.5216>

Spolsky, B. & Hult, F.M.(eds). 2010. *The handbook of educational linguistics*. VSA: Blackwell Publishing

Suid-Afrika. 1996. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No. 108 van 1996.  
<http://www.justice.gov.za/legislation/constitution/SACConstitution-web-afr.pdf>.

Suid-Afrika. 2003. Departement van Kuns en Kultuur. *National Language Policy Framework*.  
[http://www.dac.gov.za/sites/default/files/LPD\\_Language%20Policy%20Framework\\_English\\_0.pdf](http://www.dac.gov.za/sites/default/files/LPD_Language%20Policy%20Framework_English_0.pdf).

Suid-Afrika. Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap. 2015. *Annual Report 2014-2015*. . <https://www.mdda.org.za/annual-reports>

Suid-Afrika. Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap. 2016. *Annual Report 2015-2016*.. <https://www.mdda.org.za/annual-reports>

Suid-Afrika. Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap. 2017. *Annual Report 2016-2017*.. <https://www.mdda.org.za/annual-reports>

Suid-Afrika. Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap. 2017b. *Impact of the Media Development and Diversity Agency (MDDA) on community media development and diversity in South Africa*. <https://www.mdda.org.za/published-research-documents>

Suid-Afrika. Media-ontwikkelings- en Diversiteitsagentskap. 2018. *Annual Report 2017-2018*. <https://www.mdda.org.za/annual-reports>

Suid-Afrika. Pan Suid-Afrikaanse Taalraad. 2015. *Annual report 2014-2015*  
<http://pansalb.org/annual-reports/>



- Suid-Afrika. Pan Suid-Afrikaanse Taalraad. 2016. *Annual report 2015-2016*  
<http://pansalb.org/annual-reports/>
- Suid-Afrika. Pan Suid-Afrikaanse Taalraad. 2017. *Annual report 2016-2017*.  
<http://pansalb.org/annual-reports/>
- Suid-Afrika. Pan Suid-Afrikaanse Taalraad. 2018. *Annual report 2017-2018*.  
<http://pansalb.org/annual-reports/>
- Statistics South Africa. 2011. *Census 2011. Census in brief*. (No. 03-01-41-2011).  
Pretoria: Statistics South Africa.
- Tarsoly, E. en Valijärvi, R.L. 2020 Endangered and minority language pedagogy. In  
*The Language Learning Journal* 48 (3): 253-258.  
<https://doi.org/10.1080/09571736.2020.1753907>
- The Guardian. 2020. Scots Gaelic could die out within a decade, study finds.  
<https://www.theguardian.com/uk-news/2020/jul/02/scots-gaelic-could-die-out-within-a-decade-study-finds>
- Thipa, H. 1992. 'The difference between rural and urban Xhosa varieties'. *South African Journal for African Languages* 12 (1): 77–90.  
<https://www.nisc.co.za/products/abstracts/3073/the-difference-between-rural-and-urban-xhosa-varieties>.
- Trimbur, J. 2002. Language Policy and Normalization in South Africa: Some Other Lessons. In *JAC* 22(3). (Summer 2002): 646-657.  
<https://www.jstor.org/stable/20866516>.
- Tusell, J. 2007. *A History of Spain*, Australia. Wiley-Blackwell.
- Uribe-Jongbloed, E. & Browne, D. 2013. *Introduction: Ethnic/Linguistic Minority Media – What Their History Reveals, How Scholars Have Studied Them And What We Might Ask Next*.  
<https://www.researchgate.net/deref/http%3A%2F%2Fdx.doi.org%2F10.21832%2F9781847699053-003>
- Uribe-Jongbloed, E. 2014. A Qualitative Methodology for Minority Language Media Production Research. In *International Journal of Qualitative Methods* 13: 135-150.

Verma, M. 2020. Chhattisgarh: Tribal languages to be a medium of education in pre-school. In *The Indian express*.  
<https://indianexpress.com/article/governance/chhattisgarh-education-reforms-tribal-languages-to-be-a-medium-of-education-in-pre-school-6271547/>

Webb, V. 2009 Multilingualism in South Africa: The challenge to below. In *Language Matters* 40(2): 190-20.

Webb, V. 2012. Managing multilingualism in higher education in post-1994 South Africa. In *Language Matters* 43(2): 202-220.

Wright, S. 2003. *Language policy and language planning: from nationalism to globalisation*. Palgrave Macmillan, Basingstoke.

## Aanhangsel A: Vraelys

Marlien van der Westhuizen  
 Questionnaire for ethics application  
 Questions to be uploaded on Google Forms

Questions	Possible answers					
How old is the publication?	open-ended answer					
Why was the publication started?	open-ended answer					
What type of publication is it?	Printed newspaper or magazine	Online newspaper or magazine	Broadcast radio station	Online radio station	Television station	
How many owners does the publication have?	open-ended answer with an option of <i>I'd rather not say</i>					
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know	I am not allowed to say	Other		
Who are the owners of the publication?	open-ended answer with an option of <i>I'd rather not say</i>					
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know	I am not allowed to say	Other		
What is / are the gender(s) of the owner(s) of the publication?	All male	All female	Mixed	Other	I don't know	<i>I'd rather not say</i>
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>		I do not know	I am not allowed to say	Other	
What is the racial demographic of the owners of the company (please provide in terms of percentages)	<b>Racial demographic</b>		<b>percentage</b>			
	Black					
	Caucasian					
	Coloured					
	Indian					
	Other					
	I'd rather not say					
<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>		I do not know	I am not allowed to say	Other		
Is the ownership demographic	open-ended answer with an option of <i>I'd rather not say</i>					

transformed to match community demographics? If yes, how?	<b>If option “I’d rather not say” is chosen</b>	I do not know	I am not allowed to say	Other
How many readers/listeners do you have?	open-ended answer			
In what languages do you publish?	Sesotho Venda Xhosa isiZulu Setswana Sepedi Xitsonga SiSwati Tshivenda Ndebele English Afrikaans Other			
If multiple languages are chosen, are they used in one or many publications? Please elaborate.	open-ended answer			
Please attribute the division of language choices if it occurs in one publication.	<b>Language</b>		<b>Percentage make up of publication</b>	
	Sesotho			
	Venda			
	Xhosa			
	isiZulu			
	Setswana			
	Sepedi			
	Xitsonga			
	SiSwati			
	Tshivenda			
	Ndebele			
	English			
	Afrikaans			
	other			
Does your publication have a language policy and what is this policy?	open-ended answer			

In the last three years our publication has grown.	Strongly agree	Agree	Neutral	Disagree	Strongly disagree		
How many people do you employ / work for the publication?	open-ended answer						
What languages do your employees Understand Speak Write (Please tick the appropriate box)	<b>Language</b>	<b>Understand</b>	<b>Speak</b>	<b>Write</b>			
	Sesotho						
	Venda						
	Xhosa						
	isiZulu						
	Setswana						
	Sepedi						
	Xitsonga						
	SiSwati						
	Tshivenda						
	Ndebele						
	English						
	Afrikaans						
other							
Does language proficiency play a role in employee appointments?	<b>Likert scale</b>	Strongly agree	Agree	Neutral	Disagree	Strongly disagree	I'd rather not say
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<i>Related to the question above please explain the choice indicated.</i>	open-ended answer						
What are the language demographics of your readers?	open-ended answer						
Does your publication help your readers to understand and adapt to their society?	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
Does your publication view culture as part of their readership interest?	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
Is the culture and language used in the publication suitable to the reader demographics?	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<i>If option "I'd rather not say" is chosen</i>	I do not know		I am not allowed to say		Other	

	<b>not say” is chosen</b>						
<b>If yes, in what way does the publication try to ensure these interests?</b>	open-ended answer						
<b>Does your publication provide readers with more information about their own culture and language?</b>	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<b>If option “I'd rather not say” is chosen</b>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<b>Does your publication provide the area you live in with information about the culture and language which your publication uses?</b>	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<b>If option “I'd rather not say” is chosen</b>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<b>Does your publication encourage a multicultural, multi-ethnic community?</b>	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<b>If option “I'd rather not say” is chosen</b>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<b>Does your publication publish readers’ letters, opinions and/ or comments?</b>	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<b>If option “I'd rather not say” is chosen</b>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<b>Does your publication allow comments on social media?</b>	<b>Likert scale</b>	Never	Rarely	Sometimes	Often	Always	I'd rather not say
	<b>If option “I'd rather not say” is chosen</b>	I do not know		I am not allowed to say		Other	
<b>In what languages do your readers / listeners mostly contact you?</b>		Language			Percentage estimate		
	<b>Sesotho</b>						
	Venda						
	Xhosa						
	isiZulu						

<b>(Please tick the appropriate box)</b>	Setswana				
	Sepedi				
	Xitsonga				
	Swati				
	Tshivenda				
	Ndebele				
	English				
	Afrikaans				
	Mixed language				
	Other				
<b>What type of communication medium is used when the publication is contacted by readers</b>	Telephone				
	Email				
	Text				
	Social media				
	Facebook				
	Twitter				
	Instagram				
	Whatsapp				
	LinkedIn				
Other					
<b>How do you mostly handle concepts that can't be explained in your own language?</b>	We use a word in another language in italics, bold or “ “	We explain the concept	We make up our own word	A circumlocution is used	I'd rather not say
	<b><i>If option "I'd rather not say" is chosen</i></b>	I do not know	I am not allowed to say	Other	
<b>How do you mostly handle comments from readers/listeners that are not in your target language?</b>	We ignore it	We answer in the language of our publication	We answer in English	Unsure	I'd rather not say
	<b><i>If option "I'd rather not say" is chosen</i></b>	I do not know		I am not allowed to say	Other
<b>Does your publication include any of the following:</b>		Tick appropriate item		Percentage estimate	
	Educational inserts				
	Language (grammar) inserts				
	Science inserts				
	Financial inserts				
	General news				
	Literacy inserts				
	Literature inserts				
	Weather inserts				
	Opinion inserts				
	Political inserts				
	Sport inserts				
	Classifieds				
Other					



## Aanhangsel B: Toestemmingsvorm vir respondente



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Faculty of Humanities**  
Department of Afrikaans

### TO WHOM IT MAY CONCERN

### CONSENT FORM

You are invited to participate in a research study whose details follow below.

The research is about an investigation about the role minority media can play in the development, recognition and elaboration of African languages.

Please read this letter carefully and confirm your willingness to participate in the study by filling in your name and signing in the spaces provided. I undertake to guarantee anonymity and confidentiality.

### RESEARCH TITLE

**THE ROLE OF MINORITY MEDIA IN THE LANGUAGE PLANNING PROCESSES  
WITH REFERENCE TO ISIZULU, SEPEDI, SESOTHO AND SETSWANA**

**RESEARCHER'S DETAILS: Marlien van der Westhuizen**

Department of Afrikaans  
University of Pretoria  
Pretoria  
0002  
Email: marvdwest@hotmail.com  
Tel: +27 82 645 2795

**SUPERVISOR'S DETAILS: Dr. Joanine Nel**

Department of Afrikaans  
University of Pretoria  
Pretoria  
0002  
Email: [joanine.nel@up.ac.za](mailto:joanine.nel@up.ac.za)

## AIMS OF THE RESEARCH

This study aims to investigate the role of minority media language policies in the development, recognition and expansion of four official, indigenous African languages in South Africa, namely isiZulu, Sepedi, Sesotho and Setswana.

## TASKS IN PARTICIPATION

Your participation in the study will involve completing a questionnaire on Google Forms.

## OTHER DETAILS

- There are no specific financial or material benefits in the participation, but sharing in the experience of the research will be greatly appreciated.
- There are no risks associated with participating in this study.
- The information you give as well as your identity will be treated with utmost confidentiality and anonymity.
- You have the right to voluntarily withdraw from the study at any point without any repercussions.
- If you choose to withdraw from the study, data collected from you will be destroyed.
- You may contact the researcher at any time should you have any questions.
- If you wish, I will provide the results of the study to you upon completion.

## DECLARATION

Having read through the contents of this consent document and understood their implication, I.....  
hereby declare that I will participate in the study.

**Signature of researcher:** \_\_\_\_\_

**Signature of participant:** \_\_\_\_\_

**Date:** \_\_\_\_\_